# OPGESTAAN

# opgestaan

*Studente se stryd om geloof by Tukkies in die jare 2001-2006*

**ferdie mulder**

# OPGESTAAN

Studente se stryd om geloof by Tukkies in die jare 2001-2006

© 2010 Eerste uitgawe, eerste druk 2010

ISBN:

Ferdie Mulder
Setwerk, omslagontwerp: Karen Cronje
van Featherline Art & Design
Redigering en taalversorging: Eugenie Wiggins

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word in enige vorm of op enige manier sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

Die Bybelteks wat in hierdie boek aangehaal word, is geneem uit die 1953- en 1983-vertalings van die Bybel.

Opgedra aan
al die teologiestudente
van Suid-Afrika

# Inhoud

| | | |
|---|---|---|
| Voorwoord | | ix |
| Tegniese Inligting | | xix |
| Terminologie | | xxi |
| Hoofstuk 1: | Oriëntasie en uitgangspunt | 1 |
| Hoofstuk 2: | Teologiese studies – vreugde en trane | 7 |
| Hoofstuk 3: | Die *Oop Gesprek* van 29 Mei 2005 | 53 |
| Hoofstuk 4: | Die Studenteverklaring van 15 Junie 2005 | 61 |
| Hoofstuk 5: | Studente gedreig | 91 |
| Foto's | | 104 |
| Hoofstuk 6: | Die ondersoeke – 'n oriëntasie | 109 |
| Hoofstuk 7: | Die ringsondersoeke en universiteits-verhore | 131 |
| | - Professor Julian Müller | 131 |
| | - Professor Jurie le Roux | 196 |
| | - Professor Dirk Human | 243 |
| Hoofstuk 8: | Onskuldig, vrede en berusting | 261 |
| Bylaag 1: | Die 2005-Eerstejaarskamp | 281 |
| Bylaag 2: | Die Kaapse teoloë | 293 |

| | | |
|---|---|---|
| Bylaag 3: | 'n Teologiese regsaksie? My dissiplinêre verhoor | 297 |
| Bylaag 4: | Intergeloofsaanbidding? Die 2006-retraite | 313 |
| Bylaag 5: | Riaan Rossouw se herverbintenis tot die verklaring | 317 |
| Bylaag 6: | Die 2003-retraite in die lig van die verhore | 323 |
| Bylaag 7: | Intriges rondom bekende persone | 331 |
| Bronnelys | | 339 |


# Voorwoord

Jesus lééf, want hy het die dood en graf oorwin. Regtig? Maak dit saak of daar 'n leë graf agtergelaat is na Jesus se opstanding? Kan Christene in 'n "opstanding" glo, met 'n Jesus wie se liggaamlike oorskot in 'n graf agtergebly het, of wie se liggaam deur sommige van sy dissipels gesteel en herbegrawe is, of selfs 'n Jesus wie se liggaam na sy kruisiging deur wilde diere verskeur is? Moet ons nie om die vrede in kerklike geledere te bewaar, en om Jesus meer aanvaarbaar vir 'n sekulêre gemeenskap te maak maar sê dat dit hoegenaamd nie saakmaak hóé Jesus opgestaan het nie?

Híérdie paragraaf sny nie net tot op die been van die Christelike geloof nie, dit som ook 'n belangrike brandpunt wat sedert die vroeë 1990's (en aanhoudend tot en met 2010) in die Suid-Afrikaanse kerklike gemeenskap ontwikkel het relatief goed op. Nie net teoloë en professore nie, maar ook doodgewone gelowiges skryf, dink, praat en worstel oor Jesus en gelowiges se opstanding.

Hierdie boek bevat sommige kontroversiële en komplekse verhale wat 'n relatief gedetailleerde en onkonvensionele voorwoord noodsaak. Hierdie voorwoord is spesifiek gerig op predikante, teoloë en teologiese studente. Ander gelowiges, wat nie regtig insae gehad het in die ingewikkelde gebeure by Tukkies gedurende 2005-2006 nie, kan, indien hulle sou wou, hierdie gedeelte oorslaan en dadelik by Hoofstuk 1 begin lees.

Ek was my lewe lank lidmaat van die NG Kerk met voorgeslagte predikante aan beide my vader en moeder se kant. Ek het mooi en warm herinneringe aan die kerk. Daar is ek gedoop, het ek Jesus ontmoet, is ek getroud, en het ek en my vrou ons eersteling laat doop. In die NG Kerk het ek 'n roeping gekry om predikant te word, en het ek gesien hoe God lewens en gemeenskappe kan transformeer. My liefde vir die NG Kerk loop diep.

Ek, en ek vermoed die meeste gelowiges, het nog altyd, en dalk naïewelik, gedink dat die herders van ons kerk, die predikante, maar

ook in besonder die hoogleraars (hulle wat aan universiteite die toekomstige predikante oplei – en in 'n sekere sin die toekoms van die kerk in hulle hande hou), werklik glo en verkondig dat Jesus se opstanding uit die dood letterlik gebeur het.

In 2001-2006, toe ek my teologiese opleiding by Tukkies deurloop het, sou ek en sommige studente egter met 'n groot skok agterkom dat dit wat ons naïewelik gehoop en verwag het, nie die werklikheid weerspieël het nie. Een van die slegste dae in my opleiding was ongetwyfeld dié dag toe een van my NG dosente sonder skaamte sy twyfel oor Jesus se opstanding uit die dood uitgespreek het. Hierdie nare ervaring was maar een van 'n aantal ontnugterings wat waarskynlik een van die donkerste tye in my eie lewe (maar seker ook 'n paar ander se lewens) sou word. Ons as studente het ons geroepe gevoel om predikante te word en die blye boodskap van God se liefde, vergifnis en versoening wat ons in Jesus se kruis en opstanding leer ken het, aan 'n stukkende en gebroke wêreld te bring. Maar juis dit is, so het sommige dit beleef, deur 'n paar leermeesters van ons kerk in twyfel getrek. Die uitwerking hiervan op sommige van ons studentevriende was vernietigend.

Een van die teoloë wat saam met my betrokke was by die gebeure wat veral in 2005-2006 afgespeel het, het ook 'n boek oor sy ervaringe geskryf. Daarin maak hy 'n stelling wat, alhoewel ons interpretasie daarvan verskil, ook ek graag wil aanhaal:

> "Ek wil nie hierdie boek skryf om daarmee bors skoon te maak en van my woede ontslae te raak nie. Deur die genade is ek al by daardie punt verby. Daarom is dit ook nie bedoel as 'n polemiese of strydgeskrif nie. Tog wil ek die boek gebruik om protes aan te teken, nie teen mense nie, maar teen 'n teologiese stroming wat my erg bekommer. Ek protesteer teen 'n bepaalde opvatting van die opstanding van Christus."
>
> *Opstanding* (Müller, 2006: 7-8)

So sal dit ook met hierdie boek wees. Ek gaan, nes hy, probeer om "nie teen mense nie, maar teen 'n teologiese stroming wat my erg bekommer" te protesteer. Nes hy, gaan dit ook vir my oor die opstanding van Jesus. Dus, as ek sommige name dan noem, asook getuienis wat tydens die ondersoeke behandel is, is dit nie teen die persone as sodanig gemik nie, maar eerder 'n manier om protes aan te teken teen 'n werkswyse en teologiese stroming wat my erg bekommer. Of ek dit geloofwaardig gaan regkry, is natuurlik 'n ope vraag. Ek gaan egter, diep bewus van foute wat ook ek in al hierdie sake begaan het en wat bespreek sal word, hard probeer.

Tussen al die uiteenlopende verhale heen, is die hoofsaak waarom dit hier gaan díé kwessie wat ek, en ek hoop ook ander gelowiges, beskou as die kern waarsonder dit net eenvoudig nie moontlik is om nog kerk van Jesus Christus te wees nie. Díé saak waarsonder die kerk nie bestaansreg het nie; waarsonder die deure finaal gesluit moet word; waarsonder selfs 'n "ontluikende", "missional", "emerging", "emergent" of watter ontwikkelende kerk ook al, nie moontlik is nie. Paulus vat die gevolge van die ontkenning van hierdie saak goed saam wanneer hy sê: "En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes . . . As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense" (1 Korintiërs 15:17, 19).

Vir wie is hierdie boek dus geskryf? Vir alle Christene wat uit genade die opwindende nuus dat Jesus regtig die graf oorwin het ervaar, glo en bely. Wie dít nog nie ontdek het nie of as onsin verwerp, gaan waarskynlik sukkel om aanklank te vind by die inhoud van die boek.

Waaroor gaan dit dan in die boek? Soos telkens reeds gesê, oor die opstanding van Jesus, maar spesifiek in die konteks van sommige NG en Hervormde teoloë wat oor etlike jare klaarblyklik twyfel begin saai het daaroor, en die gevolge daarvan vir sommige studente, maar ook vir die NG en Hervormde kerke in die algemeen. Dit gaan ook oor die jare 2001-2006 by Tukkies toe ek, saam met 'n groep studente, na jarelange gesprekke, briewe en ongelukkighede, 'n veelbesproke verklaring opgestel het waarin ons ons geloof in Jesus se opstanding wou bely, en ons ons distansieer het van standpunte deur sommige NG teoloë. Die sake wat hiertoe aanleiding gegee het, asook die gevolge daarvan, wat insluit foute wat ek begaan het, my skorsing as NG teologiestudent by Tukkies se Fakulteit Teologie, asook die dosente se

onskuldigbevinding deur kerklike kommissies sal bespreek word.

Waarom hierdie boek lees? As Jesus nie letterlik die dood oorwin het nie, en sommige teoloë se skeptiese of akkommoderende uitsprake die waarheid is, dan dink ek dat dit álmal wat hulself Christene noem, raak. Want dan, ten minste soos Paulus dit verstaan, geld die woorde: "As die dooies nie opgewek word nie, 'laat ons eet en drink, want more sterf ons!'" (1 Korintiërs 15:32). Indien sommige skeptiese teoloë egter verkeerd is (soos ek werklik glo), dan hoop ek dat hierdie boek inligting en interpretasies mag bevat wat gelowiges kan inlig oor wat agter die skerms aan die gang was (ten minste in 2001-2006). Hopelik is daar ook interpretasies wat gelowiges kan help om dinge in 'n breër perspektief te plaas. Dalk is daar hopelik ook 'n paar baie klein bakens van hoop.

Hierdie boek is dus geskryf vir alle Christene wat Jesus se leë graf bely. Dis egter nie bedoel as 'n gemaklike leesboek nie, al sou veral die eerste helfte van die boek relatief gemaklik lees. Die doel is eerder om sommige momente wat in die jare 2001-2006 by Tukkies se Fakulteit Teologie afgespeel het in 'n relatief gestruktureerde wyse aan die breër kerkpubliek beskikbaar te stel. Dit is dus 'n verslag met soms tegniese besprekings, maar ook 'n verhaal van uiteenlopende ervarings.

Ek was dankbaar dat 'n vooraanstaande teoloog (van internasionale statuur en iemand wat ek nie persoonlik baie goed ken nie) voor publikasie na groot gedeeltes van die manuskrip gekyk het. Die teoloog het onder andere die volgende opmerkings gemaak: "Dit is 'n kosbare inligtingsbron . . . Dit is 'n guns wat jy Christene bewys om die verskriklike groot werk te gedoen het. Sommige van die ontledings is skokkend . . . Ek dink wat ek gelees het, is versigtig geformuleer, en dit is belangrik." Komende van dié teoloog, was ek werklik dankbaar en met hoop gevul dat die getuienis in hierdie boek tóg iets kan beteken vir sommige Christene. Die teoloog het ook voorgestel dat ek probeer om 'n verkorte weergawe van so vyftig bladsye te probeer saamstel vir gewone lesers wat nie in al die detail en intriges belangstel nie. Ek het ernstig hieroor gaan nadink en uiteindelik daarteen besluit. Hoekom? Neem byvoorbeeld die gebeure tydens die 2005-eerstejaarskamp wat vir sommiges dalk nie van groot belang mag wees om te lees nie. Of byvoorbeeld die kuratorium-kommissie se ondersoek teen my. Haal



ek hierdie en ander dele uit, mag sommige persone probeer aantoon dat ek gerieflikheidshalwe sekere inligting ignoreer of verswyg het om 'n beter prentjie van myself te probeer skets as wat die realiteit was. Ek gaan dus probeer om die gebeure wat ten minste in sommige kringe negatief beleef is, ook te bespreek. Ek het egter wel, om die vloei van die verhaal te vergemaklik, sommige van die gebeure as aanhangsels agter in die boek geplaas.

Persone wat dus meer geïnteresseerd is in die groot en belangrike lyne in die verhaal en ondersoeke kan gerus dan sommige dele oorslaan. Maar ek wil tog voorstel dat enige teoloog of gewone gelowige wat werklik hierdie boek wil begryp, ook moet probeer om elk van die bylae te lees, veral ook in die spesifieke volgorde soos dit geplaas is. Wanneer die leser dus op 'n spesifieke punt in die verhaal na 'n bylaag verwys word, sal dit gewens wees dat die leser eers daardie bylaag moet lees voordat verder aan die hoofverhaal gelees word.

Lesers sal opmerk dat die boek hoofsaaklik uit twee hoof dele bestaan. Die eerste deel is hoofsaaklik in verhaalvorm geskryf; die tweede deel beslaan die ondersoeke en is meer teologies geskryf (alhoewel nie suiwer akademies nie). Die eerste deel behoort relatief gemaklik te lees vir gewone lesers, die tweede deel is dalk meer gemik op persone wat belangstel in die verloop van, en interpretasies van die onderskeie ondersoeke. Laasgenoemde deel bestaan tegnies uit drie afsonderlike dele, waar elk 'n bespreking van die onderskeie professore se ondersoeke behels. Die twee dele is egter onlosmaaklik deel van mekaar. Die eerste deel se geloofwaardigheid hang in 'n groot mate af van die tweede deel. En andersom dalk ook.

Dit was vir my as opgeruimde, passievolle en positiewe mens 'n groot worsteling om hierdie manuskrip wat tot 'n groot mate 'n binne-kerklike gesprek is (maar radikale gevolge het vir hoe gelowiges in die wêreld leef), te voltooi. Dit sou vir my gewis makliker gewees het om stil te bly en rustig met my lewe aan te gaan. Ek kan egter nie, nee, ek durf nie stilbly nie. Die saak waarom dit gaan, is veel groter as ek of die persone wat by die sake betrokke was.

Sommige van die teoloë wat hier ter sprake is, het die afgelope klompie jare hulle kant van die saak in die media gestel. Hulle het ook waarskynlik daarin geslaag om 'n hele klomp studente, lidmate

en kerklike instellings te oortuig van hulle insigte. Die kerklike kommissies en Tukkies het ook hulle bevindinge en interpretasies bekend gemaak. Wat hier gaan volg, so hoop ek, is 'n ánder deel van die groot en komplekse verhaal wat dalk vir sommiges mag help om die gebeure in 'n groter verstaansraamwerk te plaas. Dit is 'n persoonlike reis en poging om afsluiting te bring vir myself en sommige gelowiges wat my al so lank vra om my ervaringe en belewenisse te deel.

'n Paar meer algemene, maar ook belangrike opmerkings:

1. 'n Belangrike versoek aan sommige teologiestudente wat in die jare 2001-2006 op verskillende maniere met my of van my vriende kontak gehad het: Ek wil julle uitnooi om, voordat julle tot gevolgtrekkings kom, eers die hele boek (insluitende die bylae) rustig, maar natuurlik ook krities, deur te lees. Ek besef dat dít 'n baie moeilike versoek aan sommige van julle mag wees, gegewe my optrede, die talle negatiewe koerantberigte, uitsprake deur dosente en ook die uitsprake deur gesagsliggame. Hierdie dinge kleur natuurlik hoe julle hierdie verhaal gaan lees.

2. Aan die huidige teologiestudente by Tukkies: Dit mag wees dat daar sommige van julle is wat die verhale en interpretasies in hierdie boek nie goed sal begryp nie. Dit mag deels wees omdat 'n paar teoloë wat in hierdie boek ter sprake is alreeds afgetree het. Daar is ook etlike nuwe aanstellings sedert 2006 gemaak wat in sommige gevalle 'n totaal ander landskap verteenwoordig. Maar baie belangrik is ook die feit dat dit nou al redelik bekend is dat sommige kontroversiële dosente, sedert die afhandeling van die onderskeie ondersoeke, klaarblyklik baie meer versigtig is oor hóé hulle teologie doseer aan studente. Teoreties gesien sou dit kon impliseer dat daar dosente is wat vóór die ondersoeke die teologie anders doseer het as daarná. Daar sou dus van julle kon wees wat in hierdie boek 'n beeld gaan sien van sommige teoloë wat, op grond van hoe hulle nou doseer, amper nie herkenbaar sal wees nie. Hieroor kan ek nie 'n objektiewe uitspraak lewer nie. My verhaal speel af in 2001-2006 en kan nie aanspraak daarop maak om presies te weet wat alles daarna by Tukkies gebeur het nie.



3. Aan die predikante van die NG Kerk wat óf teleurgesteld was oor my optrede, óf wat radikaal verskil van die teologie wat hulle in my optrede waargeneem het: Ek besef dat sommige van u dalk nie eens lus is om hierdie verhaal te lees nie. Ek kan verstaan dat u so mag voel. Ek besef dat daar dalk sommige van u is wat deur absoluut niks van wat ek gaan sê en probeer verduidelik, van opinie sal verander nie. U het klaar besluit om die dosente of die kuratorium se kant volledig te kies – miskien omdat u goeie vriende met van hulle is, of dalk gegewe die media-uitsprake oor die gebeure wat nogal oortuigend was, of natuurlik ook vanweë my eie foute. Ten spyte hiervan wil ek u tog nooi om te probeer lees, al is dit net om te verstaan waarom sekere dinge gebeur het soos dit wel het, en na te dink oor hoe diversiteit oor kernsake in die kerk bestuur is.

4. Ek is nie, en was nog nooit 'n ingeskrewe lid van die Evangeliese Inisiatief nie. Hierdie beweging het in 2007 in Pretoria ontstaan toe 'n groep NG teoloë en predikante bymekaargekom het om sommige van die sake wat in hierdie boek ook relevant is, in die NG Kerk uit te bou.

5. Daar het ook in 2007 'n DVD met die titel *Nuwe Strominge in die Teologie* verskyn waarin sommige sake bespreek word wat ook in hierdie boek relevant is. Die vervaardiger daarvan was Sarel van der Merwe wat jare lank by die SAUK betrokke was. Dit is geen geheim nie dat die gebeure by Tukkies in veral 2005 bygedra het tot die ontstaan van die Evangeliese Inisiatief en die verskyning van die DVD. Beide het ook gesteun op artikels deur sommige teoloë en insidente waarby ek en ander studente betrokke was. Ek wil dit egter kategories stel dat hierdie boek geensins 'n verlengstuk van die Evangeliese Inisiatief of die DVD is nie.

6. Ek skryf hierdie boek uit my persoonlike geloofsoortuiging; dis my eie interpretasie. Wat in hierdie boek staan het hoofsaaklik vorm aangeneem in Engeland waar ek en my gesin alreeds 'n klompie jare woon. Ek het die voorreg gehad om in Cambridge en ook by die Universiteit van Durham dele van die manuskrip te voltooi.

Almal van ons groei en ontwikkel hopelik in kennis, wysheid en ervaring. Ek het geleer om meer genuanseerd te dink oor etlike sake in hierdie boek. Ek erken én bely dat van my interpretasies in byvoorbeeld 2004-2005 by tye té kategories en eenduidig was. Oor die meeste van die sake wat toe vir my en sommige studente belangrik was, voel ek nog net so sterk, indien nie in sommige gevalle selfs sterker nie! Maar ek het intussen ook met erns hulle wat van my verskil se interpretasies bestudeer en selfs in sommige gevalle by hulle geleer. Ek het probeer om self krities na die gebeure te kyk, en hoop dat persone wat al geruime tyd skepties oor my optrede is, sal opmerk dat ek ook op plekke verskoning maak en my spyt uitspreek. Ek leef verder nie onder die wanindruk dat my interpretasies die enigste perspektief is nie. Inteendeel, ek was ook persoonlik by die sake betrokke en bring daarom (nes die ander betrokkenes) ook persoonlike en subjektiewe perspektiewe na die tafel. Hierdie boek is dus 'n gesprek met die wete dat daar ook ander belangrike standpunte is, waarvan die onderskeie dosente wat by die ondersoeke betrokke was sprekende voorbeelde is.

7. Dit is nodig om enkele persoonlike opmerkings te maak oor Sinodale uitsprake van die NG Kerk omdat dit gereeld relevant sal wees. Die dae van 'n Algemene Sinode wat oor alles wat geglo en wat nie geglo kan word nie namens die kerk en gelowiges besluit, is stellig verby. Wat randsake betref neem gemeentes en gewone gelowiges net eenvoudig nie meer sulke sinodale verklarings ernstig op nie. Ek dink egter wel dat sinodes steeds 'n profetiese funksie behoort te vervul wat die kern van ons Christelike geloof en etiek betref; daardie sake waarsonder ons nie regtig Christene kan of wil wees nie. Om in 'n *Seisoen van Luister* te wees (soos wat vir geruime tyd die geval in die NG Kerk was), behoort nie te lei tot 'n oop tjekboek en totale relativisme wat die kern van ons geloof betref nie. Verklarings wat sinodes oor Jesus se opstanding gemaak het (wat soms ook interpretasies soos dié van die Nuwe Hervorming verwerp), sal dus deurlopend in hierdie boek van belang wees. In 'n latere hoofstuk probeer ek meer agtergrond en verduidelikings aanbied om hierdie sake in 'n bepaalde konteks te plaas.



8. Tydens die universiteitsverhoor het die kuratorium sommige van die aangevraagde dokumente (maar nie almal nie), vir die verloop van die verhoor beskikbaar gestel met die voorwaarde dat ek dit nooit openbaar mag maak nie. Ek eerbiedig die ooreekoms en gebruik nie enige van daardie inligting in hierdie boek nie, al sou sommige daarvan gewis wenkbroue laat lig het.

Al gaan daar etlike intriges en selfs hartseer verhale in hierdie boek bespreek word, is en bly ek opgewonde en hoopvol oor die toekoms, óók oor die NG Kerk en Tukkies se Fakulteit Teologie. Die verrassende, onmeetlike, skeppende en transformerende krag waarmee God die Vader vir Jesus uit die dood opgewek het, werk vandag nog in gelowiges se lewens met die gevolg dat selfs die donkerste en hartseerste gebeure geboorte kan gee aan bekering, vergifnis, versoening en hoop.

Ferdie Mulder
Februarie 2010
Cambridge, Engeland

# Tegniese inligting

Hierdie boek bevat verbatim aanhalings van gesprekke, vergaderings en ondersoeke. Wanneer 'n ellips (. . .) tussen woorde gebruik word, is die bedoeling nie om tersaaklike inligting weg te laat nie, maar om spoediger by die kern van 'n argument uit te kom. Taalfoute wat maklik in gesproke taal voorkom, sowel as spelfoute in geskrewe dokumente, word onveranderd geplaas aangesien dit verbatim aanhalings is.

Wanneer ek hakies binne 'n aanhaling plaas, gebruik ek die vierkantige hakies [. . .]. Sommige direkte aanhalings het alreeds hakies binne-in aanhalings. Dit is gewoonlik die ronde hakies (. . .). Daar is ook beklemtonings in vetdruk in enkele aanhalings. Dit is deur die outeur gedoen. Waar dit my beklemtoning is, sal ek dit aantoon. Dit is soms nodig omdat sommige aanhalings alreeds skuinsdruk gebruik om 'n saak te beklemtoon.

Dit was vir my nodig om sommige name in die boek te verswyg vir redes aan my bekend.

Aanhalings uit die Bybel volg nie streng een vertaling nie. Ek haal uit die 1953- en 1983-vertalings aan, en gee ook soms my eie vertalings uit die Grieks. Ek verwys na 'n aantal artikels wat voorkom in *Hervormde Teologiese Studies*, die Hervormde Kerk se wetenskaplik-teologiese tydskrif by Tukkies. Ek gebruik deurgaans die afkorting *HTS* wanneer ek daarna verwys. Ek verwys ook 'n paar keer na *Skrif en Kerk*, die NG Kerk se wetenskaplik-teologiese tydskrif by Tukkies. In 2000 het die naam verander na *Verbum et Ecclesia*, dieselfde naam, maar in Latyn. Ek verwys ook na *Old Testament Essays*, 'n wetenskaplik-teologiese tydskrif vir die bestudering van die Ou Testament. Ek gebruik deurgaans die afkorting *OTE* wanneer ek daarna verwys. Predikante wat belangstel om hierdie tydskrifte te bekom, sal met die Fakulteit Teologie in verbinding moet tree. Ek haal ook verskeie koerantberigte aan en verskaf in die meeste gevalle slegs die koerant se naam en die datum van die berig. Wanneer inligting van die inter-

net verkry is, sal in die meeste gevalle, maar nie almal nie, die datum van aftrekking bygevoeg word. Die Fakulteit Teologie by Tukkies se webtuiste www.teo.co.za het 'n hele paar artikels geplaas met foutiewe datums daarby, daarom plaas ek slegs die maand waarin die artikels geplaas is.



# Terminologie

**Deo Gloria**
Die NG Kerk se teologiese studentevereniging by die Universiteit van Pretoria. Dit is 'n onafhanklike studentevereniging wat veral na die geestelike belange van sy studente omsien.

**Bloemfonteinse Predikantekonferensie**
In Junie 2005 is hierdie konferensie vir die tweede keer in die geskiedenis van die NG Kerk gehou, waar al sy predikante bymekaargekom het vir 'n paar dae. Daar is vergader oor verskeie sake, onder meer oor roeping, versorging, en sekere krisisse in die NG Kerk. Daar was omtrent 1 400 predikante teenwoordig.

**Kuratorium**
Die toesighoudende liggaam oor teologiestudente en -dosente van die NG Kerk. Die kommissie te Pretoria is saamgestel uit verteenwoordigers van die vier Transvaalse sinodes, asook een verteenwoordiger uit elk van die ander sinodes in die land.

**NG Dosenteraad by die Universiteit van Pretoria**
Die raad van NG dosente wat oor die akademiese bevoegdheid en standaard van NG studente besluit. Die akademiese belange van die NG dosente word ook deur die raad hanteer. Die dosenteraad vervul ook die belangrike funksie dat hulle studente moet aanbeveel vir legitimasie aan die kuratorium. In 2007 is professore Julian Müller tot voorsitter en Dirk Human tot ondervoorsitter verkies. In 2010 is professor Müller herkies as voorsitter en professor Nelus Niemand verkies tot ondervoorsitter.

**S.E.L: Studente vir Evangeliese Lering**
'n Gespreksgroep wat met Deo Gloria se goedkeuring in 2004 gestig is om evangeliese en gereformeerde teologie onder studente te be-

vorder. Dit was die direkte gevolg van frustrasie oor die wyse waarop die kuratorium jarelange besware en klagtes hanteer het. Die bestuurslede was: Ferdie Mulder, Riaan Rossouw, Dirk Coetzee en Lourens Grobbelaar.

**Fisiek vs fisies**

In die debat oor die opstanding word daar dikwels gepraat van fisies wanneer fisiek of liggaamlik eintlik bedoel word. Fisies het betrekking op die natuur of natuurwette terwyl fisiek verwys na die liggaam of die liggaamlike. Wanneer daar aanhalings is deur ander persone wat die woord fisies gebruik waar hulle dan eintlik fisiek of liggaamlik bedoel, behou ek eersgenoemde soos deur hulle gebruik. In my eie geval gebruik ek veral die woord *liggaamlik* maar ook soms die woord *letterlik*.



HOOFSTUK EEN

# Oriëntasie en uitgangspunt

Ek voel effens onseker toe ek die telefoon neersit. Is dit 'n goeie ding om wéér by hom te gaan kuier? Na ons kuier nou die dag in Brooklyn se Burgundy's het hy my genooi om by sy ouers se pragtige huis, so 'n paar blokke van Sonop af en naby die universiteit, te gaan koffie drink.

Ek laat die motor voor die hek luier terwyl ek uitklim om die interkom se knoppie te druk. Dan wag ek 'n paar oomblikke voordat hy op 'n drafstap by die voordeur uitkom om die hek oop te sluit. Hy lyk soos enige ander teologiestudent – 'n gemaklike kortmou T-hemp, 'n kniebroek en hardlooptekkies wat al effens verslete is. Terwyl ek inry om onder een van die Jakarandabome in die tuin te parkeer, sien ek my vriend vinnig en skaam opkyk – en dan laat sak hy weer sy kop terwyl hy sy lang kuif met die hand uit sy gesig vee. Hy beduie vir my om saam met hom in die middel van die groot groen grasperk op die wit tuinstoele te sit. Ek het skaars gesit of sy mond prewel een of ander onhoorbare verskoning.

Dan kry my vriend 'n strak uitdrukking op sy gesig en begin hy soos 'n wafferse filosoof te vertel van die nuutste boeke wat hom amuseer en besig hou. Boeiend. Ek sit selfs 'n bietjie vorentoe in my stoel sodat ek elke woord kan hoor en inneem. Voorwaar, my vriend het 'n fenomenale intellek. Terwyl ek maar 'n vierdejaarstudent is, het hy pas sy tweede doktorsgraad voltooi onder leiding van professore Jurie le Roux en Dirk Human, ons albei se NG dosente in Ou Testament aan Tukkies se Fakulteit Teologie.

Eers na omtrent 'n halfuur kry ek kans om 'n woord in te kry. Dan vra ek: "Hoe gaan dit, my vriend? Hoe gaan dit regtig?"

Hy antwoord nie dadelik nie, maar na 'n rukkie kom dit onoortuigend uit: "Aag, orraait." Hy begin vertel van sy trauma en verwarring. Skielik is hy emosioneel en skaam daaroor. Dan blaker hy dit uit: "Ferdie, ek voel party dae ek wil nie meer lewe nie! Ek oorweeg soms selfmoord. Daar is geen sin meer in die lewe nie. Die God van die Bybel bestaan nie regtig nie. Ek het ook toe ek op skool was, soos jy geglo. Maar nou weet ek dat Jesus nie regtig is wie ek gedink het Hy is nie. Hy was maar net 'n gewone mens – en die Bybel en die kerk het iets van Hom gemaak wat Hy nooit was nie. Ek het my geloof in God verloor."

Die trane loop oor my vriend se gesig terwyl hy praat. Ek kan nie anders nie; ek huil saam. Dis baie trane, net soveel woorde, lang saamwees-stiltes – en 'n paar uur later wanneer ek moet ry om 'n taak vir die volgende dag te gaan voltooi.

Maar ons was nog steeds nie by 'n antwoord nie. En dit was nie die enigste geleentheid waar ons koppe en knieë teen mekaar gesit het oor dit wat ons aan die hart geruk het nie.

'n Baie uitsonderlike vriendskap het tussen ons ontwikkel. Ek het gereeld by hom gaan kuier en hoewel ons fundamenteel van mekaar verskil het, kon ons ure lank oor die teologie praat. Hoeveel kere is ek nie aangedaan by sy huis weg nadat ek na sy traumatiese verhale geluister het en met liefde en empatie vir hom gebid het nie!

My vriend is vandag 'n uitgesproke ateïs. Op 'n dag het hy egter ook vir my gesê dat hy iets in my beleef het wat vir hom die hoop gee dat hy dalk ook eendag weer sal glo.

Die gebeure hierbo is my eie rekonstruksie op grond van talle gesprekke met hierdie vriend. Sy trauma en hartseer is maar een van baie soortgelyke verhale wat (ten minste tussen 2001-2006) simptomaties was van strominge en verwikkelinge in die kerk en in besonder die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Die afgelope paar jaar is daar veral in die NG Kerk ernstige gesprekke oor sake soos Jesus se opstanding, uniekheid, die bestaan van die duiwel en so meer. Vir sommiges is hierdie gesprekke nie net 'n onverkwiklike ervaring nie, maar hulle skroom ook nie om besorgdheid daaroor af te maak as 'n irrelevante beheptheid met dogma en geloofspraatjies nie. Diesulkes is soms van oordeel dat dit nie regtig meer belangrik is wat ons glo nie, en dat ons éérder moet fokus op ander belangrike sake soos kerkeenheid, die uitwissing van armoede, geweld en diskriminasie.

Hierdie sake is uiteraard belangrik en is ook die erns van baie Christene in Suid-Afrika. Maar sou daar werklik enige sin daarin wees om met erns te fokus op hierdie sake as Jesus nie régtig die graf oorwin het nie? Is die vrae oor wíé Jesus is en wát Hy gedoen het vir stukkende sondaarmense soos ek en jy, doodeenvoudig 'n irrelevante en vervelige beheptheid met dogma? Is Jesus maar net nog 'n wysheidsleermeester wat gesterf het soos ander voor hom? Maak dit saak hóé Jesus opgestaan het uit die dood? Móés dit geskiedkundig en letterlik gebeur het? Of moet die moontlikheid oopgehou word dat sy liggaam gesteel was, tot niet gegaan het in 'n graf, of verslind is deur wilde diere?

Wanneer hulle in klein en geheime groepies ondergronds bymekaargekom het, het baie van die eerste Christene mekaar begroet met die woorde: "Jesus het waarlik opgestaan!" Hiermee het hulle glo bedoel dat dié Jesus wat in die stofstrate van Palestina gewoon en geleef het, dié Jesus wat hulle persoonlik geken het . . . Hý het op die derde dag na sy sterwe aan 'n kruis, wonderbaarlik uit die graf opgestaan. Hierdie gebeurtenis – het hulle geglo – was nie net die radikale en aardskuddende ommekeer van hulle eie lewens nie, maar ook die aankondiging van die radikale transformasie van die hele kosmos en wêreldgeskiedenis. Hierna sou niks ooit weer dieselfde kon wees nie. God het deur Jesus die misterie en mag van die voorheen onoorkomlike en bedreigende dood letterlik vernietig.

In navolging van 'n Paulus, Petrus, 'n Polikarpus, Ignatius en ander, was geloof in hierdie Jesus vir baie gelowiges van die vroeë kerk klaarblyklik 'n saak van lewe of dood. Sommige van hulle wat deur die owerhede gevange geneem is, is met hierdie radikale belydenis op die tong en met pik-besmeerde liggame brandend die ewigheid

in, terwyl hulle as fakkels die heersers se strate verlig het! Ander is in amfi-teaters vir die leeus gegooi, waarna hulle verskeurde liggame verbrand is, en die oorblyfsels in riviere gegooi is. Die doel was om ’n bespotting van die hoop op ’n liggaamlike opstanding te maak. Hierdie gelowiges was ongetwyfeld bereid om te sterf vir hulle geloof in ’n Jesus wie se graf regtig leeg was.

Die vraag is egter: Kan Jesus se opstanding nie maar vandag, in die lig van ons gesofistikeerde denke en wetenskaplike insigte van die een-en-twintigste eeu, afgemaak word as die naïewe bygeloof van ’n groepie pre-moderne antieke voortvarendes nie? Was die werklike Jesus nie dalk iets en iemand totaal anders as die Jesus wat aan ons voorgehou word in die Nuwe Testament nie? Het die dissipels en vrouens by Jesus se graf nie dalk gehallusineer nie? Het hulle nie dalk regtig sy liggaam gesteel en in die geheim gaan herbegrawe nie? Kan ons nie dus maar net sê dat Jesus “opgestaan” het, sodat elkeen self kan besluit hoe dit verstaan moet word nie? Moet gelowiges nie maar vandag dit vir lief neem en aanvaar dat oupas en oumas, pa’s en ma’s, broers en susters, en vir sommiges selfs seuns en dogters wat aan die dood afgestaan is, nooit weer in ’n hiernamaals gesien sal word nie? Leef ons nie eintlik in ’n geslote en integrale wêreld sonder enige bonatuurlike werklikheid duskant dit wat ons kan sien nie?

Lewendige diskussie en kritiese navorsing oor hierdie sake is al vir meer as twee eeue in Duitsland en Europa aan die gang wat geweldige implikasies vir gelowiges en kerke ingehou het. Jesus is op radikale en ongeëwenaarde wyse krities ontleed en letterlik gestroop van alles behalwe ’n handjievol morele wyshede. Dit het gevolglik vir sommiges byna onmoontlik geword om steeds te glo in dié Jesus wat met sy bonatuurlike lewe en werk al vir 2 000 jaar lewens en gemeenskappe radikaal verander.

Hierdie geweldige druk op die evangelie het, veral gedurende die afgelope paar dekades, na Suid-Afrika oorgewaai en hoofsaaklik in akademiese kringe neerslag gevind. Daar was diegene wat sonder om bang te wees vir al dié radikale interpretasies, dit met wysheid bestudeer het en steeds gelowig kon bly glo in dié Jesus wat die dood oorwin het. Natuurlik was daar ook diegene wat op eng fundamentalistiese wyse alle gesprekke met betrekking tot die wetenskap, navorsing oor die Bybel en sy leefwêreld as boos en nutteloos verwerp het. Aan die ander uiterste kant was daar egter ook diegene wat bepaalde paradigmas op so ’n wyse omhels het dat daar byna niks van die evangelie oorgebly het nie, waarvan die sogenaamde Nuwe Hervorming en diegene wat hulle leerstellings simpatiek gesind is, voorbeelde is.

Twee (spesiaal genooide) Nuwe Hervormers, professore Pieter Craffert en Pieter Botha van Unisa, het byvoorbeeld in 2003 op uitnodiging by die Noordelike sinode van die NG Kerk opgetree en dit reggekry dat dié sinode onder meer nie ’n kategoriese geloofsbelydenis oor die geskiedkundigheid van Jesus se liggaamlike opstanding wou maak nie (*Beeld*, 5 September 2003). Dr. Kobus Gerber, wat toe die moderator van die betrokke sinode was en tot en met 2007 voorsitter van die kuratorium aan die Universiteit van Pretoria (Tukkies), is sedertdien aangestel as die Algemene Sekretaris van die NG Kerk.

Ten spyte van kommer oor dié kontroversiële besluit van die sinode was daar ook stemme van ondersteuning wat opgegaan het. Professor Wilhelm Jordaan, buitengewone professor in Sielkunde aan Tukkies en NG lidmaat by Waterkloof-gemeente, wat ook op uitnodiging ’n hoofstuk in die Nuwe Hervorming se boek geskryf het, het die sinode vir hierdie besluit geprys (*Die Burger*, 9 September 2003). So ook het dr. James Kirkpatrick, senior lid van die kuratorium by Tukkies, ten minste volgens mediaberigte, ’n sleutelrol in die sinode se besluit gespeel (*Beeld*, 5 September 2003).

Sedert en selfs voor die Nuwe Hervorming het daar ook ’n breër stroom van vooraanstaande teoloë begin aanklank vind by, of ten minste ernstig begin nadink oor, hierdie “nuwere” insigte. Hier kan mens dink aan sommige publikasies van mense soos professor Willem Vorster (1980’s), professor Gert Pelser (1990’s), dr. Danie Veldsman (1993), dr. Ben du Toit (2000), professore Andries van Aarde (2000), Jurie le Roux (2002), Dirk Human (2003), Louis Jonker (2004), Anton van Niekerk (2005) en Julian Müller (2006), om maar net ’n paar te noem.

Konflik tussen kerklike teoloë oor hierdie kernbelangrike geloofsake het veral sedert die jaar 2000 skerp begin toeneem, en uiteindelik ook verwarring in die publieke domein en veral ook onder gelowiges tot gevolg gehad. By Tukkies is van hierdie sake op die spits gedryf

deur ’n bekommerde groepie studente wat na jare se studie, opregte worsteling, gesprekke en klagtes, standpunt begin inneem het. Vir ten minste sommige dosente, teoloë en kerklike invloedrykes in belangrike magsposisies was hierdie optrede geen welkome verwikkeling nie. Die klaarblyklike onwilligheid van die verteenwoordiger van die kuratorium, dr. Flip du Toit, asook ander rolspelers, om die sake verantwoordelik, billik en deursigtig te hanteer, het uiteindelik bygedra tot ’n studenteverklaring en belydenis oor Jesus se opstanding. Daarin is drie dosente van Tukkies, professore Julian Müller, Jurie le Roux en Dirk Human, en twee teoloë uit die Kaap, dr. Louis Jonker en dr. Ben du Toit by name genoem as sou hulle omstrede en verwarrende uitsprake oor Jesus se opstanding maak. Dit het ’n herrie in die media ontketen. As inisieerder van die verklaring is ek uiteindelik deur ’n kuratorium-kommisie by Tukkies skuldig bevind aan oneerlikheid. Dit het tot gevolg gehad dat my studies as NG teologiestudent opgeskort is, hangende my berou. Uiteindelik is die teoloë van leerdwaling aangekla, waarna amptelike ondersoeke deur die kerk onderneem is. Nadat die drie dosente op alle aanklagte deur die kerk onskuldig bevind is (die Kaapse ondersoeke het veel langer geneem, maar hulle is ook onskuldig bevind), is ek deur die Tukkies-dosente (en ook professor Cas Vos wat toe dekaan was) dissiplinêr by die universiteit aangekla. Na ’n verhoor van vier dae is ek skuldig bevind op al die aanklagte teen my en, nadat ek my meestersgraad voltooi het, lewenslank geskors van die Fakulteit Teologie.

Laasgenoemde skuldigbevinding was die laaste episode in ’n komplekse stukkie kerkgeskiedenis tussen die jare 2001 en 2006 by Tukkies en in die NG Kerk. Wat presies was die aanleidende faktore wat sou kulmineer in die studenteverklaring? Wát het alles agter die skerms aangegaan? Wát was sommige studente se ervaringe? Wat het dosente geskryf en geleer? Hoe pas die kuratorium-dagbestuur in al hierdie gebeure in? Was die studenteverklaring ’n onnodige en selfs bedenklike student(e)-stofopskop? Of was daar meriete daarin? In die volgende hoofstuk begin ek in die jaar 2000, en neem jou as leser graag op ’n reis met allerhande verrassings, persoonlike ontnugterings, intriges en ’n verskeidenheid gebeure.



HOOFSTUK TWEE

# Teologiese studies – vreugde en trane

Vir ’n persoon wat ’n roeping van die Here ontvang het om predikant te word, behoort ses jaar se teologiese opleiding aan ’n universiteit nie net ’n voorreg te wees nie, maar ook ’n groot avontuur! Dit is juis by ’n universiteit waar daar die vryheid is om met ’n magdom strominge en ontwikkelings in die onderskeie wetenskappe in aanraking te kom. Een van die mees opwindende aspekte hiervan is die feit dat Christene met vrymoedigheid geloof en wetenskap met integriteit en geloofwaardigheid kan integreer sonder dat hul geloof in Jesus Christus enigsins in die proses bedreig word. Inteendeel, die wetenskap kan ’n kragtige hulpmiddel wees om ’n student se kennis maar ook geloof in Jesus Christus so te verryk dat hy of sy ’n positiewe verskil kan gaan maak in ’n stukkende en deurmekaar wêreld. Dít, as ek eerlik moet wees, het ’n hele aantal teoloë by Tukkies my in die jare 2001-2006 geleer. Ek dink sommer aan ’n paar van hulle soos byvoorbeeld professore Hennie Pieterse, Piet van der Merwe, Gert Prinsloo, Gert Swart, Hans van Oordt, Hoffie Hofmeyr, Stephan Joubert, Jan van der Watt, Hennie Stander, en drs. Attie van Niekerk, Johan van der Merwe en Wim Dreyer. Inderdaad is wyle professor Johan Heyns, ’n voormalige dekaan by Tukkies, se woorde van 33 jaar gelede vandag nog net so waar: “Teologie is ’n vorm van liefde vir God met die verstand en daarom ’n aspek van die heiliging van ons lewe” (Heyns & Jonker, 1977: 9).

*Teologie is ’n vorm van liefde vir God met die verstand.*

Tydens my studies was daar fantastiese ervaringe – hoë akademiese uitdagings en

mylpale, persoonlike en teologiese groei, studente-avonture en vriendskappe, diep gesprekke met dosente, uitreike en dienswerk in plakkerskampe (wat inderdaad die plig en verantwoordelikheid van alle Christene moet wees!), om maar net 'n paar te noem. Ek wens ek kon hierdie wonderlike ervaringe in baie meer detail met jou gedeel het! Dit is egter nie die fokus van hierdie boek nie. Die fokus, soos die verhaal ontvou, is op 'n "nuwe" rigting wat klaarblyklik met behulp van institusionele mag en kerkpolitiek hand oor hand by my geliefde Fakulteit Teologie in die jare 2001-2006 begin toeneem het.

Met dankbaarheid en nederigheid wil ek graag aan God die eer gee dat Hy my in staat gestel het om hard te studeer en my BTh-graad met lof te slaag. Van die begin af het ek 'n besonder goeie verhouding met al my dosente gehad. Ek het hulle geag en geëer vir hul prestasies en graag met hulle gekommunikeer.

## 'n Paar sleutelgebeure

Daar is 'n hele klomp gebeurtenisse wat ek in hierdie verhaal gaan probeer skets, maar die eerste drie is heel waarskynlik dié sleutels tot baie van die ander verhale wat gaan volg. Daarsonder sal baie van die gebeure wat later vertel gaan word, nie werklik goed begryp kan word nie. Indien hierdie gebeurtenisse, wat almal in die jaar 2000 'n werklikheid geword het, nooit werklik plaasgevind het nie, wonder ek of daar ooit sóveel onenigheid, spanning en uiteindelik openbare debatte in die kerklike gemeenskap (en in die besonder die NG Kerk) sou plaasgevind het.

Die eerste gebeurtenis het by die Fakulteit Teologie in Pretoria plaasgevind. In die jaar 2000 het die Hervormde Kerk (Afdeling A) en die NG Kerk (Afdeling B) se teologiese fakulteite saamgesmelt om 'n "nuwe verenigende fakulteit" by Tukkies te vorm waarvan professor Cas Vos die nuwe en eerste dekaan sou wees (*Beeld*, 20 Augustus 1999). Alhoewel daar goeie redes vir hierdie eenwording was wat tereg positiewe voordele sou inhou, was daar tog ook 'n aantal gerugte wat die rondte gedoen het oor waarom die eenwording klaarblyklik gedwonge moes plaasvind. Eerstens natuurlik dat daar druk vanaf die regering was; tweedens om monetêre oorwegings en derdens dat, indien die eenwording nie sou voortgaan nie, die Fakulteit Teologie sou moes verklein en deel van 'n departement of skool moes word binne die Fakulteit Geesteswetenskappe[1]. Hoe dit ookal sy, die fakulteite het in 2000 saamgesmelt. Ingeligtes sal verder weet (en soos ek later gaan probeer aantoon) dat die Hervormde teologiese tradisie baie kompleks is, maar dat daar inderdaad 'n beduidende stroom van "skerp kritiese denke", veral in die Bybelwetenskappe, by hulle gevestig is (sien www.teo.co.za Wim Dreyer September 2007). Soos wat die gebeure verder vertel gaan word, sal die impak van hierdie teologiese stroom verder belig word, veral wanneer oor spesifieke Hervormde teoloë soos professore Andries van Aarde en die verskyning van sy kontroversiële boek *Fatherless in Galilee* (Harrisburg, Trinity Press International, 2001, voortaan *Fatherless*) en ook Yolanda Dreyer berig sal word.

*ProfessorAndries van Aarde se kontroversiële boek Fatherless in Galilee*

'n Tweede gebeurtenis, wat nie noodwendig direk verband gehou het met die eerste een nie, maar ook 'n nuwe era vir baie Christene (veral binne die NG Kerk) ingelui het, was ongetwyfeld die verskyning van die Kaapse teoloog dr. Ben du Toit se boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* (Bloemfontein, CLF, 2000) ook in die jaar 2000. Maar hoe pas dit dan in by die verhaal wat by Tukkies sou afspeel? Dr. Ben du Toit het Pretoria besoek om sy boek te bemark. Ek het binne die eerste paar weke van my teologiese opleiding persoonlik die bekendstelling bygewoon. Ek sal daardie aand nooit vergeet nie. Professor Sakkie Spangenberg wat, soos ons later sal sien, 'n kontroversiële Bybelwetenskaplike is en ook stigterslid van die Nuwe Hervorming sou wees, was die seremoniemeester en op daardie stadium nog in die NG Kerk. In sy lesing het dr. Du Toit die breë trekke van sy boek verduidelik. Onder andere het hy die tradisionele interpretasie van die maagdelike verwekking van Jesus en die bestaan van die duiwel verwerp. Hy het ook die kruisdood en opstanding van Jesus vergelyk

1 Prof. Dirk Human verwys na laasgenoemde in sy ongedateerde dokument: "Gesprek in voorlopige ondersoek van prof. Dirk Human met Ring van Pretoria Faerie-Glen."

met "energie" wat nie vernietig kan word nie. Gevolglik (soos ander teoloë ook later sou uitwys) kan die implikasie hiervan wees dat Jesus nie régtig aan die kruis gesterf het nie, en dat die opstanding van Jesus daarom ook geen wonderwerk was nie, maar eerder 'n heel natuurlike voortbestaan van energie. Kortom, 'n opstanding gestroop van alles wat bonatuurlik en wonderbaarlik is. Ek onthou hoe dr. Louw Alberts, bekende Christen-fisikus tydens vraetyd krities op die lesing gereageer het.

Díe boek het 'n storm in die NG Kerk veroorsaak, soveel so dat selfs professore Jan van der Watt, Stephan Joubert, Adrio König en Jan du Randt ook hul ernstige kommer oor sekere interpretasies in die boek uitgespreek het. Hulle sê aan die einde van hul artikel in *Kerkbode* (waarop dr. Du Toit nooit geantwoord het nie) " . . . hy hou uiteindelik min van die evangelie oor, te min om dit nog die moeite werd te maak" (*Kerkbode*, 17 Augustus 2001).

Mettertyd het *Kerkbode* berig dat professore Elna Mouton, dekaan van die Fakulteit Teologie by Stellenbosch, Fanie Snyman van Bloemfontein en Cas Vos, toe dekaan by die Fakulteit Teologie in Pretoria, dié boek aangewys het as die wenner van die Andrew Murray-prys. 'n Klein groepie teoloë het die boek se lof besing. Dit was egter 'n kontroversiële boekprys, en onteenseglik vir 'n oorweldigende groep NG teoloë, predikante en gewone gelowiges 'n hartseer dag, soos weerspieël is in die briewe en artikels wat in *Kerkbode* verskyn het. Dit is nie kwaadwillig nie om aan te voer dat hierdie boek vir baie waarskynlik die eerste en groot waterskeiding in die NG Kerk was, wat betref die aantasting van die hart van ons geloof in Jesus Christus, al sou dit hoegenaamd nie dr. Du Toit se bedoeling gewees het nie.

*die eerste en groot waterskeiding in die NG Kerk*

Dr. Du Toit is desnieteenstaande die uitlatings in sy boek ook aangestel in prominente en invloedryke poste in die NG Kerk: eerstens as parlementêre verteenwoordiger; tweedens as voorsitter van die Algemene Sinode se Kommissie vir Leer en Aktuele sake (die kommissie wat verslae oor die korrekte interpretasie van die Bybel opstel en voorlê vir goedkeuring); en meer onlangs is hy ook aangestel as redakteur: elektroniese kommunikasie van die Algemene Sinode.



'n Derde gebeurtenis, wat terugskouend van besondere belang is, was ongetwyfeld uitsprake wat professor Julian Müller, NG dosent in Praktiese Teologie by Tukkies, in die openbaar begin maak het. Hy het met die opkoms van die *Jesus Seminar* in die VSA, en spesifiek met die beriggewing daaroor in die Afrikaanse dagpers, begin deelneem aan gesprekke daaroor in 2000 en spesifiek toe hy departementshoof geword het. In 'n preek, "Protestants is om in Jesus te glo" (http://www.pvr.co.za/preke/Julian29Okt.htm 31 Oktober 2000), wat op die internet gepubliseer is, het hy pertinent verwys na die kontroversiële *Jesus Seminar* in die VSA se verwerping van Jesus se liggaamlike opstanding, teenoor die behoudende standpunt dat hy wel liggaamlik uit die dood opgestaan het. In sy boodskap wou hy klaarblyklik die fokus plaas op die oorgelewerde geloof wat ons almal met mekaar deel en het uiteindelik aangevoer dat dit nie regtig saakmaak of Jesus nou letterlik (soos die behoudendes glo) of metafories (soos die *Jesus Seminar* glo) opgestaan het nie. Die eintlike vraag is of "Jesus die Christus" is. As ek professor Müller reg verstaan het, was sy standpunt dat dit nie regtig saakmaak hóé Jesus opgestaan het nie, solank hy net vir gelowiges die "Christus" is. Hierdie uitspraak sou eers veel later meer algemeen bekend word, al was dit reeds in 2000 in die media beskikbaar. Hoe dit ookal sy, later tydens professor Müller se ondersoek, gaan ek probeer om hierdie preek (wat later ook 'n hoofstuk in 'n boek sou word) in meer diepte te bespreek en ook kyk na die ringskommissie se interpretasies daarvan.

*nie regtig saakmaak of Jesus nou letterlik of metafories opgestaan het nie*

Die gebeure rondom professor Julian Müller wat in 2000 departementshoof in Praktiese Teologie by Tukkies geword het, die publikasie van dr. Ben du Toit se boek in 2000 en ook sy aanstelling in sleutelposisies in die NG Kerk asook die belangrike eenwording van die NG en Hervormde Kerke se teologiese opleiding by Tukkies met professor Cas Vos as nuwe dekaan, het ten minste gedeeltelik 'n nuwe paradigma in die NG Kerk ingelui wat op 'n bepaalde manier die katalisator vir 'n klomp aanverwante kettingreaksies ingelui het (so was en is my persoonlike indruk).

Met hierdie drie gebeurtenisse as agtergrond vertel ek vervolgens 'n klompie verhale.[2]

Een van die mees traumatiese gebeure vir my en 'n paar van my vriende was wat met een van ons teologie-klasmaats gedurende 2002 en 2003 gebeur het (dit is nou nie my vriend met die twee doktorsgrade nie). Hierdie briljante student was vanaf ons eerste jaar deel van ons informele groepie wat weekliks saam Bybelstudie gedoen en saam gebid het. Ek onthou ook hoe ons in Grieks en Hebreeus presteer het, onderskeidings behaal het en saam die akademie geniet het. Ons groepie was inderdaad "behoudend"[3] maar ek wil tog glo dat ons nie bang was vir harde werk en kritiese geloofsverantwoording nie! Gedurende ons derde jaar het ons klasmaat ons skielik die rug toegekeer en opmerklik baie tyd by sekere professore deurgebring, veral by professor Dirk Human, NG dosent in Ou Testament. Ons maat het onverwags 'n gesindheidsverandering ondergaan, nooit weer saam met ons kom bid nie en 'n selferkende "andersdenkende"[4] geword. Die sprankel was weg uit sy oë en ons vriend was lang periodes uit die klas afwesig. Die student het ook in hierdie tyd 'n "anonieme" brief op die fakulteit se aansteekbord aangebring wat vertel het van 'n "nuwe rigting" waarin hierdie student beweeg en dat niks dit kan verander nie. In 'n latere gesprek het dit uitgekom dat dit hierdie spesifieke student was wat self hierdie anonieme brief geskryf en aangebring het. Ek wens ek het die briefie geneem en dit bewaar! Die predikant wat ons vriend aanbeveel het om by Tukkies te kom studeer, het aan my gesê dat hy met 'n geweldige skuldige gewete sit oor hierdie persoon wat volgens hom die geloof verloor[5] het. Hy verwyt homself dat hy die student aanbeveel het om by Tukkies te gaan studeer.

2 Die gebeure waaroor ek gaan uitbrei sal nie in alle gevalle kronologies en liniêr verloop nie.

3 Ek besef hierdie woord is kompleks en kan baie dinge beteken. Hierdie boek is nie 'n dogmatiek-handboek nie, daarom net een kwalifikasie: Met "behoudend" bedoel ek ten minste dat ons geglo het en glo in die letterlikheid van Jesus se opstanding.

4 Die student het nooit 'n volledige beskrywing gegee van wat dit beteken nie. Ek sou wou raai dat iets soos Jesus se letterlike opstanding nie meer essensieel was vir die persoon se geloof nie.

5 Ek is terdeë daarvan bewus dat die uitdrukking "geloof verloor" kompleks is. Geloof verloor in sommige dinge kan selfs goed wees. Maar ek dink hoe mens dit hier kan verstaan kan moontlik saamhang met wat Paulus in 1 Korintiërs 15:14 bedoel met 'n leë geloof as Jesus nie regtig uit die dood opgestaan het nie.



Ek kan nog verskeie verhale van studente se ontnugterings vertel (wetende dat sommige ontnugterings natuurlik goeie ontnugterings is!), maar volstaan vir eers met die volgende voorbeeld: Ek onthou in my eerste jaar hoe 'n student eendag ná klas sy sakbybeltjie met krag teen die symuur van die lesinglokaal gegooi het en gesê het: "Nou glo ek nie meer die Bybel nie!"[6] Hierdie student het nooit sy teologiese studies voltooi nie.

Nie lank hierna nie het professor Hennie Stander, toe departementshoof in Grieks by Tukkies, 'n artikel vir *Kerkbode* geskryf wat op 'n bepaalde manier verwoord wat met sommige studente gebeur het:

> "Voor my sit 'n derdejaar student. Wanneer hy begin praat, sien ek sy oë swem in trane: 'Professor, ek wil met u praat. Ek worstel met my geloof. Hoe kry u dit nog reg om in Jesus te glo?' Ek kan nie onthou hoeveel teologiestudente in die afgelope twee jaar in my kantoor kom sit het met dieselfde vraag nie. Later begin hy onbeskaamd snik en sê: 'Professor, ek voel soos 'n verraaier. Tuis in my ouerhuis glo ek saam met my ouers en is ek aktief betrokke in ons gemeente, maar wanneer ek hier by die universiteit kom, word baie van die dinge waarin ek glo, in die klas met minagting afgelag.' Skielik dink ek aan dit wat iemand op 'n keer vir my gesê het: "Die teoloë leef met die geld van gelowiges, maar hulle ondergrawe die geloof van dieselfde gelowiges." Hierdie stelling is baie skerp, maar bevat dit nie tog 'n element van waarheid nie? Maar wat antwoord ek die studente wat met hulle vrae kom? Wel, ek sê vir hulle: 'Bly vashou aan die geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.' Akademici het beslis nie die laaste sê wanneer dit by geloofsake kom nie" (*Kerkbode*, 6 September 2002).

6 Ek kan nie die meriete of presiese oorsaak van hierdie student se ontnugtering onthou nie.

Vir baie lank al is dit so dat teologiestudente deur worstelinge gaan tydens hulle opleiding. Dit is nie verkeerd of iets nuuts nie. Professor Jimmy Loader, 'n bekende Ou Testamentikus van die Hervormde Kerk het alreeds in 1977 opgemerk van studente wat vertel het "hoe verward hulle is" (*Skrif en Kerk*, 15[2]1994: 401). Dit wil egter voorkom of hier, soos professor Stander berig, 'n radikaal nuwe ontwikkeling begin posvat het: Sommige kerklike dosente het begin om studente nie net bloot te stel aan die verskeidenheid standpunte in die teologiese wetenskap nie (wat natuurlik worsteling inhou), maar klaarblyklik is spesifieke standpunte op só 'n wyse gepropageer, dat dit sommige studente se geloof so ernstig geaffekteer het, dat hul geloof ondergrawe is.

Professor Andries van Aarde, toe dosent in Nuwe Testament, predikant in die Hervormde Kerk, en ook lid van die *Jesus Seminar* in die VSA, was ongetwyfeld vir baie studente een van die persone wat hierdie soort kritiese leerstellings verkondig het. Sy boek *Fatherless* wat teen die einde van 2000 verskyn het, het 'n opskudding in Suid-Afrika veroorsaak. In hierdie boek (wat tydens professor Le Roux se ondersoek in meer diepte bespreek word) het hy navorsing gedoen oor die "historiese Jesus" en 'n beeld van Jesus geskets wat radikaal verskil het van die tradisionele interpretasies van die vier Evangelies.[7] So byvoorbeeld het hy in sy navorsing beweer dat Jesus 'n buite-egtelike kind was wat nooit maagdelik verwek is nie. As buite-egtelike kind het hy "gefantaseer" oor 'n vaderfiguur waarna God sy "Vader" geword het. Josef (tradisioneel Maria se man) was klaarblyklik 'n latere ortodokse byvoeging om die verleentheid van Jesus se buite-egtelikheid te probeer toesmeer. Verder het Jesus ook nie letterlik uit die dood opgestaan nie, maar voortgeleef in die "vertellinge" oor hom. Wat belangrik was vir professor Van Aarde se konstruksie van Jesus, was dat hy (Jesus) geïdentifiseer het met die randfigure in die samelewing en omgegee het vir die armes, weeskinders en so meer. Wat laasgenoemde betref sou min Christene van hom kan verskil, maar dit was oor sy beweringe rondom wie Jesus was, wat Hy gedoen het, en wat Hy bewerkstellig het (veral oor sy geboorte, kruisiging, opstanding) dat daar groot polemiek was. Die koerante het volbladberigte oor hierdie boek geplaas wat positiewe en negatiewe reaksie ontlok het. Ander professore het ook aan die debat deelgeneem:

> "Professor Stephan Joubert van die Universiteit van Pretoria se departement Nuwe Testament sê die navorsing na die historiese Jesus verteenwoordig nie die hoofstroom van Nuwe Testamentiese denke nie . . . Daar is ook die kerk en ander wetenskaplikes wat 'n ander stem het. 'n Voorbeeld hiervan is professor Jan van der Watt, hoof van die departement Nuwe Testament by Tukkies, wat sê hy deel nie sy kollega, professor Andries van Aarde, se sieninge oor Jesus nie" (*Beeld*, 21 Oktober 2000; 8 Januarie 2001).

Anders as professore Joubert en Van der Watt (die NG Nuwe Testamentici by Tukkies op daardie stadium), het professore Jurie le Roux, toe NG dosent in Ou Testament by Tukkies, asook Sakkie Spangenberg, op daardie stadium nog NG proponent en dosent in Ou Testament by Unisa, besonder positief gereageer op die boek tydens 'n openbare lesing oor die Nuwe Hervorming by Unisa op 14 Oktober 2003. Professor Le Roux het in 'n artikel die boek beskryf as 'n "hoogtepunt" in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap (*HTS,* 58[1]2003: 97), wat in meer detail bespreek sal word tydens die ondersoeke.

Vroeg in 2003 het ek 'n gesprek met professor Conrad Wethmar, my dosent in Sistematiese Teologie, en toe voorsitter van die NG dosenteraad gehad. Sy posisie het nogal gewig gedra, veral ook omdat hy vroeër dekaan van die fakulteit was. Tydens ons gesprek het ek my kommer oor professor Van Aarde se leerstellinge uitgespreek en gevra of hy nie iets aan die probleme kan doen nie. Op grond van ons gesprek het hy my pertinent gevra om 'n anonieme brief vir hom te gee en die indruk gewek dat hy die saak verder sou voer. Hy het egter nooit na my teruggekom in die verband nie.

In 2004 het professor Van Aarde byna die hele jaar vir ons klas gegee. As mens vergeet van sy meer kontroversiële teologiese stand-

7 Ek gaan spesifiek tydens die bespreking van prof. Jurie le Roux se ondersoek uitbrei oor die "historiese Jesus". Hierdie navorsing is ook nie alles sleg nie, al is daar baie in die rekonstruksie van prof.Van Aarde se "historiese Jesus" waarmee mens met vrymoedigheid kan verskil.

punte, sou enige student erken dat hy uiters professioneel klas aangebied het, en altyd vriendelik was in die klas (behalwe een keer toe hy kwaad geword het vir 'n student wat nie kon stil sit nie).

Nie lank nadat professor Van Aarde tydens 'n lesing sy boek *Fatherless* vir ons aanbeveel het om te lees nie, het dit bekend geword dat nog 'n student uit ons klas "andersdenkend" geword het; onder andere, soos dit ten minste vir 'n paar van ons gelyk het, na blootstelling aan dié boek.

Hierdie student het nie presies verduidelik wat andersdenkend sou beteken nie, maar dit was duidelik dat die gevolg daarvan was dat die persoon se geloof radikaal verander het. [8]

Intussen het dit toe bekend geword dat die bekende en vooraanstaande professor Lina Spies van Stellenbosch, wat onder meer etlike omdigtings vir die nuwe Liedboek gedoen het, 'n soortgelyke ervaring gehad het, ook nadat sy *Fatherless* gelees het. Sy skryf dat sy uit die NG Kerk bedank het nadat sy 'n lidmaat vir bykans vyftig jaar was en selfs as ouderling gedien het, omdat sy nou glo dat Jesus slegs 'n doodgewone mens was (*Insig*, Desember 2003). Later die jaar het ek, ná verskeie gesprekke en met die aanmoediging van dr. Wim Dreyer, op daardie stadium kuratorium-voorsitter van die Hervormde Kerk, toe ook 'n klagte by die Hervormde Kerk se kuratorium ingedien oor professor Van Aarde se teologiese standpunte. Ek het ook aan 'n ander prominente kuratoriumlid van die Hervormde Kerk my kommer aangestuur en drie keer onsuksesvol probeer om met hom kontak te maak.

Hierdie klagte en ander wat ek later bespreek, het uit my hart gekom, want my gewete het my geskroei. Hoe kon ek – wat as 'n seuntjie van agt jaar oud die gawe van geloof in Jesus Christus in my ouerhuis ontvang het, en dit as tiener en volwassene bevestig het – stilbly? Hoe kon ek Hom verloën en verraai? Hoe kon ek ongeërg toekyk hoe sommige van my klasmaats in totale hopeloosheid verval of niks meer met die teologie te doen wil hê nie? Hierdie sake was my dryfveer! Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat ek en ander bekommerde studente absoluut geen probleem daarmee gehad het om blootgestel te word én te worstel met al die radikale en uiteenlopende standpunte en ontwikkelinge in die teologiese wetenskap nie – dit hoort tog so by 'n universiteit! Daar is so baie wat die wetenskap vir gelowiges en die kerk kan en moet beteken! Die bekommernis was eerder daarin geleë dat sommige van professor Van Aarde se insigte in sy boek *Fatherless* (en ook in artikels en lesings) so radikaal verskil het van wat sommige van ons verstaan het as die NG Kerk se heel basiese verstaan van die Skrif dat dit uiters verwarrend en selfs geloofsbedreigend kon wees. En die belangrikste van alles was die feit dat professor Van Aarde 'n kerklike professor was wat 'n legitimasie-verklaring onderteken het (al was dit ook in die Hervormde Kerk). Dít het, so glo ek, 'n onhoudbare en verwarrende uitwerking op sommige studente gehad. Ons het immers nie by Unisa ingeskryf vir teologiese opleiding nie waar ons natuurlik geen probleem sou kon gehad het met sommige van sy standpunte nie.

Gedurende die loop van die jaar het ek ekstra aandag in professor Van Aarde se klasse gegee. Ek wou presies weet hoekom hy glo soos hy glo en het die voorgeskrewe werk nagte om deurgeworstel. Eerlikwaar! Professor Van Aarde het ons in plaas van skriftelike eksamens individuele mondelinge in sy kantoor laat doen. Ek het die werk op die punte van my vingers geken. Ek onthou spesifiek dat ek aan die einde van my mondeling op 'n vriendelike manier aan professor Van Aarde gesê het dat ek nie kan saamstem met van die goed wat hy ons geleer het nie. Hy was steeds heel vriendelik en was ooglopend in sy skik met my teologiese kennis en het my aangemoedig om by hóm in te skryf vir 'n doktorsgraad. Ek het vir dié mondelinge eksamen 'n hoë punt behaal.

Naby die einde van 2003 het 'n sekere insident wat professor Julian Müller en finalejaar studente betrek het, 'n groot indruk op my gemaak. Om dit in konteks te plaas is 'n klein bietjie agtergrond eers nodig.

8 Dit is interessant dat prof. Van Aarde voorgraadse studente uitgenooi het om sy boek te lees, aangesien dr. Wim Dreyer, toe voorsitter van die Hervormde Kerk se kuratorium, persoonlik aan 'n groep studente gesê het dat hulle kuratorium met hom ooreengekom het dat hy nie sy "insigte" in *Fatherless* aan vóórgraadse studente sal leer nie. In ons vyfde jaar het ons na *Fatherless* gekyk, maar toe was dit op 'n ewewigtige manier waartydens ander belangrike stemme daarmee saam behandel was.

Professor Van Aarde se *Fatherless* (maar sekerlik ook die eenwording van die fakulteit in 2000 asook die gebeure rondom professor Julian Müller en dr. Ben du Toit) het waarskynlik die weg gebaan vir ander teoloë om nou ook met meer vrymoedigheid hulle kritiese standpunte in die openbaar te begin verkondig. Professore Sakkie Spangenberg, Pieter Craffert, Pieter Botha en Hansie Wolmarans in besonder, kan beskou word as persone wat die geleentheid nogal dramaties aangegryp het. Hulle standpunte het uiteindelik radikaal begin verskil van die tradisionele interpretasies van byvoorbeeld Jesus se maagdelike verwekking, wonders, opstanding, en so meer. Hulle Bybelwetenskaplike navorsing, alhoewel vanuit verskillende invalshoeke, het die letterlikheid van hierdie gebeure vir vandag begin bevraagteken. Uiteindelik het hulle 'n beweging met die naam "Die Nuwe Hervorming" gestig, met die gedagte dat hulle insigte 'n nuwe beweging, soortgelyk aan die 16de eeuse Protestantse Reformasie sou bewerkstellig. Hulle metodes en resultate het verder ook nogal ooreengestem met die navorsing van die *Jesus Seminar* in die VSA. In Oktober 2002 bars die bom met die verskyning van die boek *Die Nuwe Hervorming* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2002) waarin hulle, saam met 'n paar ander bekendes soos professor Wilhelm Jordaan en dr. Piet Müller (laasgenoemde as redakteur van die boek) hulle interpretasies verduidelik (*Beeld*, 4 Oktober 2002). Die gebeure rondom die Nuwe Hervorming is belangrik en sal soos wat hierdie boek vorder gereeld ter sprake wees.

Terug by die insident in 2003. Ek en een van my klasmaats het eendag ná klas twee finalejaars voor die biblioteek raakgeloop. Die twee studente (wat nogal die topstudente van hulle jaargroep was) het ons meegedeel dat hulle so pas van 'n verpligte retraite teruggekom het wat professor Julian Müller jaarliks vir die finalejaars reël. Op hierdie retraite, het hulle gesê, moes hulle "mediteer" oor onder andere Nuwe Hervormingsmateriaal. Hulle het ook vertel dat hulle tydens een van die dae, nadat hulle reeds die materiaal vir die dag bestudeer het, gaan snoeker speel het in een van die lokale op die kampterrein. Terwyl hulle daarmee besig was, daag daar toe een van die predikante op wat saam met professor Müller die kamp bestuur. Hy sê toe min of meer aan hulle om op te hou snoeker speel en terug te gaan om verder, soos versoek "elke dag slegs op daardie dag se leesstof te konsentreer en dit langsaam en meditatief te lees."[9] Hierdie studente het toe aan ons gesê dat hulle gaan kla het oor dié Nuwe Hervormingsmateriaal wat vir meditasie voorgeskryf was.



Uit hulle ontsteltenis was dit my afleiding dat hulle iets soos die volgende wou probeer sê: Om in die loop van teologiese opleiding blootgestel te word aan standpunte van die Nuwe Hervorming is sekerlik nie verkeerd nie. Inteendeel, dit is noodsaaklik om daarvan kennis te neem en geloofwaardig te antwoord op hulle teologiese standpunte. Om egter op 'n retraite daaroor te moet "mediteer" is 'n heeltemal ander saak! Nou na alles, het dit aan die lig gekom dat professor Müller gereël het dat dié "meditasie" behartig is deur homself, dr. Lourens Bosman, di. Barry van der Merwe en Jan Steyn. Hierdie leraars, so het professor Müller later gesê, beweeg in meditasie-kringe. Dit sou mettertyd bekend word dat een van hierdie leraars, ds. Barry van der Merwe toe van die NG gemeente Lynnwood, 'n paar maande voor die retraite 'n uiters positiewe resensie van die Nuwe Hervorming se boek vir *Beeld* geskryf het (*Beeld*, 30 Desember 2002). Dit het ook aan die lig gekom dat daar inderdaad toe ook 'n hoofstuk uit dié boek (asook twee hoofstukke van 'n *Jesus Seminar*-teoloog) voorgeskryf is vir meditasie tydens die retraite. Ek verwys weer na ds. Jan Steyn tydens my bespreking van die 2006-retraite vir finalejaars waar professor Müller hom weer gevra het om die geleentheid saam met hom aan te bied. Later, tydens die universiteitsverhoor word ook meer uitgebrei oor die 2003-retraite.

Met verloop van tyd sou dit rugbaar word dat professor Müller, nie lank voor dié retraite nie, 'n kontroversiële openbare lesing gegee het by die NG gemeente Skuilkrans waartydens die teologiese standpunte van die Nuwe Hervorming onder bespreking was. Tydens die lesing, wat hy "Hervorming en Spiritualiteit" genoem het, en waar sommige lede van die Nuwe Hervorming teenwoordig was, het hy vertel van sy eie "disoriëntasie" en "heroriëntasie" ook

9 Hierdie aanhaling kom uit die oorspronklike dokument wat die reëlings vir die retraite aan die studente verduidelik het.

wat betref die letterlikheid van Jesus se maagdelike verwekking en opstanding. Hy vertel dit soos volg:

> "In 1994 is ek vir 3 maande in Atlanta, VSA, by die Columbia Theological Seminary van die Presbiteriane. Ek gesels baie met my gasheer oor hulle teologie en spiritualiteit. Een dag verduidelik hy ewe goedsmoeds aan my dat die deursnee teoloog van hulle denominasie en definitief al die dosente aan die Seminary sal nie 'n letterlike verstaan en geloof in die maagdelike geboorte en die opstanding onderskryf nie. Ek was stomgeslaan. Disoriëntasie/heroriëntasie" (www.julianmüller.co.za 20 Mei 2003).

In die slotgedeelte van sy lesing, het professor Müller na aanleiding van al sy ervaringe van "oriëntasie/disoriëntasie/heroriëntasie" wat op mekaar inspeel, tot die konklusie gekom dat daar nou veel meer ruimte moet wees vir verskeidenheid binne die kerk en klaarblyklik, as mens tussen die lyne lees, ook ruimte vir die verwerping van Jesus se letterlike opstanding. Interessant genoeg het dr. Willem Nicol, toe leraar by Universiteitsoord en ook 'n prominente teoloog van die Noordelike sinode, tydens dieselfde geleentheid (en spesifiek ná professor Müller se lesing) klaarblyklik in aansluiting by professor Müller beweer dat enige iemand nou welkom is om predikant in die NG Kerk te word, ook diegene wat Jesus se letterlike opstanding uit die dood (dus ook die leë graf) verwerp. Daar word later tydens die leerdwaling-ondersoek in bietjie meer detail gekyk na hierdie lesing van professor Müller.

Daar was veral tussen 2002 en 2004 besonder lewendige debatte en gesprekke binne en buite die kerk oor die standpunte van die Nuwe Hervormers en diegene wat hulle simpatiek gesind is. Behalwe vir die Noordelike sinode (waarna ek nog 'n paar keer gaan verwys), het ander sinodes, en spesifiek die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die Algemene Sinode die moed gehad om die radikale interpretasies van die Nuwe Hervorming in die openbaar te verwerp. Die ASK, wat die belangrikste verantwoordelikheid in die NG Kerk dra wanneer dit kom by die kern en hart van ons geloof, het byvoorbeeld die volgende oor Jesus se opstanding en die Nuwe Hervorming gesê:



> "Hulle [die Nuwe Hervorming] wek twyfel oor sy werklike, liggaamlike, historiese opstanding uit die dood en bring dus die kern van ons geloof in 'n opgestane Here in die gedrang. Paulus sê immers nie verniet nie dat, as Christus nie uit die dood uit opgewek is nie, 'is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud' (1Kor. 15:14)" (*Lig*, April 2003; sien ook *Beeld*, 22 Februarie 2003; *Kerkbode*, 28 Februarie 2003).

As mens die res van die verklaring deeglik bestudeer, sou mens ook kon bysê dat die verklaring ongetwyfeld nie wou sê dat daar nie gesprekke oor hierdie en ander belangrike kwessies gevoer moet word nie. Vrae en worstelinge oor hierdie sake is natuurlik aan die orde van die dag, en dit moet ook met wysheid en liefde hanteer word. Die probeem was, as ek die ASK se verklaring reg verstaan het, dat die Nuwe Hervormers kategoriese uitsprake gemaak het wat ook maar op sekere voorveronderstellings en metodes gebou was. Hulle was nie so objektief en wetenskaplik soos hulle voorgegee het nie. Met dit in gedagte wou die ASK gelowiges bemoedig deur aan te voer dat ons nie oor Jesus se werklike, liggaamlike en historiese opstanding hoef te twyfel nie. Dit is die kern en inhoud van ons geloof.

'n Paar invloedryke teoloë van die Noordelike sinode was egter nie gelukkig met die verklaring nie. Drs. James Kirkpatrick, Fanie Cronje (en Eduan Naudé van die Oostelike sinode) het hulle misnoë met die verklaring in die media bekend gemaak (sien *Beeld*, 1 April 2003).

'n Paar maande na die ASK se verklaring en ook professor Müller se Skuilkrans-lesing en retraite, was dit weer tyd vir die Noordelike sinode se tweejaarlikse sitting. By dié geleentheid het professore Pieter Craffert en Pieter Botha van die Nuwe Hervorming die sinode toegespreek. Onder voorsitterskap van dr. Kobus Gerber (wat ook toe voorsitter van Tukkies se kuratorium was) het dié optrede daartoe aanleiding gegee dat Neels Jackson onder meer die volgende na afloop van die sitting in *Beeld* berig het: "Die sinode wou . . . nie 'n kategoriese uitspraak lewer oor die geskiedkundigheid van die maagdelike geboorte of Jesus se liggaamlike opstanding nie" (*Beeld*, 3 September 2003). Opmerklik was ook Jackson se verwysing na dr. Kirkpatrick

se bydrae tydens die bespreking. Dr. Kirkpatrick het gevra (of gesê?) dat daar ruimte moet wees vir mense wat nie meer die "ortodokse geloofstaal van die kerk . . . kan nasê nie". Laasgenoemde was, ten minste volgens Jackson se berig, in die konteks van Jesus se letterlike opstanding. Dié pleitrede vir ruimte skep het klaarblyklik daartoe bygedra dat Jesus se liggaamlike opstanding toe nie bely is nie. Volgens die mediaberig het die Noordelike sinode dus besluit dat dit wel moontlik is vir iemand om 'n Christen te wees terwyl hy terselfdertyd nie bereid is om te aanvaar dat Jesus letterlik die dood oorwin het nie.

'n Tydjie na die finalejaars se verpligte retraite wat professor Müller gereël het, en die gebeure rondom die Nuwe Hervormingsmateriaal waaroor studente moes mediteer, het ek 'n module in pastoraat by professor Yolanda Dreyer van die Hervormde Kerk gehad. Sy was 'n vriendelike en interessante dosent, maar my belewenis was dat nie net sommige NG nie, maar ook sommige Hervormde studente nogal van haar verskil het oor van haar teologiese standpunte. Ek gee een voorbeeld wat dalk iets hiervan weerspieël. In dr. Frits Gaum se boek, *Soos ons in die 2000's glo – Perspektief op geloofsverklaring 2000* (Wellington, Lux Verbi, 2000) haal hy vir professor Dreyer aan wat die volgende stelling oor Jesus se opstanding gemaak het:

> "Ek glo dat God nuwe lewe gee. Dit word uitgedruk en ek het dit leer ken in die opstanding van Jesus. Dit is nie vir my belangrik of die opstanding 'n historiese feit is nie"(174).

In my voorbereiding vir die module by professor Dreyer het ek ekstra moeite gedoen deur haar twee doktorsgraadverhandelings[10] (een waarvan professor Andries van Aarde die promotor was) deur te werk. Na die eksamen wou ek graag 'n paar van die insigte wat sy daarin ontwikkel het met professor Julian Müller bespreek, spesifiek omdat sy breedvoerig oor professor Müller se pastorale benadering uitgewy het in een van haar proefskrifte. Kortliks het haar navorsing daarop neergekom dat professor Müller se benadering tot die

10 1) "Pastorale interaksie met vroue: 'n Prakties-teologiese begronding" (1998); 2) "Institutionalization of Authority and Titles used for Jesus" (2000).



pastoraat 'n stap in die regte rigting is, maar dat dit steeds te voorskriftelik en dogmaties is, gegewe die prominensie wat die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, daarin speel. Ek wou dus eerstehands professor Müller se opinie oor professor Dreyer se kritiek hoor. In sy antwoord het hy toe aangedui dat hy intussen ook gegroei en ontwikkel het, dat hy nou van mening is dat haar kritiek geldig is, en dat hy nou meer met haar kan saamstem. Ek was verras deur sy antwoord, en dink toe dat dit goed sal wees om professor Müller se teologie meer breedvoerig te bestudeer voordat ek tot konklusies kom. Hierna het ek verskeie wetenskaplike en media-artikels van professor Müller bestudeer (insluitende sy uitsprake oor die Nuwe Hervorming) en kon gewoon nie glo of verstaan dat hy toegelaat word om te sê wat hy sê as gelegitimeerde NG dosent nie.[11] My indruk was dat die NG legitimasie wat ook hy onderteken het tog duidelik daaroor is dat wanneer mens radikale veranderinge vir die geloof wil voorstel, daar eers saam met ander gelowiges in 'n sinode daaroor geworstel moet word voordat dit in die media bekend gemaak word – ten minste wat die heel belangrikste sake aangaan.

Van die artikels wat ek bestudeer het, het by my die oortuiging versterk dat die twee finalejaars se besware na afloop van hulle retraite saam met professor Müller nie sommer net 'n ligtelike saak was nie. Ek was daarvan oortuig dat hulle besware die kuratorium (wat toesig hou oor die NG dosente en studente) sou noop om 'n ondersoek te doen, sodat bepaal kon word of sy teologiese standpunte versoenbaar is met die kern van ons geloof in Jesus Christus, en ook die invloed van sy uitsprake op jong studente.

## Verdeeldheid en klagtes

Dit was opmerklik dat van die senior studente (vierde-, vyfde- en sesdejaars) nogal gereeld sou praat van die verdeeldheid wat daar in die NG dosentekorps geheers het. Die beeld wat begin duidelik word het was een wat daarop gedui het dat daar 'n groepie NG dosente was

11 Ek beredeneer nie nou hierdie bewering nie. Dit word later in die boek aangespreek.

wat al hoe meer aanklank begin vind het by die teologiese standpunte van sommige kontroversiële Hervormde dosente. Dit het al hoe meer begin lyk of daar sedert die jaar 2000, toe die NG en Hervormde Kerke se teologiese opleiding by Tukkies een geword het, 'n nuwe gees by die Fakulteit begin posvat het. En dit nie net onder dosente nie, maar ook uiteindelik onder sommige studente.

'n Paar van ons studente het in dié tyd toe gereeld persoonlike gesprekke met NG en Hervormde dosente gevoer. Merkwaardige dinge is tydens informele besprekings by La Pad en Burgundy's – twee koffiewinkels op kampus – gesê. Van die meer "behoudende" dosente (wat alles behalwe vervelige beheptes met 'n koue en dooie ortodoksie was!) het ons studente aangemoedig om te gaan kla by die kuratorium.

*Die interne konflik tussen dosente het begin oorspoel na die studente*

Dit het al hoe duideliker begin word dat die vervreemding tussen dosente alreeds vir geruime tyd aan die gang was, en dat geslote, of persoonlike en broederlike gesprekke wat agter die skerms gevoer was, nie oplossings vir krities belangrike sake kon bring nie. Die interne konflik tussen dosente het begin oorspoel na die studente. Onder sommige studente was die teologiese standpunte van 'n paar dosente in besonder gereeld onder bespreking. Hulle het ingesluit: professore Andries van Aarde, Yolanda Dreyer en Johan Buitendag van die Hervormde Kerk; Julian Müller, Jurie le Roux en Dirk Human van die NG Kerk, asook Graham Duncan van die Presbiteriaanse Kerk. Laasgenoemde kerkgenootskap het toe ook intussen 'n nuwe vennoot by die Fakulteit Teologie geword. Hierdie groep dosente het maar een deel van die Fakulteit uitgemaak. Daar was 'n meerderheid dosente met wie die studente nie probleme ervaar het nie. Maar die probleme met die eersgenoemde groep het begin eskaleer met soms ernstige gevolge vir sommige studente. Die sake wat onder bespreking was het ingesluit die standpunte van die Nuwe Hervorming en ook interpretasies van Jesus se opstanding, uniekheid, die bestaan van die duiwel en 'n paar etiese sake. Van hierdie sake is gereeld bespreek met veral dr. Flip du Toit, die predikant wat deur die kuratorium en kerk aangestel is om die skakelpersoon te wees tussen



die studente, dosente, kuratorium en die kerk. Vandat ek in 2001 teologie begin studeer het, was hy min of meer weekliks sigbaar by die Fakulteit Teologie. Hy het egter nooit terugvoering gegee oor studente se bekommernisse nie.

Nog 'n interessante insident by Tukkies wat die verdeeldheid tussen dosente moontlik op die spits kon dryf, was die optrede van professor John Dominic Crossan van die *Jesus Seminar* uit die VSA. Hy het op 8 April 2002 as gas van professor Andries van Aarde by Tukkies kom optree.[12] Daar is natuurlik niks daarmee verkeerd om 'n kontroversiële teoloog soos Crossan te nooi om by 'n teologiese fakulteit op te tree nie. Kritiese denke hoort tog by 'n universiteit. Wat egter opvallend van die gebeure by Tukkies was, was die heldeontvangs en ooglopende solidariteit wat daar tussen hom en sommige Hervormde teoloë was.

Ek het nie self die geleentheid bygewoon nie, maar kon in die video-opname daarvan waarneem hoe professor Van Aarde 'n oorweldigend positiewe bekendstelling van professor Crossan gegee het. Hy is voorgehou as die voorste Nuwe Testamentikus van ons tyd (wat, glo ek, nogal debatteerbaar is). In sy voordrag het professor Crossan onder andere beweer dat indien dit waar sou wees dat God die Vader vir Jesus aan die kruis vir ons sonde laat sterf het, dan is die Vader skuldig aan *transendentale kindermishandeling*. Hy het ook Jesus se liggaamlike opstanding en ander tradisionele interpretasies oor Jesus verwerp. Dit is insiggewend dat professor Sakkie Spangenberg, wat ook daar was (en as die video-opname korrek was het dr. Gerhard Bothma van Polokwane nog langs hom gesit), 'n jaar of wat later op 14 Oktober 2003 tydens 'n lesing by Unisa aangetoon het watter belangrike rol professor Crossan gespeel het in die totstandkoming van die Nuwe Hervorming.

"Het die kerk nog altyd gejok?" was 'n artikel deur professor Stephan Joubert (wat intussen toe weg is by Tukkies) waarin hy nogal geldige kritiek uitgespreek het oor Crossan se teologiese

12 Prof. Van Aarde is saam met Crossan lid van die *Jesus Seminar* in die VSA en verwys ook verskeie kere in *Fatherless* na hom.

standpunte. Dit is die moeite werd om 'n gedeelte daarvan, wat in die manstydskrif *Maksiman* verskyn het, aan te haal. Die fokus is op Jesus se opstanding:

> "Behoort Christene nou alles waarin ons tot dusver oor Jesus geglo het, te bevraagteken? Nee, gelukkig nie. Die Nuwe Testament bied steeds 'n geloofwaardige beeld van Jesus soos wat hy Homself bekendgemaak het toe Hy op aarde was. Crossan sal egter hiermee ook verskil. Volgens hom is Jesus immers vir altyd dood en begrawe. Die bedroefde dissipels het hoogstens 'n paar hallusinasies beleef waarin die dooie Jesus aan hulle verskyn het. En natuurlik was dit volgens Crossan ook nie vreemd vir mense in daardie tyd dat geeste van afgestorwenes aan lewendes verskyn nie. Maar hy vergeet gerieflikheidshalwe dat die Jode die verskil tussen geeste en mense baie goed geken het. Geeste was vaal, spookagtige wesens wat vir 'n wyle uit die doderyk opgekom het om met die lewendes te praat. Maar
> wanneer iemand soos Paulus en die ander Evangelieskrywers sê Jesus het opgestaan, dan bedoel hulle sy liggaamlike oorskot is nie meer in die graf nie . . .
> Miskien moet ons die volgende wyse woorde onthou: 'Jesus het al baie modelle en karikature oor Homself oorleef en Hy sal ons geslag s'n ook sonder moeite oorleef!'" (*Maksiman*, Julie 2002).

"Ernstige leemtes in werk oor historiese Jesus", was 'n ander *Beeld*-artikel deur professore Jan van der Watt, Hermie van Zyl, Pieter de Villiers en Fika van Rensburg wat ook ernstige tekortkominge in die *Jesus Seminar* se wetenskaplike uitgangspunte uitwys (*Beeld*, 8 April 2002).

Intussen het dit toe ook in die media bekend geword dat professor Julian Müller 'n interessante, maar ook kontroversiële lesing oor verskillende "wêreldbeelde" by die Centurion Teater in Pretoria gelewer het. Ander teoloë wat ook saam met hom voordragte gelewer het, sluit in professore Sakkie Spangenberg, Yolanda Dreyer en Jurie le Roux. By die geleentheid, wat deur die Oos-Transvaalse sinode gereël is (waar dr. Eduan Naudé klaarblyklik 'n prominente koördineringsrol vervul het),[13] en waarvoor mens meer as 'n honderd rand moes betaal het, was Neels Jackson ook teenwoordig. Na afloop van die geleentheid het hy besluit om 'n positiewe volbladberig vir *Beeld* oor professor Müller se voordrag te skryf (*Beeld*, 12 Maart 2002). In sy lesing het professor Müller veral aansluiting gevind by die insigte van Walter Wink (wat interessant genoeg ook saam met professore Andries van Aarde en John Dominic Crossan lid van die *Jesus Seminar* is).[14] Nadat hy pertinent aangetoon het dat sy lesing geskoei is op Wink se boek *The Powers That Be. Theology for a New Millennium* (New York, Doubleday Books, 1998) en die lees daarvan ten sterkste aanbeveel het, het hy die verskillende soorte wêreldbeelde daarin probeer verduidelik. Die belangrikste en (volgens hom) nuutste wêreldbeeld het hy voorgehou as die *integrale wêreldbeeld*. Daarvolgens is panenteïsme klaarblyklik die nuwe manier van dink oor God en die wêreld. Panenteïsme is 'n beskouing oor God waarvan die onderbou al eintlik oor millennia heen in die Hindoeïsme en Suid-Amerikaanse Indiese godsdienste bestaan. (In Wink se meer uitgebreide bespreking toon hy ook aan dat die insigte van onder meer die psigiater Carl Jung, die paleontoloog Teilhard de Chardin, die Boeddhis Thich Nhat Hanh en ander proses-filosowe se insigte deel is van hierdie nuwe ontwikkeling). Professor Müller het voortgegaan en verduidelik dat panenteïsme beteken dat God in alles is, en alles in God is (hy het dit tog ook onderskei van panteïsme waarin God alles is). Panenteïsme is, soos Wink aantoon, 'n soortgelyke model as die Oosterse Jing-Jang simbool waarbinne daar altyd iets goed in die kwaad is, en altyd iets kwaad in die goeie is. Professor Müller het pertinent verduidelik dat die hemel en aarde in hierdie wêreldbeeld beskou word as "deel van dieselfde werklikheid". Wink noem hemel en

13 Dr. Naudé sou in die vroeë 2000's nogal bekend daarvoor geword het om aansluiting te vind by aspekte van die Nuwe Hervorming se standpunte en interpretasies. In 2002 het hy byvoorbeeld saam met prof. Sakkie Spangenberg deelgeneem aan 'n bespreking oor die Nuwe Hervorming waaroor die manstydskrif *Maksiman* ook berig het.

14 Ek is tog versigtig om hierdie persone sommer dadelik met mekaar te verbind, maar ek weet persoonlik van geen lid van die *Jesus Seminar* wat nie byvoorbeeld die tradisionele interpretasies van Jesus se maagdelike verwekking en liggaamlike opstanding aanvaar nie.

aarde die "inner and outer aspects of a single reality." (Wink, 1998: 20).

Professor Müller se pleitrede aan die einde was dat die kerk ruimte moet maak vir hierdie nuwe verstaan van God en die werklikheid en beweer dat "As die prediking impliseer dat die kerk en die teoloë hulself sien as die beskermers van vervloë wêreldbeelde, is die tafel gedek vir grootskaalse sekularisasie".

Ek gee later tydens my bespreking van die universiteitsverhoor in soverre dit gaan oor die Satan, Bose en bose geeste meer aandag aan hierdie interpretasies. Daarom maak ek vir eers net 'n paar opmerkings hieroor. Die integrale wêreldbeeld en panenteïsme, wat ook gedeel word deur 'n klein maar prominente groepie Bybelwetenskaplikes soos professor Hansie Wolmarans (wat ook deel is van die Nuwe Hervorming), het volgens vooraanstaande teoloë egter problematiese gevolge vir ons interpretasie van sommige gedeeltes in die Bybel.[15] In 'n artikel[16] in 2008 toon dr. Schalk du Toit uit die Oos-Kaap byvoorbeeld aan hoe 'n panenteïstiese interpretasie van God daartoe kan lei dat "daar nie ruimte vir ingrype van God in die natuur is nie, nie plek vir wonderwerke nie" en ook "nie plek vir gebedsverhoring" nie. Hierdie stellings is dalk nie te vergesog nie, as mens in gedagte hou hoe professor Müller tydens sy lesing ook die implikasies van hierdie godsbeeld beskryf het. Hy beweer op grond van hierdie godsbeeld dat dit byvoorbeeld nie meer moontlik is om steeds te praat van "duiwels, engele en magte . . . asof dit verpersoonlikte magte is wat uit 'n ander wêreld op mense inwerk [nie]". Die integrale wêreldbeeld wat saam met 'n panenteïstiese Godsbeeld funksioneer kan dus klaarblyklik nie meer aanvaar dat daar 'n "ander wêreld" of ánder bonatuurlike dimensie en werklikheid bestaan buite-om of duskant hierdie werklikheid nie. Daar is net één werklikheid. Hoe dit ookal sy, hierdie sake is dalk meer kompleks as net hierdie paar kort uittreksels, maar my gevoel was dat ons hier

*nie plek vir wonderwerke en gebedsverhoring nie*

15 Vir 'n genuanseerde bespreking van die tekortkominge van panenteïsme, en ook die ontwikkeling van 'n ander moontlikheid, sien byvoorbeeld Tom Wright se *Simply Christian*, London, SPCK, 2006: 53-59.

16 "God ons Vader en die Kerk ons Moeder?" www.ngkok.org.za Mei 2008.



te make het met 'n paradigma wat nie wil of kan aanvaar dat daar 'n bonatuurlike werklikheid bestaan waar 'n alomteenwoordige en persoonlike God buite-om ons werklikheid bestaan nie. Later tydens die ondersoeke sal meer lig gewerp word op hoe professor Müller hierdie sake geïnterpreteer het, veral wat die impak daarvan was/is op sake soos hoe hy Jesus se uitdrywing van bose geeste en wonders verstaan.

Met verloop van tyd het dit vir my duidelik geword dat die finalejaars se besware oor die meditasie oor die Nuwe Hervormingsmateriaal wat professor Müller voorgeskryf het tydens die 2003-retraite niks opgelewer het nie – studente se ontevredenheid het onopgelos in die lug bly hang. Verder was daar ook geen antwoord op die volgehoue kommer oor professor Andries van Aarde se teologiese standpunte nie. Intussen was daar ook 'n paar ander dosente wat in die klas en in van hulle geskrifte uitsprake begin maak het wat ernstige worsteling en vertwyfeling vir sommige studente tot gevolg gehad het.

Op grond van my eie ervaringe en navorsing, verskeie gesprekke met kuratoriumlede (verál dr. Flip du Toit wat vir geruime tyd nie 'n poging aangewend het om iets te doen t.o.v. ons bekommernisse nie), dosente, en verskeie studente, het ek toe besluit om twee briewe aan die kuratorium te skryf. Laat ek dit ook sommer hier bysê, daar was natuurlik baie wat ons as studente ook by hierdie dosente geleer het. Hulle is almal bekwame akademici wat in plaaslike en internasionale vaktydskrifte publiseer. In 'n konteks soos Unisa, sou ek, en ek glo ook ander studente, geen probleme kon gehad het met hulle teologiese interpretasies nie. Die bekommernisse moet daarom gesien word in die lig daarvan dat hulle predikante was wat, ten minste wat die legitimasie-verklaring van die NG Kerk betref, 'n onderneming teenoor God en die kerk gemaak het om getrou te bly aan 'n paar basiese geloofs-interpretasies van die Skrif.

In die briewe aan dr. Du Toit het ek toe besware gelug oor onder andere professore Andries van Aarde, Yolanda Dreyer, Julian Müller, Jurie le Roux, Dirk Human en Graham Duncan. My formulerings daarin was sekerlik nie baie gesofistikeerd nie (en die sake wat genoem is, was sekerlik nie almal op dieselfde vlak nie), maar ek dink dr. Du Toit sou gemaklik die wesenlike sake daarin kon raaksien; sake soos Jesus se opstanding, uniekheid en die Nuwe Hervorming. Riaan

Rossouw en Dirk Coetzee, twee van my beste vriende en ook saam met my ouer as die gemiddelde studente, het ook (sonder my kennis) gaan kla oor professor Johan Buitendag van die Hervormde Kerk.

Die feit dat dr. Du Toit sedertdien glad nie op my briewe gereageer het nie en verdere ontwikkelinge in van die klasse, het daartoe gelei dat agt studente uit ons klas later dieselfde jaar ook ’n brief met klagtes aan professor Hoffie Hofmeyr, ons klasvoog, gegee het. In die brief het ons spesifiek genoem dat ons in sommige klasse voel dat ons geviktimiseer word wanneer ons nie sekere interpretasies aanvaar nie. Ons het ook genoem dat daar kerklike dosente by Tukkies is wat nie meer glo in die uniekheid van Jesus Christus nie. Professor Hofmeyr, wat ongetwyfeld ’n rustige, aangename en gebalanseerde mens was (selfs dosente wat nie as sy vriende geag was nie, sou so oordeel), het die sake verder probeer neem. Hy is, soos ons later sou agterkom, deur van sy medeprofessore daaroor verkwalik. Ons het nooit enige terugvoering vanaf die kuratorium of dr. Du Toit oor hierdie briewe gekry nie. Dit was ongetwyfeld die groep studente se hoop en verwagting dat die kuratorium ten minste, indien hulle almal nog sou glo en bely dat Jesus regtig die dood oorwin het, en dat Hy steeds ons enigste en unieke weg na God is, ons besware wat daarmee verband hou baie ernstig sou opneem en ook iets daaromtrent sou doen! Daar was egter ’n doodse stilte.[17]

*Ons het nooit enige terugvoering vanaf die kuratorium of dr. Du Toit oor hierdie briewe gekry nie.*

Ten spyte van al hierdie gebeure, het ek met toewyding en selfdissipline voortgegaan om te fokus op akademiese uitnemendheid. (Terselfdertyd was ek betrokke by ’n plakkerskamp-bediening waar ons onder meer ’n MIV-kliniek begin het en ek was ook betrokke by ’n kinderhuis in Pretoria). Wat die akademie betef: Enige student wat kla, maar nie akademies opgewasse is en voorgeskrewe werk deurworstel nie, verdien nie om gehoor te word nie. Soos telkens al gesê, was die probleem nie dat ek en ander bekommerdes nie blootgestel

17 Ek het aan dr. Flip du Toit gevra om nie my naam te noem wanneer hy die briewe voorlê nie uit vrees vir moontlike negatiewe gevolge vir my studies. Hy het gesê dat hy dit beslis verder sou neem en ook (en baie belangrik dink ek), dat hy na my sou terugkom oor die sake. Hy het nie.



wou word aan die verskeidenheid in die teologiese wetenskap nie. Die probleem was eerder dat sekere kerklike dosente, soos ons dit ervaar het, standpunte verkondig het wat geloof in Jesus Christus, ten minste soos dit in die NG Kerk se belydenis verstaan word, skade berokken het. Ons kon eerstehands sien watter vernietigende uitwerking dit op sommige jong studente gehad het, veral diegene wat omtrent alles vir soetkoek opgeëet het. Elke paar maande as ons om ons sou kyk, het daar nog ’n student opgeskop. Ander het weer alles omhels en klone van sommige kontroversiële dosente geword. Ander studente, so was my indruk, het weer die radikaal-kritiese standpunte uitgeblok, sonder om die vaardigheid te ontwikkel om geloofwaardig aan te toon hoekom hy of sy dit nie kon aanvaar nie. Sommige van hierdie studente het, so was my indruk, ’n heenkome gevind in ’n oormatige en eensydige emosionele godsdiens wat nie erns maak met die Skrif en veral ook eksegese nie.

Met verloop van tyd het die polarisasie tussen dosente en studente eerder vererger as verbeter. In die gange by die fakulteit was daar ongetwyfeld sommige studente wat mismoedig was. Intussen het ek, na aanleiding van die sukkelende kommunikasie by die fakulteit, en die onwilligheid wat ek by sleutel rolspelers ervaar het om ons bekommernisse te hanteer, ernstige vrae gevra en ook noodgedwonge met predikante buite die fakulteit begin skakel. Ek onthou een spesifieke gesprek wat my altyd sal bybly met dr. Danie Dreyer (oor wie ek verder uitbrei tydens die bespreking van die predikantekonferensie in 2005 in Bloemfontein), wat op daardie stadium ’n gewone lid van die kleiner dagbestuur van die kuratorium was.

Nadat ek my bekommernisse met hom bespreek het, het hy na aanleiding daarvan verwys na ’n spesifieke insident wat hy goed onthou. Ek onthou hoe hy in sy studeerkamer met sy vinger gewys het na ’n spesifieke lêer wat kon bevestig wat hy toe aan my vertel. Die kuratorium het glo op grond van die huidige bekommernisse ’n gesprek gereël tussen die NG dosente en bekommerde predikante. Vir dié geleentheid sou ’n eksterne fasiliteerder die gesprek hanteer met die gedagte dat ’n buitepersoon met geen direkte belange by die sake nie die gesprek beter as ’n binnekringpersoon sou kon behartig. Toe sekere dosente uitvind van die eksterne fasiliteerder wat by die

geleentheid betrokke sou wees, het hulle besluit om die gesprek te boikot. Daarom het die kuratorium toe besluit om sélf die fasilitering te hanteer. Met dié dat dr. Kobus Gerber, toe voorsitter van die kuratorium, die fasiliteerder sou wees, het die bekommerde predikante glo toe besluit om van hulle kant af die gesprek te boikot. Klaarblyklik, so wil dit lyk volgens dr. Dreyer, was daar toe alreeds 'n vertrouensbreuk tussen sommige predikante en die kuratorium. Ek kan dit nie bewys nie, maar die vertrouensbreuk mag dalk verband hou met die feit dat twee Nuwe Hervormers die Noordelike sinode in 2003 toegespreek het, waarna daar toe nie 'n kategoriese uitspraak oor Jesus se maagdelike verwekking en liggaamlike opstanding gemaak is nie. Dr. Kobus Gerber was toe moderator, en dr. James Kirkpatrick, wat 'n prominente rol tydens die sinode gespeel het, is ook senior lid van die kuratorium. Dalk het die besorgde dominees die gesprek geboikot omdat dit hulle indruk was dat die Gerbers en Kirkpatricks deel van die probleem was? Hoe voer mens gesprek oor bekommernisse as die persoon wat die fasilitering bestuur, deel is van die kommer waaroor juis gesprek gevoer wil word?

Ek kan verkeerd wees, maar my indruk ná hierdie gesprek mer dr. Dreyer en ook verskeie ander gesprekke, was dat (ten minste vir sommige dosente en kuratoriumlede) die ivoortoring van teologiese mag en intellektualisme ten alle koste beskerm moes word teen "gewone" gemeente-domineetjies en lastige studente.

Gesprek sal gevoer word op húlle voorwaardes en gemodereer word deur húlle fasiliteerders.

Ek het gedurende die jare 2001-2005, meer as vyftig verskillende gesprekke en kommunikasies met predikante, moderators, dosente en kuratoriumlede gehad. In die meeste gevalle (met enkele uitsonderings) het ek 'n onwilligheid ervaar om ons kommer aan te spreek – God is my getuie!

## Studente vir Evangeliese Lering

Met die aanmoediging van 'n paar dosente, 'n groep predikante en studente het ek saam met Riaan Rossouw, Dirk Coetzee en Lourens Grobbelaar, drie van my vriende, 'n weeklikse byeenkoms met die



naam "Studente vir Evangeliese Lering" (S.E.L.) begin. Miskien sê dit tog iets dat hierdie vriende saam met my 'n bietjie ouer as die gemiddelde studente was. Riaan was ook ingenieur, Dirk was voorheen kaptein in die polisie, en Lourens was ook 'n tandarts. Dit was asof 'n groepie studente tot die oortuiging gekom het dat dit nie gaan help om net aan te hou met kla nie. Ons moet iets positiefs begin dóén! Jesus hét immers die graf en dood oorwin! Die geleenthede wat ons gereël het is nogal goed deur die ander studente bygewoon. Mens kon werklik 'n opgewondenheid tydens sommige van hierdie byeenkomste ervaar. Daar het 'n redelike verskeidenheid professore en predikante kom optree, alhoewel ons gewis nie hier 'n platform wou skep vir sommige teoloë wat vir ons kontroversieel was nie. Ons het genoeg van hulle standpunte by die fakulteit gekry. Daarom was S.E.L. ook ontwerp met die idee om 'n mate van balans te probeer bring, veral gegewe die onwilligheid wat ons by die kuratorium ondervind het om ons kommer ernstig op te neem. Die geleenthede was oop vir enige student om dit by te woon, selfs hulle wat kritiek daaroor gehad het. Na die praatjies kon daar lekker oop gesprek wees. Dit was ongetwyfeld opwindend. Ek dink hier aan die optredes van onder meer professore Jan van der Watt, Stephan Joubert, Hennie Stander, Conrad Wethmar, dr. Martin Holdt en ds. Pieter van Niekerk om sommer net 'n paar te noem.

*Ons moet iets positiefs begin dóén! Jesus hét immers die graf en dood oorwin!*

Ons het ook video-opnames van dr. Francis Schaeffer ('n bekende teoloog van Cambridge en die VSA, wat in die 1980's naam gemaak het met sy vermoë om die teologie en kuns kreatief te integreer) asook ander dokumentêre gekyk. Ons het ook materiaal van John Maxwell, 'n bekende leierskapskenner uit die VSA behandel. Hierdie materiaal het ons voorwaar gehelp om ons teologiese studies met kreatiwiteit aan te pak en ook in voeling te bly met die nuutste ontwikkelinge in die kunste- en sakewêreld.

Verskeie studente het kom vertel dat die S.E.L.-byeenkomste teologies én geestelik baie vir hulle beteken het. Van hulle het selfs gesê dat hierdie byeenkomste perspektiewe na vore gebring het wat nooit gebeur het tydens die geskeduleerde lesings wat by die fakulteit aan-

gebied is nie. Een geval sal ek altyd onthou. Nadat professor Hennie Stander aangrypend tydens 'n S.E.L.-geleentheid oor wonderwerke in die Bybel en die vroeë kerk gepraat het, het die destydse Deo Gloria-voorsitter se meisie my onverwags in die biblioteek voorgekeer.

Sy was baie opgewonde en het vir my gesê dat sy tydens hierdie praatjie, soos sy dit gestel het, haar geloof in God teruggekry het. Terwyl sy so praat, het die trane oor haar wange gerol.

Sy vra my toe egter om asseblief saam met haar te bid vir van haar teologievriende wat nie meer glo nie. Van hulle was in tye van worsteling vir haar mentors, maar nou het ook hulle, soos sy dit gestel het, hulle geloof verloor.

Die S.E.L.-byeenkomste het werklik 'n opwindende en pragtige ekumeniese karakter gehad. Veral tydens die gebedsbyeenkomste wat weekliks voor klas gehou is, het Afrikaanse, Engelse, Zoeloe-, Xhosa- en Sothostudente op 'n gemaklike en natuurlike wyse as broers en susters in die Here saam gekuier. Onderlinge liefde en versorging was opmerklik. Dít was vir my 'n wonderlike ontwikkeling by die fakulteit want ongelukkig, as mens eerlik moet wees, was daar in die normale gang van sake seker nie genoeg interaksie tussen die NG, Hervormde en Presbiteriaanse studente nie.

Die laaste S.E.L.-byeenkoms vir 2004 is waargeneem deur Broer Andrew, "God se smokkelaar", wat bekend is vir die Bybels wat hy destyds agter die Ystergordyn (die voormalige Sowjet-Unie) ingesmokkel het. Dit was 'n aangrypende voorreg vir bykans driehonderd mense om te luister na hierdie man se verbysterende vreesloosheid om in van die gevaarlikste plekke op aarde die evangelie te verkondig. S.E.L. het, ten minste wat studentebywoning betref, momentum begin optel en byna ontwikkel in 'n beweging binne-in Deo Gloria (die NG studentevereniging).

*dr. Kobus Gerber en dr. Flip du Toit het ons ingeroep en gevra dat ons die byeenkomste moet staak.*

Die kuratorium-dagbestuur was besorg oor hierdie byeenkomste, en het kort nadat daarmee begin is (na die tweede byeenkoms as ek reg onthou – dus voordat dit momentum begin kry het), by monde van drs. Kobus Gerber en Flip du Toit ons ingeroep en gevra dat ons die byeenkomste moet staak. Daar is vir ons gesê dat ons besig is met polarisasie. Dr. Gerber was ook bekommerd en ooglopend negatief oor die naam "Evangelies" omdat dit volgens hom baie dinge kon beteken. Toe Riaan Rossouw geleentheid gekry het om te praat, het hy onder meer sy ongelukkigheid uitgespreek oor een Afrikaanse voorgeskrewe boek vir Godsdiens- en Sendingwetenskap waarin die uniekheid van Jesus glo bevraagteken word. Hy het dit ook in duidelike terme aan drs. Du Toit en Gerber gestel dat ons as studente nie regtig iets kan doen aan die probleme nie; eintlik is dit net die kuratorium wat iets daaraan kon doen. Drs. Du Toit en Gerber wou nie reageer op ons bekommernisse nie, behalwe om te sê dat die kuratorium besig is om 'n "meganisme" te ontwerp wat klagtes sal kan ondervang. Dr. Gerber het egter wel, toe daar tydens die gesprek gepraat is oor die (kontroversiële) *Jesus Seminar* gesê dat ons ook by hulle kan leer (hou in gedagte dat dr. Gerber moderator van die Noordelike sinode was toe daar op grond van twee Nuwe Hervormers se optrede nie 'n kategoriese uitspraak geneem is oor Jesus se liggaamlike opstanding nie!). Na dié vergadering het die S.E.L.-bestuur besluit om in die interim voort te gaan met die byeenkomste tótdat daar op ons bekommernisse gereageer word en die "meganisme" waarna drs. Du Toit en Gerber verwys het in werking gestel word. Ons het dus in 'n sekere sin gesit en wag vir die kuratorium se "meganisme". Daar is ook besluit om die S.E.L.- byeenkomste heeltemal oop te stel – ook vir enige van die Fakulteit Teologie se dosente wat dit wou bywoon. Oor ons klagtes en die "meganisme" het drs. Du Toit en Gerber egter nie in die weke en maande wat sou volg na ons teruggekom nie.[18]

18 Net 'n belangrike punt oor die klagtes. Veel later sou dr. Du Toit en andere aanvoer dat ek en sommige besorgde studente se klagtes nie "amptelike klagtes" was nie. Dit verstom my tot vandag toe dat sommiges hierdie argument oor en oor wou beklemtoon. Het hulle vergeet dat die *Kerkorde* (wat hulle en hulle voorgangers geskryf het) juis ook ruimte maak vir die soort klagtes wat ons ingegee het? Die *Kerkorde* praat ook van "nadelige gerugte" wat ondersoek kan word. Veral in die geval van onervare teologiestudente behoort laasgenoemde tog relevant te wees? 'n Analogie: as 'n kind na sy of haar pappa hardloop en op kinderlike wyse vertel van iets gevaarliks wat gebeur het, gaan die ouer weier om daaraan aandag te gee omdat die kind nie 'n omvangryke amptelike klagte daaroor geformuleer het nie? Of, indien die kind se kommer onnodig is, gaan die ouer nie ten minste 'n goeie gesprek met die kind daaroor voer om hom of haar gerus te stel nie? Niks hiervan is ooit deur drs. Du Toit of Gerber gedoen insake ons mondelinge en skriftelike klagtes nie.

## Die Bybel 'n "gekonkel van mense"

Nog 'n dosent wat ten minste vir sommige studente kontroversieel was, is professor Jurie le Roux, toe NG dosent in Ou Testament. Ek het 'n baie goeie verhouding met professor Le Roux gehad – ek brei later breedvoerig hieroor uit tydens die verhoor asook oor die twee insidente wat vervolgens genoem word.

Professor Le Roux het in die klas uitsprake begin maak wat nogal verwarrend en selfs radikaal was; nie net vir my nie, maar ook vir ander studente. As daar een ding was waarvoor professor Le Roux bekend was onder sommige studente, dan was dit ongetwyfeld sy besondere en byna eksklusiewe fokus en klem op die ménslikheid van die Skrif. Van die Goddelike dimensie sou ons nie iets by hom gehoor het nie. Ek noem 'n kruispad vir sommige studente: Tydens 'n lesing in Junie 2004 (een van die baie min wat ek nie bygewoon het nie),[19] het professor Le Roux, nadat hy die werk vir die dag behandel het, aan studente die geleentheid gegee om vrae te vra en bydraes te maak. Een van my klasmaats, Dirk Coetzee, het besluit om op grond van sy eie worsteling met sommige interpretasies wat professor Le Roux in die klas voorgehou het 'n gedeelte uit 1 Korintiërs 2:10-16 te lees. Ek haal 'n deel van wat hy voorgelees het aan:

> "Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie maar die Gees wat van God kom, en so weet ons wat God ons uit genade geskenk het. Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer. So verklaar ons geestelike dinge aan mense wat die Gees het. Die mens wat nie die Gees van God het nie aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word." (verse 12-15)

Toe Dirk dit klaar gelees het, maak hy die opmerking dat die Skrif tog

19 Hier volg dus 'n rekonstruksie wat so geloofwaardig moontlik aangebied word.



*"Die Bybel is die produk van die gekonkel van mense!"*

deur die Heilige Gees geïnspireer is. Professor Le Roux vra toe vir hom: "Waar staan dit?" Dirk antwoord toe: "In 2 Timoteus 3:16". Onmiddellik hierna het professor Le Roux hom vererg, met sy wysvinger na Dirk se Bybel gewys en gesê:

"Die Bybel is die produk van die gekonkel van mense!"

Bostaande bewoording is uiteraard 'n rekonstruksie, maar geloofwaardig want dit is 'n dag of twee later so aan my oorgedra deur Dirk, Riaan en Johannes. Al drie se weergawes het die woorde "die gekonkel van mense" ingehad. Hoe dit ookal sy, hierdie stelling het studente geskok, soveel so dat sommiges vir die tweede periode, wat kort na die breuk tussen die periodes sou voortgaan, nie kans gesien het vir die tweede periode nie. Een voorlopige opmerking: Ongeag of Dirk se verwysing na die Heilige Gees en die inspirasie van die Skrif nou ongesofistikeerd, fundamentalisties of buite konteks sou wees of nie, om die Bybel die "gekonkel" van mense te genoem het, asook die driftigheid waarmee professor Le Roux dit gesê het, was ongetwyfeld vir etlike studente 'n keerpunt en kruispad in ons teologiese opleiding.

'n Tydjie hierna het een van die belangrikste gebeurtenisse in my teologiese opleiding plaasgevind. Net nadat ek die einste Ou Testament-module se eksamenvraestel voltooi het, het ek opgestaan en by die eksamenlokaal se deur met professor Le Roux gesels. Hy vra my toe hoe dit met die vraestel gegaan het. Ek het met groot opgewondenheid gesê dat ek dit baie geniet het. Dit was heel duidelik dat hy totaal onkant gevang was deur my antwoord. Vir byna vier jaar verskil ek gedurig so sterk van hom in die klas, maar nóú sê ek dat ek die vraestel baie geniet het. Voordat my woorde nog kon koud word, maak hy toe die volgende stelling:

"Vir die eerste-eeuse Christene het Jesus opgestaan, omdat dit deel van hul wêreldbeeld was. Vandag kan ons dit nie meer so verstaan nie."

Tydens die leerdwaling-ondersoek wat later bespreek word, het professor Le Roux bevestig dat hy hierdie stelling min of meer so vir my gesê het, maar tóé (en skielik) die merkwaardige insinuasie gemaak dat dit nie sy eie standpunt verteenwoordig nie. Hieroor gaan ek breedvoerig uitwei tydens die ondersoek. Daarom net 'n paar

voorlopige gedagtes daaroor. Ek wonder vandag nog waarom professor Le Roux hierdie stelling oor Jesus se opstanding so uit die bloute op daardie eksamen-oggend gemaak het. Wat wou hy daarmee bereik het? Hoekom skielik daaroor praat, terwyl ons oor die Ou Testament-vraestel gesels het? Was dit omdat ek so positief gereageer het op die vraestel, en dat ek nou gereed was vir 'n nuwe en meer kritiese omgang met die Skrif en in besonder Jesus se opstanding?

Direk na professor Le Roux se woorde na die eksamen was ek absoluut stomgeslaan! My gevoel was dat hy dáárdie oggend sy ware kleure gewys het. Of het ek hom totaal misverstaan? Soos ek dit beleef het, het sy vroeëre stelling dat die Bybel 'n "gekonkel" van mense is toe 'n kringloop voltooi, noudat ook Jesus se opstanding maar as deel van 'n eerste-eeuse wêreldbeeld afgemaak kan word. Hierna het ek nie weer die vrymoedigheid gehad om oor dié sake met professor Le Roux te praat nie. Dit was voorwaar een van die donkerste dae tydens my teologiese studies. Daar sou egter nog ontnugterings volg toe ek in meer detail sommige kontroversiële artikels wat professor Le Roux geskryf het, deurgewerk het. Een, wat ook tydens die ondersoeke behandel gaan word, was sy uiters positiewe bespreking en interpretasies van professor Andries van Aarde se *Fatherless*.

## Die kuratorium is (of was) doof

Ek het nooit regtig die aspirasie gekoester om voorsitter van Deo Gloria, die NG studentevereniging by Tukkies, te word nie. Ek en Riaan was besig met soveel dinge (onder meer by 'n kinderhuis, 'n plakkerskamp, S.E.L. en die akademie) dat ons genoeg gehad het om ons mee besig te hou. Sommige teologie-studente het ons egter aangemoedig om wel meer betrokke te word by Deo Gloria. Ons het onsself toe beskikbaar gestel met die gevolg dat ek deur die studente tot voorsitter verkies is. Hierdie vertroue wat die studente in my gestel het was 'n groot voorreg en verantwoordelikheid, en ek het uit my pad gegaan om by so veel van hulle as moontlik uit te kom om te hoor wat hulle behoeftes, en ook hulle verwagtinge van Deo Gloria was. Ek het op 'n weeklikse basis groepe studente ontmoet en gereeld saam met hulle gaan koffie drink. Dit was so lekker om studente te kon bystaan



met uiteenlopende sake. Sommige studente het 'n behoefte gehad aan ekstra klasse in Grieks, wat ek toe vir hulle aangebied het; ander het gesukkel met (verál!) Dogmatiek, op grond waarvan ek toe ook probeer help het soos wat ek kon. Een van die sake wat gereeld in gesprekke na vore gekom het was studente (insluitende en in besonder die swart Presbiteriaanse studente!) se bekommernisse oor die lering van sommige dosente (en ek het gewis nie net met "behoudende" studente gekuier nie!). Name wat gereeld genoem is was professore Andries van Aarde, Yolanda Dreyer, Johan Buitendag (almal van die Hervormde Kerk) en ook 'n paar NG professore waaronder Julian Müller en Jurie le Roux. Dit het my nogal by tye in 'n moeilike situasie geplaas want nou was ek nie meer net 'n gewone student wat my opinie links en regs kon uitspreek nie; ek was nou voorsitter van ons studentevereniging! Ek het my bes probeer om die sake diplomaties te hanteer al weet ek nie of ek dit altyd eenhonderd persent reggekry het nie. Daar was toe al teen daardie tyd etlike onbeantwoorde besware en briewe oor jare heen oor kommer by die fakulteit.

Maar ek kan darem ook hier bysê dat jong studente ook maar kan kla oor onbenullighede. Daarom sou ek ook by tye vir dosente (selfs van die meer liberales!) opgekom het en probeer verduidelik het waarom mens maar heel rustig kon wees oor sekere sake. Daar was egter ook ernstige en beduidende bekommernisse. Min (of geen?) studente sou dit egter waag om hierdie dinge openlik teenoor die kuratorium bekend te maak nie omdat studente afhanklik is van beurse wat juis deur die kuratorium beskikbaar gestel word. Mens byt tog nie die hand wat jou kos gee nie. Verder is dit ook die kuratorium wat moet besluit of 'n student gelegitimeer kan word of nie.

Ek het deurlopend gesprekke met dr. Flip du Toit gehad oor van die bekommernisse, maar dit was gewis my belewenis dat hy dit nooit met erns bejeën het nie. Die "paper trail" insake bekommerde studente en drs. Du Toit en Gerber se onvermoë (of onwilligheid?) om dit met erns te hanteer het al hoe meer ongemak veroorsaak. Daarom het ek toe uiteindelik tydens 'n volgende gesprek met dr. Du Toit besluit om baie spesifiek vir hom te vra wat die kuratorium gaan doen oor die briewe wat hulle toe al geruime tyd gehad het. Hou in gedagte dat daar op hierdie stadium toe al meer as ses maande verloop het sedert

drs. Du Toit en Gerber tydens ons gesprek oor die bedrywighede van S.E.L. gesê het dat hulle besig is om 'n "meganisme" te ontwerp wat die klagtes sal kan ondervang. Dr. Du Toit het my ingelig dat die kuratorium se dagbestuur 'n "luister"-kommissie saamgestel het wat binnekort met die onderskeie jaargroepe 'n "luister"-byeenkoms wou hou. Ek was teleurgesteld om van dr. Du Toit te verneem dat die komitee juis uit die persone sou bestaan wat as kontroversieel beskou is. Daar was alreeds onder sommige studente erge besorgdheid oor uitsprake wat hulle in die openbaar gemaak het. Een van hierdie leraars, dr. James Kirkpatrick het, soos vroeër genoem, toe alreeds by die 2003-Noordelike sinode omstrede uitsprake oor Jesus se liggaamlike opstanding in die openbaar gemaak (*Beeld*, 5 September 2003). Hy het ook 'n positiewe boekresensie gedoen van dr. Ben du Toit se boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* (*Beeld*, 11 Junie 2001). 'n Ander leraar, dr. André van Niekerk (wat ook deeltydse dosent in Etiek by die fakulteit was), sou ook in daardie tyd in die media die indruk probeer wek het dat Jesus se vermeerdering van die broodjies en vissies in die Evangelies dalk nie regtig gebeur het soos dit voorgehou word nie. Dit sou ook later aan die lig kom dat hy in die media vrae gevra het oor die letterlikheid van Jesus se maagdelike verwekking (*Beeld*, 12 Desember 1998, 19 Maart 2004). Gegewe die besorgdheid onder sommige studente dat daar professore is wat Jesus se wonders, maagdelike verwekking en liggaamlike opstanding betwyfel, was dit vir my moeilik om te verstaan waarom leraars wat juis hieroor kontroversiële uitlatings gemaak het deur die kuratorium geselekteer is om na die studente te kom "luister". In plaas daarvan om begrip vir ons standpunt te toon, het dr. Du Toit hierdie leraars eerder verdedig en bygevoeg dat hulle net wil kom "luister" na die studente en dat hulle self nie sal deelneem aan die gesprekke nie. Ek moes dit maar so aanvaar.

Soos goedgekeur deur die kuratorium in 2004, mag die Deo Gloria-voorsitter gedeeltes van die kuratorium se dagbestuursvergaderings bywoon. So het ek toe in Januarie 2005 so 'n vergadering bygewoon. Ek wou die vorige vergadering ook bywoon waartydens die bedrywighede van die S.E.L. klaarblyklik bespreek is, maar dr. Flip du Toit het my nooit daarvan laat weet nie. Later het hy aangevoer dit was omdat dit eksamen was, maar ek wonder of dit nie ook 'n gerieflike



verskoning was nie. Al was dit eksamen, sou ek verseker daar wou wees; ek was 'n gedissiplineerde student wat gewis tyd daarvoor sou kon inruim. Toe ek tydens die vergadering die geleentheid gegee is, het ek gerapporteer oor die bedrywighede van Deo Gloria en soos wat ek persoonlik met dr. Du Toit vantevore ooreengekom het, bevestig dat ons slegs NG leraars vir die komende jaar se weeklikse godsdiensperiodes sou reël.

Ek het verder ook weer verwys na die briewe en klagtes wat toe al oor jare deur studente ingedien is, sonder enige terugvoering. Toe ek dít sê, het ek spesifiek vir dr. Du Toit gekyk om sy reaksie te sien. Hy het so effe onseker gelyk en gesê dat hy weer sal gaan kyk of daar besware van ander studente ook was (hy't geweet daar was, maar my indruk was dat hy hom onkundig gehou het).

Ek het voortgegaan en ook verwys na my gesprek vroeër met dr. Flip du Toit waartydens hy my ingelig het dat 'n kommissie aangestel is om te kom "luister" na die studente. Ek het, op grond van verskeie persoonlike gesprekke wat ek met studente gehad het, huiwerig gevra of dit nie tog 'n meer effektiewe en akkurate manier sal wees om anonieme evalueringsvorms aan studente te gee nie. Sulke vraelyste, het ek voorgestel, sou nie net studente se identiteit beskerm nie, maar ook aan hulle die platvorm bied om werklik te rapporteer oor goeie én negatiewe ervaringe. Dr. Kobus Gerber, die voorsitter, het my voorstel summier teengestaan en gesê "briefies is tweedehands en onder die tafel". Ek het dadelik onraad vermoed, maar besef dr. Gerber gaan nie bes gee nie. Dr. Gerber het my probeer gerus stel deur te sê dat die kommissie net wil kom "luister" na die studente. Ek moes dit maar so aanvaar, en het toe ook. Ek het wel toe later gevra of daar nie dalk 'n meer verteenwoordigende kommissie kan kom luister nie, gegewe die besorgdheid wat toe alreeds uitgespreek is oor die teologiese sienings van die kommissielede. Dit het nogal 'n redelike onaangename debat tot gevolg gehad waartydens professor Vos (wat toe dekaan van die fakulteit was) in die besonder opgekom het vir dr. James Kirkpatrick. Die vergadering het toe besluit om my voorstel nie te aanvaar nie; die kommissie bly onveranderd en geen anonieme vraelyste sal gebruik word nie. Dis tóé dat dr. Kirkpatrick my darem verseker het dat ek nie bekommerd hoef te wees nie, want hý sal my skakel sodat ek in

my hoedanigheid as voorsitter die gesprekke sal kan bywoon. Hierdie mooi voorstel het by my die gedagte laat opkom dat hulle miskien tog net wil kom luister wat studente op die hart het.

Hoe het die "luister"-sessies toe verloop? Ek was verbaas toe ek 'n paar dae later by jong studente verneem dat die "Kirkpatrick-kommissie" (soos die gesprekke later bekend sou staan) alreeds gesprekke met hulle gevoer het. Dr. Kirkpatrick het my nooit daarvan laat weet nie. Studente het aan my gesê dat die kommissie ook rojaal deelgeneem het aan die gesprekke en dit in sekere rigtings gestuur het. Sommige was verward en ongelukkig oor die wyse waarop die kommissie die gesprek bestuur het.

Die Kirkpatrick-kommissie het toe nie net kom "luister" soos wat hulle tydens die kuratoriumvergadering benadruk het nie. Studente moes ook na húlle luister.

Verder het dit ook aan die lig gekom dat in sekere van die jaargroepe tot selfs die helfte van die studente nie by die gesprekke teenwoordig was nie. Hulle is blykbaar nooit in kennis gestel van die vergaderings nie! Na die gesprekke was dit my indruk dat veral studente wat bekommerd was oor sommige dosente die gesprekke gemis het. Hoe dit ookal sy, as die kommissie my vroegtydig ingelig het oor wanneer hulle gesprekke met die onderskeie jaargroepe sou voer, sou ek as voorsitter baie moeite gedoen het om al die studente daar te kry. Dit sou egter nooit gebeur nie.

Ons klasgroep, naamlik die vyfdejaars, se gesprek met die kommissie was vol intriges. Dit is veral merkwaardig en insiggewend dat dr. Flip du Toit voor die gesprek spesiaal toestemming aan twee studente wat toe nie meer NG studente was nie gegee het om aan ons gesprek deel te neem (interessant genoeg die twee "andersdenkendes" wat onder andere beide professor Van Aarde se *Fatherless* gelees het). Dié twee studente, wat intussen met ander nagraadse studies voortgegaan het, was op daardie stadium hulp-dosente (of tutors) vir NG dosente by die fakulteit. Dit was deurentyd húlle teen die res van die klas: Ons was bekommerd oor sommige dosente se interpretasies, en hulle was bekommerd oor te veel "behoudende" teologie. Ek kan verkeerd wees, maar my indruk was dat hierdie twee studente geplant is om ons bekommernisse te neutraliseer. Of ten minste sou hulle teenwoordigheid goed inpas in hoe die kuratorium sou wou hê die dinge moes verloop.



Tydens die gesprek, wat veel langer as 'n uur aangehou het, het die meeste van die studente geleentheid gekry om oor hulle ervaringe te rapporteer. Toe ek geleentheid gegee is, het ek spesifiek verwys na ernstige en jarelange kommer oor die standpunte van professor Andries van Aarde en ook indirek verwys na professor Jurie le Roux se uitpraak teenoor my dat Jesus vir die eerste-eeuse mense uit die dood opgestaan het omdat dit deel van hul wêreldbeeld was, en dat ons dit nie meer vandag so kan verstaan nie (ek het gesê dat die insident gebeur het tydens die Pentateugkritiek-module se eksamen). Dit sou uiters vreemd wees as dr. Kirkpatrick, wat self vroeër jare in Ou Testament klas gegee het, nie geweet het na wie ek verwys het nie. Ek het verder ook spesifiek genoem dat daar gewis 'n klomp wonderlike dinge is wat ons juis nou in die postmoderne era in die teologie leer wat nie vroeër moontlik was nie. Die kommer, soos ek dit probeer oordra het, was en is nie oor die kritiese wetenskap as sodanig nie, maar oor gelegitimeerde predikante wat die wetenskap as voertuig gebruik om byvoorbeeld geloof in Jesus se leë graf te bevraagteken.

Dit is die moeite werd om uittreksels van ander studente se bydraes ook hier te plaas. Riaan Rossouw het die gesprek met toestemming op band opgeneem. Ek verwys kortliks na 'n paar interessante bydraes. Natuurlik verskil die studente oor hulle ervarings – sommige was dalk redelik fundamentalisties, ander meer genuanseerd. Hoe dit ookal sy, dit gee mens dalk tog 'n gevoel van wat op daardie tydstip in sommige harte geleef het. Ek dink daar kom wesenlike sake na vore, maar die manier waarop die kuratorium dit hanteer het, sou later blyk die grootste probleem te wees. Ek hou die aanhalings anoniem:

> ***Student een:***
> *"Die huidige sesdejaars, verlede jaar se vyfdejaars, waarin baie dieselfde gesprek, trant gevoer is waar hul gekla het oor die studies by die fakulteit . . . die gesprek het redelike radikale gevolge gehad. En goed is op die tafel gesit wat na my mening nogal belangrik is. Daar was twee gesprekke met hulle gewees waarvan ek bewus is . . . daar is niks daaraan*

*gedoen nie . . . ek het in prof Buitendag se klas gesit in die vierde jaar, toe sê hy, hy kan nie vir die eerstejaars sê wat hy vir die vierdejaars kan sê nie. Want die eerstejaars sal hom kruisig, die vierdejaars nie."*

***Student twee:***
*". . . ek dink daar's 'n beduidende hoeveelheid studente wat ontsteltenisse het in hulle studies. Ek het ook 'n besigheid en van die studente in die klas help my dan ook by my werk. En ek is bewus van studente wat die fakulteit verlaat het oor dit wat hulle hier ervaar het . . . Ek kan dink aan een spesifieke persoon wat mens kan beskou as een van die uitstaande studente wat saam met ons hier was van die eerste jaar, en ook vir my gewerk het en hy het vir my gesê dat jammer, hy kan nie meer saam met die NG Kerk loop nie. Ons het hom verloor. Hy is oor na 'n ander kerk toe . . . Ek is bewus van studente wat nie in hierdie vergaderings bereid gaan wees om hulle standpunte te stel nie, hulle is bang oor vorentoe . . . so hulle gaan swyg oor wat hulle wel ervaar."*

***Student drie:***
*"Van ek hier ingestap het tot op hede word ek nie gebou vanuit die Boek nie. Maar alle pyle word na hierdie Boek geskiet en flenters geskiet en dan vir my lappies gegee en ek moet uit hom gaan preek;dat dit nie meer waar is nie, dat al die goed wat genoem is, die opstanding nie liggaamlik is nie, dat daar 'no absoluut truth' is nie, dat hierdie 'n gekonkel van mense is, word in 'n klas gesê - mense wat hierdie goed gekonkel het en bymekaargesit het. En dan moet ek hierdie stukkie lappie vat wat stukkend is, en ek moet hom gaan preek uit geloof uit, uit oortuiging uit, met 'n ding wat stukkend is. Vir my is hy nie stukkend nie."*

'n Ander student het ook tydens die gesprek daarop gewys dat professor Jan van der Watt toe relatief onlangs daarop gewys het dat die NG Kerk alreeds teologies geskeur het. Die student het verduidelik



dat, inaggenome professor Van der Watt se opmerking, dit hom as student dus nie dislojaal aan die kerk maak as hy bekommerd is oor sommige dosente se uitsprake by Tukkies nie.

Na afloop van die gesprekke het die Kirkpatrick-kommissie 'n verslag daaroor opgestel en aan die dagbestuur van die kuratorium voorgelê wat dit indringend bespreek het. Ek is nie na daardie gesprek uitgenooi nie. Na aanleiding van daardie verslag het die kuratorium toe 'n dokument opgestel wat ook nuwe besluite vir die pad vorentoe bevat het.

Ek bespreek vervolgens 'n paar punte uit hierdie dokument. Hierdie dokument het nie net oor die gesprekke gehandel nie, maar ook oor die pas afgelope eerstejaarskamp van 2005. 'n Verslag oor die kamp asook ander kontroversiële gebeure rondom Deo Gloria en kuratoriumlede kan in Bylaag 1 gelees word.

Ek was verstom toe ek die dokument lees en opmerk dat daar byvoorbeeld geen melding gemaak is van studente se besorgdheid dat sommige dosente nie meer in Jesus se liggaamlike opstanding glo nie. Dit was tog, veral tydens die vyfdejaarsgesprek, nogal prominent tydens die besprekings. Daar is ook geswyg oor die kommer wat oor professore Andries van Aarde en Jurie le Roux uitgespreek is. Ek was verder stomgeslaan deur die volgende stelling: "Die kuratorium neem . . . met ontsteltenis kennis van die spanning en verdeeldheid in die geledere van die vyfdejaars . . ." Hierdie stelling was 'n leuen. Al die NG vyfdejaars (ten minste volgens die opname) was eensgesind in hul kommer oor die opleiding (al sou die sake waarom dit gegaan het 'n verskeidendheid van sake behels). Die enigste twee stemme wat verskil het, was die twee "andersdenkende" studente wat met ander nagraadse studie aangegaan het en nie meer as NG studente gereken was nie. Vervolgens was daar ook in die dokument 'n waarskuwing aan studente wat dosente "afkraak". Die paar opmerkings in die brief wat dosente gevra het om meer "sensitief" te wees teenoor jong studente wat vir die eerste maal blootgestel word aan die teologie as wetenskap was inderdaad wyse woorde, maar het nie regtig die groot probleem aangespreek nie. Die bekommernisse van sommige studente was nie as sodanig gerig op

> *'n waarskuwing aan studente wat dosente "afkraak".*

die teologie as wetenskap, en selfs die radikale en uiteenlopende ontwikkelinge en worstelinge wat daarmee gepaardgaan nie. Dit was, soos ten minste tydens die vyfdejaars se gesprek na vore gekom het, eerder dat daar kerklike teoloë is (wat 'n legitimasie-verklaring onderteken het) wat standpunte inneem soos dat Jesus nie liggaamlik opgestaan het nie; of dat die Bybel 'n "gekonkel" van mense is en so meer. Dít was die eintlike probleem wat geheel en al afwesig was in die kuratorium se dokument.

Dit wat in die dokument gestaan het, asook dit wat nie daarin gestaan het nie, het boekdele vir 'n groep van ons gespreek. Die prentjie van wat agter die skerms aan die gebeur was, het al hoe duideliker begin word. Na aanleiding van die kuratorium se dokument het Deo Gloria se senior bestuur (dit was Pierre Momberg, Riaan Rossouw en ekself) 'n brief van beswaar aan drs. Flip du Toit, Kobus Gerber en die kuratorium gerig. Ons het aangevoer dat ons "nooit regtig 'n billike kans gegee is om deel van die proses te wees nie". Dr. Du Toit se antwoord op ons brief van beswaar het soos volg daar uitgesien:

> "Beste Ferdie. Ek erken hiermee ontvangs van jou e-pos van gisteraand. Graag doen ek en drr. (sic) Kobus Gerber en Danie Dreyer 'n beroep op jou om soos ons gisteroggend afgespreek het (by die vergadering waar dr. Gerber en ek teenwoordig was), deel van die oplossing te wees en nie deel van die probleem nie. Vriendelike groete. Flip du Toit."[20]

Die kuratorium het spiere gewys en enige verdere versoeke vir 'n "billike kans" sou voortaan gesien word as diegene wat "deel [is] van die probleem." Ek het uit desperaatheid die e-pos van dr. Du Toit vir een van ons dosente aangestuur om raad te vra. Sy antwoord op dr. Du Toit se e-pos was onder meer die volgende:

> "Julle sal nie die geveg teen die kuratorium en van die dosente kan wen nie. Hulle het te veel mag. Hulle beraadslaag voor die tyd, spreek 'n strategie af en in die vergadering vorder 'n mens gewoonlik nie veel verder nie."

20 Die vergadering waarna dr. Du Toit verwys het plaasgevind op die dag toe hulle die kuratoriumdokument bekend gemaak het, en aspekte daarvan met ons bestuur bespreek is. Ons het egter nie met hulle ooreengekom oor dit wat dr. Du Toit beweer dat ons het nie.



Hierdie professor het presies verwoord wat nie net ons belewenis na die afgelope vergadering was nie, maar ook ons ervaringe oor etlike jare! 'n Ander bekende NG teoloog, vir wie ek dit ook aangestuur het, en wat dr. Du Toit persoonlik baie goed ken se kommentaar op die e-pos was:

> "Toe ek Flip se brief lees, toe weet ek: dis taktiek."

## 'n Kairos-oomblik

Die ystervuis van die kuratorium het nou soos nooit tevore nie op 'n amperse militêre wyse sake hanteer. Van nou af was álle NG studente verplig om die weeklikse godsdiensperiodes by te woon, wat intussen deur professor Vos en die kuratorium uit die hande van Deo Gloria geneem is. Nou is die sprekers natuurlik met die hand uitgesoek. Die nuwe kommissie wat die sprekers moes reël, het nou spesifiek professor Julian Müller en ook dr. James Kirkpatrick ingesluit. Maar meer nog, professor Müller, oor wie daar teen dié tyd al etlike besware aan die kuratorium bekend was, het in die res van die jaar by drie geleenthede self die studente toegespreek. Ander meer behoudende predikante wat ek as Deo Gloria-voorsitter gereël het, is gekanselleer (en terloops, ek het nie net behoudende teoloë in die verlede gereël nie; selfs professor Andries van Aarde het onder my voorsitterskap 'n beurt gekry!). Daar was ongetwyfeld in die gange onder sommige studente 'n verslaentheid, doodsheid en "I don't care"-houding te bespeur oor wat beleef is as 'n uiters eensydige ontwikkeling by die fakulteit. Die atmosfeer was neerdrukkend. Sommige behoudende studente het net eenvoudig besluit om nou juis die godsdiensperiodes te boikot. Dit het die kuratorium omgekrap, soveel so dat studente wat dit nie bygewoon het nie, per geleentheid die volgende belangrike sms-boodskap van dr. Flip du Toit se kantoor op hulle selfone ontvang het: "Merk op jy was nie vanoggend by gesprek. So aangeteken." Die ongelukkigheid onder ten minste sommige studente het 'n hoogtepunt bereik.

As ek eerlik moet wees, moet ek erken dat al die gebeure wat ek hierbo probeer skets het (asook die gebeure ná die 2005-eerstejaarskamp waar veral professor Vos se optrede prominent was; lees verder daaroor in Bylaag 1), die vuurtjie wat oor baie jare in my hart vir die fakulteit gebrand het, bedreig het. (Terloops, vandag, 'n klompie jare later, het ek al deur die genade kon vergewe, maar mens vergeet die dinge tog moeilik). Ek en my goeie vriend Riaan Rossouw, het die gebeure in oënskou geneem. Riaan het dadelik die oortuiging gekry dat ons moes bedank. Dit was ons belewenis dat die dekaan, sekere dosente en die kuratorium se dagbestuur die vergaderings oor die eerstejaarskamp, die Kirkpatrick-kommissie se gesprekke, en ook die skriftelike besware oor etlike jare op so 'n "strategiese" wyse bestuur het, dat al die wesenlike klagtes en ervaringe van sommige studente onder die tafel ingevee is. En nou was sommige van die hooffigure in ons klagtes nie net op die kommissie wat godsdiensperiodes sou reël nie, hulle (veral professor Müller) was gereeld die hoofsprekers. Ons het voor 'n onoorkomelike en magtige Berlynse muur te staan gekom.

Ek wou steeds nie as voorsitter van Deo Gloria bedank nie, maar nadat ons lank daaroor gedink het, het Riaan my oortuig om saam met hom te bedank. Ons het 'n dag of wat later ons bedanking aangekondig waarna dit ook bekend geword het onder 'n paar dosente en waarskynlik al die studente. Uit al die e-posse en woorde van simpatie en teleurstelling dat ons bedank het was daar een e-pos wat na al hierdie jare nog steeds baie vir my beteken. Ek plaas dit anoniem hier:

> "Aan die een kant kan jy nou sien hoe die kerk van binne lyk. Dit is maar mense belange, swartsmeerdery, politiek en sulke dinge wat ook 'n rol speel. Aan die ander kant is dit goed dat die gesprek nou op die tafel gekom het, want ons het nog tyd – hoe lank weet ek nie. Ons kan miskien nog voorkóm dat ons kerk soos die Europese kerk word waar net 'n klein groepie (die Bybelgetroues) nog kerk toe gaan. Die res verdwyn in die groot massa anonieme 'godsdienstiges'. As hierdie hele affêre net die kerk weer tot nadenke kan dwing oor die rigtings wat ons inslaan en die gevolge van wat gebeur, is dit baie goed en was alles die moeite werd."



Na ons bedanking, en ook gegewe die woorde van bemoediging wat ons ontvang het, het ons ervaar dat daar 'n Kairos-oomblik vir ons en diegene wat ons kommer deel, aangebreek het. Dit was 'n kritiese oomblik, 'n oomblik van waarheid, 'n verset teen die magspeletjies en agteraf gekonkel by die fakulteit wat oor etlike jare studente en geloof in Jesus Christus seergemaak het. Dit was 'n verset teen die dominerende en linkse magstrukture van die NG Kerk, die kuratorium, en sommige dosente.

*'n kritiese oomblik, 'n oomblik van waarheid*

Ek, Riaan, en nog 'n paar ander studente, het ons hartseer gaan deel met 'n paar vooraanstaande NG predikante en teoloë wat kennelik baie simpatie gehad het met alles wat gebeur het. Uit ons gesprekke het dit geblyk dat ons kommer nie geïsoleerde ervaringe van 'n groepie naïewe studente was nie. Oor etlike jare was daar in die NG sowel as die Hervormde Kerke spanning en kommer oor sommige van hul teoloë, veral van Tukkies. Van die persone (maar nie almal nie), het merkwaardig genoeg besluit om (klaarblyklik na jare se stilte) in die pers hul ernstige kommer uit te spreek.

Maar voordat ek daaroor berig, eers bietjie agtergrond. Die ingeligte leser sal met my saamstem dat die media oor die algemeen 'n affiniteit het vir teoloë wat soms op sensasionele wyse dinge soos Jesus se liggaamlike opstanding, uniekheid en so meer verwerp. Dit maak "goeie" reklame en verkoop baie koerante. Sedert veral die jaar 2000 het die Afrikaanse koerante en in besonder *Beeld*, substansiële spasie afgestaan aan die teologiese standpunte van kontroversiële teoloë soos professore Sakkie Spangenberg, Pieter Craffert, Hansie Wolmarans, Andries van Aarde, Yolanda Dreyer en dr. Piet Müller, maar óók NG teoloë soos professore Julian Müller en soms Jurie le Roux. My indruk tot op daardie stadium was dat hierdie teoloë hulle twyfel in die openbaar kon verwoord, maar wanneer meer "behoudendes" (wat alles behalwe verkramp was!) ook in die media negatief sou reageer op sommige kontroversiële uitsprake, dan is hulle nou "onbroederlik" en volg hulle nie die "kerklike" weg nie. Dus, die Spangenbergs, Crafferts en Müllers mag maar in die koerante hulle interpretasies bekendmaak, maar die "behoudendes" mag nie ook in die media kritiek uitspreek nie? Die verligtes mag maar

op 'n onkerklike manier hulle standpunte stel (sonder om op 'n verantwoordelike wyse die sake eers met broers en suster te bespreek), maar die behoudendes moet eers die "broederlike" weg van Matteus 18:15-17 volg? 'n Goeie, maar ongetwyfeld ongewilde, vraag is egter of laasgenoemde teks nie deur sommiges te simplisties en fundamentalisties gelees word nie? Wát presies is die konteks in Matteus 18? Sluit die voorskrifte daar werklik dwaalleer in wat deur 'n leier van die kerk in die sekulêre media verkondig word? Hieroor is daar nie konsensus onder geleerdes nie. Maar selfs al was daar, wat maak mens met Skrifgedeeltes soos Galasiërs 2:11-14, 1 Timoteus 1:19-20, 5:20 en 2 Johannes: 6-11? Dáár, so wil dit voorkom, was daar nie eers broederlike gesprekke nie. Die evangelie was klaarblyklik so ernstig op die spel dat dit werklik nodig was om in die openbaar daaroor te praat. Dít is nogal 'n geloofwaardige interpretasie van hierdie gedeeltes want Paulus byvoorbeeld maak dit in een van hierdie gedeeltes, nl. Galasiërs 2:14 duidelik dat hy gesien het dat Petrus-hulle van die "reguit pad van die evangeliese waarheid af[ge]wyk" het, waarna hy "daar voor almal" vir Petrus aangevat het. Dus, ten minste soos dit hier aan ons voorgehou word, lyk dit of daar tog hoogs uitsonderlike gevalle is waar dit nodig is om in die openbaar, en voordat broederlike gesprekke plaasgevind het, op te staan vir die Here Jesus – hoe ookal die postmoderne tydsgees, of die NG Kerk se "Seisoen van Luister" daaroor mag oordeel.

Terug by die verhaal. Op 15 Mei 2005 bars die bom: "NG Kerk kan skeur – 'Behoudendes' omgekrap oor 'liberaliste'" lui die voorbladberig in vet letters in *Rapport*. Die berig sê onder meer: "Die NG Kerk het 'n kerk sonder grense geword; die kerk is besig om weg te dwaal van die Woord; Jesus Christus word gerelativeer en sy gesag as die enigste Verlosser van die wêreld ernstig aangetas. Die kerk is in 'n greep van relativisme gewikkel wat beteken dat daar nie meer absolute waarhede is nie."

'n Week later eskaleer die berigte: "Volgens [professor Hennie] Stander het die NG Kerk 'vir hom 'n lat gepluk' toe hy begin ronddans het oor sake soos die maagdelike geboorte, die opstanding en homoseksualiteit. Populistiese besluite word geneem. Dis amper 'n soort toets-die-water-aanslag, en dis nou belangrik waarvan



mense hou of nie. Die 'wie' is deesdae belangriker as die 'wat'" (*Rapport*, 22 Mei 2005).[21]

Onbevestigde gerugte het hierna die rondte gedoen dat sommige van dié (behoudende) teoloë, in die weke wat hierop gevolg het, deur 'n hoë afvaardiging van die NG Kerk-bestuur ingeroep en geroskam is. 'n Gesiene dosent by Tukkies het glo ook een van hulle verskreeu en verneder. Die persoon het persoonlik aan my gesê dat hy nog nooit in sy hele lewe so verneder was nie.[22] Die see kon hom nie skoonwas nie. Met al hierdie verskillende gebeure as agtergrond sou ek ook 'n paar dae later 'n oproep van 'n persoon ontvang waartydens ek gewaarsku is om nie enige aksies te beplan oor studente se bekommernisse by die fakulteit nie. Die dreigement wat telefonies aan my oorgedra is, het pertinent behels dat, indien ek of enige ander student in die openbaar ons ontevredenheid oor sommige dosente en die kuratorium in 'n petisie sou uitspreek, ons definitief nie gelegitimeer sou word om predikante in die NG Kerk te word nie.

---

21 Daar het ook berigte verskyn waarin dr. Bennie Wolvaardt en dr. Jan Grey kommer uitgespreek het. Veral dr. Grey het die Fakulteit Teologie aangevat. Terugskouend wil ek tog opmerk dat dr. Grey by tye te kru en ongenuanseerd was in sy benadering.

22 Ek het hierdie persoon my woord gegee dat ek nooit sy naam sal verbind met hierdie gebeurtenis nie – ek eerbiedig die ooreenkoms.

HOOFSTUK DRIE

# Die *Oop Gesprek* van 29 Mei 2005

Sommige professore by Tukkies wou (of moes) iets doen aan die bewerings van dwaalleer wat toe nie meer net deur jong teologiestudente gemaak is nie, maar ook vooraanstaande teoloë betrek het. Professor Julian Müller (in die plek van professor Cas Vos wat op verlof was), en dr. Kobus Gerber van die kuratorium het daarom ingewillig om deel te neem aan 'n radioprogram, *Oop Gesprek*, op RSG wat op 29 Mei 2005 by die NG gemeente Kameeldrif opgeneem is. Die ander deelnemers wat aan die program sou deelneem was ds. George Nel van die NG Kerk Booysens en dr. Jan Grey van die NG Kerk Oosterlig.

Voor die gesprek, so het dit later geblyk, is daar 'n lys van omtrent tien vrae aan hulle beskikbaar gestel sodat hulle hulself goed kon voorberei vir die program. Uit hierdie vrae was daar ook een spesifieke vraag wat verband gehou het met Jesus se opstanding. Dit was dus nie asof hulle nie voor die tyd ingelig was oor die tipe vrae wat gevra sou word nie. 'n Vraag oor Jesus se opstanding sou dus hoegenaamd nie buite orde of onverwags kon gewees het nie.

Toe ek uitvind dat die gesprek gaan plaasvind, het ek dit goed gedink om die nuus te versprei en het gevolglik aan 'n aantal predikante en lidmate 'n e-pos gestuur om te luister na die program wanneer dit uitgesaai word. Ek het toe ook die opname by die NG gemeente Kameeldrif persoonlik gaan bywoon. Dr. Flip Loots was die programaanbieder.

As ek eerlik moet wees, moet ek erken dat die manier waarop dr. Grey tydens die opname van dr. Gerber verskil het, by tye te aanvallend was. Of dr. Gerber se stellings bygedra het tot die gemoedere

*"Julian, het Jesus liggaamlik opgestaan, en beteken dit dat die graf leeg is?"*

wat bietjie gespanne was, is natuurlik 'n ope vraag. Almal wat dr. Grey ken, weet dat hy 'n unieke karakter in die NG Kerk is. Iemand het al per geleentheid gesê hy is soos 'n ongeslypte diamant. Terugskouend dink ek tog in alle billikheid dat hy sy ongelukkigheid oor wat by Tukkies aan die gang was rustiger kon oorgedra het. Ds. Nel was egter meer genuanseerd in sy kritiek. Die kern van beide professor Müller en dr. Gerber se getuienis was dat al die dosente by Tukkies getrou is aan die belydenisskrifte en Skrif, en dat die beweringe in die media ongesubstansieerde aantygings is. Dr. Gerber het ook die versekering gegee dat die klagtes wat in die verlede van studente ontvang is, deurgegee en hanteer is. Hy het dit so gestel:

> "via die kuratorium het ons in die verlede van studente bepaalde probleme gekry wat hulle onder ons aandag gebring het wat ons intern hanteer het. Baie van die goed[23] was oor bepaalde verstaanprobleme. Ons het dit onder die aandag van dosente gebring."

Hierdie stelling was vir my merkwaardig. Dr. Gerber het nie gemeld dat hulle byvoorbeeld die Kirkpatrick-kommissie wat na studente moes kom "luister" met die hand uitgekies het, dat in sommige jaargroepe selfs die helfte van die studente nie die gesprekke bygewoon het nie, of dat klagtes oor Jesus se liggaamlike opstanding nie eens in hulle latere verslag opgeneem is nie! Toe dr. Gerber later in die gesprek ook verwys na die prosedures wat geld vir klagtes in 'n Reformatoriese kerk soos die NG Kerk, kon ek hom eerlikwaar nie meer ernstig opneem nie. Van die jarelange briewe, gesprekke en hulle "meganisme" by die fakulteit het net mooi niks gekom nie. Met dié dat dr. Gerber en professor Müller gepraat het van ongesubstansieerde aantygings, het ds. Nel nogal wys opgetree deur 'n vraag oor Jesus se opstanding aan professor Müller te stel:

> "Julian, het Jesus liggaamlik opgestaan, en beteken dit dat die graf leeg is?"

23 Dit wil sê nie alles nie!



Ek sal nooit die lang en ongemaklike stilte vergeet wat gevolg het voordat professor Müller huiwerig op ds. Nel se vraag geantwoord het nie. Toe RSG die program die daaropvolgende Sondagaand uitgesaai het, was dit opvallend (en jammer?) dat dié lang stilte uitgesny is. Was dit deur die toedoen van dr. Flip Loots of die redigeerders by RSG? Die swanger stilte sou nooit nasionaal uitgesaai word nie. Sy antwoord was:

*Die swanger stilte sou nooit nasionaal uitgesaai word nie*

> "Ek het vanoggend 'n erediens bygewoon soos wat ek elke oggend 'n erediens bywoon op 'n Sondag. En met groot vrymoedigheid sê ek met die gemeente saam die Apostolicum, want dit is wat ek glo . . . dit beteken nie dat daar nie ruimte vir herinterpretasie is nie."

Daar was teen die laaste kwart van die program geleentheid vir vrae vanuit die gehoor (dit het ek nie voor die tyd geweet nie). My hart het in my keel geklop, maar ek het steeds besluit om voor te gaan sit om ook 'n vraag te vra. Ek weet nie waar die moed vandaan gekom het nie want ek het tog alreeds op hierdie stadium geweet dat ek probleme met die kuratorium gaan optel as ek in die openbaar oor die fakulteit gaan praat. Toe ek die geleentheid gekry het, het ek gesê dat ek 'n meestersgraad-student by Tukkies is, en dat ek nie kan saamstem met lede van die paneel dat daar nie dwaalleer by Tukkies verkondig word nie. Ek het gesê daar ís dosente wat nie glo dat Jesus se opstanding 'n historiese gebeurtenis is nie. My vraag was waarom predikante nou eers daaroor begin praat terwyl studente al vir 'n geruime tyd besware uitgespreek het.

Dr. Kobus Gerber was briesend na die gesprek. Miskien nie onmiddellik nie, maar gewis 'n aand of twee later, ten tye van 'n kuratoriumbraai waar hy in die teenwoordigheid van ander kuratoriumlede soos drs. James Kirkpatrick, Lourens Bosman en, as ek reg onthou, professore Julian Müller en Ettienne de Villiers stoom afgeblaas het. Ek was daar en het dit self gesien. Al sou dr. Gerber dalk rede gehad het om teleurgesteld te voel oor die manier waarop dr. Grey by tye van hom verskil het, kon dieselfde nie van ds. Nel gesê word nie. Ek

dink daar was geldige kritiek wat die grootste verleentheid vir die kuratorium en dr. Gerber veroorsaak het.

Sommige studente het nog vir dae ná die radioprogram in die gange oor die radiogesprek gepraat, veral ook oor professor Müller se onwilligheid om reguit te antwoord op die vraag of Jesus liggaamlik opgestaan het en of die graf leeg is.

Kort na die radioprogram het professor Müller 'n artikel vir die fakulteit se webwerf geskryf waarin hy verduidelik het van die "vernederende taak" wat hy gehad het om die Fakulteit Teologie te verdedig teen aantygings van dwaalleer. Dit, sê hy, was vir hom 'n "vernietigende ervaring" en bespreek dan verder in die artikel hoe hy homself met Job identifiseer. Vir hom is Job se beskuldigers diegene wat beswaard is oor dwaalleer met 'n "skyn van toewyding". Hy sluit af met die volgende stelling:

> "Dit is vir my nogal 'n troos om te weet dat Job ook eenmaal beskuldig was van dwaalteologie . . ." (www.teo.co.za 5 Junie 2005).

Hierdie artikel deur professor Müller het my verbaas, nie net omdat hy Job betrek het by 'n Nuwe Testamentiese gesprek oor Jesus se opstanding nie, maar ook omdat hy 'n goue geleentheid laat verbygaan het om eenvoudig te bely dat hy in Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf glo. In plaas daarvan dat professor Müller se artikel sommiges se besorgdhede as ongegrond geneutraliseer het, het sy verduidelikings eerder die bekommernisse laat eskaleer.

## Professore Andries van Aarde en Gert Pelser van die Hervormde Kerk

Die radiogesprek het voorwaar rimpelings in die kerklike gemeenskap veroorsaak, anders sou 'n gesiene lid van die Hervormde Kerk se kuratorium my seker nooit vir 'n afspraak gekontak het nie. Ek was verras dat hy tóé met my wou gesels omdat ek alreeds drie maal in die verlede my bekommernisse met hom gedeel het, sonder enige sukses. So byvoorbeeld, het ek reeds op 6 April 2004 my bekommernisse oor professor Andries van Aarde telefonies met hom gedeel en dit toe ook



per e-pos gesubstansieer. Toe het hy nooit daarop gereageer nie.

Omdat ek tydens die radioprogam vanuit die gehoor gesê het dat daar dosente by Tukkies is wat nie glo in die historisiteit van Jesus se opstanding nie, het hierdie teoloog dadelik toe ons begin praat, gesê dat ek seker vir professore Andries van Aarde en Gert Pelser, albei Hervormde dosente in Nuwe Testament, met die stelling in gedagte gehad het. (Professor Pelser was die voorganger van professor Van Aarde).

Hierop het ek bevestigend geantwoord, maar bygevoeg dat daar ook NG dosente is wat kontroversiële standpunte oor Jesus se opstanding huldig. Hy het met my saamgestem en onder andere gesê dat professor Julian Müller nie regtig die vraag oor Jesus se liggaamlike opstanding en die leë graf tydens die RSG-program beantwoord het nie. Ek lig hom toe in dat professor Müller eintlik al sedert die jaar 2000 kontroversiële uitsprake oor die *Jesus Seminar* in die VSA en ook later die Nuwe Hervormers begin maak het. Ek het toe ook verwys na 'n preek waarin professor Müller verduidelik het dat dit nie saakmaak of Jesus "letterlik" of "metafories" opgestaan het nie, solank mens net kan sê dat "Jesus die Christus" is (29 Oktober 2000). So het ek nog 'n paar ander voorbeelde genoem en ook vertel van professor Jurie le Roux wat persoonlik vir my gesê het dat Jesus vir die eersteeeuse mense opgestaan het omdat dit deel van hul wêreldbeeld was, maar dat ons dit nie meer vandag so kan verstaan nie.

Die teoloog was ooglopend geskok oor alles wat ek hom vertel het. Hy het besorg gevra of ons al met die NG kuratorium oor die bekommernisse gesels het. Ek vertel hom toe so bietjie meer van die gebeure die afgelope klompie jare en hoe die NG kuratorium die wesenlike besware eintlik maar onder die mat ingevee het.

Oor leerdwaling en die Hervormde Kerk het die teoloog toe 'n lang en besonder interessante gesprek met my gevoer. Hy het vertel van 'n professor Geyser wat in die 1960's deur die kerk aan dwaalleer skuldig bevind is. Ek sou later uitvind dat dit drie teologiestudente was wat hom aangekla het en dat die klagte waaraan hy skuldig bevind is oor die goddelikheid van Jesus gehandel het (Vir 'n interessante bespreking hieroor sien JS Krüger se *Sweeping Whirlwinds*, Pretoria, Unisa Press: 461-468). 'n Paar professore het ook as getuies aan die ondersoek deelgeneem. Die teoloog het vertel dat professor Geyser,

nadat hy skuldig bevind is, en sy hoogleraarsamp as Hervormde professor by Tukkies moes neerlê, hom op die hooggeregshof beroep het. Die regter wat die aansoek hanteer het, het die Apostoliese geloofsbelydenis voorgelees en aan professor Geyser gevra of hy glo wat daar staan. Professor Geyser het "ja" geantwoord, waarna hy deur die hof vrygespreek is. Met dit in gedagte het die teoloog voortgegaan om aan te toon hoe ingewikkeld en moeilik 'n dwaalleer-ondersoek eintlik is. Die kerk kan 'n teoloog dalk skuldig bevind, maar hy staan 'n goeie kans om deur die howe vrygespreek te word.

Ons het toe in meer detail begin gesels oor professore Gert Pelser en Andries van Aarde. Die teoloog het aangetoon dat hy hulle persoonlik baie goed ken en dat hy weet dat hulle inderdaad leerdwaling verkondig. Ongelukkig, so het hy voortgegaan om te sê, kom hulle altyd skotvry wanneer hulle reguit gevra word oor krities belangrike geloofswaarhede omdat hulle net eenvoudig dan sê dat hulle nie 'n "probleem" het met die belydenis van die kerk nie. Hy het spesifiek verwys na 'n belydenis wat professor Van Aarde op 15 November 2000 in *Die Hervormer*, die Hervormde Kerk se koerantjie, gemaak het na aanleiding van die storm oor sy boek *Fatherless in Galilee*. Hy was hoegenaamd nie oortuig daardeur nie. Ek het later gaan rondblaai in die argiewe van die koerantjie en kon etlike bevestigings kry vir die kuratoriumteoloog se kommer.

Iets wat altyd vir my sal uitstaan van ons gesprek was toe die teoloog uitgewy het oor die spanning wat daar tussen hom en professor Van Aarde ontstaan het ten tye van sy doktorale verhandeling. Professor Van Aarde, wat sy promotor was, het geglo hy gaan hom oortuig om te skryf wat hý wil hê in soverre dit gaan oor 'n "kanon voor die kanon"[24] en sy "Jesus-saak"[25]. Die teoloog het 'n

24 Die teoloog het nie hierdie saak verder beredeneer nie, maar ek vermoed dat 'n kanon voor die kanon klaarblyklik ruimte sou laat vir die insluiting van gnostiese geskrifte, soos byvoorbeeld die Evangelie van Thomas e.a. in 'n kanon voordat die kerk die latere kanon afgesluit en afgebaken het. 'n Bespreking hiervan val egter buite die bestek van hierdie boek.

25 Ek vermoed die teoloog het die volgende artikel deur professor Van Aarde in gedagte: "The 'cause of Jesus' (Sache Jesu) as the Canon behind the Canon," *HTS 57* (1&2), 1994: 148-171. 'n Bespreking hiervan val egter buite die bestek van hierdie boek.



*Hy was nie bereid om toe te gee aan die druk wat professor Van Aarde daaroor op hom geplaas het nie.*

ander interpretasie daaroor gehad en was daarvan oortuig dat professor Van Aarde se sieninge oor dié sake net gewoon nie versoenbaar is met die hart van ons Christelike belydenis nie. Hy was nie bereid om toe te gee aan die druk wat professor Van Aarde daaroor op hom geplaas het nie. Dit het hulle verhouding uiteindelik laat versuur aangesien professor Van Aarde aan hom gesê het om dan maar 'n ander tema te neem as hy nie gaan skryf wat hy wil hê nie. Die teoloog het vasgeskop en dit ernstig oorweeg om na 'n NG promotor te verander. Dit het uiteindelik daartoe bygedra dat professor Van Aarde die saak met hom moes skik. Laasgenoemde was nie vrywillig nie want die teoloog het aangedui dat hulle kuratorium inderdaad 'n ondersoek oor professor Van Aarde se teologie sou oorweeg indien die teoloog na 'n NG promotor sou skuif. Die letsels en onaangenaamheid van die hele aangeleentheid was duidelik nog waarneembaar in die teoloog se verhaal.

Die teoloog het toe verduidelik dat hy al 'n paar keer daaroor gewonder het of professor Van Aarde nie van dwaalleer aangekla moes word nie, maar dat hy uiteindelik besluit het dat dit te sleg vir die kerk sou wees.

My gesprek met hierdie teoloog was vir my 'n ontsettende ontnugtering. Ek was verstom oor alles wat hy met my bespreek het. Dit was soos die spreekwoordelike "kersie op die koek" wat die jarelange liberale tendense by sommige dosente herbevestig het.

Hy was beslis van oordeel dat sekere dosente soos professore Van Aarde, Pelser asook 'n paar ander oor wie ons gesels het, leerdwaling verkondig, maar wanneer hulle gekonfronteer word, hulle net sê dat hulle nie 'n "probleem" met die belydenis van die kerk het nie om dan ongehinderd voort te gaan as kerklike dosente.

Indien ek hom reg verstaan het was die implikasie van hierdie situasie dat daar vooraanstaande teoloë by Tukkies was wat een ding glo en leer (en klaarblyklik student(e) probeer oortuig om dit in verhandelings te skryf), maar wanneer hulle daaroor in 'n hoek gedryf word, hulle woorde so sal kies dat hy of sy onskuldig bevind sal word indien 'n ondersoek gedoen sou word. Besware en klagtes van dwaal-

leer sal gevolglik nooit regtig kan slaag nie.

Die spanning tussen dosente onderling asook tussen studente wat sedert die eenwording van die NG en Hervormde fakulteite in 2000 ontwikkel het, het soos nooit tevore nie sin gemaak. Uit die binnekring van die Hervormde Kerk se kuratorium het die bevestiging daarvoor gekom. Maar meer nog, sommige studente se belewenisse dat 'n paar teoloë van Tukkies dinge glo en verkondig wat die kern van ons geloof aantas, is soos nooit tevore nie op die hoogste vlak bevestig.



HOOFSTUK VIER

# Die Studenteverklaring van 15 Junie 2005

"UP se dosente nié skuldig aan dwaalleer", was 'n sterk bewoorde brief wat deur vyf NG teologiestudente van Tukkies geskryf is, en wat op 12 Junie 2005 in *Rapport* verskyn het. Die hooffiguur agter die brief was die teologiestudent wat by sommiges bekendgestaan het as professor Cas Vos en dr. Flip du Toit se sogenaamde geheime spioen. In dié brief is daar onder meer beweer dat daar "glad nie" enige dwaalleer by Tukkies verkondig word nie.

Noudat teologiestudente in 'n Sondagkoerant uitsprake begin maak het, en 'n handjievol ooglopend een aksent wou stel, het dit, al was die beplanning vir 'n verklaring al in die pyplyn, die motivering en ook dringendheid daarvoor aansienlik versterk. Ek was deurentyd in my agterkop bewus van die nadelige gevolge wat so 'n verklaring vir ons kon inhou, gegewe die oproep van 'n persoon wat my vroeër gewaarsku het om nie daarmee voort te gaan nie. Hy het vertroulik verneem dat die kuratorium ons nie sou legitimeer nie as ons daarmee sou voortgaan. Desnieteenstaande was ek soos nooit tevore nie gedetermineerd dat daar inderdaad 'n Kairos-oomblik vir ons aangebreek het.

*Ek was bereid om die prys te betaal.*

Al sou dit beteken dat ek nie meer 'n NG predikant kon word nie, was ek dit aan my gewete voor God en die dosyne teologiestudente wat dag vir dag in die klasse sit, verskuldig om op te staan. Ek was bereid om die prys te betaal.

Ek, Riaan Rossouw, Johannes Mahne en Pierre Momberg besluit toe om op Maandag 13 Junie ('n dag nadat die studentebrief in *Rap-*

*port* verskyn het) bymekaar te kom en finaal te besluit oor of ons tóé moes voortgaan met 'n verklaring of nie. Ons besluit toe om eers weer 'n voëlvlug-beeld te skets van die belangrikste gebeure die afgelope klompie jare. Elkeen het die geleentheid gekry om sy verhaal te deel. Riaan het op 'n wit blaaibord van die belangrikste sake neergeskryf wat ons uiteindelik kon help om 'n geheelindruk te kry. Hierdie oefening het 'n paar uur geneem.

Dit het glad nie goed gelyk nie en het gespreek van toesmeerdery, onder die tafel wegsteek, verskuilde agendas en nog meer. Daar sal seker lesers wees wat sal wil hê dat ek hierdie aanklagte verder sal toelig. Die verhale wat reeds vroeër vertel is, lewer sekerlik genoegsame bewyse, maar daar is tog 'n klompie dinge wat hier en daar beklemtoon en verder toegelig kan word. Die volgende is dan, met die voordeel van 'n terugblik, 'n weergawe wat as 'n geloofwaardige moontlikheid vir my lyk:

- Vanaf die jaar 2000 was professor Cas Vos dekaan van die nuwe gesamentlike Fakulteit Teologie waar NG studente verplig was om by Hervormde dosente lesings te kry.
- Dieselfde jaar publiseer professor Van Aarde sy opspraakwekkende boek *Fatherless in Galilee*; mettertyd sou professore Sakkie Spangenberg van Unisa en Jurie le Roux van Tukkies die boek se lof besing.
- In 2000 word professor Müller departementshoof en begin kontroversiële uitsprake oor die *Jesus Seminar* en Jesus se opstanding maak.
- Ook in die jaar 2000 verskyn dr. Frits Gaum se boek *Soos ons in die 200's glo* waarin professor Yolanda Dreyer, Hervormde dosent aan Tukkies, verklaar dat dit nie vir haar belangrik is of Jesus se opstanding 'n feit is nie.
- Die kommer wat studente teenoor dr. Flip du Toit en professor Conrad Wethmar uitgespreek het (in soverre dit oor professor Van Aarde handel), word geïgnoreer.
- Hierna begin sommige NG teoloë meer gemaklik raak met die nuwe linkse vleuel in die fakulteit en veral professor Julian Müller begin nou op 'n meer gereelde basis in die openbaar kontroversiële uitlatings maak. Hy laat studente intussen mediteer oor die Nuwe Hervorming se insigte tydens 'n verpligte retraite. Kommer onder sommige studente begin eskaleer en nou word daar meer openlik oor besware gepraat.
- Intussen het dr. Ben du Toit in die Kaap sy opspraakwekkende boek, *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* gepubliseer en dr. James Kirkpatrick van ons kuratorium het 'n ondersteunende resensie vir *Beeld* geskryf.
- In 2003 verskyn die NG Kerk se amptelike standpunt oor die Nuwe Hervorming waarin lg. groep se verwerping van Jesus se liggaamlike opstanding verwerp word. 'n Paar senior leiers van die Noordelike sinode is nie gelukkig daarmee nie en nooi twee Nuwe Hervormers uit om die sinode toe te spreek. Onder voorsitterskap van dr. Kobus Gerber maak die sinode nie 'n kategoriese belydenis oor die geskiedkundigheid van Jesus se liggaamlike opstanding nie. Dr. James Kirkpatrick speel 'n sleutelrol in die gebeure. Albei is senior rolspelers in die kuratorium.
- In twee briewe aan die NG Kerk se kuratorium by Tukkies word gekla oor professore Andries van Aarde, Yolanda Dreyer, Johan Buitendag (lg. deur twee ander studente) en professore Julian Müller, Jurie le Roux en Dirk Human. Van die sake sluit sommige van hulle se interpretasies van Jesus se liggaamlike opstanding en ook uniekheid in. Die kuratorium sloer met die hantering daarvan en ontvang 'n paar maande later nog 'n brief, dié keer van agt vierdejaars wat kla van viktimisering en dosente wat Jesus se uniekheid ontken.
- Studente besluit (veral omdat hulle geen terugvoer vanaf die kuratorium kry nie) om op eie inisiatief ander teoloë te reël om 'n mate van balans te probeer bewerkstellig deur die S.E.L. Drs. Gerber en Du Toit (lg. ook van die Noordelike sinode) vra dat die S.E.L. gestaak moet word; hulle sê 'n "meganisme" sal in werking kom om die ongelukkigheid onder die studente aan te spreek. Die implementering van die meganisme gebeur nie in ons tyd nie (of ons word doelbewus nie deur dr. Du Toit daaroor ingelig nie).
- Intussen het professor Jurie le Roux die Bybel bestempel as die "gekonkel" van mense en in 'n persoonlike gesprek teenoor my twyfel uitgespreek oor Jesus se opstanding.

- Uiteindelik benoem die kuratorium-dagbestuur 'n kommissie wat na studente wil "luister". As die studentevoorsitter van Deo Gloria stel ek eerder anonieme vraelyste voor, maar dr. Gerber weier dit. Die kommissie, bestaande uit die *linkse* vleuel van die kuratorium (ten spyte van die versoek tot 'n meer gebalanseerde kommissie), beloof die voorsitter hy sal gekontak word om die gesprekke by te woon, maar versuim om hom te laat weet. Die kommissie luister nie, maar neem aktief deel aan gesprekke, en stuur dit in sekere rigtings. Kommer oor dosente wat Jesus se liggaamlike opstanding ontken, word nie in die kuratorium se verslag oor die luister-geleenthede wat later onder studente versprei word opgeneem nie. En studente word gewaarsku om nie dosente af te kraak nie.
- Ná die 2005-eerstejaarskamp word die Deo Gloria-jaarprogram opgeskort en van toe af het die kuratorium en dekaan direkte inspraak in Deo Gloria. Behoudende leraars wat met die studente tydens die godsdiensperiodes sou kom praat, word gekanselleer en beide professor Müller en dr. Kirkpatrick dien op die kommissie wat die godsdiensperiodes reël. Professor Müller, oor wie daar etlike besware en klagtes uitgespreek is, tree gereeld op. Die senior Deo Gloria-lede rig 'n brief van beswaar aan dr. Flip du Toit waarna hy ons pleitrede vir billikheid ignoreer en aanvoer dat ons eerder deel van die oplossing moet wees, en nie die probleem nie. Hieroor skryf een van ons NG dosente toe die volgende:

  > "Julle sal nie die geveg teen die kuratorium en van die dosente kan wen nie. Hulle het te veel mag. Hulle beraadslaag voor die tyd, spreek 'n strategie af en in die vergadering vorder 'n mens gewoonlik nie veel verder nie."

  'n Ander bekende teoloog skryf: "Toe ek Flip se brief lees, toe weet ek: dis taktiek."
- Hierna het die kuratorium en die dekaan met mag sake in hulle rigting gestuur, in so 'n mate dat daar selfs aan sommige studente wat nie die nuwe godsdiensperiodes wou bywoon nie, 'n afdreigsms gestuur is.



- Tussen al hierdie gebeure deur het daar deurlopend sommige studente óf hulle studies gestaak, óf in hopeloosheid verval.

Hierdie verhaal is natuurlik nie objektief nie; dit is gelaai met persoonlike ervaringe. Daar was ook heelwat mooi en stimulerende momente tussen al hierdie moeilike gebeure deur, wonderlike leerervarings in baie ander klasse! Maar die negatiewe gebeure en die vernietigende invloed daarvan op ten minste sommige studente was inderdaad ook 'n belangrike deel van die komplekse verhaal wat uiteindelik vir 'n groepie studente dinge tot breekpunt gebring het.

## 'n Kairos-oomblik

Die lang vergadering was op 'n einde. Konsensus is bereik: 'n Kairos-oomblik het aangebreek. Ons móés 'n openbare belydenis en verklaring maak –'n Status Confessionis – al sou slim mense later sê ons mag nie die woorde gebruik nie.[26] Die verklaring moes oor een saak handel – Jesus se opstanding – én ons moes sommige NG teoloë wat toe al oor etlike jare in die openbaar verwarring gesaai het by die naam noem.

Ek wil egter hier 'n uiters belangrike opmerking maak voor ek verder gaan. Ek dink nie dit is billik as sommige mense ons daarvan beskuldig dat ons slegs oor die korrekte leer (in dié geval Jesus se opstanding) bekommerd was, en nie omgegee het en self deelgeneem het aan ander belangrike sake soos hóé gelowiges 'n verskil in die wêreld maak nie. Natuurlik is ortopraksie van kardinale belang vir gelowiges – hóé ons as gelowiges omgee vir die gebrokenes, hoe ons dáár moet wees vir die armes en weeskinders. Dit het ons studente tog oor etlike jare in gebrokenheid probeer doen in 'n plakkerskamp, 'n kinderhuis en so meer. Die opstanding van Jesus was en is die rede wáárom ons nie anders kon as om brood te gee vir die armes, water te gee vir dié wat dors is, en trane af te vee van die gebrokenes (onder meer studente

26 As mens, soos later opgemerk sal word, dit met die aangeklaagde dosente eens is dat daar nie in Jesus se liggaamlike opstanding geglo hoef te word nie (asof dít nie is wat ons belydenisskrifte bely nie), maar dat daar slegs in die "opstanding" geglo hoef te word, en dat hóé Jesus opgestaan het nie belangrik is nie – dan is 'n Status Confessionis dalk nie regtig so buitensporig nie.

wat nie meer kon glo nie!). Sopkombuise, MIV-klinieke en al die ander belangrike humanitêre werk was en is die etiese gevolge van 'n Jesus wat nie net gesterf het nie, maar die dood oorwin het! Dáársonder sou ons sopkombuise maar dieselfde flou en lou sop uitdeel wat liberale Europese kerke uitdeel. Dié kerke, met 'n paar uitsonderings, staan byna leeg, en is maar net verheerlikte sosiale verenigings van die staat. Dit sê ek nie ligtelik nie, ek leef al 'n paar jaar in Engeland.

Vat Jesus se leë graf weg, dan verloor ons nie net 'n dogma of leerstelling nie, ons verloor ons geloof en ook die motivering vir ons uitreik na die wêreld!

Terug by die verklaring. Ons groepie het saam besluit dat ons nie Hervormde teoloë gaan betrek nie, al was daar genoeg bewyse om ook hulle in te sluit. Dit moes handel oor óns kerk, die NG Kerk. Ek wil dit benadruk: Riaan, Pierre, Johannes en myself was dit eens dat die teoloë van wie ons verskil het by name in die verklaring genoem moes word. Tussen my en Johannes Mahne het ons die verklaring verfyn waarna ek dit toe gaan uitdruk het en daarmee klas toe is. Ek berig later tydens die ondersoeke in meer detail oor dele daaruit (veral in soverre dit die Tukkies-dosente aangaan), maar bespreek vir eers die eerste sin uit die verklaring, en maak daarna ook 'n paar opmerkings oor die Kaapse teoloë wat ek as bylaag 2 agter in die boek plaas. 'n Belangrike sin in die verklaring het soos volg daar uitgesien:

> "Ons glo dat Jesus Christus histories-letterlik en liggaamlik uit die dood opgestaan het."

Die term "histories-letterlik" het 'n verhaal. Dit is nie dat ek dit uit die bloute gebruik het nie – ek het die term juis gekry in 'n omstrede artikel wat deur professor Dirk Human geskryf is. Hý het hierdie frase gebruik en die manier waarop hy dit gebruik het, het duidelik die indruk gewek dat "histories-letterlik" die aanvaarde en behoudende verstaan van Jesus se opstanding is. Dit was dus professor Human se woorde wat ek by hom geleen het. Vreemd genoeg, sonder dat ons toe daarvan bewus was, het die Algemene Sinodale Kommissie wat die belangrikste liggaam in die NG Kerk is om uitsprake oor die interpretasie van die Skrif te maak, in 2003 'n verklaring uitgereik waarin hierdie woorde spesifiek gebruik is om na Jesus se opstanding te verwys. Dit het hulle gedoen in wat bekend sou staan as die NG Kerk se amptelike standpunt oor die Nuwe Hervorming (*Lig*, April 2003). Om die woorde "histories-letterlik" te gebruik, het ons daarom in ten minste geloofwaardige geselskap geplaas. Ek wou aanvanklik net die woord "liggaamlik" gebruik, waarskynlik omdat dit 'n suiwerder verwoording van die NG Kerk se belydenisskrifte is (sien byvoorbeeld die Apostoliese Geloofsbelydenis waar ons die opstanding van die vlees/liggaam bely, en ook die Heidelbergse Kategismus Vraag 57).

Maar hoekom hierdie spesifieke woorde? Die bedoeling met "histories-letterlik" en "liggaamlik" was hoegenaamd nie daarop gemik om die wonder wat eie is aan Jesus se opstandingsliggaam (asook ons eie in die toekoms) te ontken nie. Jesus kon immers na sy opstanding in verskillende dimensies beweeg. Aan die een kant kon hy bonatuurlik verskyn en verdwyn, en aan die ander kant ook brood en vis eet, soos wat die aangrypende Emmaus-verhaal in Lukas 24 so pragtig illustreer. Om hierdie merkwaardige vermoëns van Jesus se opstandingsliggaam te ontken, sou beteken om 'n hele paar bladsye uit die Nuwe Testament te skeur! Ons opstandingsliggame gaan vir seker nuwe en bonatuurlike komponente bykry. Ons sal byvoorbeeld vir ewig verlos wees van die sonde, en ons sal ook met onsterflikheid beklee word. Ons gaan verheerlikte liggame kry wat dus kontinuïteit én diskontinuïteit met ons aardse liggame sal hê. Kyk byvoorbeeld hoe mooi Paulus die metafoor van die saadkorrel in 1 Korintiërs 15:37 gebruik om dit te probeer verduidelik. Met twee meestersgrade op my kerfstok waarin ek intensiewe navorsing probeer (!) doen het oor die opstandingsliggaam, is dit ook belangrik om enkele misverstande uit te wys wat volgens wêreldklas Nuwe Testamentici ingeglip het in heelwat Bybelvertalings van spesifiek 1 Korintiërs 15:44. Sommige vertalers beweer dat Paulus hier praat van 'n "fisieke" téénoor 'n "geestelike" opstandingsliggaam. Dit kan die indruk wek dat "geestelik" nie-materieel en spookagtig gaan wees en dat daar géén kontinuïteit met ons aardse liggame sal wees nie. Dít is egter nie 'n goeie interpretasie en vertaling uit die Grieks nie. Die beste hermeneutiese vertaling wat ek kon opspoor vertaal hierdie vers soos volg: 'n Liggaam beklee met die natuurlike, en 'n liggaam onder die heer-

skappy en beheer van die Gees van God. Dit is nie die fisieke téénoor die geestelike nie, maar gaan oor die oriëntasie van 'n natuurlike liggaam teenoor 'n liggaam wat onder beheer van die Heilige Gees staan. Dus wil dit lyk of dit hier nie oor die substansie nie, maar die oriëntasie van die opstandingsliggaam gaan. Persone wat met hierdie interpretasie 'n probleem het sal moet aantoon hoe hulle Paulus op ander plekke interpreteer. In Romeine 8:11 (wat ook etlike jare ná 1 Korintiërs geskryf is) skryf Paulus: "En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame (thneta somata) lewend maak deur sy Gees wat in julle woon." So ook byvoorbeeld 1 Korintiers 6:14-15; 2 Korintiërs 4:10-14 en Filippense 3:21. Is dit dan nie tog geloofwaardig om aan te voer dat Paulus wel in Jesus se liggaamlike opstanding (sowel as ons s'n) geglo het nie?

*dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame (thneta somata) lewend maak*

Met die belydenis dat Jesus histories-letterlik en liggaamlik opgestaan het, wou die studenteverklaring egter nie ingaan op dinge soos die wetenskaplike bewysbaarheid daarvan, of die bonatuurlike en wonder-karakter van die opstandingsliggaam nie. Ook nie die feit dat geloof in Jesus se opstanding 'n geloofskeuse is, en dit die Heilige Gees is wat geloof wek nie. Hierdie is alles dinge wat op die een of ander manier relevant is, maar nie die fokus was van die verklaring nie.

Wat wou ons dan probeer sê met die verklaring? Ons wou in eenvoudige taal bely wat die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Skrif alreeds in die tweede eeu gesê het, nl. dat ons op grond van Jesus se opstanding self liggaamlik uit die dood opgewek gaan word, en dat ons ons verder wil distansieer van standpunte wat in die rigting van die *Jesus Seminar* en die Nuwe Hervorming geneig het. Niks minder nie, en niks meer nie.

Die radikale, verbysterende en opwindende nuus dat Jesus die dood en graf letterlik getroef het, kon vir ons hoegenaamd nie ruimte laat vir 'n klomp radikale interpretasies nie. Ek noem 'n paar bekende teorieë:

- dat Jesus se opstanding eintlik 'n hallusinasie of visioen van die dissipels en vroue was;



- dat 'n paar van hulle die liggaam gesteel en gaan wegsteek het;
- dat daar 'n liggaam in 'n graf agtergebly en ontbind het;
- dat dit deel was van 'n eerste-eeuse wêreldbeeld; of
- dat as alternatief die opstanding nou metafories en simbolies geherinterpreteer kan word.

Hierdie, en nog 'n paar ander soort herinterpretasies, wou ons verwerp. Daarom was daar in die verklaring aanhalings waarin professore Julian Müller, Jurie le Roux, Dirk Human en twee Kaapse teoloë, drs. Louis Jonker en Ben du Toit, soos ek dit verstaan het, uitsprake gemaak het wat juis in sulke rigtings verwarring gesaai het (elk het klaarblyklik 'n ander tipe alternatief voorgehou).

Ek wil dit weer beklemtoon: Die kommer wat ek en sommige studente gehad het, het hoegenaamd niks te make gehad met die bonatuurlike, verheerlikte en geestelike aspekte van die opstandingsliggaam nie. Dis 'n gegewe. Die probleem was dat die teoloë wat in die verklaring genoem is, klaarblyklik die soort standpunte van die *Jesus Seminar* en die Nuwe Hervorming wou akkommodeer wat direk verband gehou het met 'n skeptisisme oor die letterlike aspekte van Jesus se opstanding, en in besonder die leë graf. Of laasgenoemde bewese was/is, kom natuurlik tydens die latere ondersoeke onder bespreking wanneer gefokus gaan word op die drie Tukkies-dosente. Omdat ek nie later gaan uitbrei oor die Kaapse teoloë nie, plaas ek as bylaag 2 'n kort bespreking oor waarom hulle by die verklaring betrek is.

## Verklaring in die hand fakulteit toe

Met die verklaring in die hand is ek toe na die Fakulteit Teologie toe. Sonder enige vooraf reëlings het ek met my aankoms daar gesien dat veral die eerstejaars by die fakulteit was. Ek het die studente uitgenooi om die verklaring te lees en indien hulle sou wou, kon hulle dit onderteken. Niemand is geforseer of verplig nie. Inteendeel, ek het aan elke student wat dit gelees het gesê dat dit sy of haar eie keuse is. Ek het ook genoem dat ons dit graag *Kerkbode* toe sal wil stuur en ook aan predikante sal wil deurgee. Die meeste van hulle het dit aandagtig gelees en toe hul name bygeskryf. Daar was egter ook 'n paar wat die

verklaring vinnig "gescan" het en self besluit het om dit te teken.

Ek was nogal verbaas dat so baie studente die verklaring ondersteun het. Daar was selfs 'n student, Reinhardt Gerber, wat gevra het of hy dit nie twee keer kan teken nie. Hy het sterk gevoel oor die verklaring. Engelse studente het ook geteken nadat ek die verklaring in Engels aan hulle verduidelik het. John Mokoena spesifiek (wat voorsitter van die Presbiteriaanse studentevereniging was), was baie ingenome met die verklaring en het my nog op die rug geklop en sy vriende gaan roep om dit ook te teken. Teen laat die middag is die verklaring deur 36 studente onderteken wat dit self onder oë gehad het.

Ek moes die Vrydag 'n Kerkgeskiedenistaak inlewer en het Herman Giliomee se boek oor die geskiedenis van Suid-Afrika daarvoor nodig gehad. Ek het geweet Riaan het dit by sy huis en ry toe na hom toe om dit te leen, waarna ek sommer ook vir hom kon vertel van al die studente wat die verklaring geteken het. Op pad daarheen het my selfoon 'n paar keer gelui terwyl ek in die motor besig was om te bestuur. Ek het gesien dat dit dr. Flip du Toit se nommer is, maar het besluit om nie te antwoord nie. Buiten die feit dat ek bestuur het, het ek vermoed hy het seker iewers uitgevind van die verklaring en dat hy my dringend sou wou sien. Later sou dit uitkom dat dr. Alphonso Groenewald by die fakulteit was toe studente die verklaring onderteken het en dat hy onmiddellik vir dr. Du Toit daarvan laat weet het. Omtrent net toe ek voor Riaan se huis stop, kom die volgende sms van dr. Du Toit deur: "Ferdie, broederlike wenk: Los enige verklaring. Kobus Gerber en ek roep jou op vir gesprek Vrydag 8:00 by my kantoor. FdT."

Nóú wou hulle gesels, maar elke keer as ons gekla het oor dosente wat nie meer in Jesus se liggaamlike opstanding of uniekheid glo nie, is dit geïgnoreer, of het hulle die toutjies getrek soos dit hulle magsposisies gepas het. Hoeveel studente se geloof is toe nie al geruïneer nie? Hoeveel het toe nie al ontnugterd hul studies gestaak nie? Hoeveel het toe nie al alles vir soetkoek opgeëet in die klas nie? Drs. Du Toit en Gerber se oproep tot "gesprek" was maar net weer 'n plan om die status quo te beskerm, sodat teoloë kon voortgaan om hul verwarrende teorieë te verkondig. Gegewe die lang geskiedenis, en die paar studente wat in *Rapport* beweer het dat daar geen dwaalleer by Tukkies verkondig is nie, het ek dit nie oorweeg om dr. Du Toit te kontak nie, wat ook al die implikasie vir my eie toekoms in die NG Kerk sou wees. Nou terugskouend dink ek ook weer terug aan 'n soortgelyke oproep tot gesprek deur hulle twee, toe hulle wou hê dat ons die S.E.L. moes staak, omdat hulle klaarblyklik 'n meganisme in werking sou stel (wat toe doelbewus [?] van ons weerhou is).

By Riaan se huis aangekom, sê sy vrou toe vir my dat hy by een van ons professore[27] gaan kuier het. By die teoloog se huis aangekom, besluit ek toe om sommer die verklaring saam in te neem en dit vir hulle te wys. Ek het hulle vertel hoe verras ek was dat so baie studente die verklaring geteken het, en ook dr. Flip du Toit se sms vir hulle gelees. Waar die teoloog my al in die verlede gemaan het om nie voort te gaan met aksies teen die fakulteit nie, het hy merkwaardig genoeg hierdie keer niks gesê nie. Inteendeel, hy was heel simpatiek teenoor ons, iets wat hy nie sommer maklik sal kan ontken nie. Sy positiewe houding en opmerkings kon dalk verband gehou het met die feit dat ander teologiestudente intussen op 12 Junie in *Rapport* dit onomwonde gestel het dat daar nie dwaalleer by Tukkies verkondig word nie. Ons verklaring sou dan nie 'n eerste aksie wees nie, maar wel 'n reaksie teen ander studente wat eerste na die pers gegaan het. Ek weet nie. Ek oorhandig toe die verklaring aan die teoloog waarna hy besluit het om 'n afdruk daarvan vir homself te maak. Hy het ook met behulp van 'n geheuestokkie ("memory stick") 'n elektroniese kopié op sy rekenaar geplaas. Sy heel eerste opmerking, nadat hy die verklaring geneem en dit begin lees het, was dat 'n koerant of tydskrif dit nie só met die voetnotas onderaan (waar die dosente se name en verbatim aanhalings was) sou plaas nie. Die teoloog het voorgestel dat, indien ons die verklaring in die media wou plaas, ons die voetnotas sal moet uithaal en deel maak van die hoofteks aan die bokant van die verklaring. Die gevolg hiervan sou uiteraard wees dat die dosente se name, en ook die direkte aanhalings meer prominent in die hoofteks sou wees. Op grond van hierdie advies het ek afgelei dat *kosmetiese redaksionele wysigings* aan die verklaring gemaak moes word, sonder om aan die wese van

27 Met goeie rede gee ek nie die naam van hierdie professor nie.

die verklaring te verander (die tipe verstellings wat 'n koerantredakteur sou doen).

Ek het toe ook aan hom gevra of hy die verklaring sou ondersteun. Hy het aanvanklik gesê dat hy nie alleen so 'n verklaring sal ondersteun nie, maar dat hy ook ander kollegas by so 'n saak sal wil betrek. Hy wou nie 'n wig indryf tussen hom en sy kollegas nie. Later in ons gesprek het hy egter baie spesifiek gesê dat hy bereid sou wees om dit te teken, indien een spesifieke professor[28] by die fakulteit dit ook sou teken. Hy het nooit tydens ons gesprek enige kritiek oor die verklaring gelewer nie; ook nie na die tyd teenoor my persoonlik soos wat hy al in die verlede oor 'n ander saak gedoen het nie.

*dat hy bereid sou wees om dit te teken, indien een spesifieke professor dit ook sou teken*

Toe ons by die professor se huis uitloop om te ry, gesels ek en Riaan toe eers vir 'n rukkie by my motor. Hy het aan my gevra dat ek nie nou al die verklaring moes publiseer nie. Ek was teleurgesteld oor sy woorde, en het gewonder of hy nou onder die druk begin vou het. Ons het toe ooreengekom dat ek nog ondersteuners kon werf maar dat ek nie toe al sou voortgaan om dit vir die media te gee nie.

Met dit alles in gedagte, is ek huis toe en het ek dadelik aan die ander professor 'n e-pos gestuur, wat verduidelik wat dié teoloog gesê het oor die verklaring: As die teoloog dit teken, dan teken hy dit ook. Hy het nooit my e-pos beantwoord nie. Nou terugskouend, besef ek hy wou nie betrokke raak nie, wat natuurlik heeltemal verstaanbaar is.

Daardie aand is ek en my gesin Johannesburg toe. Omdat 'n paar van my naby vriende (wat oor die jare saam met ons bekommerd was oor sommige dosente), nie die oggend by die fakulteit was nie, het ek sommige van hulle gebel terwyl ek op pad Johannesburg toe was met die motor. Ek het kortliks die verklaring aan hulle verduidelik, maar ongelukkig nie die volledige verklaring vir hulle gelees nie. Om dit te gedoen het sou nogal lank geneem het want die voetnotas was

28 Met goeie rede gee ek nie die naam van hierdie professor nie.



relatiewe lang aanhalings van die betrokke teoloë. Ek het ook in die donker bestuur wat dit eintlik onmoontlik en gevaarlik sou maak om dit woord vir woord te lees. Ek was duidelik oorhaastig – iets wat ek nooit sal kan ontken nie en waaroor ek steeds vandag jammer is. Dit was onverantwoordelik van my om op my selfoon te praat terwyl ek bestuur, en terselfdertyd van 'n papier af te lees. Ek het aan almal die eerste deel van die verklaring gelees. As ek reg onthou het ek vir 'n paar van hulle gesê dat daar voetnotas is wat verwys na teoloë wat kontroversiële uitsprake oor Jesus se opstanding gemaak het. Ek het ook aan een of twee genoem dat ek vroeër by een van ons dosente was wat gesê het dat hy bereid sal wees om die verklaring te onderteken indien 'n spesifieke ander dosent dit ook sou teken. Al my vriende was positief oor die verklaring – gegewe die deel daarvan wat ek vir hulle gelees het. Ek het hulle name toe bygevoeg. 'n Paar van hulle het nie pertinent gesê dat ek hulle name kon byvoeg nie, maar uit hulle positiewe kommentaar het ek afgelei dat ek hul name ook maar kon byvoeg – iets wat natuurlik weereens 'n fout was. In totaal was daar toe ses en veertig name op die verklaring.[29]

Nou terugskouend, besef ek dat ek die verklaring eerder woord vir woord vir hulle moes gelees het, doodseker gemaak het dat hulle honderd persent verstaan wat hulle ondersteun, en ook benadruk het dat ondersteuning daarvan moontlik tot latere optrede teen ons kon lei. Ek erken ek was te haastig en gefokus op die einddoel en dat ek in sommige gevalle agterlosig opgetree het.

Maar wat was die einddoel wat gemaak het dat dinge vinnig moes gebeur? Wel, 'n paar dinge kan hier genoem word:

1. Ek sal dit nooit kan ontken dat die hartseer gebeure oor etlike jare by die fakulteit, en spesifiek hoe die kuratorium en sommige professore dit hanteer het, my ywer vir die verklaring aangevuur het nie;
2. Die paar studente se brief van 12 Junie 2005 in *Rapport* het in

29 Vir een vriend ('n finalejaarstudent) het ek 'n e-pos oor die verklaring gestuur. Ek het toe nie die verklaring self vir hom gestuur nie omdat ek die moontlikheid wou uitskakel dat die verklaring op een of ander manier by die kuratorium sou uitkom voordat ons dit amptelik bekend wou maak. Ek het toe nie hierdie vriend by die verklaring betrek nie.

my kop gemaal – ek wou vinnig 'n ander brief ook in die media kry; en

3. Natuurlik het ek geweet die predikantekonferensie was om die draai. Indien ek dit daar kon uitkry, sou daar moontlik uiteindelik 'n groep predikante wees wat ernstig oor ons bekommernisse sou wees. Maar wat die konferensie betref, het ek nie geweet presies hoe, wat en waar so iets sou kon realiseer nie, want slegs gelegitimeerdes is daarheen genooi.

## 'n Belangrike oproep

Dieselfde aand ontvang ek toe 'n verrassende telefoonoproep van ds. Dirkie van der Spuy van die NG Kerk Moreletapark. Hy wou weet hoe ons vergadering op 13 Junie verloop het, en wat ons besluit het om te doen. Ek het ds. Dirkie vroeër laat weet dat ons dit oorweeg om 'n verklaring op te stel en dat ons op die 13de Junie 'n vergadering sou hou om finaliteit te kry oor die pad vorentoe. Nadat ek kortliks vir hom vertel het wat gebeur het, het hy vir my gesê dat hy daaroor gebid het en tot die oortuiging gekom het dat ek by die predikantekonferensie moet wees wat van 20-22 Junie 2005 in Bloemfontein sou plaasvind. Hy het verder gesê dat dit sy oortuiging is dat wanneer die Here êrens tydens die konferensie 'n gewyde oomblik bring, ek moet opstaan en vra dat almal wat in Jesus se liggaamlike opstanding glo, moet opstaan as 'n getuienis vir die Here.

Ek was totáál uitgeboul deur ds. Dirkie se woorde. Ek het byna nie geweet wat om te sê nie! Ek noem toe vir hom dat die konferensie eintlik net vir predikante is en nie vir studente nie. Daarop het hy net herhaal dat hy ervaar dat ek daar moet wees en as die Here wil, sal ek daar wees. Waar ek self vroeër gedink het dat dit 'n goeie plan sou wees om die verklaring op een of ander manier by die konferensie uit te kry, het ek egter nooit gedink dat ek self daar teenwoordig sou kon wees nie. Daardie aand kon ek nie aan die slaap raak nie. Reg of verkeerd, my ooreenkoms met Riaan vroeër die dag, het soos mis voor die son verdwyn.

Die volgende dag onthou ek toe wat 'n leraar 'n paar dae tevore aan my gesê het: Sy gemeente het reeds vir hom betaal om die konferensie by te woon, maar dat hy ongelukkig nie meer sal kan gaan nie. Ek neem toe, veral na ds. Dirkie se oproep, die geleentheid waar en bel vir dr. Louis Louw van die NG Kerk Oosterlig en vra of hy kan probeer uitvind of ek in daardie leraar se plek kan gaan indien dit toelaatbaar is. 'n Rukkie later het hy die volgende sms aan my gestuur: "Ferdie, dis reg vir Bloemfontein. Wil jy, kan jy ook saam met ons ry?" Ek kon dit nie glo nie. Ek het nie geweet of ek gespanne of opgewonde moes wees nie.

Ek het toe voor die konferensie die voorgestelde redaksionele veranderings, na aanleiding van die gesprek met my professor, aan die verklaring aangebring. Terwyl ek daarmee besig was, het ek toe ook verdere tegniese verstellings gemaak om dit persgereed te kry. Dit het behels dat ek byvoorbeeld 'n e-posadres en die datum bygevoeg het; die studente se name volgens jaargroepe (eerste-, tweede-, derde-, vierde- en vyfdejaars), asook kerkverband uitgetik het, die dosente se name wat in die voetnotas was ook bo in hakies geplaas het en so meer. Ek het besef dat ek nie hierdie verstellings met die studente wat die verklaring onderteken het bespreek het nie, maar was tog oortuig daarvan dat dit so tegnies van aard was dat dit niks aan die wesenlike van die verklaring verander het nie. Terugskouend besef ek dat dit veel beter sou gewees het indien ek niks aan die verklaring verander het nie. Soos ons later gaan sien, sou hierdie veranderinge uiteindelik lei tot 'n dissiplinêre verhoor (al het ek voor die tyd verskoning gevra vir foute wat ek gemaak het). Die oorspronklike en gewysigde studenteverklaring verskyn aan die einde van die hoofstuk.

*sou hierdie veranderinge uiteindelik lei tot 'n dissiplinêre verhoor*

So effe tong in die kies (en sonder om my eie dom foute te ontken) bedien die gebeure van die afgelope jare my egter ook met 'n soortgelyke voorbeeld waarvan die uiteinde nie te sleg was nie. Niemand anders as drs. Kobus Gerber en Ben du Toit (wat, ten minste vir 'n groep studente, kontroversiële teoloë in sleutelposisies was), het 'n paar jaar gelede namens die hele NG Kerk 'n voorlegging aan die Parlementêre Portefeuljekomitee oor die Wetsontwerp op Burgerlike Verbintenisse gemaak. Professor Piet Strauss en dr. Johan Ernst sou onder meer nadat dit in die media bekendgemaak is, laat blyk het dat hulle nie oor die volle inhoud daarvan ingelig was nie (sien by-

voorbeeld *Beeld*, 23 November 2006 en *Volksblad*, 6 Desember 2006). Die Vrystaatse en Oostelike sinodes het na wat verneem word hulle gedistansieer van sommige interpretasies van die voorlegging. Sekere uitbreidings (of redaksionele byvoegings) wat drs. Du Toit en Gerber in die voorlegging gemaak het (wat ook nogal in die rigting van hulle eie meer linkse interpretasies gelei het), het nie presies ooreengekom met die voorlegging wat voor publikasie aan lede van die Algemene Sinodale Moderatuur (ASM) beskikbaar gestel is nie. Dit wou selfs lyk of sommige uitbreidings totaal verskil het van die dokument wat vroeër aan die ASM beskikbaar gestel is. Hierdie hele episode het erge spanning in die kerk en moderatuur veroorsaak, soveel so dat dr. Du Toit op ’n stadium klaarblyklik selfs aangevoer het dat hy nie kans sien om in sy pos aan te bly as hy nie die ondersteuning van kollegas in hierdie hele saak gaan kry nie. Hoe dit ookal sy, daar was polemiek daaroor, maar die kontroversiële drs. Gerber en Du Toit se bona fides is uiteindelik aanvaar sonder enige verdere (dissiplinêre) optrede. Was hulle deelgenote van die magtige linkse vleuel van die kerk waar diplomatieke immuniteit soms geld?

Hoe dit ookal sy, ek kan nie my eie foute ongedaan maak deur na ander insidente te verwys nie!

## Predikantekonferensie

’n Week of wat voor die konferensie begin het, het ek die vrymoedigheid geneem om met een van die hoofsprekers, die internasionaal bekende professor Eddie Gibbs van Fuller Theological Seminary, wat professor Malan Nel gereël het om by die konferensie op te tree, te kontak. Ek het kortliks vir hom my storie vertel en spesifiek genoem van ’n paar NG teoloë wat kontroversiële uitlatings oor Jesus se liggaamlike opstanding maak en die gevolge daarvan vir sommige studente. Hy het baie vriendelik teruggeantwoord, bevestig dat hy in Jesus se liggaamlike opstanding glo en voorgestel dat ek met ander eendersdenkende teoloë en predikante moet skakel wat ons studente kan begelei en ondersteun. Opmerklik in sy e-pos was dat, alhoewel hy klem geplaas het daarop dat ons in die postmoderne tyd waarin ons nou leef, die evangelie nuut en vars moet verkondig, hy erken het



dat ook hy hartseer is oor sommige teoloë in sy eie kerkverband wat nie meer by die basiese hart van ons geloof hou nie.

By die openingsgeleentheid van die predikantekonferensie het ’n gemaklike en mooi atmosfeer geheers. Dit was ’n hoendervleis-belewenis om saam met meer as 1 400 predikante die Here te loof met geestelike liedere. Daar was mooi momente by die konferensie. Tussen die besprekings deur het ou klasmaats gesellig in groepe gekuier. Etlike groepbesprekings het gefokus op die uitdagings wat die bediening vir predikante inhou. Vir baie was die besprekings geloofsversterkend. Vele is weer opnuut geïnspireer vir die pad vorentoe.

Predikante kon op strokies papier skryf watter onderwerpe hulle tydens groepbesprekings wou bespreek. Buvton van Stellenbosch, wat die fasilitering behartig het, het al hierdie versoeke versamel en verwerk. Daarna is die belangrikste temas saam gegroepeer en op die skerm geplaas, elk met ’n nommer by. Na die gesamentlike lesings kon predikante kies by watter groepbesprekings hy of sy ’n bydrae wou lewer en dan by daardie groep inskakel.

So het dit dan gebeur dat ek die eerste dag by sessie 16 – “Verkondig en leer die NG kerk nog die suiwer evangelie? Wat is die impak van die Nuwe Hervorming?” – gaan sit het. Daar aangekom, het ek ’n paar mense herken. Daar was dr. Sonette Pienaar (wat by professor Julian Müller haar PhD gedoen het), wat nie lank na die konferensie nie die NG Kerk verlaat het;[30] dr. Gerda de Villiers, redaksielid van die Fakulteit Teologie in Pretoria se webtuise; dr. Johan van Schalkwyk van die NG Kerk Lynwoodrif; ds. Nick Bezuidenhout, prominente lid van die kuratorium in Pretoria, professor Piet Strauss, en seker nog so vyftig ander predikante. Neels Jackson van *Beeld* en professor Piet Meiring het ook later daar aangesluit.

Tydens die bespreking het ek ’n spreekbeurt gekry en aangetoon dat daar dosente by Tukkies is wat nie glo in Jesus se maagdelike verwekking en liggaamlike opstanding nie en dat jare se broederlike gesprekke en klagtes op niks uitgeloop het nie. Hierop het spesifiek

30 Haar man, dr. Abel Pienaar (van wie sy intussen geskei het), het ook later uit die NG Kerk bedank en beweeg nou veral in Boeddhistiese kringe.

*wou hy ter wille van Tukkies se naam die vrede bewaar?*

ds. Nick Bezuidenhout (jarelange lid van die kuratorium se dagbestuur) dit ontken en aangevoer dat vyf studente vroeër in die pers (*Rapport*,12 Junie 2005) onomwonde verklaar het dat daar nie leerdwaling by Tukkies verkondig word nie. Daarop het ek toe genoem dat ek met 'n verklaring sit wat deur 46 studente ondersteun word met aanhalings uit artikels en gesprekke wat daarop dui dat daar wel dosente is wat nie glo in Jesus se liggaamlike opstanding nie. Professor Piet Meiring het in reaksie hierop gesê dat hy nie één NG dosent by Tukkies ken wat nié glo in Jesus se liggaamlike opstanding nie (*Die Burger*, 23 Junie 2005). Dít het my verstom, waarna ek toe min of meer probeer sê het dat professor Meiring wat die vak Missiologie aangaan ongetwyfeld 'n spesialis is, maar dat NG dosente die afgelope aantal jare so besig was met hulle eie sub-spesialiteite dat ook hy dalk nie tred kon hou met al die uitsprake wat kollegas intussen gemaak het nie. Die fasiliteerder (wat ek nie ken nie) het my gevra vir 'n afskrif van die verklaring. Ek was erg op my senuwees en wou dit eers nie gee nie, waarna baie dominees wat daar was, hardop en uit een mond by my aangedring het om dit te gee. Ek het toe een van slegs 'n paar kopieë wat ek by my gehad het met huiwering gegee. Ek was na aflooop van die gesprek oorbluf oor professor Meiring se bewerings. Het hy dalk nie tred gehou met al die verwikkelinge en uitsprake van kollegas nie, of wou hy ter wille van Tukkies se naam die vrede bewaar? Ek weet nie.

Ek plaas vervolgens 'n kort uittreksel van 'n berig wat Neels Jackson oor die gesprek vir *Volksblad* geskryf het, en wat die volgende môre verskyn het:

> "Mnr. Ferdi [sic] Mulder, teologiestudent aan die Universiteit van Pretoria, het ten tyde van die bespreking te kenne gegee dat daar 'n ernstige skroef los is met die teologieopleiding by Tukkies. Volgens hom aanvaar nie alle dosente die maagdelike verwekking van Jesus of sy liggaamlike opstanding uit die dood nie. Hy het gevra dat 'n onpartydige kommissie van ondersoek deur die kerk aangestel word om die saak te ondersoek. Ds. Nick Bezuidenhout van die gemeente Klerksdorp-Goudkop het gesê baie onbewese stellings word gemaak en dat van die stellings al weerlê is. Die kuratorium by Tukkies se fakulteit hanteer die sake" (*Volksblad*, 22 Junie 2005).



Die volgende dag is ek toe na sessie 1 – "Identiteit: die suiwerheid van ons gereformeerde leer en teologiese opleiding". Daar aangekom, was ek een van die eerstes daar. Dr. Danie Dreyer, wat toe op die dagbestuur van ons kuratorium gedien het (en intussen ná 2007 vir dr. Kobus Gerber opgevolg het as voorsitter), was die fasiliteerder. Aangesien ek reeds die vorige dag 'n afskrif aan die ander fasiliteerder oorhandig het, het ek dit goed gedink om ook 'n afskrif van die verklaring aan hom te oorhandig. Saam met drs. Kirkpatrick, Du Toit en Gerber was hulle die belangrikste rolspelers op die kuratorium. Ek sal dr. Dreyer se reaksie nie vergeet toe ek die verklaring aan hom oorhandig nie. Hy het dit geneem, 'n gespanne laggie gegee, dankie gesê en dit onmiddellik, sonder om eers daarna te kyk, opgevou en veilig in sy baadjiesak gebêre.

Ek het solank gaan sit en spesifiek vir dr. Flip du Toit uit die hoek van my oog gesien. Hy het ook sy plek daar kom inneem. Ek het vreemd genoeg 'n diepe vrede ervaar, al sou dit seker normaal gewees het om baie gespanne te voel. Wat moes in dr. Du Toit se kop aangegaan het? Hy het seker vermoed ek gaan iets met die verklaring doen; het hy dalk gewonder of ek regtig die "guts" gaan hê om dit daardie dag voor honderde predikante bekend te maak? Dit was asof ons beide geweet het dat dit neusie verby was met my en die NG Kerk na daardie dag.

Binne 'n paar minute was daar so baie predikante dat dit moeilik was om die fasiliteerder in die middel te kon sien. Sommige predikante het op stoele begin staan. Hierdie sessie het ongetwyfeld die grootste groep predikante daardie dag gelok. Die debat was heftig! Daar was duidelik twee hoofstandpunte waarneembaar. Die een groep (wat beslis die kleinste was) het beweer dat alles goed gaan met teologiese opleiding, terwyl die ander groep daaroor bekommerd was.

Veral professor Fanie Snyman, dosent in Ou Testament by Kovsies, en interessant genoeg later een van die teoloë wat betrokke was by professor Dirk Human se onskuldigbevinding aan leerdwaling, het fel gereageer teen wat hy beskou het as fundamentalisme. Hy het

dit die "dood in die pot" genoem. Teoloë wat op die oog af van hom verskil het, het ingesluit professore Sybrand Strauss (toe dosent in Sistematiese Teologie by Kovsies en wat interessant genoeg ook in Bloemfontein se teologies-wetenskaplike tydskrif *Acta Theologia* dr. Ben du Toit se veelbesproke boek, *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* gekritiseer het), Johan van Rensburg (dosent in Praktiese Teologie by Kovsies), drs. Gerhard Mahne, Henry Williams, di. Etienne Maritz, Ferdie Louw en nog 'n hele klompie wie se naamplaatjies ek nie kon sien nie. Professor Snyman het veral met professor Van Rensburg in 'n hewige woordestryd betrokke geraak. Waar professor Snyman sy standpunte oor fundamentalisme gemaak het, het professor Van Rensburg gesê dat hy bekommerd is oor sommige NG dosente en dat hy persoonlik teenwoordig was by 'n geleentheid waar 'n NG dosent die twee nature van Christus (sy goddelike en menslike natuur) ontken het. Ds. Etienne Maritz van Koppies, Weltevrede, het genoem dat hy vyf studente ken wat al vir 'n paar jaar aan hom noem dat hulle bang is om te kla en dat daar dosente is by Tukkies wat nie glo in die uniekheid van Jesus en die bestaan van die Satan nie. Ds. Ferdie Louw uit die Kaap het aangetoon dat daar by Stellenbosch ook 'n paar dosente is wat teologie leer wat in stryd met die Skrif is. Na die bespreking het ds. Louw sy ernstige kommer oor Stellenbosch verder onderstreep in 'n gesprek met my – as ek reg onthou het hy spesifiek ook verwys na kommer wat hy gehad het oor dr. Louis Jonker wat ek ook in die studenteverklaring aangehaal het. Hy het verder aan my vertel dat ook by Stellenbosch sommige studente in hopeloosheid verval, opskop en nie meer kon glo nie – ten minste tydens sy opleidingstyd.

*ook by Stellenbosch sommige studente in hopeloosheid verval, opskop en nie meer kon glo nie*

Terug by sessie 1. Dr. Henry Williams het gesê dat dit tyd geword het dat NG dosente sê waarin hulle glo.[31] Ek het my hand opgesteek met die verklaring daarin en net toe ek wou begin praat, val dr. Danie Dreyer my geïrriteerd in die rede met 'n ferm stem: "Dit is nie ter sake nie!" (met verwysing na die verklaring) en laat toe ander persone toe om verder te gesels. Uit desperaatheid gee ek toe die kopié in my hand aan professor Van Rensburg wat toe daarna verwys het en dit toe aan my teruggegee het (sonder om dit self in detail te bestudeer).

Dit is noemenswaardig dat ook dr. Henk Gous, op daardie stadium moderator van Wes-Transvaal en toe gewone kuratoriumlid by Tukkies (wat intussen sedert 2007 ondervoorsitter van die kuratorium geword het), ook 'n bydrae gemaak het. Hy het dit kategories gestel dat hy al baie jare op Tukkies se kuratorium dien en dat hulle geen klag teen dosente ontvang het nie

Ek kon dit net nie meer verder verduur nie en spring toe op uit my stoel. Steeds was daar so baie predikante wat hulle bydraes wou lewer dat ek maar moes wag totdat daar geleentheid vir my was om iets te sê. Een predikant het interessant genoeg genoem dat dit miskien tyd geword het dat predikante, soos wat dit in ander professies gebeur, dalk op 'n meer gereelde basis hulle sal moet herverbind tot die belydenis en waardes van die NG Kerk. Toe ek die geleentheid kry, het ek gesê dat dr. Flip du Toit as skriba van die kuratorium 'n baie moeilike taak het (ek hoop hy onthou dit!), maar dat daar wél klagtes by Tukkies se kuratorium ingedien is. Ek het egter toe nie self na die verklaring verwys nie.

Ná die bespreking het ek met dr. Gous gaan praat en weer bevestig dat klagtes wel skriftelik ingedien is by die kuratorium. Weer het hy gesê dat hy niks daarvan weet nie.

Ek plaas vervolgens 'n kort uittreksel van 'n berig wat Neels Jackson vir *Volksblad* geskryf het, en die volgende môre in die koerant was. Let veral op dat professor Meiring se uitspraak dat "hy [nie] weet van een van sy kollegas wat dit nie kan sê nie" (dat Jesus liggaamlik opgestaan het) eintlik die vorige dag tydens sessie 16 gemaak is, en redaksioneel deur Neels Jackson in hierdie berig bygevoeg is:

> "Professor Piet Meiring van die Universiteit van Pretoria het gepleit dat die debat op 'n hoë vlak gevoer moet word. "Ons skiet te veel met haelgewere op mekaar". *Hy het die liggaamlike opstanding van Jesus as die kern van die geloof*

31 Dr. Williams het in 2006 'n doktorsgraad oor prof. Johan Heyns voltooi met prof. Piet Strauss as promotor. Dr. Williams verwys ook in sy navorsing na prof. Johan Heyns se kommer oor prof. Jurie le Roux. Dit word breedvoerig in *Skrif en Kerk*, 1994 bespreek. Lees veral prof. Heyns se repliek op prof. Le Roux se artikel aan die einde van die uitgawe.

*Die kuratorium by Tukkies het geen klag teen sy dosente gekry nie.*

*bestempel en bygevoeg hy weet nie van een van sy kollegas wat dit nie kan sê nie* (my beklemtoning). Hy het, soos professor Piet Strauss van die UV die vorige dag, gevra dat mense wat wel klagtes oor dosente het, dit op skrif stel en na die kuratorium neem. Dr. Henk Gous, Wes-Transvaalse moderator, het gesê sulke klagtes word nie doodgedruk nie. Die kuratorium by Tukkies het geen klag teen sy dosente gekry nie" (*Volksblad*, 23 Junie 2005).

Met hierdie beriggewing in gedagte, hoop ek dat daar begrip vir my sal wees dat ek toe ook tydens die konferensie aan 'n *Rapport*-verslaggewer wat die konferensie op uitnodiging bygewoon het, 'n afskrif van die studenteverklaring gegee het. My indruk was dat hierdie persoon meer gebalanseerd sou kon berig oor wat werklik aan die gang was gegewe die berigte wat toe alreeds in die ander dagblaaie verskyn het. As ek reg onthou, het ek aan die joernalis gevra om nie op daardie stadium voort te gaan om daaroor te berig nie, ek wou eers met my vriende in Pretoria daaroor gesels.

Net na die heftige bespreking het 'n prominente teoloog[32] aangetoon dat hy met my wil gesels. Hou in gedagte dat hierdie teoloog (met wie ek ook al in die verlede sonder sukses gesprek gevoer het oor my bekommernisse by Tukkies) self lid was van die kuratorium. Hy het my eenkant toe geroep. Ek was senuweeagtig daaroor en vra hom toe of dr. Gerhard Mahne (een van my beste vriende, Johannes, se pa), wat daar rondgestaan het maar kan bystaan. Die teoloog was moeilik en wou dit nie toelaat nie. Hy wou alleen met my praat. Ek het skrikkerig gevoel en vir dr. Mahne gevra om asseblief by te staan. Ooglopend ontvrede dat dr. Mahne ook teenwoordig was het die teoloog toe min of meer vir my gesê dat ek nie as ongelegitimeerde by die konferensie mag wees nie, en dat ek besig is om 'n verklaring onder predikante te versprei, terwyl dit verbied word by die konferensie. In antwoord hierop vertel ek hom toe dat dr. Louis Louw spesiaal gereël

32 Ek weerhou hierdie teoloog se naam met redes aan my bekend.



het dat ek wel die konferensie mag bywoon, en dat ek slegs aan enkele leraars 'n afskrif van die verklaring gegee het (as ek reg onthou slegs vier uit 1 400). Na ons gesprek het ek besef dis tyd om te gaan – ons Kairos-dokument oor Jesus se opstanding is afgelewer.

Ek sou later verneem dat Quintus Scholtz, toe 'n sesdejaarstudent ook spesiale verlof van die organiseerders ontvang het om die konferensie by te woon. Ek was uitgeput en gedreineer na alles wat gebeur het, en bespreek toe 'n plek op die deurnag busdiens na Pretoria ná die aand se erediens. Ek sal daardie lang nag nie maklik vergeet nie. In die bus het ek die klein liggie bokant my kop aangeskakel, al die sms'e op my foon en my gereelde joernaal van al die onlangse gebeure neergeskryf, 'n hele paar trane afgevee en omtrent nie 'n oog toegemaak nie, tot sesuur die volgende oggend. Alles wat gebeur het was soos 'n onwerklike droom.

Toe ek al die gebeure in perspektief probeer plaas, en ook die koerantberigte wat Neels Jackson oor die konferensie geskryf het in meer detail bestudeer, was die prentjie wat geskets is heel skeefgetrek. Professor Meiring het beweer dat ál die dosente in Jesus se liggaamlike opstanding glo; ds. Nick Bezuidenhout het dwaalleer ontken; en dr. Henk Gous het beweer dat geen klagtes al ooit ontvang is nie. Laasgenoemde twee predikante was beide lede van die kuratorium by Tukkies.

Later dieselfde dag het ek vir Riaan, Dirk, Pierre, Johannes en Gerhard ('n eerstejaarstudent wat kort hierna opgeskop het) gebel vir 'n dringende vergadering.

Ek het alles wat gebeur het aan hulle verduidelik. Ek was besorg oor wat Riaan se reaksie sou wees oor die feit dat ek toe wel die verklaring oorhandig het. Hoe meer ek vertel het (vanaf ds. Dirkie van der Spuy se oproep en verder), hoe meer het hulle begrip gekry, totdat hulle uiteindelik almal heelhartig dit met my eens was. Ek was verras deur Riaan se begrip en ondersteuning. Daar is toe eenparig besluit, Riaan inkluis, om die verklaring níé na *Beeld* nie, maar na *Kerkbode* en *Rapport* te stuur vir publikasie. Ons het Neels Jackson se beriggewing as eensydig ervaar omdat hy nie na die verklaring verwys het nie. Sy beriggewing was, nou terugskouend, ook nie heeltemal akkuraat nie aangesien hy sommige van professor Meiring se stellings tydens die

eerste dag gebruik het in sy berig wat hy oor die tweede dag geskryf het. Dit wou lyk of die redaksionele samevoeging daarvan 'n gerieflike prentjie sou skets om die *status quo* beter te laat lyk as wat die realiteit was. Ons het ook saam besluit dat 'n foto van ons geneem kan word (álmal was ten gunste daarvan). Ek het namens die groep nog 'n paar van die studente wat die verklaring geteken het gebel. As ek reg onthou, was ons omtrent twaalf studente van wie die koerantfotograaf daardie middag 'n foto kom neem het. Ons motivering was hoegenaamd nie goedkoop sensasie nie. Inteendeel! Ons het baie goed geweet watter nadelige gevolge dit moontlik vir ons kon inhou. Die studenteverklaring was 'n geloofsbelydenis waarin ons in die openbaar 'n getuienis wou lewer, en waarin ons openlik wou verklaar wat ons glo en waarmee ons verskil. Dit was ook 'n protes teen die langdurige institusionele magspeletjies wat jong studente vir etlike jare moes trotseer. Ek het toe die elektroniese verklaring ook na dr. Ben du Toit in die Kaap gestuur wat die bekende *Vrydagnuus* elke week aan honderde predikante stuur. Hy het ook mos vroeër die vyf studente van Tukkies se *Rapport*-brief waarin beweer word daar is geen dwaalleer nie elektronies uitgestuur.

*'n protes teen die langdurige institusionele magspeletjies*

Daardie selfde aand ontvang ek toe 'n e-pos van 'n vooraanstaande teoloog wat ook een van ons groot mentors was. Nou na alles het dit bekend geword dat dr. Flip du Toit waarskynlik as 'n laaste uitweg hierdie teoloog gekontak het om ons te probeer oortuig om die verklaring uit *Rapport* te hou. In die skrywe het die teoloog gesê dat hy iewers uitgevind het dat ons met die media wil praat en dat hy my mooi wil vra dat ons dit nie moet doen nie. Hy het ook gesê dat na alles wat gebeur het, dr. Du Toit en die kuratorium nou regtig bereid is om na ons te luister. Omdat hierdie teoloog nog altyd ons belange op die hart gedra het, en een van ons groot rolmodelle was, was ek half in my spore gestuit. Hierdie teoloog was dan een van die teoloë wat hom al so sterk uitgespreek het teen ander wat twyfel saai oor Jesus se liggaamlike opstanding! As die koerantberig en foto sou voortgaan, dan sou ons iemand verloor wat nogal belangrik was vir ons hele saak. Ek het probeer rustig raak en het toe weer ernstig oor die hele verklaring gaan nadink asook die gebeure by die predikantekonferensie. In my hart het ek besef dat die media eintlik 'n skewe beeld geteken het van wat regtig by Tukkies en die kuratorium aangaan. My gemoed was in twee geskeur. Ek was nie oortuig daarvan dat dr. Du Toit en die kuratorium nóú skielik na ons gaan luister nie, maar het toe uiteindelik met my kop besluit ons moet dadelik die media laat weet om dit te stop. Ek e-pos die teoloog toe vinnig om hom in te lig dat ons dit onttrek. *Rapport* het ons versoek gerespekteer; ons kon die berig gelukkig betyds keer – daar was géén sprake daarvan in die Sondagkoerant nie. Dr. Ben du Toit het toe ook al, voor ek die besluit geneem het, laat weet hy gaan dit nie in die *Vrydagnuus* uitstuur nie.[33] Tussen hakies, dr. Du Toit sou dit in elk geval nooit plaas nie, al sou daar tegnies geen fout daarin gewees het nie, want juis hy was een van die teoloë na wie ons in die verklaring verwys het.

Jean Oosthuizen van *Kerkbode* se storie het egter nie mooi geëindig nie. Interessant dat Oosthuizen my gebel het voordat ek hom kon bel. Ek vermoed Oosthuizen neem gesprekke op band op. Ek sou graag die opname van ons gesprek eendag wil hoor. Ek het aan hom gevra of hy nie asseblief maar eerder die verklaring sal los nie. Oosthuizen was adamant dat hy dit nié gaan los nie, en dat hy voortgaan om oor die hele debakel te berig. Watter soort joernalis tree so op, het ek later gewonder?

"NG teoloë kap dwaalleer-brief" (*Beeld*, 25 Junie 2005), het nie net skokgolwe deur die kerkgemeenskap gestuur nie, maar was ook vir my, Riaan en Johannes wat alles in ons vermoë gedoen het om die verklaring uit die media te onttrek 'n skok. Eerlikwaar! *Beeld* het nooit die verklaring in die hand gehad nie. En *Rapport* se verslaggewer het

33 In die dekkingsbrief wat die verklaring na dr. Ben du Toit vergesel het, het ek gepraat van "jarelange broederlike gesprekke wat niks opgelewer het nie". Dr. Du Toit het daaruit afgelei dat ons daarmee bedoel het dat ons ook met hom sulke gesprekke gehad het. Dit was egter nie die enigste manier hoe mens die dekkingsbrief hoef te gelees het nie. Die jarelange broederlike gesprekke waarby hyself betrokke was sedert sy kontroversiële boek in 2000 verskyn het was tientalle. Hy sal ook weet dat daar 'n ondersoek in die Kaap was waar prof. Bernard Combrink hom nog bygestaan het. Dr. Du Toit sal ook onthou dat hy nie wou antwoord op vrae wat verskeie vooraanstaande teoloë aan hom gestel het nie. Sien byvoorbeeld, proff. Jan van der Watt, Stephan Joubert, Adrio König en Jan du Rand se artikel "Te min bly oor" (*Kerkbode*, 2001).

ons ook die versekering gegee dat dit nie hulle was wat dit aan *Beeld* gegee het nie. Ek vermoed dat dit drs. Ben du Toit, Flip du Toit of professor Cas Vos was wat die verklaring saam met hulle negatiewe kommentaar daaroor aan *Beeld* gestuur het. Dié vermoede is nogal geloofwaardig as mens in gedagte hou dat dit 'n paar weke later aan die lig gekom het dat professor Cas Vos gereël het dat professore Piet Meiring en Nick Grove (lg. toe die registrateur by Tukkies) vir *Rapport* geskakel het om nie ons verklaring te publiseer nie. 'n Paar dae voor die verklaring in *Rapport* sou verskyn, het professor Vos op kampus in Johannes Mahne vasgeloop ten tye waarvan professor Vos toe verneem het van die verklaring. Professor Vos wou dus nie hê dat daar in *Rapport* 'n berig verskyn nie. Die Saterdag voordat *Rapport* die Sondag sou verskyn, is daar toe die berig in *Beeld*, wat die verklaring aanhaal, maar ook met uiters afwysende kritiek van drs. Ben du Toit, Flip du Toit en professor Cas Vos. Hulle was dus ten gunste van 'n *Beeld*-artikel, maar nie 'n *Rapport*-artikel nie.

Die berig in *Beeld* was interessant genoeg nie deur Neels Jackson geskryf nie, maar deur een van sy kollegas Johannes de Villiers (uit die Kaap) wat glad nie eens by die konferensie was nie. 'n Berig het ook *Die Burger* se voorblad gehaal.

Wat was werklik hier aan die gang? Dr. Flip du Toit pleit 'n paar dae tevore by een van ons mentors om ons te oortuig om die koerantberig uit *Rapport* te hou, omdat die kuratorium toe na ons sou luister na alles wat gebeur het. Ons onttrek die verklaring, maar dan verskyn die verklaring met dr. Du Toit en professor Cas Vos se goedkeuring en afwysende kommentaar in *Beeld*. Was die suggestie (soos aan ons mentor oorgedra) dat die kuratorium tóé na ons sou luister nie maar net 'n tegniek om dit uit *Rapport* te hou, sodat hulle die uitklophou in *Beeld* (waar hulle goeie kontakte het) kon plant nie?[34]

Hoe dit ookal sy, sedert die verklaring in die media verskyn het, wou ek en Riaan regtig probeer uitvind wie die verklaring vir *Beeld* gegee het. By twéé latere geleenthede (tydens byeenkomste by die NG Kerk Bosmanstraat en die NG Kerk Moreletapark) het ek persoonlik aan Neels Jackson gevra wie presies die verklaring aan hulle gegee het. Sy oë het vir my gesê dat hy weet, maar tot vandag toe weier hy om vir ons te sê. Ek dink hy wou die persoon beskerm. Uiteindelik het dit tot gevolg gehad dat daar sedert 25 Junie 2005, in *Beeld*, *Volksblad* en *Die Burger* gesamentlik meer as dertig berigte oor die studenteverklaring verskyn het.

Wat moes ons nou doen? Ja, die verklaring was beplan, opgestel, laat teken, predikantekonferensie toe geneem en daar is besluit om dit vir die media te gee. Voor publikasie het ons egter, nadat ons weer herbesin het, dit onttrek. Iemand anders, wat toegang tot die verklaring gehad het, en waarskynlik met 'n strategie om 'n vinnige uitklophou te plant, het dit aan *Beeld* gelek. Wat nou gemaak? My gemoed was deurmekaar. Dinge het hierna so vinnig gebeur.

34 Toegegee, dr. Du Toit het sy bes probeer om met my kontak te maak – en ek het nie op sy versoeke gereageer nie. Hy was egter wel suksesvol om deur een van ons mentors die verklaring uit *Rapport* te kry. Of die mentor hom laat weet het dat ons dit uit *Rapport* onttrek het weet ek nie.

HOOFSTUK VYF

# Studente gedreig

Voordat ek kom by die dreigemente wat sou volg, net eers 'n woord oor 'n handjievol studente vir wie ek nie die voetnotas oor die foon gelees het toe die verklaring nog in proses was nie. Natuurlik verstaan ek vandag waarom sommige van hulle teleurgesteld in my was en ook onttrek het van die verklaring. Ek neem hulle hoegenaamd nie daarvoor kwalik nie. Ek het hulle ook later skriftelik om verskoning gevra. Uit die groep van 46 was hulle egter 'n klein groepie – en tussen hakies, sommige van hulle het nog merkwaardig genoeg tot die einde toe geweier om te onttrek totdat dr. Du Toit op 'n bepaalde manier opgetree het (wat hieronder bespreek word).

Sommige studente wat die verklaring onderteken het, of wie se name telefonies bygevoeg is, het ook 'n dag of so voor die *Beeld*-berig verskyn het die volgende sms van dr. Flip du Toit ontvang:

> "Kennis geneem van ondertekening van Verklaring (Ferdie). Moontlike regsaksie kan volg. Kontak my dringend v-oggend by 0124202892 Groete Flip du Toit."[35]

Soos die spreekwoord sê, toe is die kat los in die hoenderhok. Dr. Du Toit het toe al voordat hy dié sms uitgestuur het ook die saak met professor Graham Duncan van die Presbiteriaanse Kerk bespreek. Dr.

35 Intussen het dr. Du Toit in 'n skrywe (18 April 2006) aan gemeentes ontken dat die kuratorium ooit regstappe sou neem teen studente. Die sms het hy gesê, was omdat daar ouers en dosente was wat daarmee gedreig het. Ek weet egter dat die sms as afdreigmiddel gedien het vir studente wat dit ontvang het.

*he threatens me under the discipline of the church*

Du Toit moes dus die verklaring in die hand gehad het, anders sou hy nie geweet het dat sewe van die Presbiteriane se name daarop verskyn het nie. Die Presbiteriaanse Kerk was die nuutste vennoot by die fakulteit, en gegewe die feit dat hulle studente almal saam in 'n kommune woon en professor Duncan vir hulle verantwoordelik is, sou dr. Du Toit se strategie uiteraard wees om hulle so ver te kry om te onttrek.

Die Maandag ná die Saterdag se *Beeld*-berig, verskyn daar toe die volgende berig: "Hulle het nié brief geteken, sê 7 van UP. Studente distansieer hulle van 'dwaalleer'-kritiek" (*Beeld*, 27 Junie 2005). Dit was die sewe Presbiteriane wat nou ontken het dat hulle ooit die verklaring self onderteken het. Hulle het verder gesê hulle is mislei en dat hulle hul distansieer van enige kritiek teen die Fakulteit Teologie. Hier was iets vir my nie pluis nie want hulle hét elkeen met hulle eie hande die verklaring onderteken nadat ek dit aan hulle verduidelik het. Hulle was nog ooglopend so ingenome daarmee, gegewe die besware oor die fakulteit wat sommige van hulle toe al oor 'n geruime tyd met my bespreek het. Nie lank na die berig verskyn het nie, ontvang ek toe die volgende sms van een van my Presbiteriaanse vriende:

> ". . want to mess up . . the church . . he threatens me under the discipline of the church. I could not argue cz I'm far home. I did what he said, but Christ rose from dead."[36]

"he threatens me under the discipline of the church. I did what he said"? Professor Duncan het hom gedreig. Ek en hierdie vriend was groot maats. Ons was nog vroeër saam na die onvergeetlike begrafnis van dr. Beyers Naudé in Johannesburg. Die onttrekking van die verklaring was, soos sy sms weerspieël het, nie 'n maklike besluit vir hom nie. Hulle het geen keuse gehad as om van die verklaring te onttrek nie. Die Presbiteriane (waarvan die oorgrote meerderheid uit voorheen agtergeblewe gebiede gekom het) was byna honderd persent afhanklik van kerklike befondsing vir hulle studies en verblyf, met die gevolg dat enige een wat nie die verklaring sou los nie, die moontlikheid van dissiplinêre stappe deur hulle kerk in die gesig sou staar, en heel moontlik die opskorting van befondsing vir hulle studies. Ek het betroubaar verneem dat dié vriend wat die sms hierbo aan my gestuur het, uitgesnuffel is. Hy was verplig om 'n verklaring te maak om die sms as't ware te neutraliseer. Klaarblyklik is daar toe ook 'n dokument opgestel waarin ek belet is om ooit weer die Presbiteriaanse studente se woning te besoek.

36 Die kolletjies (. .) in hierdie sms was net so ontvang op my selfoon.



'n Groep NG studente het paniekerig geword. Dit was 'n ongelooflik spanningsvolle tyd by die fakulteit. Soos wat studente dr. Du Toit geskakel het, kon hy nou sê die Presbiteriane was mislei, wat al hoe meer van hulle verward gemaak het oor die verklaring. Die berigte in die media het dit alles net vererger.

Nog 'n sms is aan die oorblywende studente (behalwe vir my) gestuur: "Dringend: Ernstig. Talle mislei met Ferdie verklaring. Volstaan jy met onbroederlike - kerklike - waar aanval op dosente? . . . F.du Toit". Een vir een het die studente begin om hulle te onttrek aan die verklaring – insluitende die groot meerderheid wat die verklaring self onder oë gehad het. Die Donderdag verskyn daar toe nog 'n berig in *Beeld* met die opskrif: "Nog UP-studente los protesbrief" (*Beeld*, 30 Junie 2005). Daarin is berig dat nog tien studente, hierdie keer van die NG Kerk, hulle name onttrek het.

*Dr. Du Toit [het] op hom geskreeu omdat hy nie wou onttrek nie.*

Daar was egter nog 'n paar dosyn studente wat nog nie onttrek het nie. Dr. Du Toit het toe 'n amptelike brief, met die sanksie van die kuratorium, opgestel waarin hy al die oorblywende studente 'n paar dae gee om te onttrek, waarna enige verdere ondersteuning van die verklaring tot verdere stappe deur die kuratorium sou lei.

Een student het my later persoonlik ingelig dat dr. Du Toit op hom geskreeu het omdat hy nie wou onttrek nie.

Dr. Du Toit het glo vir hom gesê dat hy maar kan vergeet om 'n predikant in die NG Kerk te word as hy nie van die verklaring onttrek nie. Hy het toe teësinnig onttrek en is vandag 'n NG predikant. Tussen hakies, ons is vandag nog goeie vriende!

My vyfdejaarvriende wat saam met my die verklaring beplan het, was in 'n besonder moeilike situasie. Gegewe die min tyd wat aan

hulle gegee is om te besluit of hulle gaan onttrek, en omdat hulle die saak met my wou bespreek, het hulle toe aan dr. Du Toit gevra of hulle asseblief nog 'n paar dae tyd kon kry om alles te oorweeg. Dr. Du Toit se antwoord was soos volg:

> "Uitslag vertoë: Nie toegestaan nie. Geleentheid tot moremiddag om 16h00 om naam van lys te verwyder by kamer 2-24 Teologie Gebou. Groete Flip du Toit."

Op die laaste dag het hulle my geskakel. Hulle was bymekaar en het 'n "speakerphone" gebruik om met my te praat terwyl ek op daardie stadium saam met familie op vakansie was.

Die druk was enorm. Dit was so helder soos daglig dat indien hulle nie van die verklaring onttrek nie, hulle nie in die NG Kerk gelegitimeer sou word nie, of, ten minste glad nie aanbeveel sou word vir legitimasie deur die NG dosenteraad en kuratorium nie. Dit was terloops presies wat professor Dirk Human in sy skrywe aan die kuratorium, wat later aan my beskikbaar gestel is, geëis het. My vriende wou my oortuig om saam met hulle die verklaring te los. Ons het lank gesels. Dit was hiernatoe en daarnatoe. Tot op die einde het Riaan gedink hy gaan my so vêr kry om saam met hom uit te klim. Die argument was dat as ons almal onttrek, die krisis wat die verklaring veroorsaak het, ontlont kon word, wat dán werklike openhartige gesprek tot gevolg kon hê. Ek kon nie aanvaar dat dit die geval sou wees nie – gegewe al die gebeure by die kuratorium sedert veral 2003. Ook gegewe dr. Du Toit se woorde aan een van ons mentors dat ons die verklaring moet stop, maar toe word dit wel met sy seën en skerp kritiek in *Beeld* geplaas. Ek het vasgeskop. Uiteindelik sê ek toe aan hulle dat hulle met my seën kon onttrek, en dat dit miskien goed is dat ek heeltemal alleen staan. Sodoende, het ek geredeneer, kon die kuratorium voel hulle het gewen en dissiplinêr teen my optree, maar die dosente oor wie die verklaring gegaan het sou egter ook by die verrigtinge moes kom getuig. Sodoende, het ek gedink sal die waarheid uitkom oor wat die dosente geskryf en gesê het oor Jesus se opstanding. Verder sou dit ook dan aan die lig kon kom hoe dr. Du Toit en professor Duncan van die ander studente gedreig het om van die verklaring te onttrek. Uiteindelik het my vriende toe hulle



onttrekkingsbriefies net voor vieruur die middag by dr. Du Toit se kantoor afgelewer.

## Dosente moet verduidelik

Die drie Tukkies-dosente het 'n paar dae nadat die verklaring in *Beeld* verskyn het 'n persverklaring uitgereik. Ek het dit van die NG Kerk se webtuiste afgetrek. Langs die verklaring was daar 'n foto met drie kruise daarby geplaas. Drie professore en drie kruise. Dit is belangrik om die volle inhoud van die verklaring hier aan te haal:

> "Met groot teleurstelling neem ons kennis van die openbare Verklaring rondom die opstanding van Jesus Christus, waarin ons saam met ander kollegas verkeerdelik geëtiketteer en onbillik behandel word deur die inisieerder daarvan, mnr. Ferdie Mulder en diégene wat hom ondersteun. Die Verklaring skep valse persepsies oor ons persoonlike standpunt rondom die opstanding en kom neer op openbare naamskending. Op 'n onverdiende wyse bereken hierdie valse persepsies vir ons persoonlike en openbare skade. Verder werk dit negatief in op enige openbare teologiese debatte. Ons vind dit egter totaal vreemd dat sogenaamde yweraars van die christelike waarheid hierdie weg van optrede volg, want
>
> - nêrens het mnr Mulder of enige ondertekenaar met ons 'n 'broederlike gesprek' oor die aangeleentheid kom voer nie – dit sou tog pas;
> - niemand het ons by die kuratorium van die kerk of by die universiteitsowerhede van dwaalleer of verkeerde optrede aangekla nie;
> - in die Verklaring word die inhoud en gees van ons akademiese werk misken en verdraai, sodat dit klink asof ons 'n dwaalleer oor die opstanding verkondig – hierdie optrede vind ons onchristelik en liefdeloos;
> - dit blyk dat mnr Mulder talle studente mislei het in die ondertekening van hierdie protesskrif.
>
> In aansluiting by die gees en inhoud van ons dekaan, pro-

fessor Cas Vos se brief van 25 Junie (Fakulteit oor sy taak, Skrif, Christus) bevestig ons dat ons Sondae die opstanding van Jesus Christus, saam met die kerk bely, soos dit in die Apostoliese geloofsbelydenis verwoord is.

Professore Dirk Human, Jurie le Roux en Julian Müller, dosente, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria (www.ngkerk.org.za/verklarings Julie 2005)."

Ek moet erken dat my bloed wou kook toe ek dié verklaring van die dosente lees. Nie net het die drie kruise wat by die verklaring geplaas is, op moontlik subtiele wyse hulle as martelare voorgehou nie, maar daar was soveel probleme in dié verklaring wat ek hoop die noukeurige leser van die lang verhaal sal raaklees. Ek sou in detail die verklaring kon ontleed en bespreek, maar laat dit aan elkeen oor om self te interpreteer. Miskien kan ek eerder 'n uittreksel hier plaas van 'n berig wat in Augustus 2005 in *Die Vrye Afrikaan* verskyn het, en wat nogal merkwaardig akkuraat oor sommige van die gebeure berig. Ek weet nie wie dit geskryf het nie, dit was anoniem, maar die redakteur het later verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Die opskrif van die artikel was "Opstand in die NG Kerk". Ek haal 'n uittreksel daaruit aan:

". . . 46 studente is per sms gedreig met moontlike regstappe. Daarna is hulle een vir een ingeroep en is aan hulle voorgehou dat legitimasie hulle geweier kan word, sou hulle voortgaan met die klag. Die opsteller het nie die studente breedvoerig in die inhoud van die klag geken nie, sê die kuratorium. Ná intense ondervraging en berisping is die studente later ook onseker en distansieer hulle van die opsteller. Die kwessie begin ruik na 'beheer deur vrees'.

Maar intussen kom dit aan die lig daar ís studente wat sê hulle probeer al jare lank vertel dat hulle nie met van die uitsprake van sommige dosente saamstem nie. Niemand het egter tot dusver gehoor nie, sê hulle agteraf.

Maar hulle verkies nou om stil te bly: Nie net hulle legitimasie nie, maar ook hul beurse kan in die gedrang kom . . . Die dreigement is nie net teen studente gemik nie. Dosente aan van die kweekskole vertel agteraf hulle wil liewer nie meer met die media praat nie. Hulle is gewaarsku dat hulle en hul uitsprake dopgehou word. En hulle het gesinne, sê dié teoloë" (19 Augustus 2005).[37]

Nadat al die studente hulle aan die verklaring onttrek het, het 'n volgende fase aangebreek: Die dosente wat in die verklaring genoem is, is geleentheid gegee om hulle onskuld voor die fakulteit tydens die godsdiensperiodes te verdedig.

Professor Julian Müller was eerste aan die beurt. Sy lesing was spesifiek op sy aandrang en dus nie gedwonge nie. Ek was teenwoordig en het met groot aandag geluister wat professor Müller op die hart gehad het. Ek het voor die tyd besef dat indien hy werklik daardie dag die liggaamlike opstanding van Jesus bely (in teenstelling met sommige van sy geskrifte en radiogesprek), ek nie 'n ander keuse sou hê as om met hom te versoen en amptelik om verskoning te vra nie – al sou dit hoe traumaties en moeilik vir my wees.

Dit het relatief duidelik in professor Müller se lesing na vore gekom dat hy diegene wat sterk voel oor Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf verdink het van 'n uitgediende teologie wat werk met "formules" wat "stol", wat "isoleer", en wat "onaantasbaar" is. Terloops, soos ons in die onderstaande aanhaling gaan sien, verwys professor Müller na die "histories-fisiese" opstanding wat nooit die vraag was wat gevra is nie. Teenoor diegene wat besorg was oor die liggaamlike opstanding het hy sy interpretasies en geloof in die opstanding beskryf as "kreatief", "onversadigbaar soekend", "vry" en deel van 'n "nuwe taal". (Hierdie aanhalings kom almal uit sy lesing wat kort daarna op die internet geplaas is – www.teo.co.za Augustus 2005). Professor Müller het hierna veral gefokus op sy waardering vir wat hy bestempel het as die sobere en ekonomiese verwysing na Jesus se

37 www.dievryeafrikaan.co.za 19 Augustus 2005. Kyk 7 September 2005 se uitgawe vir die dagbestuur van die Fakulteit Teologie se kommentaar op hierdie berig. Op 19 Oktober 2005 het dr. Kobus Gerber ook gereageer op hierdie berig en vra onder meer: "Ons sou met die oog op ons reaksie net graag wou weet van wie die anonieme artikel kom." Die redakteur het o.a. die volgende antwoord verskaf: "Dit is algemeen aanvaarde praktyk in die joernalistiek dat artikels en berigte om 'n verskeidenheid van redes anoniem geplaas word. As redakteur staan ek in vir die artikel, waaroor die debat met hierdie uitgawe afgesluit word."

opstanding in die Heidelbergse Kategismus se vraag 45. Professor Müller het dit soos volg verwoord:

> "In my eie verstaan en verwoording van my geloof in die opgestane Heer, het ek my nog altyd sterk laat lei deur die benadering van die Heidelbergse Kategismus. Dit is sekerlik nie sonder betekenis nie dat die Kategismus uit die 129 vrae en antwoorde, net een enkele vraag en antwoord aan die opstanding afstaan (vraag 45). En al wat gevra word is: 'Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?' Daar word nie gevra na of gespekuleer oor die fisiese opstanding van Christus nie . . . In plaas daarvan word daar besin oor die metaforiese of figuurlike betekenis van die opstanding . . . Ek voel my in goeie geselskap. Die aanklagte wat teen my ingebring is, sal definitief ook teen die Heidelbergse Kategismus ingebring moet word, want die Leermeester het nagelaat om die woorde 'histories-fisies' te gebruik in sy verwoording van die opstandingsgeloof."

Teen die einde het professor Müller onder meer die volgende gesê:

> "Ek is kwaad daaroor dat ek moet redeneer, argumenteer en selfs verdedig oor die korrekte bewoording van 'n geloofskonstruk . . . Ek dink dis tragies dat teologiese studente en dosente hulle energie aan ortodokse praatjies moet bestee, terwyl honderdduisende mense daarbuite vasgevang is in die greep van die verskriklikste armoede en werkloosheid; doodgaan aan Vigs; ly en gemarginaliseer word omdat ons samelewing en ook ons kerklike samelewing besmet is met homofobie, met intolleransie, met rassisme en seksisme."

Professor Müller se lesing het my verstom. Toe ek die gebeure in oënskou neem, het ek afgekom op die aangrypende vraag 57 van die Heidelbergse Kategismus wat sê:

> "Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou? Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word."



Buiten die feit dat ek verbaas was dat professor Müller nie Jesus se liggaamlike opstanding wou bely nie, was ek later ook teleurgesteld dat hy klaarblyklik besorg was oor "armoede, werkloosheid en mense wat doodgaan aan Vigs" , terwyl ek en ander vir wie Jesus se liggaamlike opstanding belangrik was klaarblyklik tyd gemors het met "ortodokse praatjies". Sommige van ons studente het dan op daardie tydstip juis vanweë ons geloof in die lewensveranderende letterlike opstanding van Jesus by 'n weeshuis in Pretoria gehelp, en ek en Riaan was ook by 'n plakkerskamp betrokke waar daar 'n MIV-kliniek begin is. Met dit as agtergrond vra ek toe die volgende aan professor Müller:

> "Ek wil net vra professor, as mens die vraag mag vra, glo professor dat Christus liggaamlik opgestaan het, want die idee wat ek gekry het in van u werk oor 'n klomp jare, en na baie gesprekke ook met u op 'n stadium en ander is dat daar die voorsiening gemaak word dat dit nie liggaamlik gebeur het nie. En dat ons dit nou metafories en anders kan verstaan. Dat daar 'n akkommodasie moet wees met die uitsluiting dat dit liggaamlik was?"

Professor Müller se antwoord:

> "Ek dink die vraag lê in dieselfde lyn as die aanvanklike dokument wat ook al die moeilikheid veroorsaak het. Waarom? Omdat dit meer inlees in die bewoording wat ons in die Kategismus kry . . ."

Professor Müller het bely dat hy in die "opstanding" glo (klaarblyklik soos hy die Heidelbergse Kategismus interpreteer), maar wou nie die "liggaamlike" opstanding, soos wat dit aangrypend in vraag 57 en ook in die Apostolikum voorkom (en al die belydenisskrifte veronderstel) bely nie. Daarom vra ek toe weer:

> "Professor, as ek net kan byvoeg, ek weet nie of almal bewus is daarvan nie, die afgelope vyf jaar, hoeveel gesprekke daar was met kuratorium, met predikante en dosente en dat daar

selfs geleenthede afgestel was omdat hulle gesê het maar hul boikot die geleenthede. En ek wil net vra, ek hoor wat u sê, maar ek wil vir u vra, die artikels het die indruk geskep dat dit 'n metafoor kan wees. Ek wil vir u vra, glo u dat Jesus liggaamlik opgestaan het? Dit is wat ek probeer vra het."

Hierna het dr. Flip du Toit van die kuratorium, in plaas van professor Müller, geantwoord:

" 'Skuus Ferdie, laat ek net in alle billikheid sê, jy kom met 'n klomp sweeping statements oor gesprekke wat nie hier op die tafel is nie. As jy nou nog nie verstaan wat professor Müller probeer sê het nie, dat dit die standpunt is, en dat hy dit aanvaar nie, dan weet ek nie wat se Afrikaans moet 'n ou gebruik, om dit te verduidelik nie".

Professor Müller wou egter nie bely dat Jesus se opstanding liggaamlik was nie, al het dr. Du Toit gesê dat hy het. Nou terugskouend wonder ek of dr. Du Toit nie móés opspring en namens professor Müller praat nie, sodat geen student wat sedert 2003 oor professor Müller gekla het, asook al die studente wat intussen van die verklaring moes onttrek het, die indruk moes kry dat professor Müller inderwaarheid nie regtig in Jesus se liggaamlike opstanding glo nie. Nou het dit nie net meer oor professor Müller gegaan nie, maar ook oor dr. Du Toit se geloofwaardigheid – hy het mos druk op sommige studente geplaas om die verklaring te los?

Net ná die lesing het ek nie net meer oortuig geword dat ons hier met 'n groot probleem sit wat 'n lang en uitgerekte saak kan word nie, maar ek het tog die gevoel begin kry dat die verklaring inderdaad gewig dra en nodig was. Ander studente was ook bekommerd en verward oor professor Müller se lesing. Een student, wat hom van die verklaring onttrek het, het byvoorbeeld gevra: "Hoekom antwoord professor Julian nie net ja of nee nie?" 'n Ander student, wat nie die verklaring onderteken het nie, het die volgende e-pos ter ondersteuning aan my gestuur:

"Professor Müller het nooit erken dat hy in die liggaamlike opstanding van Jesus glo nie. Hy het dit soos die dood



vermy. Hy het vertel hoekom hy glo maar nooit waarin hy glo nie. Dit is vir my hartseer dat hy nie een keer na die Bybel verwys het nie."

Na professor Müller se lesing het professore Dirk Human en Jurie le Roux die daaropvolgende weke ook geleentheid gekry om met die studente te gesels. Ook hulle het merkwardig genoeg nie die liggaamlike opstanding van Jesus bely nie terwyl dit ongetwyfeld die eintlike saak op die tafel was en ook die verwagting van baie studente.

Vir sommige studente was dinge nou meer deurmekaar as ooit. Almal het onttrek van die verklaring waarin Jesus se liggaamlike opstanding bely word, en waarin kritiek uitgespreek word oor die drie dosente, maar nie een van hulle het intussen in 'n praatjie van byna dertig minute elk dít bely nie. Dit wat in die verklaring gestaan het, het, ten minste vir sommige, nie te buitensporig begin lyk nie.

Daar was 'n groepie studente wat, nadat hulle hulle onder druk van die verklaring onttrek het, persoonlik aan my gesê het dat hulle eintlik nog by my staan. Ek twyfel geen oomblik nie dat die dosente se onwilligheid om spesifiek Jesus se liggaamlike opstanding te bely, juis toe hulle die geleentheid daarvoor gekry het, 'n rol gespeel het daarin dat sommige studente op een of ander manier tog steeds meriete in die verklaring gesien het. Een van hulle, Edwin van den Heever, wat intussen sy studies gestaak het, het 'n sms aan my gestuur:

"Ferdie, almal sê dis 'n lelike storie die en dis beter om nie kant te kies nie, maar ek wil jou net laat weet dat ek bankvas agter jou staan. Die Here sal jou seën en jy's 'n voorbeeld vir elke teoloog in die land."

Oor die voorbeeld vir elke teoloog weet ek darem nie! Ek het 'n klompie dom foute ook gemaak! Edwin het my ook op daardie stadium genooi om met 'n klompie van sy koshuismaats te gesels oor geloofsekerheid. Deur die Here se genade glo ek het daar tydens die geleentheid 'n paar van hulle besluit om hulle lewens aan die Here Jesus oor te gee. Dit was só wonderlik om tussen al die spanning en ondersoeke deur weer te beleef hoe die Jesus wat die dood letterlik oorwin het jongmense se lewens radikaal kan verander. Hierdie gebeurtenis het maar

net bevestig wat ek en ander studente al vir 'n paar jaar beleef het: Jesus leef regtig en kan bevryding, nuwe lewe, kreatiwiteit en genesing bring aan soekende mense. Ek kon eerlikwaar nie aanvaar dat geloof in Jesus se liggaamlike opstanding 'n uitgediende teologie was wat glo werk met "formules" wat "stol", nie. Veel eerder, so was en is my indruk, is die ontkenning van Jesus se letterlike opstanding tekenend van doodsheid, geloof wat "stol", verlammend en so meer. My geloof is versterk deur die studente se ontmoetings met die Here en ek het net weer nuwe opstandingskrag by die Here gekry om aan te gaan met my studies.

Riaan Rossouw, my goeie vriend wat deel was van die groep wat die verklaring beplan het, het besluit om, nadat hy eers weer broederlik met professor Human gaan praat het, hom te herverbind tot die gewraakte 15 Junie 2005-verklaring. Riaan se herverbintenis tot die verklaring was vir my 'n greintjie hoop om aan vas te hou in die baie moeilike tyd wat ek op daardie stadium moes deurmaak met my dissiplinêre verhoor wat toe aan die gang was. Hy het onder andere die volgende skriftelik aan die kuratorium gestuur:

> "Ek skaam my egter nie vir my Here nie! Ek verkondig sy dood en letterlike en historiese, fisiese opstanding tot ek tot sterwe kom of tot Hy weer kom. Dan sal Hy, wat die diepste bedoelings van ons harte toets, kom in krag en majesteit om te oordeel die lewendes en die dooies! Hiermee wil ek dan ook myself weer herverbind tot die status confessionis-Verklaring gegewe my uiteensetting voorafgaande."

Riaan se brief aan die kuratorium is belangrik, daarom plaas ek dit volledig as bylaag 5 agter in die boek. Lees dit gerus, en veral ook sy indrukke van veral dr. Flip du Toit se optrede. 'n Tyd na hierdie herverbintenis, het dr. Flip du Toit ná 'n kuratoriumvergadering die volgende boodskap aan Riaan gestuur:

> "By die vorige vergadering - in Januarie - is reeds besluit om jou te vra om jou asb gereed te hou vir gesprek met die Dagbestuur. Dit gaan oor jou "terugtrek" van die distansiëring van die sg. Status Confessionis."



Riaan is toe nié aanbeveel vir legitimasie nie, maar het dit uiteindelik na striemende vermanings en interessante debatte by die eksamenkommissie geslaag. Daar was 'n paar predikante wat hom simpatiek gesind was.

'n Hele paar maande later het nog 'n noemenswaardige ding gebeur. Ek en my dogtertjie was by Menlyn winkelsentrum in die CUM-boekwinkel. Die volgende oomblik stap 'n teologiestudent van Tukkies, wat ek nie baie goed geken het nie, op my af met die volgende woorde: "Ferdie, die meerderheid studente staan agter jou." Ek kon dit nie glo nie! Dit was 'n besonderse ervaring. Die student was ernstig. Nie een van hierdie studente het hulle egter amptelik herverbind tot die verklaring nie.

Ek plaas die bespreking van my dissiplinêre verhoor by die kuratorium, met al die intriges en kompleksiteite daaraan verbonde as bylaag 3 agter in die boek.

Ek plaas ook as bylaag 4 'n bespreking van die kontroversie wat na afloop van die 2006-retraite, wat professor Julian Müller gereël het, ontstaan het.



Die Fakulteit Teologie by Tukkies in 2004.



“Die Skip”, oftewel die Admingebou by Tukkies afgeneem in 2006 kort  na my skuldigbevinding. Die verhoor was hier gehou. Die tralies het nuwe betekenis gekry.





Omtrent ’n klipgooi van die Tukkie Admingebou is die NG Kerk Pretoria-Oos. Hier is die eerste hoogleraars van die NG teologiese fakulteit bevestig, en in 2006 is die leerdwaling-ondersoeke van professore Julian Müller en Jurie le Roux hier gehou.



Die NG Kerkeie opening in Februarie 2005. Voor (vlnr) is professore Conrad Wethmar, Cas Vos, Jan van der Watt, Piet Meiring, Hennie Pieterse. Agter (vlnr) is professore Ettienne de Villiers, Dirk Human, Julian Müller, Hoffie Hofmeyr, Gert Steyn (professor Jurie le Roux was afwesig).




Die 2005-Deo Gloria-bestuur (vlnr): Gys Loubser (tweedejaar), Pierre Momberg (ondervoorsitter, vyfdejaar), Van Wyk Fischer (vierdejaar), Gerda Von Benecke (tweedejaar), Christiaan Ackerman (vierdejaar), Riaan Rossouw (vyfdejaar), Cobus Van Wyngaard (derdejaar), Ferdie Mulder (voorsitter, vyfdejaar), Piet Retief (tweedejaar), Cornel Viljoen (vierdejaar), (afwesig: Joe Müller, derdejaar en Santie Botha, derdejaar).



’n S.E.L.-byeenkoms net na sewe in die oggend in 2005. Die meeste (maar nie almal) van hierdie studente was ondertekenaars van die 15 Junie 2005-verklaring.





Die 2005 eerstejaarskamp. Gerda Von Beneke staan links voor besig om getuienis te gee.



Die plakkerskamp gemeenskap buite Pretoria waar ek en Riaan Rossouw betrokke was tydens ons studies. Hierdie foto was voor ’n erediens een Sondag-môre geneem.



‘n Kuratorium toets in 2005.





‘n Deo Gloria speletjies-aand en braai in 2005.



HOOFSTUK SES

# Die Ondersoeke – ’n oriëntasie

## Inleiding

Lesers sal opmerk dat die hoofstukke wat nou volg, heelwat verskil van die verhaal wat tot hier toe beskryf is. Persoonlik was dit vir my nodig om eers tot verhaal te kom en moes ek die pen neerlê voordat ek hierdie deel geskryf het. Miskien sal sommige lesers dit ook goed dink om eers ’n blaaskans te neem. Ek het dit ook nodig gevind om elk van die besprekings van die onderskeie dosente afsonderlik te skryf, al is daar soms oor en weer verwysings. Elk van die drie dosente se besprekings het ’n unieke karakter. Om dit alles op een slag te lees, mag dalk vir sommige te veel inligting wees. Wat volg, is waarskynlik ook die tipe materiaal wat teologies ingeligte Christene, predikante en teoloë sal interesseer. Ek besef dat gewone Christene nie normaalweg belangstel in sommige teologiese besprekings nie. Daarom gaan ek my bes probeer om ’n balans te handhaaf en dit op so ’n manier aan te bied dat die deursnee-Christen sowel as teoloë dit leesbaar sal vind. Of ek dit gaan regkry, is natuurlik vir die lesers om te oordeel.

> *Wat in hierdie ondersoeke gebeur het, bepaal tot ’n baie groot mate of . . . die verhaal . . . legitiem is of nie.*

Alhoewel die laaste hoofstuk ’n breë voëlvlugperspektief van die ondersoeke gee (maar definitief nie volledig genoeg nie), sou dit egter beter wees om hierdie volgende hoofstukke tog ook te lees.

Die hoofstukke wat volg, waarin die ringsondersoeke en univer-

siteitsverhoor aan die orde kom, is uiters belangrik. Hoekom? Wat in hierdie ondersoeke gebeur het, bepaal tot 'n baie groot mate of die eerste helfte van hierdie boek – die verhaal (en óók die bylae agter in die boek) – legitiem is of nie. Hierdie bespreking kan daarom eintlik net een van twee dinge bevestig: óf die voorafgaande verhaal was 'n onnodige en selfs bedenklike stofopskop waarin drie Tukkies-dosente onregmatig betrek is, óf dit bevestig en gee geloofwaardigheid aan die voorafgaande verhaal. Elkeen sal natuurlik self hieroor moet besluit.

## Die Bybel en geloofsbelydenisse

Voordat die ondersoeke bespreek word, het ek dit goed gedink om 'n paar inleidende gedagtes te gee om die Bybel, ons belydenis en die plek daarvan in die NG Kerk en in gelowiges se lewens te probeer beskryf. Wat ek hier aanbied, is nie 'n fyn uitgewerkte sistematiese teologie nie. Ek is nog jonk en ek erken dat ek nog baie het om te leer. Ek is nie 'n teoloog met dekades se ervaring nie. Daarom besef ek dat dit wat ek hier aanpak riskant is. My probeerslag is inderdaad 'n probeerslag. Hierdie bespreking probeer egter die verf en kwaste verduidelik waarmee netnou op die skilderdoek (die besprekings van die ondersoeke) geskilder gaan word.

Die woord leerdwaling het 'n slegte en lang geskiedenis. Daaroor sal niemand kan stry nie. Gruwelike brandstapels was die voorland van menige sogenaamde "dwaalleraars" in die kerkgeskiedenis – veral in die Middeleeue tot omtrent die 17de eeu. Dit is sekerlik een van die skandelikste sondes wat die kerk nooit sal kan uitvee nie. Hoe ironies dat gruwelike kerklike dwaalleer ontwerp is om sogenaamde dwaalleer uit die kerk te weer! Ons hoef daaroor geen illusies te hê nie; die institusionele kerk en sommige van haar magtige leiers wat hiervoor verantwoordelik was, sal eendag voor die regtertroon verantwoording moet doen. Menigmale moes en het die kerk al eeue later om verskoning gevra vir wetenskaplikes en teoloë wat in der waarheid nooit dwaalleer verkondig het nie, maar hulle tyd eintlik ver vooruit was. Dink maar aan mense soos Galileo Galilei en Martin Luther wat in die onlangse verlede 'n amptelike verskoning van die Rooms Katolieke



Kerk ontvang het. Kerke en gelowiges behoort daarom uiters versigtig te wees voordat beweer word dat iemand dwaalleer verkondig.

Maar beteken dit dat die kerk nog altyd en in alle gevalle dit verkeerd gehad het oor dwaalleer? Is daar sake wat so kernbelangrik vir die Christelike geloof is dat indien 'n gelowige (en veral 'n predikant of kerklike professor) daaraan verander, hy of sy die hart van ons geloof in Jesus Christus aantas? Ten spyte van ons kontemporêre Westerse kultuur se affiniteit vir veral sommige radikale strominge in die vroeë Kerk (soos weerspieël in byvoorbeeld gnostiese geskrifte) en die persepsie dat dit intellektueel meer stimulerend en bevrydend is, moet mens egter ja op die vraag antwoord. En merkwaardig genoeg het die situasies wat in die eerste paar eeue afgespeel het in sommige gevalle heel anders gelyk as tydens die Middeleeue tot omtrent die 17de eeu. Ek noem twee belangrike voorbeelde:

1. Eusebius, wat een van die eerste kerkgeskiedenisse geskryf het, vertel vir ons dat dit in die eerste paar eeue van die Christelike kerk nie ongewoon was dat gelowiges 'n marteldood vir hul geloof in Jesus Christus gesterf het nie. Geloof in só 'n Jesus was by tye riskant – dit kon jou jou lewe kos. Dink maar aan Irenaeus van Lyon se voorganger, Biskop Pothinus, wat waarskynlik saam met Sanctus, Maturus, die heroïse Blandina ('n vrou!), Attalus en die vyftienjarige Ponticus in 'n amfi-teater deur die leeus verskeur is. Hul erg verminkte lyke is versigtig bewaak, toe verbrand, en ses dae later is die laaste oorskot in die Rhônerivier gestort (WHC Frend, *Martyrdom and Persecution in the Early Church*, 1965: 2-25). Die vooraf uitgewerkte strategie was heel eenvoudig: Die Christene se aanspraak en hoop op 'n liggaamlike opstanding en ewige lewe moes met wortel en tak uitgeroei word. Hierteenoor het gnostici, ten minste in Lyon, volgens Irenaeus, 'n meer gemaklike en aangename bestaan gevoer. Klaarblyklik is hul teologiese interpretasies beter aanvaar deur die magtige politieke leiers (NT Wright, *The Resurrection of the Son of God*, 2003: 550).
2. Die bekende Amerikaanse sosioloog Rodney Stark, het 'n merkwaardige boek geskryf, *The Rise of Christianity, A Sociologist Reconsiders History* (1996), waarin hy veral navorsing gedoen het oor die ortopraksie van gelowiges in die vroeë kerk (dus, hóé

Christene opgetree het teenoor mekaar en ook die gemeenskappe om hulle). Stark toon aan dat Christene deur hulle merkwaardige ortopraksie as't ware nuwe lewe geblaas het in haglike en vervalle Grieks-Romeinse stede. Hy verwoord dit treffend:

> "To cities filled with the homeless and impoverished, Christianity offered charity as well as hope. To cities filled with . . . strangers, Christianity offered an immediate basis for attachments. To cities filled with orphans and widows, Christianity provided a new and expanded sense of family. To cities torn by violent ethnic strife, Christianity offered a new basis for social solidarity" (Stark, 1996: 161).

En merkwaardig genoeg sou hierdie selfde gelowiges ook sommige kerkleiers wat dwaalleer verkondig het (diegene wat die "central doctrines of Christianity" verwerp het [211]), uit die kerk plaas – en dit lank voor die vierde eeu toe Konstantyn belangrik geword het! Klaarblyklik het sekere interpretasies van Jesus in die vroeë kerk nie net radikaal verskil van wat die kern van die geloof was nie, maar dit het ook die motivering vir sosiale betrokkenheid negatief geraak. Daar was dus, ten minste in sommige Christen-gemeenskappe, 'n noue band tussen die regte leer, en die regte etiese optrede. Etiek het dus enorme sosio-maatskaplike betrokkenheid behels wat aan die een kant seën en opheffing vir derduisende soekers en behoeftiges beteken het, maar terselfdetyd (en paradoksaal?) ook interne dissipline behels wanneer sommige kerkleiers die geloof in Jesus Christus ondergrawe het.

Maar wát is dwaalleer dan? Interessant genoeg is dwaalleer nie ongeloof nie. Dit ís geloof, en miskien selfs in sommige gevalle opregte geloof, maar dis geloof in iets wat, alhoewel die intensie mag wees om die kerk en die Skrif meer relevant en verstaanbaar te maak vir 'n nuwe geslag, op die lang duur die hart van ons geloof in Jesus Christus aantas en selfs kan vernietig. Die bekende Britse teoloog, Alister McGrath, maak ook die insiggewende opmerking dat die klassieke dwaalleer van die eerste paar eeue bestempel kan word as die verarming van die Christelike tradisie, en tipeer dit ook



as teologiese doodloopstrate (McGrath, 2009: 216, 221).

Maar was daar ook ruim diversiteit in die vroeë kerk wat nie in teologiese doodloopstrate geëindig het nie? Ongetwyfeld! Neem byvoorbeeld die ryke verskeidenheid wat in elk van die vier kanonieke Evangelies aanwesig is. Toe Tatian in 172 n.C. probeer het om één homogene Evangelie daaruit te konstrueer in sy *diatessaron*, het die kerk dit verwerp. Neem byvoorbeeld ook Ignatius en Polikarpus as voorbeelde. Die een het 'n Hellenistiese verwysingsraamwerk gehad wat sy liturgie en ekklesiologie bepalend gekleur het, teenoor die ander wat 'n sterk Joodse karakter gehad het. Hul liturgie het hemelsbreed van mekaar verskil. Maar wat die essensie van die geloof betref, sake soos die vleeswording, asook die sterwe en liggaamlike opstanding van Jesus, was daar eenstemmigheid tussen hulle. Dáársonder het geloof in 'n doodloopstraat beland.

> *Vir al die kreatiewe verskeidenheid in die vroeë kerk, het Christene wat die kern van ons geloof betref, dit in geloofs- of doopbelydenisse omlyn.*

Vir al die kreatiewe verskeidenheid in die vroeë Kerk, het Christene wat die kern van ons geloof betref, dit in geloofs- of doopbelydenisse omlyn sodat daar nie verwarring in die kerk oor die kern van ons geloof hoef te wees nie. Daar is mooi voorbeelde hiervan in die Skrif soos byvoorbeeld in Romeine 10: 9 waar Paulus die volgende sê: "As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word." Tussen hakies, Paulus bedoel met "opwek" hier gewis 'n liggaamlike opstanding, want nie lank voor hierdie vers nie in hoofstuk 8: 11 sê hy ook dat "as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame (*thneta somata*) lewend maak deur Sy Gees wat in julle woon." Na Paulus se dood, en toe sy briewe asook ander briewe en evangelies in gemeentes gesaghebbend geword het, sou kerngeloofsbelydenisse veral vorm aangeneem het wanneer 'n persoon of groep juis die hart van ons geloof in Jesus Christus geskaad het. Dink byvoorbeeld aan Valentinus, Marcion en Arius gedurende die eerste paar eeue. Marcion byvoorbeeld, het nie net die hele Ou Testament in die snippermandjie gegooi en die uiteindelike Nuwe

Testament met 'n skêr bygekom nie, hy het ook Jesus se maagdelike verwekking, liggaamlike opstanding en wederkoms ontken. Op 'n ander vlak sou sy programmatiese eliminering van die Joodse karakter van die latere kanon, uiteindelik ook tot verskriklike dinge lei.

## Hóékom bely?

Reeds in die vroeë kerk (en lank voor die daarstelling van die institusionele staatskerk ná Konstantyn) het Christene dit dus nodig geag om hulle geloof in God in openbare geloofsbelydenisse te verwoord. Maar hóékom? Was dit régtig nodig? Mens hoor nogal nou en dan in die hedendaagse debatte dat 'n teoloog sal sê dat ons nie vir God of ons geloof in Hom hoef te verdedig nie. God het nie apologete nodig nie. Hiermee saam hoor mens ook soms die gedagte dat 'n mens se geloof nie regtig skade berokken kan word nie. Hierdie is natuurlik komplekse sake en goedkoop en eenduidige antwoorde sal gewis nie deug nie. Daarom net 'n paar gedagtes vanuit 'n bepaalde perspektief. Eers 'n opmerking oor die tweede en dan die eerste saak.

*"En elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is beter vir hom as 'n meulsteen om sy nek gehang en hy in die see gegooi word."*

Daar loop nogal soms in ons tyd 'n gevaarlike hiper-Calvinisme rond (bedoelende iets wat Calvyn self nie sou geleer het nie) wat geloof en uitverkiesing só radikaliseer dat mens soms die volgende hoor: Ek is uitverkies en daarom kan ek maar maak soos ek wil – niks kan of sal my geloof aantas nie. Standpunte wat in dié rigting beweeg, het ek al by ten minste een vooraanstaande Hervormde professor in 2005 gehoor toe hy my probeer oortuig het dat professor Andries van Aarde presies dieselfde oor Jesus glo as ons, en dat die insigte in sy boek *Fatherless* niks aan mens se geloof kan doen nie. 'n Ander voorbeeld: Jare gelede het 'n skoolvriend (toevallig ook 'n lidmaat in die Hervormde Kerk) wat gereeld diep in die bottel gekyk het, en 'n roekelose lewe gelei het, ook aangevoer dat niks sy geloof kan aantas nie. As iemand hom sou konfronteer oor sy lewenstyl en wat hy glo, dan sou hy kort en kragtig sê dat niks sy geloof van hom sal kan wegneem nie; hy ís uitverkies, en daarom maak dit nie saak wat hy doen en watter invloede hy in sy lewe toelaat nie. Is hierdie interpretasies werklik 'n billike verstaan van die Skrif? Hoe moet ons byvoorbeeld 2 Timoteus 2:16-18 verstaan waar verwys word na twee persone, Himenéüs en Filétus, "wat van die waarheid afgedwaal het, omdat hulle sê dat die opstanding al plaasgevind het; en hulle keer die geloof van sommige om"? (Ou Vertaling). Of die etlike vermanings om in die geloof te volhard soos in 1 Timoteus 1:6, 19? Of hoofstuk 4:16: "Let op jouself en op jou leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor"?(Ou Vertaling) Wat ons kosbare geloof betref staan daar ook in Markus 9:42: "En elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is beter vir hom as 'n meulsteen om sy nek gehang en hy in die see gegooi word" (Ou Vertaling). (Sien ook Matteus 18:6 en Lukas 17:1)[38]

En nou die kwessie oor of Christene vir God en ook hul geloof in Hom behoort te verdedig. Is daar nie tóg soms tye wanneer Christene as 'n getuienis behoort op te staan vir die Here Jesus nie? Tye wanneer ons moet bely waarin ons glo en hoekom ons so glo nie? Ek dink die Bybel gee vir ons leiding hierin. Neem bv. die pragtige Matteus 10:32-33 waar daar staan: "Elkeen wat hom voor die mense openlik vir my uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is. Maar hom wat My voor die mense verloën, sal ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is." Sonder om in ingewikkelde eksegetiese ontledings in te gaan (en daar is vele), wil dit tog lyk of daar tye is wanneer ons ons geloof in Jesus Christus moet (en wil!) bely en verdedig, en is daar ook die oproep dat ons nie die oorsaak moet wees dat ander struikel in die geloof nie, ongeag of geloof 'n gawe van God is. Gelowiges het dus, as ek die Skrif reg interpreteer, vanaf die vroegste tye in die openbaar opgestaan vir hulle geloof in Jesus Christus. Daardie geloof moes gekoester word omdat sommiges hulle sou wend tot vreemde interpretasies wat geloof en etiek kon skaad.

38 Natuurlik is hierdie maar een kant van 'n komplekse saak in die Skrif. Etlike ander tekste kan aangehaal word waarin die fokus op God is wat uit genade alleen sondaars red! Maar steeds bly die vraag dan of dit roekelose en onverantwoordelike optrede regverdig?

## Belydenis vandag

Die afgelope klompie jare het ek al hoe meer in aanraking gekom met sommige Christene wat nie die nut van belydenisse waardeer en verstaan nie. Dit is natuurlik so vanweë 'n verskeidenheid redes. Meer kritiese teoloë (veral sommige Bybelwetenskaplikes) sien byna geen nut meer daarvoor nie vanweë hulle onvermoë om dit te versoen met hulle eie Bybelwetenskaplike navorsing. Oor hierdie groep berig ek later weer.

Maar in hierdie deel fokus ek eers op meer "behoudende" Christene wat ook sukkel om belydenisse te waardeer. Vir hulle het ek op 'n bepaalde manier begrip, veral omdat ek self ervaar het hoe koud, strak en vervelig die belydenisse van die kerk in sekere kontekste in gemeentes deurgegee is. Die manier waarop sommige predikante katkisasieklasse in die verlede aangebied het was soms verbeeldingloos en verlammend. Dit is daarom nie kwaadwillig as daar gevra word of ons regtig belydenisskrifte nodig het nie. Is die Bybel alleen nie voldoende en genoeg om die waarheid van die leuen te onderskei nie? Natuurlik is die Bybel die finale gesag en ons enigste bron vir geloof! Maar die probleem kom in as 'n Marcion, Arius, of nader aan ons miskien 'n Jehovasgetuie, of kultiese charismatiese figuur óók aanspraak maak op die Bybel om hulle vreemde en radikale interpretasies te regverdig. Dieselfde Bybel, maar radikaal verskillende interpretasies.

My broer vertel my nou die dag van 'n ekstreme charismatiese gemeente wat so 'n klompie jare gelede daar naby hulle gestig is. Na 'n paar jaar in die bediening het die pastoor baie vreemde dinge begin verkondig met die gevolg dat die gemeente binne 'n paar weke sy deure gesluit het. Op die een of ander manier het lidmate op grond van 'n gedeelde kernbelydenis oor Jesus besef dat hierdie pastoor dinge leer wat nie te rym is met ons basiese geloof en belydenis oor Jesus Christus nie. Hierdie geval illustreer tog iets van waarom die kerk oor al die eeue, onder leiding van die Heilige Gees, sekere basiese riglyne en bakens daargestel het oor hoe ons belangrike sake in die Bybel behoort te verstaan. Hierdie bakens is nie die Bybel of onveranderbaar nie, maar verantwoordelike lense waardeur ons die Bybel kan interpreteer. Maar dit is ook waar dat die meeste van hierdie bakens die toets van die tyd deurstaan het (toegegee, wat tot die kern en periferie behoort, is natuurlik ook nie in alle gevalle so eenvoudig nie).

Kortliks kan mens dus sê dat die belydenis ons behoort te help om 'n outentieke en lewende band met Jesus en die vroegste Christene te behou, wat ons in 'n posisie kan plaas om bepaalde radikale en afwykende interpretasies van die Bybel raak te sien en te onderskei. Meer nog, die doel van die belydenis moet wees om die hart van die geloof so vas te vat en te verwoord, dat dit ons nie net sal help om in ons Here se oë te kyk nie, maar ook sal motiveer om aanhoudend, en in elke nuwe geslag kanale vir die lewende en verfrissende waters van die evangelie te wees. (Sien asseblief weer die deel in die Voorwoord vir ander belangrike interpretasies wat hierby aansluit).

## Belydenis en opstanding

As mens dan nou moeite doen om die lae stof van ons belydenisse af te vee, en gaan kyk hoe hulle ons kan help om vandag oor Jesus en ons toekomstige opstanding na te dink, wat kry ons? 'n Ekonomiese, vervelige, sobere en monotone verstaan van Jesus en ons toekomstige opstanding? Ek dink regtig nie so nie! Ons oudste belydenis, wat heel moontlik deur die ganse Christelike kerk gedeel word, is die Apostoliese Geloofsbelydenis. Alhoewel sekere dele daarin eers veel later gefinaliseer is, was die deel wat oor die opstanding handel, heel moontlik al teen die tweede eeu bekend.

Dié deel is vol dinamiet! Daarin word bely dat Jesus op die derde dag na sy kruisdood uit die dood opgestaan het, en dat gelowiges uit die dood sal opstaan in die "vlees" of liggaam. Die vroeë Christene het dus die getuienis in onder meer Paulus se briewe en die evangelies so verstaan dat gelowiges op grond van Jesus se opstanding, liggaamlik en dus letterlik uit die dood gaan opstaan. Hierdie belydenis was so geformuleer, nie net omdat dit verwoord het wat die eerste volgelinge van Jesus self gesien en ervaar het by sy oop graf nie, of omdat talle sou sterf met dié belydenis op die tong nie, of hoe gelowiges later die Skrif verstaan het nie, maar óók om gnostici en Marcioniete se uitsluitlik geestelike interpretasies daarvan, as dwaalleer te verwerp.

Gnostici en Marcioniete was bekend daarvoor dat hulle die lig-

gaam as ’n tronk bekou het waaruit ontsnap moes word. ’n Liggaamlose opstanding was vir hulle belangrik. Opstanding het klaarblyklik net ’n geestelike komponent gehad. Vir interessantheid kan mens hier byvoeg dat die behoudende vroeë kerk nie die geestelike dimensies van die toekomstige opstandingsliggaam ontken het nie. Irenaeus en Tertullianus byvoorbeeld, twee groot teoloë van die laat tweede eeu, wat baie klem sou plaas op die letterlike opstanding, het nie ’n nuwe geestelike dimensie wat eie aan die toekomsitge opstandingsliggaam sal wees ontken nie. Die opstandingsliggaam sal wonderlike vermoëns besit wat ons nie nou ken of verstaan nie. Om woorde soos "letterlik", "fisiek" of "liggaamlik" in die 21ste eeu vir Jesus en ons opstanding te gebruik, is dus hoegenaamd nie "byvoegings" of ’n afwyking van die suiwere verstaan van ons belydenis nie, maar eintlik van die heel vroegste, oorspronklikste en suiwerste beskrywings wat ons in kontak bring met die hartklop van die Paasgebeure.

Ook in ons latere belydenisskrifte (wat dalk vir sommiges minder bekend mag wees), vind ons dat die liggaamlike opstanding op ’n paar plekke van sentrale belang is alhoewel dit regdeur geïmpliseer word. Die Heidelbergse Kategismus (wat ongelukkig deur professor Müller gebruik word om te probeer aantoon dat daar heel sober oor die opstanding gepraat word) het egter ’n verassend mooi en aangrypende deel oor die liggaamlike opstanding van beide gelowiges en Jesus in Vraag 57. Dit is so spesiaal, ek haal dit weer aan:

> "Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou? Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word."

Met hierdie stelling in gedagte word spesifiek verwys na Skrifgedeeltes in die Evangelie volgens Lukas, Filippense, Job en ook 1 Johannes.

Maar wat van meer onlangse interpretasies? Is geloof in Jesus se liggaamlike opstanding een van daardie waarhede wat oor alle eeue vir gelowiges geld? In kontinuïteit met die belydenisse van die Skrif, die vroeë kerk en die Reformasie, het die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk in 2003 met die opkoms van die sogenaamde Nuwe Hervorming (wat nogal merkaardige ooreenkomste met sommige gnostiese tradisies vertoon), namens die hele NG Kerk gelowiges daarop gewys dat hulle (die Nuwe Hervormers) twyfel wek oor Jesus se "werklike, liggaamlike, historiese opstanding uit die dood" wat tot gevolg het dat hulle daardeur die "kern van ons geloof in ’n opgestane Here in die gedrang" bring. Nog meer onlangs in 2009 het die moderators van die onderskeie NG streeksinodes ’n soortgelyke belydenis gemaak. In dié belydenis waarin die liggaamlike opstanding bely is, het hulle ook pragtig aan die bo-menslike wonder daarvan vasgehou deur te bevestig dat geloof in die liggaamlike opstanding ons "begrip te bowe gaan" (*Beeld,* 22 Mei 2009).[39]

Dat daar sommige fundamentalistiese Christene is wat krampagtig aan elke lettertjie in die belydenisskrifte vasklou, en as’t ware enige Bybelwetenskaplike navorsing as taboe verwerp, is ongelukkig ook so. Geen gereformeerde teoloog wat sy of haar sout werd is, sal kan ontken dat daar veral sedert die 17de eeu plek-plek ’n verstarring ingetree het wat betref belydenis-formulering. Soms het die ortodoksie belangriker geword as die ortopraksie. Dié ontwikkelinge is jammer want ’n egte en outentieke gereformeerd-wees behels altyd ’n integrasie tussen ortodoksie, ortopraksie en ortopatos (waarna ek terugkom tydens die bespreking van die ringsondersoek oor professor Müller se "Hervorming en Spiritualiteit"-lesing).

Daar hoef egter nie vyandigheid en geforseerde spanning tussen Skrif, belydenis en wetenskap te wees nie. Uiteraard is daar Bybelwetenskaplikes wat hulle insigte gebruik om die kern van ons geloof te ondergrawe, maar daar is baie Bybelwetenskaplikes wie se arbeid ongetwyfeld opbouend, kreatief en selfs geloofsversterkend is. Baie se lojaliteit aan ons belydenis kan nie betwyfel word nie. God wat ons die vermoë gegee het om ons verstand te gebruik, kan tog immers

39 Ek is bewus van kritiek wat oor die moderators se belydenis uitgespreek is. Dit is merkwaardig genoeg uitgespreek deur ’n paar teoloë wie se standpunte in hierdie boek bespreek word. Ek bespreek nie hier hulle kritiek nie. Hopelik sal diegene wat die moeite doen om al die getuienis wat in die res van die boek bespreek word deur te werk, ’n breër prentjie kry om die kritiek beter te kan beoordeel.

*Die nuus dat Jesus die dood finaal getroef het, is in elke nuwe geslag vars, nuut en radikaal!*

gelowige wetenskaplikes gebruik om, deur die Gees gedrewe, nuwe ontdekkings en navorsing op so 'n wyse in te span, dat dit ons verstaan van die Skrif en die interpretasie van ons belydenis kan verryk. Waardevolle toevoegings tot ons belydenis behoort daarom nie voor die voet met suspisie bejeën te word nie. Selfs in die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika is daar al 'n verstelling aan die belydenis gemaak.

Maar wat die hart van ons belydenis betref, dinge soos die liggaamlike opstanding van Jesus en gelowiges, is dit duidelik dat dit nie kan of hoef beskou te word as 'n naïewe en uitgediende stukkie fundamentalisme uit die vervloë kerkgeskiedenis nie. Arm en ryk, eenvoudig en slim, kinders en professors, Chinese en Duitsers, Suid-Afrikaners en Russe, letterlik miljoene Christene van alle soorte, vind vandag nog in Jesus se liggaamlike opstanding die verrassende, oorweldigende en radikale nuus van 'n God wat sondaars lief het en hoop bring in 'n andersins donker en deurmekaar wêreld. Daarin sien ons 'n God wat hoop gee. Die nuus dat Jesus die dood finaal getroef het, is in elke nuwe geslag vars, nuut en radikaal! Dit breek net eenvoudig deur die konvensies van elke era. Dit is 'n hermeneutiese sleutel tot 'n onuitputlike klomp kreatiwiteit, relevansie en egte hoop vir die lewe nóú en óók vir die toekoms!

Kortom kan dit daarom met geloofwaardigheid (maar tog ook uit nederige ootmoed) gestel word dat wat Jesus se opstanding betref, die Skrif, ons belydenis en ook 'n lang geskiedenis van kritiese navorsing bevestig dat ons steeds vandag, in die 21ste eeu, met integriteit, passie en opgewondenheid kan glo in dié Jesus wie se graf regtig leeg is. En dan het ons nog nie eens begin om te praat van die wonderlike verheldering van ons verstand deur die sagte stem van die Heilige Gees nie, of die geloofskeuse wat gelowiges moet maak nie.

## NG DOSENTE, DIE BELYDENIS EN DIE TEOLOGIESE WETENSKAP

Met alles wat oor die belydenis gesê is kan ons dan nou oorbeweeg na hoe die Bybel, belydenis, en die wetenskap behoort te funksioneer



in die bediening van 'n NG predikant en professor. Predikante en professore aanvaar vrywilliglik (dus nie gedwonge nie) die verantwoordelikheid om getrou aan die Bybel en basiese belydenis van die NG Kerk, gelowiges op te bou in die geloof wanneer hulle in die bediening gelegitimeer word. Dit doen hulle gewoonlik na ses of sewe jaar se grondige teologiese opleiding waartydens hulle nie net blootgestel word aan al die verskillende strominge en interpretasies van die Skrif nie, maar ook veronderstel is om die vaardighede te ontwikkel om die Skrif en belydenis getrou maar ook nuut en vars vir gelowiges oop te breek. Indien 'n leraar of dosent met verloop van tyd oor spesifieke sake tot ander insigte kom, byvoorbeeld dat ons belydenis nou voorsiening moet maak vir die standpunt dat Jesus nie regtig letterlik uit die dood opgestaan het nie, en nou oor hierdie insigte met studente wil praat, daaroor artikels skryf , preek of wat ookal, dan beskryf die legitimasieverklaring wat onderteken is die plan van aksie soos volg:

> "indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie" (*Kerkorde*, 2004: 76).

In 2004 het professor Pieter Coertzen (toe aktuarius van die Algemene Sinode) op 'n soortgelyke wyse hierdie saak probeer verduidelik: "Daar is die vraag wat die kerk moet doen wanneer in sy eie geledere standpunte ingeneem en verkondig word wat nie met die Skrif en ook die belydenis van die kerk klop nie . . . ons mag nooit vergeet dat ons 'n belydenis en 'n belydende kerk is nie" (*Kerkbode*, 13 Februarie 2004). Wesenlike veranderinge aan die belydenis van die kerk kan en mag net geskied op Algemene Sinodale vlak, met 'n aantal nougesette riglyne oor hoe so iets kan gebeur.

In die geval van professore beteken hierdie ooreengekome ordereëlings ongetwyfeld nie dat studente nie blootgestel moet word aan en worstel met al die verskillende standpunte en ontwikkelinge in die teologiese wetenskap nie. Daar móét openhartige gesprekke oor hierdie sake wees! Daar moet beslis ook nie 'n demper geplaas word op gesonde wetenskaplike navorsing en kritiese geloofsverantwoor-

*“wat deurgaans by die jong teologiese student bevorder moet word, is ’n ‘vrye, skeppende denke’”*

ding nie. Ek kan daarom met die volgende aanhaling van professor Jurie le Roux saamgaan wanneer hy sê:

> “wat deurgaans by die jong teologiese student bevorder moet word, is ’n ‘vrye, skeppende denke wat die lewensbloed van die universiteit is’ (Rossouw 1993: 73); aan die universiteit moet die student dus met ‘intellektuele denkvaardighede’ toegerus word (Rossouw 1993: 34)” (www.teo.co.za Maart 2005).

Absoluut. Maar die belydenis aanpas en verruim om voorsiening te maak vir die ontkenning van Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf? Dán moet hy of sy die eerbare weg volg om dit eers met sy of haar broers en susters in ’n sinode te bespreek en saam te soek na God se wil oor die saak. Dít is tog in alle billikheid ’n vrywillige ooreenkoms wat elke predikant met sy of haar legitimasie onderneem het. Hier is dus ’n verbintenis met ’n etiese implikasie. Een nota: dit sal absurd wees om van predikante te verwag om wat randsake in die belydenis aangaan, sulke aspekte op dieselfde vlak te plaas as byvoorbeeld Jesus se kruisdood vir ons sonde, opstanding, uniekheid en so meer. Oor die jare was daar al verskeie sake (veral in soverre dit oor die liturgie maar ook ekklesiologie handel) wat veranderinge ondergaan het. Dit is te verstane dat randsake in die geloofsgemeenskap aangepas kan word soos wat die tyd aanstap. Bygesê, wat kernsake en wat randsake is, verskil natuurlik ook afhangende met wie jy praat, maar dáároor moet gesels word; en dit sal uiters vreemd wees as daar NG predikante is wat die opstanding van Jesus as ’n randsaak beskou.

Indien ’n predikant of dosent wat die hart van ons geloof aangaan nie die kerklike weg wíl volg nie, is hy of sy (al is die bedoeling soms hoe goed) eenvoudig nie eerlik met ander gelowiges, die Kerk (en Jesus?) nie. Hóéveel jong en onvolwasse gelowiges kan as gevolg hiervan nie in erge vertwyfeling en wanhoop verval nie? Daarom is ’n leerdwaling-tugondersoek dán die kerklike manier om ’n broer of suster te probeer terugnooi na die hart van die geloof. Dis nie om voor die voet te veroordeel en weg te jaag nie (al sou mens sulke uitsonderlike gevalle in die Skrif ook kry [soos Galasiërs 2, 1 Korintiërs 5]). ’n



Tugondersoek kan ’n liefdevolle terugnooi na die oorweldigende en lewende waters wees wat opgesluit lê in Jesus Christus. Die hoop en verwagting tydens so ’n ondersoek kan of behoort te wees dat uitsprake wat ’n teoloog sou maak wat geloof in Jesus Christus skaad, heroorweeg kan word. Miskien kan ek hierdie punt probeer verduidelik met ’n analogie. Indien ’n persoon vir Mercedes-Benz werk (en ’n werkskontrak en erekode onderteken het), en dit aan die lig kom dat hierdie persoon links en regs in die openbaar begin om BMW te bemark terwyl hy nog vir Mercedes-Benz werk, sal daar ongetwyfeld dissiplinêr teen so ’n persoon opgetree word. Hy sal óf ’n amptelike verskoning moet aanbied, óf hy sal summier afgedank word. Die kerk is verseker nie ’n maatskappy nie, dis ’n gemeenskap van gelowiges waarvan Jesus Christus die hoof is. Nou is die vraag: Is dit onbillik dat daar opgetree behoort te word teen ’n gesiene persoon in so ’n geloofsgemeenskap, wat onverpoosd in die openbaar sê dat ons belydenis ruimte moet maak vir die standpunt dat Jesus se graf nie regtig leeg is nie? En verder verkondig hy of sy dit aan gemeentekinders en studente (waarvan sommiges ooglopend wanhopig word oor hulle eie geloof in die proses!) en het die persoon dit ook nie eers intern met ander gelowiges bespreek nie.

## Leerdwaling-ondersoeke in Suid-Afrika

Voor die leerdwaling-ondersoeke in 2006 waarby die Kaapse en Tukkies-teoloë betrek is, was daar maar relatief min sulke ondersoeke in die NG Kerk. Dit vind nie dikwels plaas nie. Deesdae is daar natuurlik ook uitsonderlike weerstand teen sulke ondersoeke omdat die postmoderne tydsgees ruimte wil maak vir radikaal teenoorstaande beskouings binne die kerk, ook wat betref die kern en wese van ons geloof. En verrassend genoeg is sulke ondersoeke nie internasionaal vreemd nie. Selfs in die onlangse verlede kan mens dink aan ’n vooraanstaande opleidingsinstansie soos die Universiteit van Göttingen in Duitsland (waar daar ’n lang en liberale teologiese tradisie is), waar professor Gerd Lü-

*’n lid van die Jesus Seminar nie meer toegelaat word om Lutherse studente op te lei nie.*

demann, ’n lid van die *Jesus Seminar,* nie meer toegelaat word om Lutherse studente op te lei nie. In 1998 het die Fakulteit Teologie ’n verklaring uitgereik wat byvoorbeeld sê: “Professor Dr. G. Lüdemann has fundamentally put in question the intrinsic soundness of Protestant theology at the University, [whereby] he has terminated his membership in the faculty of Protestant theology” (Gerd Lüdemann, 2002: “The Decline of Academic Theology at Göttingen.” *Religion* [32]: 89).

Hoe het leerdwaling-ondersoeke in die onlangse verlede in Suid-Afrika verloop? In 2000 het professor Sakkie Spangenberg ontken dat Jesus die enigste weg na God is: “Hy het ook gevra of die verskillende godsdienste nie beskou moet word as deel van God se veelkleurige genade nie” (Sien *Beeld,* 29 Augustus 2000, 12 September 2000, 1 November 2000, 23 Maart 2001). Na maande se gesprekke en ’n ondersoek, het die Pierre van Reyneveld NG-gemeente waar hy lidmaat was, hom onskuldig bevind aan enige leerdwaling. Dit het groot ongelukkigheid onder gelowiges veroorsaak. Baie het gevoel dat die hart van ons geloof aangetas word omdat professor Spangenberg sy uitlatings as’t ware met die sanksie van die NG Kerk gemaak het. Alhoewel professor Spangenberg veral sedert 2002 Jesus se maagdelike verwekking, sy offer aan die kruis, sy liggaamlike opstanding en nog vele ander belangrike geloofswaarhede radikaal geherinterpreteer het, is hy nooit volgens kerkordelike voorskrifte onder tug geplaas nie. Hy is wel uiteindelik deur die Ring van Lyttleton skuldig bevind aan leerdwaling,[40] maar hy is nooit gestuit of verbied om sy dwaalleer-standpunte as NG proponent verder te verkondig nie (Sien *Volksblad,* 20 Maart 2004, *Beeld,* 26 Maart 2004, *Kerkbode,* 9 April 2004). Hy het uiteindelik na ’n lang uitgerekte proses sélf besluit om uit die kerk te bedank.

Met hierdie as agtergrond, besef mens dat daar eintlik na alle waarskynlikheid nooit weer ’n grondige ondersoek volgens die voorskrifte van die Nuwe Testament na ’n paar NG teoloë se radikale

40 ’n Klagte van leerdwaling is deur ds. Theo Danzfuss van Witfield NG gemeente ingedien. Professor Spangenberg is egter nie skuldig bevind aan die klagte wat ingedien is nie.



interpretasies sal plaasvind nie! Of, ten minste in sommige streke nie, veral as ander teoloë hul woorde bietjie versigtiger as professor Spangenberg kies.

In die 1960’s was daar egter ’n besonder interessante leerdwaling-ondersoek by Tukkies in die Hervormde Kerk. Dit was eintlik ’n merkwaardige gebeurtenis omdat hierdie kerk ’n lang tradisie van kritiese en meer liberale teologie het. Professor Albert Geyser, hoogleraar in Nuwe Testament, is nie deur enige predikant, gemeente of kuratorium aangekla nie, maar wel deur drie van sy eie *teologiestudente*. Uiteindelik, nadat professore ook aan die ondersoek deelgeneem het (insluitende professor Adrianus van Selms), is professor Geyser skuldig bevind aan ’n klag wat oor Jesus se goddelikheid gehandel het.[41] Omdat die kerk ’n ooreenkoms met die universiteit het dat dosente die kritiese wetenskap kan doseer, maar getrou aan die kerk se belydenis moet bly, het dit tot gevolg gehad dat professor Geyser sy bevoegdheid as Hervormde professor verbeur het. Hy kon nie meer voortgaan om klas te gee vir Hervormde studente nie.

In beginsel beteken dit dus dat enige NG of Hervormde teologieprofessor wat belangrike geloofswaarhede van die kerk verander (of wil verander), sy of haar werk kan verloor.

Dit is hier waar die dissiplinêre komitee van die Universiteit van Pretoria, wat my dissiplinêre ondersoek hanteer het, dan ook ter sprake kom. Alhoewel my verhoor gehandel het oor ’n student wat dissiplinêre stappe in die gesig staar, is daar besonder interessante opmerkings tydens my verhoor gemaak wat hierop inspeel. Oudregter Buddy Swart, wat die voorsitter was, sê byvoorbeeld tydens die uitspraak die volgende:

> “Ons het geen twyfel nie dat op die geheel van die getuienis en die waarskynlikhede, die goeie naam van die Universiteit inderdaad in die gedrang gebring is. Dit kon trouens in ’n gevaarlike situasie ontwikkel het. Indien die Professore deur die Ringe skuldig bevind is na aanleiding van die klagtes,

41 Natuurlik was politieke en ander intriges ook deel van die ondersoek, maar die goddelikheid van Jesus was belangrik tydens die ondersoek. Sien veral JS Krüger, *Sweeping Whirlwinds* (2003: 461-468).

> sou dit ongetwyfeld opgevolg gewees het deur 'n ondersoek na hulle status as Teologiese Professore van die Fakulteit" (Uitspraak - universiteitsverhoor: 76).[42]

Mens sit dus in beginsel met die ongemaklike en tergende situasie dat indien 'n NG professor, hipoteties gestel, iets glo en verkondig wat die hart van ons geloof in Jesus Christus aantas (soos die kerk dit natuurlik verstaan), hy of sy in 'n uiters moeilike dilemma kan wees. Interessant genoeg kan mens darem met sekerheid sê dat dit nie vir 'n NG teoloog met radikale interpretasies nodig sal wees om te "bely" indien hy by Unisa is nie aangesien daar geen ooreenkoms tussen hulle en die kerk is nie (dit geld natuurlik ook vir predikante wat in hulle privaat hoedanighede ander besighede bedryf wat hulle ekonomies onafhanklik maak). Hy of sy kan skryf en verkondig wat hy of sy wil sonder enige finansiële gevolge. En verder kan kontroversiële uitsprake selfs roem beteken – substansiële koerantberigte, radio-onderhoude, publikasies. Daarom sou mens seker ook kon waag om te sê dat professor Spangenberg gemaklik sy oortuigings kon stel tydens sy dwaalleer-ondersoek in 2002, want dit het nie regtig negatiewe implikasies vir sy werk by Unisa ingehou nie.[43] By Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria kan daar egter 'n "gevaarlike situasie ontwikkel", soos regter Swart opgemerk het. Met dit in gedagte kom 'n paar vrae by mens op:

- Sou professor Spangenberg se voorlegging tydens sy leerdwaling-ondersoek enigsins anders daar uitgesien het indien hy 'n NG professor by Stellenbosch, Bloemfontein of Pretoria was?
- Sal 'n NG dosent van laasgenoemde instellings onverskrokke voortbou op twyfelagtige standpunte tydens 'n ondersoek, met die moontlikheid dat hy of sy 'n kerklike professoraat kan verloor?
- Gaan hy of sy radikale interpretasies meer genuanseerd verwoord ter wille van 'n onskuldigbevinding?
- Gaan hy of sy werklik hartgrondig oor die sake bid en worstel en ter wille van die Here Jesus 'n interpretasie prysgee vir die opbou van sy of haar geloof en die kerk?

Hierdie vrae is natuurlik nie eenvoudig nie maar ongetwyfeld relevant.

## Sommer ontslae raak van die dosente?

'n Laaste belangrike saak voordat ek oorgaan na die ondersoeke, handel oor persepsies onder sommiges dat 'n groep "behoudendes" in die kerk sommer "ontslae" wil raak van kontroversiële teoloë. Professor Müller byvoorbeeld het tydens een van die verhore opgemerk dat ek en andere in die NG Kerk van hom "ontslae wil raak" oor sy teologiese uitsprake. Hy sou ook emotiewe frases gebruik soos dat ons "behoudendes" dink dat "ons het die regte formulering en as jy nie die regte woorde gebruik nie, is jy uit." Professor Jurie le Roux weer verwoord sy verontwaardiging oor die dwaalleer-aangeklagte en my interpretasie van hom deur te sê dat ek hom "gewys [het] hoe die hel eintlik lyk."

Met hierdie as agtergrond maak ek 'n klompie opmerkings:

1. Kom ons sit eers emosionele argumente en verwysings na "regte woorde"; "presiese formulerings"; "jy is uit"; en "hel" op die ys. Dié tipe emosie-belaaide woorde word ook elders deur húlle gebruik om ander te veroordeel. Lees byvoorbeeld professor Müller se artikel in *Beeld*, 4 Oktober 2004, en ook dr. Isak Burger se respons daarop waarin hy aantoon hoe "verwaand" professor Müller opgetree het (11 Oktober 2004). Sien ook byvoorbeeld professor Jurie le Roux se aanval op dr. Beyers Naudé in *Beeld* van 22 Julie 2000 waarin hy dr. Naudé se anti-apartheidsteologie "'n virus wat die Afrikaner dodelik siek maak" noem. Terloops, professor Le Roux het nie eers 'n "broederlike gesprek" met dr. Naudé oor die saak gehad nie. Of het hy?
2. Soos telkens al aangetoon, het alle NG teoloë wat 'n legitimasieverklaring onderteken het, onderneem om getrou te

42 Uitspraak - Dissiplinêre verhoor van mnr Ferdie Mulder. Universiteit van Pretoria, 2-5 Oktober 2006, ongepubliseerde afdruk. Voortaan Uitspraak - universiteitsverhoor.

43 Dit sê egter nie dat professor Spangenberg nie sosiale en emosionele pyn ervaar het nie.

bly aan die basiese grondwaarhede van die Skrif en belydenis van die NG Kerk. Niemand is geforseer om hierdie verklaring te onderteken nie. Indien 'n teoloog met verloop van tyd tot nuwe en radikale insigte kom, en dit sommer net so in die openbaar begin verkondig, dan is dit hý of sý wat hom- of haarself buite die kerk en/of Fakulteit Teologie plaas – en nie die "behoudendes" wat ná die gebeure besware lug nie.

3. Wat moet gebeur met 'n NG professor wat byvoorbeeld hom of haar nie meer by die basiese grondwaarhede van die Skrif en belydenis van die NG Kerk hou nie? Soos regter Swart opmerk, kan daar 'n gevaarlike situasie ontwikkel indien 'n NG dosent skuldig bevind word aan dwaalleer. Die gebeure rondom professor Gerd Lüdemann van Göttingen wat gestuit is om teologiese opleiding aan studente te gee, is dalk in veel meer as een opsig 'n model-voorbeeld van hoe so 'n komplekse situasie hanteer kan word. In plaas daarvan dat die universiteit hom laat gaan het, het hulle vir hom 'n nuwe leerstoel geskep buite om die Fakulteit Teologie waar hy kon voortgaan om meesters- en doktorale studente te begelei en ook voortgaan met navorsing en so meer. Dit was net dat hy nie meer vir die Lutherse studente opleiding kon gee as 'n amptelike dosent van die Fakulteit Teologie nie. Indien 'n NG dosent byvoorbeeld skuldig bevind sou word aan dwaalleer, sou Tukkies 'n soortgelyke plan kon ontwerp. Sommige NG dosente by Tukkies het, as ek reg onthou, tot 80% nagraadse studente van reg oor die wêreld. Om klagtes te lê teen NG dosente is daarom hoegenaamd nie gelyk daaraan om hulle nie ook 'n plek in die universiteit te gun nie.
4. Persoonlik sou dit vir my hoegenaamd geen probleem gewees het om by ál die kontroversiële dosente van Tukkies (professore Müller, Le Roux en Human inkluis!) klas te kry in 'n opset soos by Unisa nie. Dáár is totale leervryheid en almal weet dit. Jy wéét dus waarvoor jy jou inlaat. Die probleem kom in as kerke ooreenkomste met universiteite aangaan waarin spesifiek aangetoon word dat die kerk se dosente getrou moet bly aan die belydenisgrondslag van die kerk. Hierdie situasie kan natuurlik wonderlik werk wanneer die dosente inderdaad binne die riglyne bly (en daar is gewis mooi voorbeelde hiervan!), maar wanneer dit nie realiseer nie, skep dit nie net vir jong studente probleme nie, maar tref dit ook die kerk en die getuienis in die wêreld sleg.



## Agtergrond t.o.v. die ondersoeke

Daar is 'n klompie dinge wat ek graag eers wil noem voordat ek oor die ondersoeke berig.

Dit sal naïef van my wees om te dink dat ek objektief oor die ondersoeke kan berig. Nie ek, of die dosente, of (ten minste soos ek dit beleef het) die ondersoekliggaam wat professore Müller en Le Roux se ondersoeke hanteer het, kan werklik objektief na die getuienis kyk nie (laasgenoemde bewering bespreek ek meer breedvoerig ten tye van die deel oor die objektiwiteit van die ondersoekliggaam by professor Müller). Die leser kan gerus my bespreking en interpretasies vergelyk met die dosente se openbare uitsprake sedert die uitsprake, en dalk meer belangrik, die Ringsuitsprake wat wyd versprei is deur die kerk. Wees ook op die uitkyk vir sommige inligting wat in hierdie boek genoem word wat soms totaal afwesig is in die Ringsuitsprake.

Ek gaan my bes probeer om geloofwaardig en eerlik na die ondersoeke te kyk. Ek hoop die feit dat daar alreeds 'n paar jaar verloop het sedert die onderoeke afgehandel is, asook die feit dat ek al vir 'n paar jaar in die buiteland woon, my gaan help om die gebeure gebalanseerd te interpreteer. Dit is nie 'n klakkelose herhaling van wat tydens die ondersoeke gebeur het nie, alhoewel dit die grootste deel van die volgende hoofstukke sal opneem. Ek sal ook tussendeur die gebeure interpreteer deur gebruik te maak van agtergrondkennis, stukkies kommentaar en ander interpretasies. Hierdie besprekings is nie finale uitsprake nie, maar eerder soos 'n oop gesprek. Dit is maar een interpretasie, vanuit een perspektief, en daarom ook 'n uitnodiging aan ander om verder hieroor te gesels en te skryf.

*een interpretasie, vanuit een perspektief*

Omdat daar 'n paar ondersoeke was, is dit nodig dat ek net

vlugtig die onderskeie ondersoeke hier noem om latere verwarring te voorkom. (Ek gaan by professor Muller se ondersoek verdere verduidelikings aangaande die ondersoeke aanbied).

Die eerste ondersoek was my dissiplinêre verhoor deur 'n kuratorium-kommissie wat as aanhangsel agter in die boek beskryf word. Ek haal nie daaruit aan in my besprekings van die dosente nie. Daar is nie transkripsies van die getuienis gemaak nie.

Dan was daar die kerklike leerdwaling-ondersoeke van die drie professore waar ek een van die klaers was. Lesers sal opmerk dat daar aanhalings gemaak word vanuit die verbatims, wat 'n woordelikse transkripsie van die ondersoeke is, sowel as aanhalings uit skriftelike voorleggings wat die dosente tydens die ondersoeke voorgelê het, asook aanhalings uit die skriftelike uitspraak van die ondersoekliggame.

Dan was daar die dissiplinêre universiteitsverhoor waar die drie dosente die klaers was en ek die aangeklaagde. Ek haal ook hier aan uit die verbatim wat 'n skriftelike transkripsie van die verhoor was wat aan my beskikbaar gestel is sowel as uit die kommissie se uitspraak. Verdere tegniese verduidelikings sal genoem word waar en wanneer nodig.



HOOFSTUK SEWE

# DIE RINGS- EN UNIVERSITEITSVERHORE

## PROFESSOR JULIAN MÜLLER

Die mees prominente persoon in die ondersoeke van die afgelope jare was en is verreweg professor Julian Müller. Hy was die enigste van die aangeklaagdes wat in die hitte van die stryd 'n boek oor die opstanding geskryf het en ook gereeld oor die radio sy standpunte gestel het. Dít is nogal merkwaardig aangesien hy baie pertinent op 28 Julie 2005, toe hy voor die Fakulteit Teologie sy geloof in die opstanding van Jesus verduidelik het, gesê het dat hy nou klaar verduidelik het en dat hy hom nie langer gaan verdedig nie: "Ek gaan nie meer daaraan deelneem nie. Ek gaan nie 'n advertensie in die koerant sit en sê 'Hoor hier, ek glo in die opstanding van Jesus Christus nie!'" Na professor Müller se boek verskyn het, was daar etlike advertensies in die media wat sy boek (en dus sy verstaan van die opstanding) bemark het. Nou goed, die gebeure sedert Julie 2005 het hom seker genoop om sy standpunt te verander.

Daar is reeds verskeie kere in vorige hoofstukke na professor Müller verwys. Ek noem 'n paar sake:

- Die 2003- en 2006-retraites wat onder andere die meditasie op Nuwe Hervormingsmateriaal behels het, en 'n gebedsgeleentheid in 'n klaarblyklike inter-geloofsaanbiddingsentrum (sien hoofstuk 2);
- Professor Müller se lesing "Hervorming en Spiritualiteit" waar hy onder meer verwys na 'n disoriëntasie/heroriëntasie, ook wat betref die letterlikheid van Jesus se opstanding;
- My gesprek met professor Müller oor professor Yolanda

- Dreyer wat gehandel het oor sy narratiewe pastoraat en die drie-eenheid (Vader, Seun en Heilige Gees);
- Sy lesing oor "wêreldbeelde" by die Centurion Teater waartydens hy uitgewei het oor 'n integrale wêreldbeeld en die panenteïsme;
- Die radioprogram *Oop Gesprek* op RSG op 29 Mei 2005 (uitgesaai op 5 Junie) en die klaslesing waartydens hy nie ja of nee wou antwoord op die vraag of Jesus liggaamlik uit die dood opgestaan en of die graf leeg is nie.

My bespreking van professor Müller word soos volg ingedeel:

Eerstens bespreek ek sekere aspekte van die leerdwaling-ondersoek deur die ring van Pretoria-Oos. Daar is in hierdie deel 'n paar onderafdelings:

- 'n Inleidende woord;
- Die klaers en die klagte;
- Die objektiwiteit van die ondersoekliggaam;
- Sekere prosedures tydens die ondersoek;
- Jesus se opstanding, en dan
- Die bestaan van die Satan en die Bose.

Tweedens bespreek ek aspekte van die universiteit se dissiplinêre verhoor. Daar is ook 'n paar onderafdelings:

- Inleiding;
- Die eerste verhoor;
- Die tweede verhoor:
  - Die Satan en die Bose;
  - Die opstanding en die Nuwe Hervorming;
- 'n Laaste opsommende woord.

## Ringsondersoek

### 'n Inleidende woord

Professor Müller is sedert 1990 aangestel as professor in Praktiese Teologie by Tukkies (en sal waarskynlik in 2011/2012 met pensioen gaan as ek dit reg het). Interessant genoeg het hy kort na sy aanstelling aangevoer dat dit nooit sy aspirasie was om dosent te word nie (*Deo Gloria Jaarboek*, 1990: 33). Sedert sy aanstelling het professor Müller veral in die huweliks- en gesinspastoraat vanuit 'n narratiewe benadering bekendheid verwerf. Wat die pastoraat betref het sy insigte en navorsing al baie beteken vir die hele teologiese spektrum: van hiper fundamentaliste tot hiper liberaliste. Mens kan maar net 'n paar gesprekke met uiteenlopende mense voer om hierdie opmerking te bevestig.

Met my voorbereiding vir die ringsondersoek het ek opgemerk dat professor Müller al ten minste twee maal in die verlede van leerdwaling aangekla is. Die een geleentheid was in 1993 en het gehandel oor sy positiewe woorde oor die klaarblyklik skokkende en opspraakwekkende fliek *The Last Temptation of Christ*. Hierin word Jesus uitgebeeld as 'n man wat seks het met 'n vrou (sien byvoorbeeld *Beeld*, 27 Augustus 1993; 7 September; 9 September). Die ander keer het die ondersoek gehandel oor twee artikels waarin hy na bewering die Bybel as die Woord van God ontken het (sien byvoorbeeld *Beeld*, 26 Maart 2001). Op albei aanklagte is hy onskuldig bevind. Sommige persone mag tot die gevolgtrekking kom dat professor Müller dus onregmatig aangekla is. Dit is egter ook nie onbillik om op te merk dat professor Müller, ten minste vir sommige Christene, 'n geskiedenis van omstrede uitsprake het nie.

### Die klaers en die klagte

Wat die klaers in die ondersoek betref net 'n paar opmerkings: U sal onthou dat ek reeds vroeër verwys het na die dwaalleer-ondersoek van professor Geyser in die Hervormde Kerk gedurende die 1960's. Hy is deur drie teologie-studente aangekla, en verskeie professore het deur die loop van die ondersoek kom getuig. Met professor Müller se ondersoek sou daar egter geen NG professor aan die ondersoek deelneem nie. Dit was eintlik 'n groot jammerte, want nou was dit in der waarheid 'n gesoute professor teenoor 'n vyfdejaar teologiestudent.

Sonder om enigsins disrespekvol te wees teenoor die twee predikante wat ook as klaers betrokke was– hulle het net eenvoudig nie die teologiese kennis gehad om 'n wesenlike bydrae te lewer nie. Dit

was ook uit hulle getuienis duidelik dat hulle nie tred gehou het met die ontwikkelinge wat die afgelope aantal jare in die Bybelwetenskappe en ander teologiese dissiplines plaasgevind het nie. Wat nodig was, was vir huidige professore om op professor Müller se vlak tot op die been van die teologiese sake te sny. Ek het probeer, maar erken dat ook ek nie opgewasse vir die taak was nie, al was ek redelik goed voorberei.

Die klagte: Soos verwag is, was een van die klagte wat ondersoek sou word die bewering dat professor Müller se interpretasie en geloof in Jesus se opstanding nie versoenbaar is met wat die belydenisskrifte van die NG Kerk ons oor Jesus se opstanding leer nie. Met die NG belydenis as agtergrond, het verdere klagte behels: sy standpunt oor Jesus se uniekheid, maagdelike verwekking en ook die bestaan van die Satan en die Bose. Hou asseblief rekening met my uiteensetting in die vorige hoofstuk van hoe die belydenisskrifte in die NG Kerk funksioneer om die klagte in 'n breër raamwerk te plaas.

Daar is gewoon nie ruimte om elk van die klagte in detail te bespreek nie al sou dit heel interessant gewees het. Ek sal fokus op die klagte rakende Jesus se opstanding en die bestaan van die Satan en Bose. Maar voordat ek daarby kom, eers 'n paar belangrike besprekings oor die objektiwiteit van die ondersoekliggaam en dan sommige kerkordelike prosedures.

## Die objektiwiteit van die ondersoekliggaam

Die ring van Pretoria-Oos wat rég langsaan die Fakulteit Teologie by Tukkies is, het om en by Oktober 2005 instruksies van die kuratorium ontvang om 'n leerdwaling-ondersoek na professore Julian Müller en Jurie le Roux te doen. Tussen hakies, *Die Kerkorde van die NG Kerk*, 2004, (voortaan *Kerkorde*) bepaal dat so 'n ondersoek deur die kuratorium self, asook die kerkraad van die betrokke persoon uitgevoer kan word. Dieselfde ondersoekspan het beide ondersoeke hanteer.

Terugskouend is dit my persoonlike indruk dat ten minste vier van die vyf ondersoeklede nie regtig objektief in die ondersoek kon wees nie. Kerkregkundiges sou my seker hier oor die vingers wil tik en sê dat ek voor die ondersoek begin het, sulke besware moes opper, en nie na die tyd nie. Wat dr. Veldsman betref (een van die lede) het ek wel



beswaar aangeteken, maar nie oor die ander nie. Op daardie stadium was my eie dissiplinêre verhoor volstoom aan die gang. Bo en behalwe die intensiewe voorbereiding wat ek vir die tugondersoeke gedoen het, was ek ook 'n voltydse meestersgraad-student met eksamens en take om te voltooi. Daar was net gewoon nie tyd nie om voor die ondersoek begin het oor elke lid van die kommissie te gaan navorsing doen nie. Maar dit is sekerlik nie verkeerd om noudat alles verby is (en met opgaaf van redes) tog terugskouend die stelling te waag dat sommige kommissielede nie werklik objektief kon wees nie? Ek dink daar is goeie gronde vir die bewering wat ek vervolgens bespreek.

### ***Dr. Danie Veldsman***

Die eerste kommissielid na wie ek wil verwys, is dr. Danie Veldsman wat op daardie stadium nog nie professor was nie. As ek vervolgens na hom as doktor en nie professor nie verwys, is dit nie uit disrespek nie, maar omdat, histories gesien, hy toe nog nie professor was nie. Ek verwys na vier sake, maar maak net eers 'n kant aantekening: As ek by Unisa teologie sou studeer het, en Sistematiese Teologie as vak sou neem, sou ek met groot graagte by dr. Veldsman wou klas bywoon. Wat kennis oor sy vakgebied betref, is dr. Veldsman baie bekwaam. Ek is self ook baie geïnteresseerd in die werk van onder meer Ernst Troeltsch, Wilhelm Herrmann, Rudolf Bultmann, Karl Barth, Wolfard Pannenberg, Jürgen Moltmann, Hendrikus Berkhof, Willie Jonker, Johan Heyns, Dirkie Smit en so meer wat nie net binne dr. Veldsman se studieveld val nie, maar oor wie hy ook waardevolle kennis besit.

Vervolgens dan die vier sake in verband met die ondersoek: Eerstens, dr. Veldsman het in 1993 'n artikel geskryf waarin dit sy bedoeling was om histories-kritiese en teologies-sistematiese benaderings in gesprek te bring in soverre dit gaan oor Jesus se opstanding. In die proses het hy geëksperimenteer met die idee dat Jesus se liggaam moontlik deur van sy dissipels gesteel en herbegrawe is. Die implikasie hiervan is dat Jesus se lyk heel moontlik iewers weggesteek is, en dat die verskyningsverhale visionêr van aard was, en dus nie 'n letterlike opstanding van Jesus noodsaak nie. Ek haal 'n uittreksel uit dr. Veldsman se artikel aan wat iets hiervan beskryf:

> "Eksperimenteel sou ek as verklaring van die leë graf, wou

beweer dat: (1) Die lyk van Jesus verwyder is na aanleiding van 'n sekere begrafnisgebruik van daardie tyd . . . die versamel van die beendere was 'n daad van die grootste piëteit en het as gebruik die eskatologiese hoop van die gemeenskap versterk. Sou hierdie nie moontlik as agtergrond kon dien vir die verwydering van die lyk nie?" (*HTS*, 49[4] 1993: 995-996).

Hierdie bewering deur dr. Veldsman maak goed sin as mens in gedagte hou dat hy later in die artikel van opinie is dat die "evangeliese weergawes [van die opstandingsgebeure] 'n sterk 'legendariese' karakter" (1 000) openbaar. Nêrens in dié artikel (of enige ander artikel sedertdien volgens my inligting) kom dr. Veldsman by die punt om hierdie eksperimentele bewerings (dat Jesus se liggaam moontlik deur sommige dissipels gesteel en herbegrawe is) te laat vaar nie. As teoloog is dr. Veldsman natuurlik geregtig om baie kritiese en kontroversiële navorsing te doen. In 'n konteks soos Unisa behoort daar hiermee geen probleem te wees nie. Maar as NG predikant, wat Sondae die Woord van die Here vir lidmate bring? Om as kommissielid gekies te word vir 'n leerdwaling-ondersoek met só 'n artikel op jou kerfstok, is moeilik om te begryp, veral in die lig daarvan dat 'n groot deel van die ondersoek oor Jesus se liggaamlike opstanding gehandel het. Met dít in gedagte sê *Die Kerkorde van die NG Kerk* juis: "Niemand met 'n botsende belang ten opsigte van die saak wat ondersoek word, mag deel wees van 'n liggaam wat 'n tugondersoek doen en besluite daaroor neem nie" (*Kerkorde*, 2004: 28).

Tweedens: Tydens die ondersoek[44] wou ek by professor Müller hoor of leertug nog enigsins deel van die NG Kerk se karakter behoort te wees. Dr. Veldsman het deelgeneem aan hierdie gesprek en die merkwaardige insinuasie gemaak dat leertug by 'n seminarium en nie by 'n universiteit hoort nie (Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Müller: 386-387). My indruk was dat dr. Veldsman se bedoeling daarmee was dat professor Müller daarom nie regtig van leerdwaling aangekla behoort te word nie. Hy is mos professor by 'n universiteit en nie 'n seminarium nie! Ná die ondersoek het hierdie insident steeds in my kop bly maal. Omdat ek voorsitter was van Deo Gloria het ek toegang gehad tot verskeie dokumente. Ek het onder andere die ooreenkoms tussen die NG Kerk en die universiteit onder oë gehad. Daarin kom dit relatief duidelik na vore dat die NG dosente hulle werk wetenskaplik moet doen, en ook moet bybly met die nuutste navorsing en so meer. Máár, daar is ook klousules in hierdie ooreenkoms ingebou wat mens kon sê eie is aan 'n seminarium: Dosente beoefen die kritiese teologie, maar op die voorwaarde dat hulle steeds getrou bly aan die belydenisgrondslag van die NG Kerk wat met legitimasie beloof was.

Met dit en dr. Veldsman se opmerkings in gedagte, kom 'n paar vrae by my op: Is die NG Kerk se ooreenkomste met die onderskeie universiteite dus 'n nul op 'n kontrak? Kan NG dosente by universiteite dus maak en breek soos hulle wil? Wat maak dr. Veldsman op 'n tugkommissie as hy klaarblyklik algehele leervryheid aan die NG dosente wil gee? Indien ek dr. Veldsman verkeerd verstaan het, sal ek graag wil verneem of hy p. 386-387 van die Verbatim anders interpreteer.

Derdens: Tydens die ondersoek was dit ook opmerklik dat dr. Veldsman 'n spesifieke standpunt oor die Apostoliese Geloofsbelydenis ingeneem het. Toe ek dié belydenis behandel het en spesifiek die deel wat sê: "Ek glo in die opstanding van die vlees" (of liggaam), om daardeur aan te toon dat gelowiges se liggaamlike opstanding ongetwyfeld daarop dui dat Jesus liggaamlik uit die dood opgestaan het, het dr. Veldsman my onderbreek. Hy wou my klaarblyklik "reghelp" deur te beweer dat ek Jesus se opstanding en ons opstanding asseblief uitmekaar moet hou.[45] Dr. Veldsman wou ooglopend

44 Hierdie is die eerste bladsyverwysing na gebeure tydens die leerdwaling-ondersoek van prof. Müller deur die ring van Pretoria-Oos. Ek plaas daarom hier 'n volledige beskrywing: Verbatim van die leerdwaling-ondersoek van prof. Julian Müller deur die gevolmagtigde ondersoekliggaam van die ring van Pretoria-Oos, gehou op 12 en 18 Mei 2006. Kopiereg Executive Transcriptions CC, PO Box 32356, Glenstantia, 0010. Hierna gebruik ek die volgende afkorting: Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Müller.

45 Uittreksel van die verbatim-verslag: ". . . As u net vir ons elke keer kwalifiseer . . . ek praat van Jesus Christus s'n, ek praat van ons s'n. Want onmiddellik in die Apostolikum word hierdie twee goed uit mekaar uitgehou . . . Laat ons net die twee uit mekaar uithou - Jesus Christus se Opstanding en wat daaroor gesê word . . . en ons opstanding. Ter wille net van die duidelikheid van waarmee ons hier werk, asseblief" (74-75).

aansluit by professor Müller se bekende argument dat die belydenis "ekonomies" geformuleer is en dat ons slegs in die "opstanding" van Jesus hoef te glo. Dit is terugskouend my oortuiging dat die opstanding van die "liggaam", soos dit in dié belydenis voorkom, vir beide dr. Veldsman en professor Müller ongemaklik laat voel omdat dit net eenvoudig nie in hulle "ekonomiese" skema inpas nie. Let ook op dat dr. Veldsman my nie 'n vraag gevra het nie, maar sy interpretasie wou gee as gesaghebbend, terwyl kommissielede eintlik veronderstel was om net vrae te vra. Hulle was nie veronderstel om stellings te maak en die gesprekke in rigtings te stuur wat hulle verlang nie.

Vierdens was dit ook merkwaardig dat dr. Veldsman nie eens een vraag aan professor Müller gevra het tydens die totale ondersoek nie. Dit was gereeld my indruk dat hy eintlik professor Müller se advokaat was. Ook tydens professor Le Roux se ondersoek[46] was dit my ervaring. As bewys hiervoor kan mens daarop wys dat die kerkregkundige tydens die ondersoeke, ds. Van Vuuren, pertinent vir dr. Veldsman gevra het om nie getuies te "inkrimineer" nie, nadat beswaar gemaak is teen sommige vrae wat hy aan getuies gestel het. (Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Le Roux: 68).

Dr. Veldsman is, nie lank na die leerdwaling-ondersoeke nie, aangestel as nuwe NG dosent in Sistematiese Teologie by Tukkies.

***Dr. Braam le Roux***

Die tweede persoon op die kommissie oor wie se objektiwiteit ek bedenkinge gehad het, is dr. Braam le Roux. Dr. Le Roux, wat die voorsitter was, het 'n baie gemoedelike atmosfeer tydens die ondersoek probeer handhaaf. Daarvoor sê ek vir hom dankie. Die saak wat ek wil noem waarby dr. Le Roux betrek is, handel ook oor my vraag aan

46 Hierdie is die eerste bladsyverwysing na gebeure tydens die leerdwaling-ondersoek van prof. Le Roux deur die ring van Pretoria-Oos. Ek plaas daarom hier 'n volledige beskrywing: Verbatim van die leerdwaling-ondersoek van prof. Jurie le Roux deur die gevolmagtigde ondersoekliggaam van die ring van Pretoria-Oos, gehou op 9 en 10 April 2006. Kopiereg Executive Transcriptions CC, PO Box 32356, Glenstantia, 0010. Hierna gebruik ek die volgende afkorting: Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Le Roux.



professor Müller oor leertug. My vraag aan professor Müller was min of meer soos volg: "In die lig van u teologie van voorlopighede, glo u dat leertug nog enigsins deel moet wees van die karakter van die NG Kerk?" Voordat professor Müller en dr. Veldsman hierop kon antwoord, het dr. Le Roux die volgende opmerking gemaak: "Dis 'n goeie vraag" (Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Müller: 386). Veel later sou hierdie opmerking deur dr. Le Roux (soos ook dr. Veldsman se latere opmerking) steeds in my kop maal. Hoekom was juis hierdie vraag vir dr. Le Roux 'n "goeie vraag"? Ons sit in die middel van 'n tugondersoek; ek vra of 'n leerdwaling-ondersoek nog enigsins deel van die NG Kerk moet wees, en dr. Le Roux, wat voorsitter van dié tugondersoek is, sê dis 'n goeie vraag? Deur sy antwoord, so vermoed ek, het hy dalk verklap wat eintlik in sy eie gemoed aan die gang was – ook hy het twyfel oor óf leertug (selfs wanneer dit oor Jesus se opstanding gaan?) deel van die NG Kerk moet wees. Of kon hy dalk met "goeie vraag" ook na die sinvolheid van so 'n ondersoek as sodanig verwys het? Tussen hakies, professor Müller se antwoord op my vraag was "Ja, dis 'n goeie vraag. Ek weet nie." Ook hy weet nie.

***Dr. Niekie Lamprecht***

Die derde persoon wat ek wil noem, is dr. Niekie Lamprecht. Ek hou van hom, hy is 'n baie aangename mens, met 'n dinamiese persoonlikheid en 'n vermoë om kreatief te preek. Sy vader was ook vroeër jare 'n bekende en gewaardeerde predikant.

Wat sy betrokkenheid by die ondersoek betref die volgende: Hy is 'n deeltydse dosent in Praktiese Teologie wat direk onder professor Müller sorteer en het onder andere vir ons jaargroep 'n module aangebied; hy het sy doktorsgraad by professor Müller gedoen; en hy is professor Müller se predikant by die NG gemeente Pretoria-Oos. Dr. Lamprecht het, soos ek dit interpreteer, dus in minstens drie opsigte persoonlike en botsende belange by die verhoor gehad. Dit het gegaan oor sy lidmaat, sy doktorale promotor en sy departementshoof. Al is dr. Lamprecht 'n aangename mens, mag mens seker die stelling waag dat hierdie sake op die een of ander wyse sy objektiwiteit kon beïnvloed het.

***Ds. Danie du Toit***

Die vierde persoon is ds. Danie du Toit. Ek vind ds. Du Toit (wat intussen geëmiriteer het?) 'n fassinerende persoon, veral seker oor die liefde vir kuns en argitektuur wat ons deel. Hy is 'n gerespekteerde kunskenner. Wat sy deelname aan die ondersoek betref, die volgende: Ek sou na afloop van die ondersoek verneem dat ds. Du Toit al vir jare goed bevriend is met professor Müller en periodiek deur die fakulteit gevra is om op te tree by teologiese gesprekke.

Net soos dr. Veldsman, het ds. Du Toit tydens die ondersoek nie een teologiese vraag aan professor Müller gevra nie, terwyl hy ons as klaers opgekeil het met allerhande onbenullige vrae oor Adam en Eva, geslagsregisters en so meer. Hy sou ook by tye sy eie interpretasies stel, en die gesprekke in sekere rigtings stuur, terwyl dit eintlik die kommissie se taak was om vrae te stel. Dit is ook veelseggend dat professor Müller vir ds. Du Toit (en professor Wilhelm Jordaan wat 'n hoofstuk in die Nuwe Hervorming se boek geskryf het, en ook lidmaat was by ds. Du Toit se gemeente) genooi het om by die Teologiese Dag by Tukkies in 2007 as sprekers op te tree. Toe professor Müller vir ds. Du Toit by daardie geleentheid bekend gestel het, was dit 'n lofrede waarin hy sy dank en jarelange vertroue in hom uitgespreek het.

*onskuldig bevind is nog voordat die onderskeie ondersoeke begin het.*

Met al hierdie getuienis en gebeure in gedagte, is dit my persoonlike oortuiging dat professore Müller en Le Roux eintlik alreeds onskuldig bevind is nog voordat die onderskeie ondersoeke begin het.

## Prosedures tydens die ringsondersoek

Hoe het die ondersoekliggaam die *NG Kerkorde*, in soverre dit oor leerdwaling-ondersoeke gaan, geïnterpreteer en toegepas? Ek noem slegs 'n paar sake wat relevant is, en wat kontroversie veroorsaak het.

Ten eerste: Die klaer en aangeklaagde kon elk iemand kry om hom tydens die sittings by te staan. Hierdie persone mag egter nooit aan die gesprekke deelgeneem het nie, maar slegs persoonlike advies aan die klaer of aangeklaagde gee. Die *Kerkorde* sê: "Die partye is nie geregtig op iemand wat namens hulle optree nie, maar kan bygestaan word deur 'n lidmaat van die eie of 'n ander gemeente" (*Kerkorde*, 2004: 28). Dié reël is aanvanklik onverbiddelik toegepas tydens professor Le Roux se ondersoek wat eerste afgehandel is. Tydens die tweede ondersoek, dié van professor Müller, is hy bygestaan deur dr. André Bartlett van Aasvoëlkop in Johannesburg. Beide professor Müller en dr. Bartlett wou nie berus by die ondersoekliggaam se orde-reëling nie. Dr. Bartlett het gereeld hardop begin praat en sy opinies links en regs uitgespreek selfs nadat hy gevra is om dit nie te doen nie.[47]

Ten tweede: 'n Ander orde-reëling tydens beide ondersoeke was dat enige getuienis tot voor die repliek ('n laaste samevatting) voorgelê mag word. In ooreenstemming hiermee kon ek tydens professor Le Roux se twee dae lange ondersoek nog op die laaste dag nuwe getuienis voorlê en bespreek. Die *Kerkorde* sê: "Die partye self kan in die loop van die saak verdere getuienis aanbied om lig op die saak te werp" (*Kerkorde*, 2004: 28).

Tydens professor Müller se ondersoek het dinge egter skeefgeloop. 'n Bietjie agtergrond is nodig: Ten tye van die eerste dag, het professor Müller, nadat ek my getuienis voorgelê het, gevra vir meer tyd om homself voor te berei om te reageer op al die getuienis. As ek hom reg verstaan het, was my uiteensetting van die klagte (wat 37 bladsye beslaan het) van so 'n aard dat hy meer tyd nodig gehad het om hom daarteen te verweer. Tussen hakies, in my voorbereiding vir die ondersoek, en ook my skriftelike uiteensetting, het ek professor Müller se boek *Opstanding* etlike kere deurgewerk en onder meer die standpunte en navorsing van teoloë soos professore Dawid Bosch, Willie Jonker, Jan van der Watt, Stephan Joubert, Hennie Stander, Jan du Rand, Adrio König, Dirkie Smit, drs. Coenie Burger, Louis Louw en so meer bygewerk. Daarom vermoed ek het die ondersoekliggaam toe besluit om hom 'n ekstra week hiervoor te gee. Gevolglik is die eerste sittingsdag (10 Mei 2006) opgevolg met 'n ekstra dag se getuienis wat gehou is op die 18de Mei 2006. Tussen dié twee sittingsdae

47 Dr. Lourens Erasmus, 'n vriend met wie ek ook nie noodwendig oor alles saamstem nie, het my bygestaan. Dr. Eramsus sou ook by tye gesels het, maar altyd eers nadat dr. Bartlett sonder toestemming buite orde begin opinies uitspreek het.

het professor Adrio König nogal ernstige en ook goed geformuleerde kritiek op professor Müller se boek *Opstanding* in *Beeld* en *Kerkbode* gelewer. Op 12 Mei was daar ook 'n program op Radiokansel waartydens professor Müller verdere betwisbare stellings oor Jesus se opstanding gemaak het. Ek wou hierdie getuienis bitter graag gebruik tydens die laaste sitting. Ek was veral verlig dat 'n vooraanstaande en gerekende professor dit gewaag het om in die openbaar kommentaar te lewer op professor Müller se boek. Professor König se kommentaar (al sou mens kon aanvoer dat dele daarvan miskien té skerp was) kon 'n wesenlike bydrae gelewer het tot 'n sorgvuldige ondersoek.

Die oggend van die 18de Mei toe ons weer begin het, en ek vra of ek professor König se kommentaar kan behandel, het professor Müller en dr. Bartlett (laasgenoemde wat vir die soveelste maal hardop aan die gesprek begin deelneem het) botweg geweier. Uiteindelik het hulle die ondersoekliggaam se arm gedraai (die bandopnemer was spesifiek afgeskakel tydens die manipulasie-sessie) waarna ek nie toegelaat was om die getuienis te behandel nie. Dít was 'n wesenlike verandering van professor Le Roux se ondersoek.

*die bandopnemer was spesifiek afgeskakel tydens die manipulasie-sessie*

Dit is belangrik om hiervan kennis te neem, want die ondersoekliggaam het vroeër die dag verklaar dat hulle die *Kerkorde* presies dieselfde in albei ondersoeke interpreteer. Natuurlik is dit doodgewoon bevestig, sodat die geloofwaardigheid van die ondersoeke nie onder verdenking sal kom nie! Ek vermoed die skielike verandering was omdat professor König, wat 'n prominente teoloog in Suid-Afrika is, ernstige kritiek oor professor Müller se standpunte uitgespreek het. 'n Breedvoerige bespreking daarvan sou nie net vernederend vir professor Müller gewees het nie, maar ook die ondersoekliggaam in 'n baie moeilike posisie geplaas het; want nou was dit nie maar net 'n teologiestudentjie wat klagtes lê nie, maar 'n vooraanstaande professor wat professor Müller al oor baie jare ken, en wie se kritiek nie sommer maar net geïgnoreer kon word nie. Dit was daarom so ironies dat dr. Bartlett, wat met hand en tand geveg het dat professor König se kritiek nie behandel mag word nie, kort hierna, en voordat die ondersoekliggaam uitspraak gelewer het, professor König in die media aangevat het oor sy kritiek op professor Müller (*Kerkbode*, 26 Mei 2006).



## Jesus se opstanding

### *Agtergrond*

Ek het reeds vroeër in die boek verwys na geleenthede waar professor Müller nie ja of nee wou antwoord op die vraag of Jesus liggaamlik uit die dood opgestaan het en of sy graf leeg is nie (5 Junie 2005 op RSG en 28 Julie 2005 by die Fakulteit Teologie).

Voor professor Müller se ondersoek begin het, was daar verskeie koerantberigte wat gehandel het oor sy interpretasie van die opstanding. Daar was positiewe berigte (sien byvoorbeeld *Beeld*, 13 April 2006, asook dr. Gerhard Bothma van Polokwane [vroeër Pietersburg] se besonder positiewe resensie van sy boek vir *Kerkbode*), maar ook etlike en oorwegend meer kritiese berigte. Wat laasgenoemde betref, het professor Müller besluit om op een spesifieke briefskrywer se vraag te reageer (alhoewel dit omtrent drie maande later was). Die vraag aan professor Müller in 'n brief in *Kerkbode* was: "As u die vraag of Jesus Christus liggaamlik (d.w.s. fisies) uit die dood en die graf opgestaan het duidelik en ondubbelsinnig antwoord, sal niemand u meer kan misverstaan nie" (*Kerkbode*, 25 Augustus 2005). Hierop het professor Müller gereageer deur te beweer dat die woorde "liggaamlik" en "fisies" op die belydenisskrifte wil verbeter en ook "juis afbreuk doen aan die misterie-karakter van die opstanding." Professor Müller sluit sy antwoord soos volg af: "U byvoegings verteenwoordig 'n afwyking van die suiwere verstaan van die opstanding. Daarom antwoord ek nooit daarop ja nie!" (*Kerkbode*, 10 November 2005). In die loop van die getuienis wat bespreek gaan word, gaan ons hopelik meer helderheid kry oor hoe professor Müller Jesus se opstanding verstaan.

In Januarie 2006 het professor Müller se boek *Opstanding* verskyn. Enige persoon wat die boek in detail bestudeer het, en ook oor die jare bygehou het met professor Müller se openbare lesings, uitsprake en artikels sou gemaklik tot die konklusie kan kom dat seker negentig persent van dié boek eintlik 'n samestelling is van sommige le-

sings, praatjies en preke wat hy sedert die jaar 2000 gelewer het. In geheel was daar enkele uitbreidings in die boek. In kontinuïteit met sy vroeëre weie-ring om ja of nee te antwoord op die vraag of Jesus liggaamlik uit die dood opgestaan het, en of die graf leeg is, het professor Müller sy weerstand hieroor nogal sterk verwoord in die boek. Op een plek stel hy dit soos volg:

> "hoe meer ek daaroor dink en skryf, hoe minder kan ek op daardie vraag net eenvoudig "Ja" antwoord. Inteendeel, ek het behoefte om met my hele hart daarteen te protesteer, omdat die vraag en die manier waarop die vraag geformuleer en gevra is, 'n teologie oor die opstanding verteenwoordig wat ek nooit kan onderskryf nie" (Müller, 2006: 9).

Soos ek professor Müller se argumente voor en na hierdie stelling verstaan, beskou hy diegene wat eenvoudig "Ja" op hierdie vraag kan antwoord as skuldig aan 'n teologiese fundamentalisme en "letterknegtery" (43); 'n soort "slimstreke" (51); en selfs "ten diepste 'n verwerping van die opstanding" (73). In aansluiting by sy lesing op 28 Julie 2005 voor die Fakulteit Teologie, staan hy 'n "sobere en ekonomiese" verstaan van Jesus se opstanding voor. Dit vind hy in die Heidelbergse Kategismus vraag 45 (ons het egter alreeds gesien dat professor Müller ongelukkig heeltemal vergeet het van die aangrypende vraag 57). Vir professor Müller is Jesus se opstanding vol misterie, met die gevolg dat dit tekenend is van "'n onsêbare werklikheid" (88); "iets onvoorspelbaars en onbeheerbaars" (102); met die moontlikheid van "'n verrassende wending" (103).

Professor Müller het interessant genoeg ook al die kontroversiële stellings wat in die studenteverklaring van 15 Junie 2005 opgeneem is in sy boek ingesluit en bespreek (die preek en lesing wat dit voorheen was, is byna onveranderd in sy boek opgeneem). Omdat hierdie aanhalings in die studenteverklaring belangrik is, en tot 'n groot mate die rede vir die verklaring was, is dit baie belangrik om dit hier te bespreek. Ek gee agtergrondkennis, interpretasies en ook getuienis tydens die leerdwaling-ondersoek in my bespreking weer. Die universiteitsverhoor word doelbewus eers later bespreek.



***Het Jesus letterlik óf figuurlik opgestaan?***

Wat is die inhoud van ons geloof oor Jesus se opstanding asook ons toekomstige opstanding? Wát is die oorsprong van 'n opstandingsgeloof wat kan sorg vir "verrassende wending[s]" (103)? Behoort geloof as genadegawe 'n Christen te dring om te bely dat Jesus létterlik uit die graf opgestaan het, of kan dit ook maar vandag as uitsluitlik figuurlik en metafories geïnterpreteer word? Anders gestel, kan 'n persoon wat beweer dat Jesus figuurlik opgestaan het, met die gevolg dat sy beendere nog iewers in 'n Jerusalemse graf gevind kan word, aanspraak maak op die oorgelewerde geloof soos wat ons dit byvoorbeeld bely in die Apostoliese Geloofsbelydenis? Dít is die kritiese en belangrike vraag wat ná die lees van hoofstuk agt in professor Müller se boek (en wat deel van die studenteverklaring was) by 'n mens kan opkom.

*Of jy nou "metafories glo" en of jy "letterlik glo"*

In dié hoofstuk maak professor Müller melding van twee uiteenlopende groepe teoloë: Die een groep, waarvan die *Jesus Seminar* 'n voorbeeld is, beweer dat Jesus nie letterlik uit die dood opgestaan het nie. Die ander groep glo dat Jesus wel letterlik uit die dood opgestaan het. Dit is met dié uiteenlopende standpunte in gedagte wat professor Müller dan die volgende stellings maak:

> "Die mense wat vreeslik klem lê daarop dat alles [Jesus se opstanding] net so letterlik gebeur het en waar is, én dié wat glo dat dit meer figuurlik en metafories verstaan moet word, glo almal op grond van die geloof wat ons ontvang het. . . Ons moet tog nie weer van ons geloof 'n dwingende sisteem maak waarin almal ewe netjies moet inpas en presies dieselfde moet glo nie. . . Of jy nou "metafories glo" en of jy "letterlik glo", uiteindelik is die vraag of jy saam met Petrus bely dat Jesus die Christus is, die Een wat God se hart vir ons oopmaak waardeur ons gered word" (Müller, 2006: 68).

As ek professor Müller reg verstaan, probeer hy eintlik hier vir ons sê dat ons maar "metafories" óf "letterlik" in Jesus se opstanding mag glo.

Dít maak nie regtig 'n verskil nie, solank mens net bely dat "Jesus die Christus" is. Die implikasie hiervan kan dus wees dat vir een persoon Jesus se graf nié leeg is nie en vir 'n ander ís dit leeg. Albei standpunte is aanvaarbaar solank net bely word dat Jesus die Christus is. Hierdie vertolking was in hoofsaak die rede waarom hierdie stuk getuienis in die studenteverklaring van 15 Junie 2005 opgeneem is.

Tussen hakies, my interpretasie van hierdie hoofstuk kom, so glo ek, ook nogal ooreen met hoofstuk tien in professor Müller se boek. Professor Müller verwys daar weer na die "ekonomiese" en "sober" bewoording van ons belydenisskrifte wanneer dit oor die opstanding handel, en hy beweer dat "[b]eide die skeptiese natuurwetenskaplike én die mistieke dromer kan saam sê: 'Ek glo in die opstanding', terwyl hulle waarskynlik heel verskillende konsepte daarop nahou" (89). Vroeër in dieselfde hoofstuk gee professor Müller toe dat die skeptiese wetenskaplike twyfel oor die bonatuurlike aard van onder meer die opstanding (87). Dus, as ek professor Müller reg verstaan, maak ons belydenis, ten minste soos hy dit hier interpreteer, voorsiening vir 'n metaforiese interpretasie (soos die skeptiese wetenskaplike) óf 'n letterlike interpretasie van die opstanding.

Voordat die ondersoek begin het, was ek nogal bemoedig deur die feit dat 'n vooraanstaande praktiese teoloog, dr. Louis Louw van die NG gemeente Oosterlig (wat in die 1980's saam met 'n paar NG professore in Nederland gepromofeer het), kommentaar gelewer het op hoofstuk agt in professor Müller se boek. Dr. Louw skryf in 'n brief in *Beeld* dat geen Jood sou geglo het dat Jesus regtig opgestaan het uit die dood as sy graf nie leeg was nie. Verder sê hy dat professor Müller in hoofstuk drie inderdaad verwys na die opstanding as histories en metafories. Dus én-én. Ongelukkig, so beweer dr. Louw, handhaaf professor Müller nie hierdie standpunt nie omdat hy in hoofstuk agt ruimte skep vir 'n óf-óf-standpunt (óf jy nou metafories soos die *Jesus Seminar* glo, en óf jy letterlik glo). Dr. Louw sluit af met die volgende stelling: "Daar moet beslis meer begrip wees vir mense wat ernstig besorg is daaroor dat daar afbreuk gedoen word aan die duidelike betekenis wat die Skrif self toeken aan die liggaamlike opstanding van Jesus" (*Beeld*, 24 April 2006). Dr. Louw se standpunt, soos ek dit verstaan, wou aantoon dat ware geloof in Jesus se opstanding gewis nie ruimte kan laat vir die ontkenning van die leë graf soos lede van die *Jesus Seminar* mag beweer, en soos wat professor Müller ruimte voor wil laat nie.

Met hierdie as agtergrond, wat het tydens die ondersoek gebeur? Professor Müller het, soos mens kon verwag, natuurlik klem probeer lê op hoofstuk drie in sy boek waar hy oor die historiese en metaforiese (dus én-én) uitgewei het. Wat hoofstuk agt en die óf letterlik óf metafories aangaan, het hy gesê dat ek (en dus ook dr. Louw) hom verkeerd verstaan. Hy sê dat hierdie hoofstuk "verkeerdelik gebruik word om iets te sê wat dit glad nie wou sê nie, waaroor dit nie gehandel het nie" (Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Müller: 301). In dié hoofstuk, so voer hy aan is "die klem geplaas op ons oorgelewerde geloof. 'n Geloof wat nie op bewyse nie, maar op die geloof wat van geslag tot geslag binne die geloofsgemeenskap oorgedra word, berus" (301).

Oor "bewyse" kan mens met professor Müller saamgaan. Ons geloof berus nie op wetenskaplike "bewyse" nie. Wetenskaplike navorsing en teorieë verander tog deurlopend – wat vandag in die wetenskap waar is, is more verouderd en uitgedien. Ons geloof is 'n gawe van God waaroor ons getuig en wat ons bely maar ek sal persoonlik en hopelik saam met ander gelowiges wil byvoeg dat dít nie blinde geloof, of 'n onnadenkende sprong in die duister is nie. Ons kan, ongeag hoe wetenskaplike "bewyse" kom en gaan, bely dat die leë graf en verskynings van Jesus historiese feite is omdat God hom so aan ons openbaar het. Die kritiese punt wat belangrik is, is of professor Müller se verwysing na "die geloof wat van geslag tot geslag binne die geloofsgemeenskap oorgedra word", ruimte bied vir die *Jesus Seminar* en skeptiese wetenskaplikes se ontkenning van Jesus se letterlike opstanding? Hiermee saam was die kritiese vraag of die belydenis dat "Jesus die Christus" is, nie eintlik niksseggend word as 'n eenduidige simboliese of metaforiese opstanding 'n moontlikheid is nie? Paulus sê immers in Romeine 10:9 dat ons nie maar net Jesus as Here bely nie, maar ook dat hy Here is ómdat God Hom uit die dood opgewek het. En dié opwekking was ten minste in die boek Romeine liggaamlik gewees (8:11). Is Jesus nie juis Here en Christus ómdat hy die dood létterlik oorwin het nie? Met respek, kán hy

werklik die Christus wees as sy beendere iewers in 'n graf lê?

Wat het die ondersoekliggaam oor die óf letterlike óf metaforiese geloof in die opstanding van Jesus, soos dit in hoofstuk agt van professor Müller se boek voorkom, in hulle uitspraak gesê? My en dr. Louw se interpretasie is verwerp en daar is aangevoer dat dit "in die tersaaklike gedeelte veel eerder oor 'n houding van verdraagsaamheid oor mense se geloofsvariasies [gaan]".[48]

Tot vandag toe is ek verras oor hierdie interpretasie van die ondersoekliggaam, al behoort hulle interpretasie nie regtig vreemd te wees gegewe dr. Veldsman se uitsprake in sy veelbesproke artikel oor Jesus se opstanding en die leë graf nie. Gegewe die kommissie se verwysing na "verdraagsaamheid" oor "geloofsvariasies" dink ek ook aan professor Danie du Toit, 'n vooraanstaande en eertydse professor van Stellenbosch (en vroeër Tukkies) wat die volgende relevante uitspraak maak: "Die pogings om die opstanding 'figuurlik', 'simbolies' ensovoorts te verstaan (dit wil sê as iets wat nie regtig letterlik gebeur het nie), berus dikwels op die strewe om die Christelike geloof makliker, meer rasioneel en aanvaarbaar vir alle mense te maak. So word die *skandalon* van die evangelie verdoesel" (Frits Gaum, 2004: 66).

Dié saak wat professor Müller opgehaal het om oor 'n letterlike of metaforiese geloof te praat in hoofstuk agt, was Jesus se opstanding – en nie randsake in die Skrif nie. As mens die NG Kerk se belydenisskrifte bestudeer, en ook die uitsprake van die Algemene Sinode, is daar, ten minste tot 2006, geen uitspraak wat aangehaal kan word as regverdiging om die *Jesus Seminar* se verwerping van die letterlike opstanding van Jesus te regverdig nie. Vir alles waarmee ek van professor Müller verskil het in hierdie deel, is daar ten minste een ding wat hy ongetwyfeld onder my (en sekerlik baie ander gelowiges se) aandag gebring het: Die opstanding van Jesus het enorme metaforiese moontlikhede in ons dag tot dag lewens. Hy gebruik pragtige beelde in sy boek om dit te illustreer, soos byvoorbeeld dat ons die

48 Aanhalings wat hier en vervolgens uit die uitspraak van die ondersoekliggaam gemaak word het nie bladsynommers by nie. Ek werk van 'n internetdokument af wat beskikbaar is by http://www.kerkweb.org/node/1169 (5 Januarie 2010). Hierna gebruik ek die afkorting: Uitspraak, leerdwaling-ondersoek, Müller.



opstanding moet "dans" (*Opstanding*, 2006: 46). Ons álmal kan gerus werk maak van die metaforiese moontlikhede solank dit natuurlik die gevolg is van Jesus se letterlike opstanding!

### *'n Heroriëntasie en nuwe padkaart ten opsigte van Jesus se opstanding*

Die tweede stuk getuienis wat in die 15 Junie 2005-verklaring opgeneem is, waarby professor Müller betrek word, kom uit 'n lesing met die naam "Hervorming en Spiritualiteit" wat hy tydens 'n bespreking oor die Nuwe Hervorming in 2003 by die NG gemeente Skuilkrans gelewer het. Tussen hakies, die 2003-retraite van die Tukkies finalejaars sou nie lank hierna plaasvind nie. Dié lesing, met 'n paar verstellings by, het hy ook in sy boek opgeneem en wel in hoofstuk twee.

Ter agtergrond: Professor Conrad Wethmar, my dosent in Sistematiese Teologie tydens my teologiese opleiding, het ons nogal waardevolle dinge geleer oor wat dit beteken om 'n gereformeerde Christen te wees.

So byvoorbeeld het hy ons in 'n klompie lesings in 2004 geleer dat die Christelike geloof uit drie onlosmaaklike, inter-afhanklike dimensies bestaan: 'n strewe na Ortodoksie, Ortopraksie en Ortopatos. Mens kan die drie dimensies ook probeer vertaal met *dít wat ons glo en bely* (dogma); *hoe ons dit prakties uitleef* (etiek); en *hoe dit ons harte raak* (emosies en spiritualiteit). In verskillende eras van die kerkgeskiedenis het die fokus en beklemtonings van een of meer van hierdie dimensies verskillende gestaltes aangeneem. Tog was en is hierdie drie dimensies nie regtig onafhanklik van mekaar nie. Al sou die beklemtoning van een in 'n spesifieke konteks belangrik wees, beteken dit nie dat die ander totaal afwesig is of mag wees nie. Eintlik kan dit nie gebeur nie. Dus kan mens sê dat spiritualiteit byvoorbeeld nie kan bestaan sonder dat die ander komponente (dogma en etiek) ook 'n deel daarvan uitmaak nie. En so ook dan wat dogma en etiek onderskeidelik betref. Natuurlik is hierdie sake ingewikkeld, maar ek dink mens kan selfs byvoeg dat diegene wat dink dat hulle hierdie drie dimensies totaal uitmekaar kan hou, dit nie werklik kan regkry nie al dink hy of sy ookal so. Iemand wat byvoorbeeld daarop aanspraak maak dat hy of sy glad nie dogmaties is nie, en eerder tuis voel in

"spiritualiteit", beteken nie dat so 'n persoon niks dogma in sy of haar teologie het nie. Dis net 'n nuwe soort dogma, wat binne 'n bepaalde soort spiritualiteit opgeneem word.[49]

Met hierdie as agtergrond kom ons dan by hoofstuk twee in professor Müller se boek. Vroeg in die lesing (en hoofstuk) verwys professor Müller na 'n bekende digter, Hennie Aucamp, se woorde: "Dis riskant om oor jou religieuse gevoelens te skryf, veral as jou instelling ondogmaties is, soos myne." Hierop antwoord professor Müller: "Dis woorde waarmee ek identifiseer" (Müller, 2006: 21). Die afleiding dat een van die drie dimensies (dogma) waarna vroeër verwys is moontlik hier afwesig raak (of onderspeel word) is dus nie 'n te buitensporige afleiding nie. Hierna gaan professor Müller verder om sy persoonlike en jarelange ervaringe van geloof en teologie te verwoord. Hiervoor gebruik het drie fases wat hy noem "oriëntasie, disoriëntasie en heroriëntasie" (dit leen hy by Walter Brueggemann). Hy sien hierdie fases as "lande" met krom grense waardeur sy lewensreis beweeg en wat nie noodwendig altyd mekaar opvolg nie, maar "[t]og is daar noodwendig 'n historiese voortgang" (22).

Nou begin professor Müller die verskillende ervaringe van oriëntasie, disoriëntasie en heroriëntasie te beskryf. Die oriëntasie-verhale handel oor tradisionele en konserwatiewe sake; die status quo. Die disoriëntasie-verhale handel oor negatiewe ervaringe – onder meer 'n dwaalleerondersoek teen hom oor positiewe opmerkings oor die film *The Last Temptation of Christ*. Dan is daar disoriëntasie/heroriëntasie-verhale. Dit is by laasgenoemde waar kontroversiële en liberale standpunte 'n aanvanklike disoriëntasie veroorsaak, en dan moontlik oorgaan na 'n heroriëntasie. Een hiervan was die volgende gebeurtenis:

> "In 1994 is ek vir 3 maande in Atlanta, VSA, by die Columbia Theological Seminary van die Presbiteriane. Ek gesels baie met my gasheer oor hulle teologie en spiritualiteit. Een dag verduidelik hy ewe goedsmoeds aan my dat die deursnee teo-

49 Ek maak hoegenaamd nie daarop aanspraak dat ek met hierdie uiteensetting nougeset hou by prof. Wethmar se verstaan van die sake nie. Dit is my poging om die lesings te interpreteer.



*nie 'n verloëning van geloof nie, maar 'n verdieping [behels]*

> loog van hulle denominasie en definitief al die dosente aan die Seminary sal nie 'n letterlike verstaan en geloof in die maagdelike geboorte en die opstanding onderskryf nie. Ek was stomgeslaan. Disoriëntasie/heroriëntasie" (23-24).

In die slot, waar professor Müller nou 'n opsomming en konklusie wil maak na aanleiding van sy ervaringe sê hy: "In 'n poging om in 'n tyd van onsekerheid tog te vorder tot 'n heroriëntasie, stel ek voor dat ons die volgende as 'n soort padkaart moet oorweeg." Dus, heroriëntasie is tóg waarheen professor Müller ons wil lei. Vir dié "padkaart" na aanleiding van die verskeidenheid ervaringe en verhale, het professor Müller vier oorwegings en konklusies. Ek noem drie daarvan:

- "Bevryding van 'n eng, dogmaties-beheerste spiritualiteit;
- 'n Spiritualiteit wat vry geraak het van die eng kerklike en teologiese domein;
- Dat die metaforiese herverwoording en herverstaan van sleutelkonsepte oor God, mens en wêreld, nie 'n verloëning van geloof behels nie, maar 'n verdieping daarvan" (26).

Mens sou nou professor Müller se ervaringe een vir een kon toepas en interpreteer op grond van bogenoemde padkaart. So byvoorbeeld sal sy disoriëntasie-ervaring met die dwaalleer-ondersoek oor sy positiewe uitsprake oor *The Last Temptation of Christ* nou in die lig van die nuwe padkaart in perspektief geplaas kan word. So ook die verhaal van die dosente aan die Columbia Theological Seminary wat "nie 'n letterlike verstaan en geloof in die maagdelike geboorte en die opstanding onderskryf nie". Wat sou die implikasie van laasgenoemde werklik wees, as mens professor Müller se padkaart ernstig opneem? Ek neem as voorbeeld die laaste punt in professor Müller se padkaart om dit te probeer raakvat: Dat die metaforiese herverwoording en herverstaan van sleutelkonsepte oor God [soos Jesus se letterlike opstanding] . . . nie 'n verloëning van geloof behels nie, maar 'n verdieping daarvan.

Hierdie is 'n interpretasie wat mens, so glo ek, met relatiewe geloofwaardigheid kan maak van professor Müller se lesing en

hoofstuk twee in sy boek. Een verdere rede waarom ek glo dit nogal geloofwaardig is, is omdat dr. Willem Nicol spesifiek tydens die paneelbespreking ná professor Müller se lesing, beweer het dat enige iemand nou welkom is om predikant in die NG Kerk te word, ook diegene wat Jesus se letterlike opstanding uit die dood (dus ook die leë graf) verwerp. Professore Pieter Craffert, Piet Botha en dr. Piet Müller van die Nuwe Hervorming was ook tydens die geleentheid teenwoordig, wat moontlik die konteks waarbinne die uitsprake oor Jesus se opstanding gemaak is, kleur.

Hoe het professor Müller op my bewerings oor hoofstuk 2 gereageer? Professor Müller het nie spesifiek na sy verwysing oor die letterlike opstanding daarin verwys nie, maar 'n meer algemene uitspraak gemaak:

> "Dan . . . die gespreksgeleentheid georganiseer deur Oos-Transvaal by Skuilkrans van 20 Mei 2003. Die aard van die byeenkoms was een van eerlike soeke te midde van 'n aandrang tot 'n nuwe verwoording van ou geloofskonsepte. Die padkaart vir 'n nuwe Spiritualiteit aan die einde van die toespraak, sit ek steeds met oortuiging op die tafel as 'n verantwoordelike poging om binne ons geloofstradisie, wat insluit die Drie Formuliere van Eenheid en die wyse waarop die NG Kerk daarmee omgaan, te soek na her-interpretasie en her-verwoording" (Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Müller: 302).

Wat het die ondersoekliggaam hieroor gesê? Hulle het aangevoer dat my interpretasie van professor Müller se reis van oriëntasie-disoriëntasie-heroriëntasie nie korrek is nie.

> "Die kommissie is onder die indruk dat die klaers dié skema vertolk as iets wat tot 'n bepaalde eindpunt moet lei waarmee 'n bestemming bereik is. Professor Müller het aangetoon dat hy dié konsepte gebruik as 'plekke'. Vir die kommissie is dit duidelik dat professor Müller se gebruik van die . . . konsepte nie te make het met dogmatiese standpuntinname nie, maar met deurlopende geloofservarings van gelowiges . . . Een van die 'oomblikke' van oriëntasie/disoriëntasie/heroriëntasie kan nie vertolk word as 'n weergawe van sy teologiese standpunt nie, maar eerder as 'n moment in die reis. In sy boek toon professor Müller aan dat dié ervaringe afwisselend is en op mekaar inspeel."



Hierdie uitsprake deur die ondersoekliggaam het my verras, soos ek hoop die ingeligte leser ook mag reageer. Bogenoemde ignoreer die dele waar professor Müller in sy boek praat van om "tog te vorder tot 'n heroriëntasie" (Müller, 2006: 26) waarna hy dan 'n padkaart voorstel, asook sy vroeëre verwysing dat daar in die fases "noodwendig 'n historiese voortgang" (22) is. Hy sê selfs, soos ek aangehaal het, dat hy die padkaart wat hy ná sy ervaringe voorstel, "steeds met oortuiging op die tafel" sit. Verder is die ondersoekliggaam se interpretasie dat professor Müller se gebruikmaak van oriëntasie/disoriëntasie/heroriëntasie, "nie te make het met dogmatiese standpunt-inname nie" nie heeltemal oortuigend nie. Hy is verseker skepties oor dogma in die lesing (en mens kry maklik die gevoel dat hy by tye probeer om daarvan ontslae te raak), maar veral die laaste punt in professor Müller se padkaart is gewis 'n dogmatiese standpunt-inname. Dis net 'n metaforiese dogmatiese standpunt-inname, wat die bestaande dogma (soos Jesus se letterlike opstanding) op sy kop kan keer: "die metaforiese herverwoording en herverstaan van sleutelkonsepte oor God, mens en wêreld, nie 'n verloëning van geloof behels nie, maar 'n verdieping daarvan" (26). Dis nie spiritualiteit sónder dogma nie, dis spiritualiteit met 'n *nuwe* dogma.

My indruk is steeds dat professor Müller se poging om te vorder tot 'n heroriëntasie, asook die padkaart wat hy daarvoor konstrueer, 'n verwysingsraamwerk daarstel waarbinne dinge soos die verwerping van Jesus se letterlike opstanding 'n aanvaarbare alternatief word. Die kommissie se argument dat professor Müller se reis en padkaart niks te make het met "dogmatiese standpunt-inname" nie, is onoortuigend. Die interafhanklikheid tussen spiritualiteit, dogma en etiek (soos ek dink professor Wethmar 'n eg gereformeerde teologie aan ons voorgehou het – en ek kan my nie regtig voorstel dat òf professor Müller, òf die ondersoekliggaam oor hierdie saak teen professor Wethmar en ons gereformeerde erfenis sou ingaan nie) impliseer dat

dit nie moontlik is om van spiritualiteit te praat asof dit geheel en al losstaan van dogma en etiek nie.

’n Laaste woord: Ons almal gaan deur worstelinge en word soms blootgestel aan uitdagende en selfs skokkende gebeure en interpretasies. Dít beskryf professor Müller treffend. Dit is ook nie altyd so ’n slegte ding nie. Dit kan ons help om saam te huil met hulle wat worstel en saam te hoop en bid dat die Here Hom aan so ’n vriend of vriendin mag openbaar. Om dié uitdagende ervaringe egter op te neem in ’n nuwe “padkaart” wat ’n skadu werp oor Jesus se oorwinning oor die dood, sal jammer wees. Is dit nie juis Jesus se oorwinning oor die dood wat genesing, hoop en dié uiteindelike padkaart vir gelowiges is (en vir ongelowiges kan word) nie? Loop alle Christelike paaie en padkaarte nie tog op die ou einde verby ’n bloedbevlekte, maar verlate Golgota en ’n allesveranderende en leë graf in Jerusalem nie? Is dié padkaart nie die weg wat “verrassende moontlikhede” en die “dans” van die opstanding vandag moontlik maak nie?

***Het Jesus liggaamlik opgestaan, en beteken dit dat die graf leeg is?***

Wat glo professor Müller regtig, leer ons belydenis oor Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf? Soos ek reeds aangetoon het by my bespreking oor sekere kerkordelike prosedures tydens die ondersoek, was daar tussen die twee sittingsdae op 12 Mei 2006 ’n *Brandpunt*-program op RSG waaraan professor Müller deelgeneem het. Dit was ’n baie interessante gesprek oor Jesus se opstanding. Alhoewel die ondersoekliggaam my verbied het om dit tydens die ondersoek as getuienis aan te bied neem ek die vrymoedigheid om tog iets daarvan hier te plaas omdat dit soos ’n handskoen hier inpas, en ook omdat dit letterlik tydens die leerdwaling-ondersoek plaasgevind het. Ons sluit redelik aan die einde van die tweede helfte van die gesprek aan, toe al die deelnemers behalwe professor Müller die liggaamlike opstanding en leë graf van Jesus bely het. Ds. Jannie Pelser vra ’n vraag waarop professor Müller dan antwoord.

**Pelser:**

> “Ek sê altyd sommer so tong in die kies as ek by mense optree dat ek nou al twee drie keer in Israel was. Die graf is leeg, daar is ’n nota daar opgeplak wat sê julle moet Hom nie hier soek nie. Hy het opgestaan, Hy is nie hier nie, die Here is nie hier nie. Is dit nog steeds ons belydenis rondom Jesus Christus? Is dit nie wat mense tog op grondvlak vra nie? Is die graf regtig leeg? Is Jesus regtig weg? Het Hy regtig opgestaan?”

**Müller:**

> “Volgens die Skrifte. Ek meen dis wat die Bybel en belydenisskrifte vir ons sê. Die vroeë Christene, vroeë gemeente, eerste Christene het daardie gebeurtenisse op ’n bepaalde manier geïnterpreteer en inhoud en betekenis daaraan gegee.”

Baie interessant. Die antwoord is nie ja of nee nie, maar “Volgens die Skrifte”. Hierdie antwoord van professor Müller neem hy uit 1 Korintiërs 15:2-3 waar Paulus aantoon dat hy aan die Korintiërs oorlewer wat hy ontvang het, “volgens die Skrifte”. Professor Müller het ook gesê: “Die vraag is of dit [geloof in Jesus se opstanding] gebaseer is op historiese feite en of dit gebaseer is op die Skrifte wat vir ons verhale vertel”. Tussen hakies, professor Müller het egter nie ook na 1 Korintiërs 15:6 verwys waar Paulus aantoon dat Jesus “aan meer as vyf honderd broers tegelyk [verskyn het], van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe” nie. Laasgenoemde word selfs deur baie kritiese teoloë gesien as Paulus se poging om ’n historiese feit aan ons voor te hou. Veral ds. Cassie Aucamp, ’n Gereformeerde predikant wat ook aan die radiogesprek deelgeneem het, was nie oortuig deur professor Müller se onwilligheid om reguit te antwoord oor Jesus se leë graf nie. Hy het gemaan dat ons nie “volgens die Skrifte” en die relasie daarvan met Jesus se opstanding 1 Korintiërs 15 moet sien as ’n soort “gemeente teologie . . . iets wat uit die mense ontstaan het” nie. Daar was hierna ’n interessante gesprek oor “gemeente teologie” waartydens professor Müller die klem geplaas het op die “menslike ervaringe” en ds. Aucamp eintlik aangevat het oor sy opmerking oor “gemeente teologie”. Nêrens tydens die program het professor Müller “ja” geantwoord op die vraag of Jesus se graf regtig leeg is nie. Een

nota oor "gemeente teologie": In Nuwe Testamentiese kringe is daar ongetwyfeld 'n stroom van denke wat "gemeente teologie", of soos die Duits dit stel "*Gemeindetheologie*", sien as latere kerklike en teologiese interpretasies wat na afloop van die Paasgebeure as sogenaamde historiese gebeure teruggeprojekteer word op Jesus se lewe, terwyl dit nie regtig gebeur het nie. Die liggaamlike opstanding en leë graf is vir sommige liberales hiervan 'n voorbeeld. Jesus se opstanding was húlle interpretasies, menslike ervaringe en dus 'n tipe "gemeente teologie". Of professor Müller hiervan bewus was of is weet ek nie.

Vervolgens berig ek dan oor gebeure wat tydens die ondersoek plaasgevind het. Maar net eers 'n opmerking: Die interpretasies en gebeure wat hier volg, skets nie die volle prentjie nie – daarvoor sal ons moet wag totdat die baie belangrike gebeure tydens die universiteitsverhoor bespreek word. Dit bêre ek doelbewus tot later. Hier volg dus één deel van 'n prentjie wat eers later die volle sirkel sal loop.

In professor Müller se skriftelike antwoord aan die ondersoekliggaam het hy nêrens pertinent die liggaamlike opstanding van Jesus bely nie. Sy fokus was hoofsaaklik op wat hy beskou het as die misterie-karakter van die opstanding. Hy het wel uiteindelik gesê dat hy "geen probleem het" met die leë graf-verhale in die Evangelies nie. Dit is "net soos die verskyningsverhale 'n wesenlike deel van die oorgelewerde geloofstradisie. Binne hierdie tradisie is die leë graf ook 'n sleutelsimbool met ryk metaforiese en liturgiese betekenis" (Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Müller: 322).

Toe professor Müller tydens die ondersoek na die leë graf-verhale en die "oorgelewerde geloofstradisie" verwys het, het daar byna onwillekeurig 'n hele paar uitsprake wat hy in die verlede gemaak het in my kop verby geflits. Ek het daarom, toe ek later die geleentheid kry, dieselfde vraag oor Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf (wat toe al etlike kere sedert die *Oop Gesprek*-program op RSG, en ook 'n dag of so tevore op *Brandpunt* aan hom gevra is) weer gevra: "Professor Müller, het Jesus liggaamlik opgestaan, en beteken dit dat die graf leeg was?" Na 'n láng stilte het hy saggies "ja" geantwoord. Omdat ek regtig wou weet of "ja" nie net lippediens was nie, wou ek toe by professor Müller weet waarom hy nóú "ja" geantwoord het, want ons was tog nie in die "veilige en insluitende omgewing van die liturgie" (Müller, 2006: 9) waar hy bereid sal wees om te antwoord nie? Laasgenoemde het professor Müller mos gereeld in die verlede as rede voorgehou waarom hy nie in die openbaar waar hy in die spervuur was ja wou antwoord op dieselfde vraag nie. Hy het ook op dieselfde vraag geweier om ja te antwoord omdat dit volgens hom meer inlees in die Heidelbergse Kategismus se bewoording. Nog etlike ander redes kan bygevoeg word. Professor Müller het soos volg geantwoord:

> "Ek dink ná die gesprek wat ons gevoer het en na die baie verduidelikings wat ek probeer gee het, is dit vir my moontlik om in hierdie situasie daai soort antwoord te kan gee, gegewe die konteks van waarmee ons hier besig is, wat heeltemal 'n ander soort konteks is as die kontekste waarna ek verwys het en wat dit vir my problematies was" (Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Müller: 376).

Maar die tugondersoek was tog ook "problematies". Om die waarheid te sê, mens kan etlike ongemaklike en spanningsvolle momente noem! Verseker veel warmer (maar tog ook nie disrespekvol nie hoop ek?) as enige van die radiogesprekke soos ek dit beleef het. Gegewe professor Müller se ja na aanleiding van my vraag gebeur die volgende toe:

**Mulder:**

> "Wat van die "óf"-"óf"- tekste dan in u boek? Die "óf"- "óf" gedeeltes wat voorsiening maak vir 'n twyfelende geloof, waar die graf nie leeg is nie? Is dit konsekwent om aan die een kant te sê Jesus het liggaamlik opgestaan, maar in dieselfde boek sê u dat mens hoef dit nie te glo nie? Die natuurwetenskaplike sê Jesus het opgestaan, en hy bedoel daarmee dat die graf nie leeg is nie?"

**Müller:**

> "Ek staan vir gesprek met enige iemand – maak nie saak wat iemand sê en wat hy beweer nie, en waaroor hy twyfel en wat die aard van sy twyfel is nie, ek staan vir gesprek en dit is wat ek probeer oordra" (376-377).

Met spesifiek hierdie getuienis in gedagte, het ek toe vir 'n laaste keer, reg teen die einde van die vraesessie pertinent aan professor Müller gevra of hý glo (en soos hý dit in sy boek verwoord) dat die standpunt dat Jesus nie liggaamlik opgestaan het nie, bedoelende Jesus se graf was nóóit leeg nie, binne of buite die grense van die NG Kerk se belydenis val? Hy antwoord:

**Müller:**

> "Voorsitter, as ek kan antwoord daarop, as dit reg met u is? Wanneer mens die teologie lees oor hierdie sake en die verskillende teoloë daaroor lees, dan word dit meteens duidelik dat daar regtig nie net een maklike, eenvoudige manier is om hieroor te praat nie . . . uit en gedaan . . . klinkklaar – gebruik daardie woorde en dan is dit reg . . . dit is meer kompleks as dit. Soos die aanhalings wat ek vir u gelees het – veral van Van Ruler en van König . . . dit is eintlik onmoontlik om hieroor te praat . . . ons het eintlik nie begrip en materiaal om hieroor te praat nie. Nou die oomblik as mens sulke goeters beginne sê en erken, dan raak jy huiwerig om te maklik te sê daardie is reg en daardie is verkeerd. Dan wil 'n mens tog liewerste gesprek bevorder – dis wat ek netnou gesê het – dan wil 'n mens tog liewerste luister na mense . . . dan wil jy liewerste nie die fout begaan om sommer net uit te sluit nie, dan wil jy maar liewerste eers insluit en in gesprek bly met mekaar en saam soek na die korrekte formulering, eerder as om die standpunt in te neem van . . . ons hét die regte formulering en as jy nie die regte woorde gebruik nie, is jy uit. Dit is hoe ek voel oor die saak" (Verbatim, leerdwalingondersoek, Müller: 391-393).

Professor Müller maak in sy boek *Opstanding*, en ook in ander publikasies baie van onder meer "gesprek bevorder" en "insluit". Voordat ek oor die saak waarom dit hier gaan – Jesus se opstanding – 'n paar opmerkings maak, eers 'n sydelingse opmerking wat so bietjie buite orde is, maar ongetwyfeld inspeel op wat "gesprek bevorder" en "insluit" vir professor Müller beteken.

In Bylaag 1 bespreek ek die gebeure wat by die fakulteit sou afspeel na aanleiding van die 2005-eerstejaarskamp. In 'n fakulteitsvergadering ná die kamp, toe gebeure tydens die kamp bespreek is, het professore Cas Vos en Julian Müller, ten spyte van die feit dat ek 'n paar keer gepleit het vir "gesprek" met al die betrokkenes by die kamp voordat besluite geneem word, dit summier geïgnoreer. Hulle het voortgegaan om agter die rug van een predikant wat by die kamp opgetree het hulle opinies links en regs uit te spreek. Hulle het hoegenaamd nie belanggestel om "gesprek [te] bevorder" nie. Wie op dié dag met hulle verskil het, kon gewis nie "die regte formulering" en "regte woorde gebruik nie". Jy was eenvoudig "uit" as jy nie hulle woord as ja en amen aanvaar het nie. Professor Vos het toe ook die Deo Gloria-jaarprogram opgeskort voordat "broederlike" gesprekke met al die betrokkenes gehou is. Dit net tussen hakies om 'n meer omvattende hermeneutiese diepte te gee aan professor Müller se "gesprek bevorder" en "luister". Help my hier, professor Müller, as ek u verkeerd verstaan het (sonder enige disrespek teenoor u!), want die indruk wat u optrede gewek het, ten minste vir my en sommige studente wat daar was, is dat u "gesprek bevorder" en "insluit" geskied volgens 'n vooraf uitgewerkte plan vir die meer liberales.

Terug by professor Müller se uitsprake oor die opstanding. Professor Müller is heeltemal reg dat daar ruimte moet wees vir gesprek. Ook oor Jesus se opstanding. Gelowiges moenie terugstaan vir selfs radikaal kritiese gesprekke oor Jesus se opstanding nie. Selfs Paulus het in Athene sulke gesprekke gevoer (en getuig) in 'n konteks waar die opstanding van Jesus deur sommiges afgelag is (Handelinge 17). Ons moet saam huil met hulle wat worstel, die pad met hulle loop en die Here vertrou om geloof as gawe aan hulle te skenk. Die vraag is egter of 'n gesprek soos professor Müller dit verstaan met 'n blanko tjek werk? Begín so 'n gesprek met en laat dit ruimte vir die moontlikheid dat Jesus nie die graf en dood letterlik oorwin het nie? Het Paulus só te werk gegaan of nie?

Professor Müller verwys ook in sy antwoord na 'n werk van die bekende en gewaardeerde professor AA van Ruler uit Nederland, wat die misterie van die opstanding beklemtoon. Maar ek dink tog dat professor Müller daarvan bewus is dat professor Van Ruler in van sy werke Jesus se liggaamlike opstanding uit die dood ook bely. So sê hy

byvoorbeeld in sy boek *Blij zijn als Kinderen – Een Boek voor Volwassenen*, die volgende: ". . . werkelijk alles samenloopt in het artikel van de opstanding van het vlees. Wie dit artikel laat vallen, laat het hele christelijke geloof uiteenvallen" (1972: 146). Dieselfde geld vir professor Adrio König vir wie hy tydens sy voorlegging aangehaal het, maar wie se kritiek op professor Müller nie toegelaat is nie.

As ek die gebeure hierbo reg interpreteer was die kérnvraag wat ek aan professor Müller probeer stel het, eintlik doodeenvoudig: Is dit sy persoonlike geloofsoortuiging dat daar ruimte binne ons belydenis is vir die standpunt dat Jesus se graf nie leeg is nie? *Bedoelende, al klink dit nou kru, en al het ek dit nie presies so geformuleer nie, en met respek: Is daar ruimte vir volgelinge van Jesus in die NG Kerk om in 'n "opstanding" te glo, met 'n ontbinde Jesus-lyk in 'n graf?* Professor Müller se vroeëre "geen probleem" met die leë graf ten spyt. Hy wou nie na my laaste vraag 'n finale antwoord oor die leë graf van Jesus gee nie.

Wat was hier aan die gang, het ek gewonder? Vir byna 'n hele jaar lank weier professor Müller om Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf te bely. En nou sê hy ja, maar wil minute later nie ja of nee antwoord oor of die ontkenning van Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf binne of buite die grense van die belydenis val nie. Dalk kan mens 'n bietjie meer perspektief oor hierdie gebeure kry deur 'n klompie momente waar professor Müller oor Jesus se opstanding nagedink, geskryf en gepraat het weer vlugtig te noem. Dit neem ons terug na ten minste 1993 tot en met 2006. Ek interpreteer ook soos wat ek die gebeure probeer verstaan.

1. In 2003 vertel hy hoedat hy alreeds in 1993 by die Columbia Theological Seminary gekonfronteer is met die feit dat al die seminarium-dosente nie in die letterlike opstanding van Jesus glo nie. Sy aanvanklike disoriëntasie gaan moontlik oor in 'n heroriëntasie. In die konklusie konstrueer hy 'n "Padkaart" waarbinne sleutelkonsepte oor God metafories herverwoord word. Dit behels nie verloëning nie, maar verdieping van geloof.
2. In 2000 praat hy van 'n "metafories" glo, of "letterlik" glo in Jesus se opstanding, wat nie belangrik is nie, want die belangriker vraag is of Jesus die Christus is.



3. In Junie 2005 op RSG wil hy nie ja of nee antwoord op die vraag of Jesus liggaamlik opgestaan het en of die graf leeg is nie. Hy sê dat hy op Sondae die Twaalf Artikels bely.
4. Dieselfde maand verdedig hy sy onwilligheid verder deur hom te beroep op Job se verhaal. Job se vriende is diegene wat vandag besorg is oor Jesus se liggaamlike opstanding.
5. In Julie 2005 voor die Fakulteit Teologie, op sy eie aandrang, en wat hy erken het dat dit soos tussen familie was, weier hy ook om ja op die vraag te antwoord. Hy beroep hom op die Heidelbergse Kategismus wat glo sober en ekonomies daaroor praat.
6. In September 2005 antwoord hy oor dieselfde saak in *Kerkbode* dat hy "nooit" op die vraag ja kan antwoord nie, want dit is 'n afwyking van die suiwere verstaan van ons belydenis.
7. Januarie 2006 skryf hy in sy boek *Opstanding* dat hy nie eenvoudig ja op die vraag kan antwoord nie. Inteendeel, hy protesteer teen die vraag en ook hoe dit gevra word, en kom in opstand teen 'n bepaalde teologie daaroor.
8. Op 12 Mei 2006, tussen die twee sittingsdae van die ondersoek, en tydens *Brandpunt* op RSG, antwoord hy nie ja nie, maar "volgens die Skrifte" op die vraag oor die leë graf.
9. En nou tydens 'n tugondersoek, wat alles behalwe 'n vriendelike en inklusiewe atmosfeer gehad het, en waarvan die uitkoms bepalend kan wees vir sy toekoms as NG dosent, antwoord hy ja.
10. Tydens dieselfde tugondersoek is hy egter nie bereid om ja of nee te antwoord op die vraag of die ontkenning van Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf binne of buite die grense van die NG belydenis staan nie.

Die sage oor professor Müller se interpretasie en geloof in die opstanding van Jesus gaan nog interessante momente oplewer tydens die eerste en tweede universiteitsverhoor. Veral tydens laasgenoemde wanneer regter Buddy Swart spesifiek met hom daaroor gaan gesels. Dit bêre ek egter vir my latere bespreking van die dissiplinêre verhoor by die Universiteit van Pretoria.

## Die bestaan van die Satan en die Bose

So wat het met die duiwel en die Bose gebeur tydens professor Müller se leerdwaling-ondersoek, as mens dit so mag stel? Ek het 'n aantal stukke getuienis ingedien waarin dit my indruk was dat professor Müller die bestaan van die duiwel en die Bose ontken. Ook is daar twee maal spesifiek tydens die ondersoek vir hom gevra of hy glo in die bestaan van die duiwel (Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Müller: 257 en 275). Hy het al die getuienis wat ons ter stawing ingedien het verwerp, maar dalk meer belangrik ook nie reguit geantwoord op die vrae oor of hy glo in die bestaan van die duiwel nie. Hy het soos volg geantwoord:

> "Die blote noem van iets soos die Duiwel en die Bose beteken nié dat ek 'n eie standpunt daaroor uitgespreek het nie. Ek het my nêrens daaroor uitgespreek of 'n eie standpunt daaroor gestel nie. Die dokumente word dus op 'n oneerlike wyse aan die bewerings van die Klaers verbind en so bou hulle 'n konstruk op van wat ek daaroor sou glo. Ek is nie bereid om op sulke konstrukte - wat nie my eie is nie - te antwoord nie. Ek bevestig nógeens dat ek staan by die legitimasie verklaring en daarom ook die Belydenisskrifte van die NG Kerk" (Verbatim, leerdwaling-ondersoek, Müller: 325).

Professor Müller praat hierbo van die klaers wat op 'n "oneerlike wyse" 'n konstruk van sy standpunt maak. Maar twee maal is aan hom gevra of hy glo in die bestaan van die duiwel. Daarop wou hy nie antwoord nie, behalwe om te beweer dat hy "staan" by die legitimasie-verklaring en so meer. Die skriftelike getuienis waarna professor Müller hierbo verwys (met enkele ekstra stukke getuienis) bêre ek vir eers vir die universiteitsverhoor omdat hier nie deur óf professor Müller óf die kommissie regtig daaroor uitgewei is nie.

Die bestaan van die duiwel en die Bose het dus in 'n sekere sin tydens professor Müller se ondersoek van die radarskerm verdwyn – nie omdat sy skeptiese uitsprake daaroor nie 'n klagte was of omdat daar nie getuienis en vrae daaroor was nie, maar omdat hy die saak omseil het. Terugskouend is dit steeds my indruk dat skriftelike getuienis wat ingedien is, bevestig dat hy skepties is oor die bestaan van die duiwel. Groot en interessante wendings (soos ek dit ten minste sien) vind egter plaas tydens die universiteitsverhoor soos ons later sal sien. Hoe professor Müller hierdie sake interpreteer, sal ook dan meer aandag kry en hopelik bietjie meer lig werp op my bewerings.

## Appèl

Die volgende koerantberig wat verwys na professor Piet Strauss, moderator van die 2007-Algemene Sinode, bevestig dat wanneer daar ongelukkigheid is oor hoe 'n ring 'n leerdwaling-ondersoek hanteer het, die saak verder geneem kan word na die sinodes:

> "As daar klagtes is oor die leer van enige teologiedosente, wees spesifiek en dien 'n klag in. As dit nodig is, voer dit verby die ringe na die sinodes toe. Dit was gister die raad van professor Piet Strauss van die Universiteit van die Vrystaat (UV) na aanleiding van beweringe op die NG Kerk se Algemene Predikantekonferensie dat die kerk se teologiese opleiding nie altyd suiwer is nie . . . As daar spesifieke probleme is, moet dit langs die kerklike kanale gehanteer word" (*Volksblad*, 22 Junie 2005).

Ek het na afloop van beide professore Müller en Le Roux se ondersoeke "langs die kerklike kanale" na die Noordelike sinode geappèlleer. Dít het ek gedoen omdat ek werklik in my hart daarvan oortuig was dat die ondersoekliggaam wat die sake ondersoek het, nie net subjektief was nie, maar ook nagelaat het om belangrike getuienis voor hulle ernstig te oorweeg, en ook foutiewe interpretasies gemaak het. Ek het ook, om seker te maak of ek nie te subjektief is nie, die saak met 'n vooraanstaande NG professor (wat ek persoonlik nie goed geken het nie) bespreek wat dit met my eens was dat 'n appèl geregverdig is. In ons gesprek was een saak nogal prominent. Die teoloog was, gegewe die hoeveelheid getuienis waarin professore Müller en Le Roux kontroversiële uitsprake gemaak het, níe oortuig van hulle belydenisse tydens die ondersoeke nie. Die substansiële hoeveelheid getuienis wat die teendeel bewys het, was van

*ek het nog nooit weer van die Noordelike sinode iets gehoor nie.*

so 'n omvang dat 'n appèl gewis geregverdig was.

Ek het die appèlle sorgvuldig en volgens kerkordelike prosedures en binne die voorgeskrewe tyd in September 2006 ingedien. As ek reg onthou, was die dokumente wat ek ingedien het by 'n duisend bladsye vir professor Müller alleen. Dit was nogal 'n duur en tydrowende oefening. Dr. Gerrit Cloete, die uitvoerende beampte het aan my 'n vriendelike ontvangserkenning gestuur en aangedui dat hy nou die appèl-dokumentasie aan die ring van Pretoria-Oos deurstuur vir kommentaar.[50] Sodra hy dit van hulle terugontvang, het hy gesê, sal die werksaamhede van die appèlkommissie voortgaan. Dit is nou al 'n hele paar jaar later en ek het nog nooit weer van dr. Cloete of die Noordelike sinode iets gehoor nie.

## Universiteitsverhoor

### Inleiding

Wie het heel eerste prokureurs betrek by die gebeure wat sedert 15 Junie 2005 by Tukkies afgespeel het? Die getuienis tot my beskikking wil dit hê dat dit die dosente was. Sommige mag dink dit was geregverdig, terwyl ander mag dink dat Paulus in 1 Korintiërs 6:1 'n beroep op gelowiges doen om nie in sekulêre howe geskille te besleg nie. Hoe dit ookal sy, die feit dat die dosente eerste die juridiese weg geneem het, het aan die lig gekom uit 'n brief wat ek later van professor Dirk Human bekom het.[51]

Ek is steeds vandag verwonderd hieroor. Ook staan ek verwonderd dat professore Müller, Le Roux en Human geweier het om na die studenteverklaring (en voor my skorsing en die leerdwaling-ondersoeke) vir my, Riaan, Dirk en Johannes (wat die verklaring beplan het) enige verdere klasse te gee. Hulle het vir die res van ons klasmaats klas gegee, maar spesiaal (en teen addisionele betaling) ánder dosente gereël om vir ons apart klas te gee. Maar nou ja, hulle was seker bang ons maak verdere inligting bymekaar wat ons teen hulle in die leerdwaling-ondersoeke kon gebruik. Verder sou hierdie reëling wat hulle getref het 'n skuldigbevinding deur die universiteit waarborg omdat "ontwrigting" van die normale akademiese program deur 'n student dissiplinêre optrede regverdig.

50 Ek moes ook 'n skriftelike onderneming gee dat ek bereid is om die kostes vir die apèlle self te betaal – wat ek toe ook gedoen het.

51 Hou asseblief in gedagte dat dit uiteindelik die kuratorium was wat die juridiese weg met my dissiplinêre verhoor gekies het – nie ek nie. Hulle wou dit spesifiek nie na my gemeente verwys nie terwyl hulle kon soos 'n jaar tevore met 'n ander student. Ek verduidelik dit in bylaag 3.



Die dosente het toe besluit om my by die universiteit, 'n nie-Christelike instelling, aan te kla. Die spanning en koue atmosfeer by die fakulteit was aaklig. Vir die voortgang van die proses het die universiteit 'n advokaat aangestel (dieselfde Johan du Toit wat ook vir die kuratorium opgetree het) om die getuienis en ondervraging te behartig. Hier was dit dan nou professore Julian Müller, Jurie le Roux, Dirk Human en húlle advokaat teen my. Dié feit moet deurentyd in gedagte gehou word wanneer grepe uit die verhoor aangehaal gaan word.

*Ek benadruk dit, die drie professore het met húlle advokaat opgedaag by die verhoor om hulle te verdedig, en my skuldig te kry.*

Ek benadruk dit, die drie professore het met húlle advokaat opgedaag by die verhoor om hulle te verdedig, en my skuldig te kry.

Advokaat Marius Helberg SC wat my tydens die kuratoriumverhoor bygestaan het, het my ook tydens die universiteitsverhoor verteenwoordig.

Die basis van die ondersoek by die universiteit was nie soos in die geval van die kuratorium-ondersoek die studenteverklaring nie. Hier was dit my dokument waarin ek om verskoning gevra het vir tegniese foute wat ek gemaak het, maar waarin ek ook die teologiese standpunte van die dosente bespreek het. Dié dokument met die titel "Kommentaar: Kuratorium-uitnodiging" (Kommentaar) was 'n dokument van 37 bladsye wat in werklikheid op uitnodiging van die kuratorium geskryf is. Ek het dit egter ook versprei onder predikante van die NG Kerk en sommige teologiestudente. Dit was die bewerings oor professore Müller, Le Roux en Human in hierdie dokument wat

aanleiding gegee het tot die universiteitsverhoor.

Uiteindelik is die dosente se klagte teen my deur die universiteit se advokaat en ook hulle regsafdeling verwerk, en aan my betuig.

## Die Eerste verhoor

Daar was nie een nie, maar twee verhore teen my. Wat die eerste verhoor[52] betref, fokus ek op wat ek beskou as die belangrikste en wesenlike sake tydens die verrigtinge. Die klagte teen my bespreek ek eers in meer detail tydens die tweede verhoor. Al klag wat hier met die eerste verhoor relevant is, is die eerste groep klagte. Die klag teen my het behels dat veral professor Julian Müller beweer het dat ek hom, spesifiek wat die opstanding van Jesus betref, buite konteks aangehaal het, met die gevolg dat daar valshede oor hom in die openbaar versprei is. Die hele kwessie van Jesus se opstanding was dus belangrik vir hierdie klag.

Wat was professor Müller se bewyse dat ek hom buite konteks sou aanhaal? Professor Müller was van mening dat hy tydens die lesing van 28 Julie 2005 voor die Fakulteit Teologie ('n paar weke na die RSG-radiogesprek toe hy nie ja of nee wou antwoord oor Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf nie), nie kans gegun was om te antwoord op my vraag of Jesus liggaamlik opgestaan het nie. Hy beweer dit was omdat dr. Flip du Toit, voordat hý kon antwoord, hom onderbreek het en self geantwoord het. Die *Oop Gesprek*-radioprogram van 'n paar weke tevore en professor Müller se lesing voor die fakulteit word nou langs mekaar geplaas in my dokument en die indruk word valslik gewek dat hy nie duidelik kon antwoord op die vraag nie. Dít was, as ek hom reg verstaan het, die buite-konteks-aantyging teen my. Ek konstrueer dus 'n patroon wat 'n vals beeld skep. Professor Müller verduidelik sy interpretasies, insluitende dr. Flip du Toit se onderbreking voordat hy klaarblyklik kon antwoord, soos volg:

52 Die eerste verhoor was nooit deur die universiteit getranskribeer nie. Ek het dit vir advokaat Helberg woord vir woord getik. Die titel van die dokument het soos volg daar uitgesien: *In die dissiplinêre verhoor van Frederik Sewerus Mulder, studentenommer 9245782,* op 29 Mei 2006 by die Universiteit van Pretoria.



**Müller:**

"... En direk nadat die vraag gevra is, is ek onderbreek deur die leier van die gesprek wat gesê het: 'Skuus Ferdie, laat ek net in alle billikheid ...', met ander woorde, so ek het nie eens geleentheid gehad om hier daarop 'ja' of 'nee' te antwoord nie. En daardie stukkie gegewe word net so, ongeïnterpreteerd uitgestuur die wêreld in" (Mulder, Eerste verhoor: 36; sien ook bl. 95-98 in hierdie boek).

Hierna het die volgende interessante gesprek plaasgevind:

**Helberg:**

"So u sê die vraag word gevra en u kan eintlik nie antwoord nie, want u word in die rede geval? Met respek, dit is nie wat ons hier lees nie.

**Müller:**

... bladsy vyf van Mulder [se dokument], dis die dokument wat die wêreld ingestuur is. Dit is hoe dit hier voorkom.

**Helberg:**

Daar vra Mulder vir u 'n vraag, en dan kan u nie antwoord nie want dr Flip du Toit val u in die rede?

**Müller:**

Dit lyk my so. Is dit nie so nie?

**Helberg:**

Ja, maar wat van die vorige bladsy? Daar vra Mulder 'n vraag aan u, u antwoord dan, u gee 'n redelike lang antwoord? U's nie daar in die rede geval nie.

**Müller:**

Op hierdie een ja.

**Helberg:**

Maar dit is dieselfde vraag?

**Müller :**
Ja, maar daar het ek mos nou geantwoord.

**Helberg:**
Ja, maar u getuienis is die heel tyd dat u word in die rede geval, u kry nie kans om te antwoord nie?

**Müller:**
Eintlik is die gesprek beëindig, nie waar nie?

**Helberg:**
Professor, u het kans gehad om te antwoord.

**Müller:**
Korrek.

**Helberg:**
U is nie in die rede geval toe u aanvanklik 'n antwoord gegee het nie?

**Müller:**
Nee, en daardie antwoord staan ek by,[53] maar ek bedoel uiteindelik was die gesprek beëindig.

**Helberg:**
Maar u het vir die komitee nog vanoggend gesê en u het dit nou weer herhaal dat daar was 'n radiogesprek, toe is daar 'n vraag deur Mulder na 'n lesing, en voordat u kon antwoord toe word u in die rede geval?

**Müller:**
Ja, Ja.

53 Daardie "antwoord" was soos telkens al aangetoon 'n weiering om ja of nee te antwoord oor Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf.



**Helberg:**
Maar dit is nie so nie.

**Müller:**
Goed ek trek dit terug" (Mulder, Eerste verhoor: 36-37).

Dit was vir professor Müller baie belangrik om aan te toon dat ek verkeerdelik die radiogesprek op 5 Junie 2005, en die 28 Julie 2005-lesing by die fakulteit met mekaar verbind en "ongeïnterpreteerd" die wêreld instuur. Met moeite het professor Müller sy argumente uiteengesit net om na seker 'n halfuur, die hele storie terug te trek.

***Ander gebeure***

Die eerste verhoor het baie moeilik op dreef gekom. Professor Müller was onwillig om al die vrae wat aan hom gestel is te beantwoord – veral 'n paar keer oor die opstanding van Jesus – terwyl dit juis belangrik was, gegewe die klagtes wat professor Müller sélf, en die universiteit teen my aanhangig gemaak het. Die universiteitskommissie het ook geweier dat ons enige kruisverhoor doen oor professor Müller se boek, *Opstanding*. Verder is ons ook verbied om spesifiek enige kritiek wat professor Adrio König oor professor Müller se interpretasies uitgespreek het, te behandel.

Na die eerste dag het advokaat Helberg tot die oortuiging gekom dat ons 'n goeie kans het om 'n suksesvolle aansoek in die hooggeregshof in te dien. Dit het hy toe gedoen en aangevoer dat professor Müller se weiering om alle vrae te beantwoord en die inperking van kruisondervraging dit onmoontlik maak om 'n billike verhoor te hê. In die aansoek het advokaat Helberg toe gevra dat die verhoor óf totaal geskrap word, óf dat alle beperkings op kruisverhoor opgehef word; en dat professor Müller al die vrae wat aan hom gestel word, moet beantwoord.

Baie vinnig, voordat die aansoek deur die prosesse in die hooggeregshof is, het die universiteit laat weet dat hulle alle beperkinge op kruisondervraging ophef, en dat professor Müller ook alle vrae sal moet antwoord wat aan hom gevra word. Die verhoor gaan dus voort, maar interessant genoeg is 'n klompie klagte teen my in die

nuwe klagstaat laat vaar. Ál die sogenaamde "buite konteks"-klagte wat veral deur professor Müller aanhangig gemaak is, is geskrap.

## Inleiding tot die Tweede verhoor

Die ongepubliseerde verbatim van die verhoor beslaan 956 bladsye. Dit is deur die universiteit getranskribeer en in hardeband beskikbaar gestel aan my en advokaat Helberg. Die titel daarvan is: "Dissiplinêre verhoor van mnr. Ferdie Mulder, Maandag, 2 Oktober 2006 – Donderdag, 5 Oktober 2006."

Die komitee vir die verhoor het bestaan uit oudregter Buddy Swart en me Jordaan van die Regsfakulteit. Advokaat Johan du Toit was weer die aanklaer en getuienisleier soos tydens die kuratoriumverhoor teen my. Vir interessantheid kan genoem word dat advokaat Du Toit op daardie stadium die regskundige was vir die Hoëveld sinode van die NG Kerk. Advokaat Helberg SC het my weer verteenwoordig.

Laat ek dit reg aan die begin noem, ek is nooit aangekla vir naamskending nie. Die dosente sou my moeilik daaraan skuldig kon bevind. Daarom was dit veel makliker om my by die universiteit se dissiplinêre komitee aan te kla waar sekere tegniese reëls geld wat net eenvoudig nooit geld in 'n naamskendingshofsaak nie. Persone soos dr. Izak Burger, professor Adrio König en ander wat dieselfde tipe stellings teenoor die dosente gemaak het, kon dit sê sonder dat hulle enigsins daarvoor vervolg sou word. Die feit dat ek 'n ingeskrewe student was, maak dit anders.

Voordat ek die klagte teen my bespreek, maak ek 'n paar inleidende opmerkings. Waarom was van dieselfde klagte wat tydens die ringsondersoeke behandel is, min of meer omgekeerde klagte teen my tydens die universiteitsverhoor? Dit is 'n belangrike vraag want 'n universiteit meng tog nie gewoonlik in teologiese en kerklike sake in nie? Hoekom het Tukkies hom egter op hierdie gebied begewe?

Bo en behalwe die buite konteks-klagte wat intussen toe laat vaar is, noem ek 'n voorbeeld uit die tweede verhoor. Ek het die bewering gemaak dat die dosente nie eerlik met die kerk is as hulle beweer dat hulle nie dwaalleer oor Jesus se opstanding verkondig nie. Gevolglik kom dit daarop neer dat, indien die dosente nie dwaalleer verkondig nie, dan is ek skuldig aan oneerlikheid. Verkondig hulle wél dwaalleer, dan is ek onskuldig en hulle per implikasie eintlik skuldig (al was laasgenoemde nou hoegenaamd nie eintlik ter sake vanuit 'n universitêre oogpunt nie).

*'n Universiteit meng tog nie gewoonlik in teologiese en kerklike sake in nie? Hoekom het Tukkies hom egter op hierdie gebied begewe?*

Tydens die vierdaglange verhoor het 'n groot deel van die kruisverhoor inderdaad gehandel oor of die dosente dwaalleer verkondig aldan nie. Nie net advokaat Marius Helberg SC wat my verteenwoordig het nie, maar ook die kommissielede, in die besonder oud-regter Buddy Swart, maar ook me Jordaan van die Regsfakulteit, het verskeie en indringende vrae oor dwaalleer in die konteks van die NG Kerk se belydenisskrifte aan die dosente gestel.

Wat die dosente se inhoudelike standpunte oor die opstanding van Jesus betref, het die Universiteit van Pretoria homself ongetwyfeld begeef op kerklike terrein – of 'n universiteit dit behoort te doen of nie! Bygesê, dit was ongetwyfeld nie wat advokaat Johan du Toit, die getuienisleier en die dosente se advokaat, in gedagte gehad het nie (Mulder, Tweede verhoor: 13). Bo en behalwe die dosyne vrae oor dwaalleer, het regter Swart ten minste een maal tydens die verrigtinge toegegee dat daar inderdaad moeilike aanklagte was, op grond waarvan kruisvehoor oor die inhoud van wat die dosente glo, nie irrelevant was nie, al sou advokaat Du Toit soms beswaar aangeteken het (Mulder, Tweede verhoor: 377-378). Dr. Flip du Toit van die kuratorium is dus verkeerd as hy later die volgende bewering sou maak: "Die Universiteit van Pretoria se saak het ook nie oor enige inhoudelike klagtes van die student gegaan nie" (*Kerkbode*, 29 Maart 2007).

Die finale klagstaat het drie klagte gehad. Die hoofklag was dat ek onbetaamlik opgetree het teenoor die drie professore en dat die gevolg daarvan was dat hulle integriteit aangetas is en hulle vertrouensverhouding met kollegas en studente in die gedrang gebring is. As substansiëring hiervoor was 'n paar bewerings uit my "Kommentaar" as bewyse voorgehou. In die geval van professor Müller was daar vier sake:

> ***Eerstens***, dat ek 'n valse bewering gemaak het oor wat hy sou glo en verkondig oor die Satan en Bose en so meer;

***Tweedens***, dat ek 'n valse bewering gemaak het oor die 2003-retraite waartydens studente moes mediteer oor Nuwe Hervormingsmateriaal;

***Derdens***, deur professor Müller te beskuldig van waarskynlike oneerlikheid en dwaalleer waar dit gaan oor die opstanding van Jesus; en

***Vierdens***, deur professor Müller as teologiedosent verdag te maak in die akademiese en geloofsmilieu waarin hy beweeg deur hom te beskuldig daarvan dat sy sieninge van die teologie sy geloof wesenlik beïnvloed.[54]

Naas die hoofklag, nl. my onbetaamlike optrede teenoor die dosente, was daar egter ook twee alternatiewe klagte. Die eerste het daarop neergekom dat my optrede die goeie naam van die universiteit in gedrang gebring het en die tweede dat my optrede die goeie gang van onderrig, navorsing en/of gemeenskapsdiens in gevaar gestel het.

Ek bespreek vervolgens die eerste en derde sake wat oor die Satan en die Bose, asook die opstanding van Jesus handel. Ek probeer die getuienis ook interpreteer soos wat ek dit bespreek. Die tweede saak wat oor die 2003-retraite handel, plaas ek as aanhangsel agter in die boek. Die vierde saak word bewys deur die voorafgaande besprekings.

### *Die Satan en die Bose*

Ek het professor Müller by die ringsondersoek aangekla oor die Satan en die Bose, en op sy beurt kla hy my aan oor die Satan en die Bose by

54 Die laaste twee klagte was ook van toepassing by proff. Le Roux en Human. Ek is ook aangekla dat ek hulle valslik beskuldig het van bedenklike onderrigmetodes. In prof. Le Roux se geval is ek ook daarvan aangekla dat ek 'n valse bewering gemaak het deur te beweer dat hy teenoor my erken het dat sy sentimente by Sakkie Spangenberg en Christina Landman berus. Ek wy nie later tydens my bespreking van prof. Le Roux daaroor uit nie. Ek staan steeds by my bewerings.



die universiteit. Heel interessant! Ons het nou reeds by die leerdwaling-ondersoek gesien dat professor Müller nie regtig op die vraag of hy glo in die bestaan van die Satan geantwoord het nie. Die klagte teen my tydens die universiteitsverhoor het behels dat ek valse bewerings aan professor Müller toegedig het in my "Kommentaar" toe ek die volgende bewering gemaak het:

> "Professor Müller het tog al verskeie kere in die sekulêre media gesê dat die volgende dinge of goed nie regtig bestaan of sou gebeur het nie: Satan en die bose, wondergenesings, natuurwonders, en dat Jesus nie bose geeste uit mense gedryf het nie."

My bewering hierbo skoei ek onder meer op getuienis van mense wat gesprekke met professor Müller oor van die sake gevoer het, asook professor Müller se openbare referaat, "Die Nuwe Hervorming en Spiritualiteit", waarin hy uitwy oor wat hy noem 'n nuwe geslag wetenskaplik georiënteerdes wat ontnugter is. Laasgenoemde groepering verteenwoordig volgens hom 'n "vakuum" binne die kerk wat deur die Nuwe Hervorming (NH) aangespreek word:

> "Dit is binne hierdie vakuum dat die NH tot stand gekom het en vra na 'n nuwe spiritualiteit waarin vanselfsprekende dinge in die bestaande spiritualiteit bevraagteken word. Dinge soos die vasstelling van die kanon, die goddelike natuur van Jesus, die bestaan van die duiwel, die onwetenskaplike aansprake oor wonders en natuurverskynsels, ensovoorts. Dit lyk asof die NH die twyfelvrae van denkende mense ernstig wil opneem. My indruk is dat dit nie 'n poging is om mense se geloof te ondergrawe nie, maar wel 'n poging om spiritualiteite wat inherent teenstrydig en oneerlik is, te dekonstrueer.
>
> Die gevestigde kerke sal sekerlik met aspekte van die nuwe spiritualiteit kan foutvind en moet dit inderdaad ook krities bekyk. Die noodroep van 'n groeiende groep gelowiges om groter eerlikheid oor die problematiek van botsende wêreldbeelde, sal egter ernstig geneem moet word. Die Kerk en die NH behoort mekaar nie te beveg nie, maar

saam te soek na nuwe uitingsvorme van 'n spiritualiteit wat pas in die postmoderne tyd" (www.julianmuller.co.za 3 Februarie 2003).

Die bespreking oor hierdie getuienis beslaan 'n volle elf bladsye in die verbatim van die universiteitsverhoor (Mulder, Tweede verhoor: 145-156). Ek probeer dit saamvat: Aanvanklik het professor Müller erken dat die sake wat hy hier lys (die vasstelling van die kanon, die goddelike natuur van Jesus, die bestaan van die duiwel, die onwetenskaplike aansprake oor wonders en natuurverskynsels) ook "inherent teenstrydig en oneerlik" kan wees en gedekonstrueer moet word. Wat die duiwel betref was dit ongetwyfeld sy interpretasie. Later verander hy egter sy antwoord en sê "nie noodwendig nie".

Op hierdie stadium was daar dus nog nie duidelikheid oor of professor Müller se wetenskaplik georiënteerde wêreldbeeld (of eerder sy Integrale wêreldbeeld en panenteïstiese Godsbeeld waarby ek later stilstaan) hierdie dinge aanvaar nie, en of hy homself skaar by diegene wat dit dekonstrueer omdat dit "inherent teenstrydig en oneerlik" is nie. Miskien klaar die getuienis wat vervolgens bespreek word sekere aspekte hiervan op. Maar eers haal ek 'n gedeelte aan waarin professor Müller alles ontken wat ek sou beweer, en daarna bespreek ek klaarblyklike wendings wat sou volg.

Op die voorsitter se vraag of professor Müller al ooit so iets gesê het as wat ek beweer het, was sy antwoord doodeenvoudig "Nee, nooit nie" en voeg later by dat "die gewone gelowige en teoloog daarbuite in die kerk sal hierdie dinge doodgewoon aanvaar" wat hom dus insluit (Mulder, Tweede verhoor: 35). Kyk ook na die volgende getuienis wat in dieselfde rigting wys. Hier is dit professor Müller se advokaat wat hom uitvra:

**Du Toit:**
". . . 'n standpunt dat die Satan en die bose nie bestaan nie, is dit 'n aanvaarbare standpunt binne die kerk?

**Müller:**
Ek sou nie so sê nie, nee. Ek dink die algemene standpunt is die teendeel, naamlik die bose en Satan bestaan, ja.



**Du Toit:**
Die ontkenning van wondergenesing, is dit 'n aanvaarbare standpunt?

**Müller:**
Nee.

**Du Toit:**
Ontkenning van natuurwonders?

**Müller:**
Nee.

**Du Toit:**
En dat Jesus nie bose geeste uit mense gedryf het nie?

**Müller:**
Nee.

**Voorsitter:**
U sê ontkenning van hierdie faktore is nie 'n aanvaarbare standpunt binne die kerk nie?

**Müller:**
Nee. Voorsitter, daar is natuurlik verskillende interpretasies oor sake, ensovoorts maar die algemene siening binne die kerk is dat Satan en die bose is bestaande verskynsels waarmee rekening gehou moet word, dat Jesus wondergenesings gedoen het, dat daar natuurwonders plaasgevind het as gevolg van Jesus en dat Jesus bose geeste uitgedryf het. Die gewone gelowige en teoloog daarbuite in die kerk sal hierdie dinge doodgewoon aanvaar.

**Du Toit:**
U as professor aan die Teologiese Fakulteit assosieer u nie met dit waarvan u hier ten laste gelê word nie?

**Müller:**
Nee" (Mulder, Tweede verhoor: 35-36).

Onder kruisverhoor het die volgende gebeur. Advokaat Helberg het 'n verklaring van 'n predikant as getuienis voorgelees. Daarin getuig die leraar wat 'n paar jaar gelede gebeur het tydens 'n lesing wat deur professor Müller aangebied was:

**Helberg:**
"En dan sal hy kom sê die hele kwessie van die betrokkenheid van die duiwel en bose magte was tydens een spesifieke klas in bespreking en professor Müller het . . . die opmerking gemaak dat die duiwel nie as 'n persoonlike entiteit beskryf kan word wat aktief in die wêreld en in mense se lewens is nie. Onthou u dat u ooit so 'n stelling gemaak het?

**Müller:**
Ek kan dit nie onthou nie maar ek kan dit onderskryf, dit sal my standpunt wees" (130).

Hierna het professor Müller aangetoon dat hy wel glo in die bose as 'n "onverklaarbare werklikheid," maar bygevoeg:

**Müller:**
"Die Satan as, of die duiwel dan as 'n persoon hoe 'n mens dit nou ook al sal wil probeer verduidelik of verklaar is nie deel van my beskouing daaroor nie . . ." (131).

Ons sal later sien dat professor Müller die Bose verklaar vanuit die panenteïsme. Advokaat Helberg het vervolgens die dominee se getuienis verder behandel as synde professor Müller se standpunt tydens 'n lesing:

**Helberg:**
"Vandag kan ons dit slegs verstaan as 'n verwysing na die boosheid en verkeerde wat in die mens is en nie as 'n bose gees met 'n eie indentiteit wat teen God aan die werk is nie. My vraag in die klas was hoe ons dan besetenheid en duiwel-uitdrywing in die Bybel moet verstaan? Professor



*nie werklike bose geeste was wat uitgedryf is nie*

Müller se antwoord was dat dit doodgewone, natuurlike verskynsels was soos epilepsie, ensovoorts en dat dit nie werklike bose geeste was wat uitgedryf is nie, maar dat die antieke persoon dit wel so verstaan het as bose geeste . . . professor Müller het later in die klas die opmerking gemaak dat die kerk nie van hom verwag om in die geloofsbelydenis die bestaan van die duiwel as entiteit te bely nie maar dat hy slegs verplig word om die bestaan van sy geloof in God te bely. In soveel woorde het hy gesê, 'ek glo nie in die Duiwel nie ek glo in God'" (Mulder, Tweede verhoor: 132).

Professor Müller het instemmend op bogenoemde geantwoord en gesê ". . . in breë . . . voel ek nog steeds so" en later, "So iets sal ek sê" (Mulder, Tweede verhoor: 133). Dit was daarom nie nodig om die predikant as getuie te roep nie – die inhoud van sy brief is kennelik aanvaar.

Dit was merkwaardig dat professor Müller hier toegee op al hierdie bewerings, maar tydens die leerdwaling-ondersoek weier hy om te antwoord op die vraag of hy glo in die bestaan van die duiwel – en dit nadat die vraag twee maal aan hom gevra is.

'n Volgende stuk getuienis wat ons behandel het, en wat sommige ooreenkomste toon met die voorafgaande getuienis was professor Müller se openbare lesing tydens die "Geestelike Oorlogvoering"-seminaar wat in 1998 by Universiteitsoord aangebied is. Daar is ook na afloop van die seminaar opnames van die geleentheid beskikbaar gestel vir die publiek. Tydens die byeenkoms het professor Müller ook 'n paar keer 'n skeptiese houding oor bose geeste en die bestaan van die duiwel ingeneem.

Met al hierdie besprekings as agtergrond het me Jordaan, wat saam met regter Swart die kommissie vir die universiteit uitgemaak het, spesifiek aan professor Müller gevra of hy glo dat bose geeste bestaan. Hy antwoord:

**Müller:**
"My persoonlike ervaring en my wetenskaplik georiën-

teerde wêreldbeeld sê vir my, objektief gesproke bestaan dit nie" (Mulder, Tweede verhoor: 174).

In 'n poging om seker te maak of sy hom reg verstaan, gaan me Jordaan toe verder deur te vra:

**Jordaan:**

"Wat u eintlik sê is dit bestaan in sy kop, dit bestaan vir hom maar dit bestaan nie noodwendig werklik nie?

**Müller:**

As u so 'n onderskeid wil maak, ja" (175).

Advokaat Helberg het toe ook gevra:

**Helberg:**

". . . u siening is duiwelbesetenheid bestaan nie, dit is eintlik 'n sielkundige probleem wat wel bestaan?

**Müller:**

Of dit is ook 'n kulturele sosiale verskynsel" (175).

Later sê professor Müller ook:

**Müller:**

". . . die kerk sal hom nie laat intrek in allerhande fyn haarklowery oor die bestaan of nie bestaan van die Bose nie" (177).

Dit blyk 'n interessante stelling gegewe die storm in die media na aanleiding van die 2007-Algemene Sinode waartydens die "bestaan en nie bestaan van die Bose" 'n prominente besprekingspunt was. Toegegee, professor Müller kon sekerlik nie voorspel het dat daar so 'n debat sou wees nie.

Die volgende getuienis is 'n bespreking van professor Müller se lesing by die Centurion Teater oor "wêreldbeelde" waarna ek reeds verwys het in hoofstuk twee. Ek probeer net weer kortliks die konteks skets. Neels Jackson van *Beeld* was ook by die lesing en het kort daarna (in die sekulêre media) 'n positiewe artikel oor dié lesing geplaas. Tydens die lesing het professor Müller verduidelik van 'n verskeidenheid wêreldbeelde wat min of meer soos prentjies werk waardeur verskillende mense na die wêreld om hulle, maar ook na God kyk. Hy het 'n paar uiteenlopende wêreldbeelde bespreek en toe gekom by wat hy noem 'n integrale wêreldbeeld waarby ook hy, soos ons later sal sien, aansluiting vind. Dit is met die bespreking van hierdie wêreldbeeld dat professor Müller spesifiek verduidelik het van 'n skeptisisme oor duiwels, engele en magte wat vanuit 'n ander wêreld op ons bestaan inwerk. Sy pleitrede was vir die soeke na nuwe metafore en kategorieë om ruimte te maak vir 'n integrale wêreldbeeld. Met hierdie stukkie agtergrond kan ons dan nou oorbeweeg na die gebeure tydens die verhoor wat hier relevant is:

**Helberg:**

"Die integrale wêreldbeeld, is dit 'n wêreldbeeld wat u voorstaan?

**Müller:**

Ek dink die Integrale wêreldbeeld is die naaste aan wat ek vind om uitdrukking te gee aan hoe ek glo.[55]

**Helberg:**

En dan sien ons daar . . . 'God word binne hierdie wêreldbeeld gesien as binne in alles . . . dit kan . . . beskryf word as panenteïsme waarvolgens alles in God is en God in alles'?

**Müller:**

Ja.

**Helberg:**

Die probleem soos wat u ook maar van bewus is, is dat die . . Panenteïsme kan eintlik dan nie voorsiening maak vir die Satan as 'n afsonderlike wese . . . nie want hiervolgens is alles in God en God in alles en God kan uiteraard nie die

55 Hier sê prof. Müller dat hy homself identifiseer met die Integrale wêreldbeeld terwyl sy 13 Oktober 2007-artikel in *Beeld*:"'n Nuwe verstaan van God vir 'n nuwe tyd" dit nie só duidelik stel dat ook hy identifiseer met dié wêreldbeeld nie.

*God kan uiteraard nie die Satan wees nie?*

Satan wees wat gepersonifieerd is nie?

**Müller:**

Ja, hierdie wêreldbeeld beweeg weg van die antieke wêreldbeeld waarbinne die Bybel ook tot stand gekom het . . .

**Helberg:**

. . . Wat sê u waar kom die bose dan vandaan wat ons vandag mee te doen het? Kyk ons werk nou nie in die antieke wêreld nie.

**Müller:**

Ja. Meneer die Voorsitter, kan ’n mens ’n advokaat se vraag met ’n teenvraag beantwoord?

**Voorsitter:**

Ja seker.

**Müller:**

Wel, my teenvraag sou wees, waar kom lyding vandaan? Dit is eenvoudig nie te beantwoord nie . . . eintlik geen antwoord bestaan nie. So, ek kan nie antwoord as u vir my so vra nie” (Mulder, Tweede verhoor: 184-188).

Vervolgens was dit belangrik om te bepaal hoe professor Müller die Satan en die Bose se betekenis in die belydenisskrifte en Skrif verstaan:

**Helberg:**

“Sê u dat u standpunt van die Satan en die bose is in ooreenstemming met die reëls van die NG Kerk?

**Müller :**

Ek glo so, ja . . . daar is ongetwyfeld ruimte vir my standpunt . . .

**Helberg:**

Net as ’n voorbeeld, indien gekyk word na wat algemeen beskou word as die eindtye, m.a.w. die wederkoms van Jesus en dan uiteindelik gaan sekere mense hemel toe, en sekere mense gaan hel toe volgens die beskouing van die NG Kerk, sê u dat daar is dan nie die Satan . . . in die hel nie, of sê u daar is wel ’n gepersonifieerde Satan in die hel?

**Müller:**

Nee ek glo nie . . . ek kan nie dink dat dit nodig is vir mense . . . dat ons konsepte soos die Hel en die Duiwel wat daarin funksioneer so op ’n letterlike manier moet glo . . . nie” (Mulder, Tweede verhoor: 195-197).

Hierna het advokaat Helberg verskeie gedeeltes in die belydenisskrifte wat na die Satan en Bose verwys, behandel. Uiteindelik het professor Müller aangevoer dat alhoewel die belydenisskrifte die Satan en die Bose as bonatuurlike wesens vanuit ’n ander werklikheid voorhou, ons dit nie meer vandag so hoef te verstaan nie (201-212).

Wat was die kommissie se bevinding? In die uitspraak stel hulle dit soos volg:

“Die stelling wat ten aansien van professor Müller gemaak is, is . . . vals. Die optrede wat aan hom toegedig word, is nie in kerklike kringe aanvaarbaar nie. Hy sê die algemene siening binne die Kerk is dat Satan en die Bose bestaande verskynsels is waarmee rekening gehou moet word, en dat Jesus wondergenesings gedoen het, dat daar natuurwonders plaasgevind het as gevolg van Jesus en dat Jesus bose geeste uitgedryf het. Die gewone gelowige en teoloog daar buite in die Kerk sal hierdie dinge doodgewoon aanvaar. Hy as professor in die Teologie assosieer hom nie met dit waarvan hy hier ten laste gelê word nie. Student Mulder behoort skuldig bevind te word . . . ” (Uitspraak, 20 November 2006: 42).

Ironies genoeg, en ten spyte van bogenoemde, erken die kommissie egter ook die volgende in hulle uitspraak:

“Professor Müller het saamgestem dat hy in die bose glo, maar nie in die duiwel as ’n persoonlike entiteit wat aktief in die wêreld in mense se lewens is nie. Professor Müller

*Professor Müller glo nie dat daar demoniese geeste is wat mense bind nie*

het ingestem dat hy . . . in breë trekke die besetenheid en duiweluitdrywing in die Bybel gesien het as natuurlike verskynsels soos epilepsie en so meer en dat dit nie werklik bose geeste was wat uitgedryf is nie" (Uitspraak, 20 November 2006: 19-20).

En ook die volgende:

> "Professor Müller glo nie dat daar demoniese geeste is wat mense bind nie. Hy volstaan daarmee dat hy as die skepper van die stuk dit onbillik vind om daaruit af te lei dat hy sê daar bestaan nie demone of geeste nie" (41).

***'n Laaste woord***

Oor professor Müller se interpretasies van die Satan en die Bose, wondergenesings, natuurwonders, en Jesus se uitdrywing van bose geeste kon ek sekerlik 'n bietjie meer genuanseerd geskryf het in my "Kommentaar". Ek kon dalk bygevoeg het dat ek wonder of sy interpretasies daarvan versoenbaar is met die hart van die NG belydenis daaroor, in plaas daarvan om net te sê dat hy nie daarin glo nie. Een saak wat 'n fout was in my analise was dat ek beweer het dat hy nie meer in die Bose glo nie. Dit is nie so nie. Maar op al die ander sake – die Satan, wondergenesings, natuurwonders, en of Jesus bose geeste uitgedryf het, dink ek tog dat daar meriete in my bewerings was – al dink 'n universiteitskommissie nie so nie. Ek wonder selfs of daar nie tog meriete in my bewering oor die Bose ook was nie, gegewe al die getuienis wat nou bekend is, veral in ag genome die vertrekpunte van die panenteïsme en die Integrale wêreldbeeld.

Bo en behalwe die verwarrende (vir my) uitspraak van die kommissie in hierdie hele klag, is 'n ander saak wat vir my steeds verstommend bly, professor Müller se weiering om tydens die ringsondersoek reguit te antwoord op vrae oor die Satan, en hoe hy uiteindelik etlike toegewings en erkennings tydens die universiteitsverhoor daaroor gemaak het. Hoekom het hy so verskillend by die onderskeie geleenthede getuig? Dit was tog nie baie ver uit mekaar nie?



***Die opstanding en die Nuwe Hervorming***

Hier volg dan nou die laaste deel oor Jesus se opstanding om moontlik die volle sirkel te probeer loop wat betref professor Müller se geloof en interpretasies daarvan. Net eers 'n opmerking oor die opskrif hierbo. Die Nuwe Hervorming maak met goeie rede deel daarvan uit. U sal hopelik soos wat die getuienis behandel word, verstaan hoekom.

Soos alreeds vroeër verduidelik, was die klag wat my hier ten laste gelê is, dat ek in my "Kommentaar" die bewering gemaak het dat professore Müller, Le Roux en Human "waarskynlik nie eerlik" is as hulle beweer dat hulle nie dwaalleer oor Jesus se opstanding verkondig nie. Die agtergrond tot hierdie interpretasie van my staan in die konteks van die volgende bewering wat in die drie dosente se verklaring kort na die 15 Junie 2005-studenteverklaring in die media verskyn het:

> ". . . in die [15 Junie 2005] Verklaring word die inhoud en gees van ons akademiese werk misken en verdraai, sodat dit klink asof ons 'n dwaalleer oor die opstanding verkondig."

Terloops, hierdie verklaring is vandag nog op die internet beskikbaar. Hier het ons dus te doen met twee opponerende en onversoenbare standpunte. Die dosente se verwysing na "misken en verdraai" beteken dat hulle my interpretasies oor hulle werk as oneerlik en misleidend sien. Hierteenoor is die implikasie van my interpretasie dat die dosente waarskynlik nie eerlik met hulleself, maar ook die NG Kerk is nie, as hulle beweer dat hulle nie oor Jesus se opstanding dwaalleer verkondig nie. Gevolglik, soos mens kan verwag, en soos inderdaad gebeur het, was die dosente se verstaan en interpretasies van Jesus se opstanding 'n wesenlike deel van die ondersoek, ongeag of persone soos dr. Flip du Toit later sou beweer dat die inhoud van die leerstellige sake nie deel was van die verhoor nie. Ook ongeag of 'n universiteit hulle behoort te begeef op die gebied van kerklike leerstellings.

Ek bespreek 'n paar belangrike stukke getuienis, asook uittreksels van die uitspraak wat terugskouend vir my uitgestaan het. Etlike dele in die verhoor het nogal ooreengekom met wat reeds tydens die ringsondersoek behandel is. Daar is egter, ten minste soos ek dit geïnterpreteer het, 'n paar wesenlike wendings.

Regter Buddy Swart wou tydens die verhoor 'n paar keer by professor Müller in besonder duidelikheid kry oor wát die NG belydenisskrifte oor Jesus se opstanding leer, en hóé dit vandag geïnterpreteer kan en mag word. Regter Swart (wat natuurlik nie 'n teoloog is nie) het pertinente vrae gevra oor 'n "fisiese, letterlike, daadwerklike opstanding van Jesus Christus", wat doodgewoon verstaan kan word as geloof in die letterlikheid van Jesus se opstanding wat 'n leë graf agtergelaat het. Professor Müller sal nie hier kan argumenteer dat hy die woorde "liggaamlik" of "letterlik" verwerp as byvoegings en die leë graf van Jesus apart daarvan wil hou en aanvaar nie want, soos ons bietjie later sal sien, wanneer professor Müller spesifiek ruimte wil laat vir die Nuwe Hervorming se ontkennning van die "letterlike" opstanding, daardie verwerping ongetwyfeld ook die ontkenning van die leë graf insluit. As my inligting korrek is, is daar nie een van die Nuwe Hervormers wat die standpunt huldig dat Jesus se graf leeg was omdat hy letterlik opgestaan het nie. Maar eers die eerste stuk getuienis waar ons aansluit by regter Swart se vraag aan professor Müller, nadat hy oor die opstanding van Jesus getuig het:

**Voorsitter:**

> "Dit lyk vir my as leek of daar in die of op die gebied van die Teologie, miskien meer ruimte vir meningsverskil bestaan as op baie plekke elders in die wêreld of in die wetenskappe. Gaan dit byvoorbeeld so ver dat in die Belydenis van die kerk, Advokaat Helberg het die verskillende Belydenisskrifte genoem. Nou, in die Belydenis van die kerk daar ruimte is vir twee gelowiges om te sê ons bely altwee presies dieselfde Belydenis maar ek, die eerste ene, glo in die fisiese, letterlike, daadwerklike opstanding van Jesus Christus en ek nommer twee, wat baie meer wetenskaplik en modern ingestel is kan dit nie glo nie, maar ek glo in die wese daarvan dat daar op een of ander manier wat ek nie kan peil nie, 'n opstanding van Christus plaasgevind het. Kan dit altwee of kan altwee, ek druk my swak uit, hierdie, kan altwee hierdie feite sieninge, tuisgebring word volgens moderne interpretasie, huidige interpretasie, onder dieselfde Belydenisskrifte?



**Müller:**

> Ek glo so Voorsitter omdat deur die loop van die eeue binne die gevestigde ruimte van die gevestigde Teologie daar 'n verskeidenheid van interpretasies gemaak is oor die opstanding, oor presies hoe dit verstaan moet word" (Mulder, Tweede verhoor: 88-89).

Besonder interessante getuienis. Kom ons kies net een van regter Swart se beskrywings van die opstanding hierbo om te probeer verstaan wat hier op die tafel is. Is die belydenis dat Jesus "daadwerklik" uit die dood opgestaan het, en tweedens dat hy "opgestaan" het, maar nié "daadwerklik" nie, "presies dieselfde belydenis"? Kan hierdie twee sienswyses tuisgebring word onder dieselfde belydenisskrifte? Hierop antwoord professor Müller bevestigend. Indien dit korrek is, dan is die afleiding korrek dat daar eenvoudig in die "opstanding" geglo hoef te word. Vir die een teoloog is dit 'n letterlike gebeurtenis wat 'n leë graf agterlaat. Vir die ander is dit nie letterlik nie, dit word volgens "moderne interpretasie" anders verstaan en geïnterpreteer.

Met dít as agtergrond, is professor Müller se uitsprake oor die Nuwe Hevorming en die letterlikheid al dan nie van Jesus se opstanding relevant. Daar was 'n uitgebreide en uiters belangrike gesprek hieroor tydens die verhoor. Dit was ooglopend die geval dat regter Swart baie spesifiek, en by herhaling oor hierdie saak helderheid wou kry. Onderstaande stelling "om dit meer konkreet te stel" was met verwysing na die gesprek oor die Nuwe Hervorming:

**Voorsitter:**

> "Net om dit meer konkreet te stel, is daar tans binne die NG Kerk ruimte vir mense om aan die een kant te sê, ek glo in die letterlike opstanding van Christus en Sy maagdelike geboorte, en ek bely volgens die kerkvoorskrifte op grond daarvan, terwyl aan die ander kant daar mense is wat sê, ek glo nie in die letterlike opstanding en die maagdelike geboorte nie, ek glo wel dat daar 'n opstanding was? Maar op grond daarvan bely ek ook oor-

*ek glo nie in die letterlike opstanding nie*

eenkomstig die voorskrifte van die kerk, is daar ruimte vir die soort akkommodasie?

**Müller:**

Ek glo so. Ek dink soos wat die NG Kerk en sy Teologie ontwikkel op die oomblik is dit veel meer inklusief as eksklusief en die klem val daarop om na mense te luister . . . " (Mulder, Tweede verhoor: 265).

Gegewe die bogaande bespreking oor Jesus se opstanding en die Nuwe Hervorming, het die hele kwessie van die NG Kerk se amptelike standpunt oor die Nuwe Hervorming, soos wat die Algemene Sinodale Kommissie dit in 2003 verwoord het belangrik geword. In dié dokument, wat aan die kommissie, advokaat Du Toit en professor Müller oorhandig is, en wat tydens die kruisverhoor behandel is (266), is daar 'n definitiewe standpunt ingeneem oor Jesus se opstanding. Die dokument sê dat die Nuwe Hervorming "wek twyfel oor sy [Jesus se] werklike, liggaamlike, historiese opstanding uit die dood en bring dus die kern van ons geloof in 'n opgestane Here in die gedrang." Jesus se opstanding word ook as 'n "letterlike" gebeurtenis bely. Later word ook gesê dat "Die 'nuwe hervormers' se opvattings bring die evangelie self op belangrike punte in die gedrang."

Hoe voel professor Müller oor hierdie amptelike verklaring van die NG Kerk? Advokaat Helberg het die volgende aan professor Müller gestel:

**Helberg:**

"Hulle [die NH] standpunt oor Jesus se maagdelike geboorte en oor Sy opstanding sal nooit akkomodeer kan word in die NG Kerk nie en daaroor ook is daar 'n Sinodale uitspraak?

**Müller:**

Ek sal nie so maklik sulke uitsprake maak nie. Maak nie saak waaroor ons praat nie om te sê, dit sal nooit kan nie . . . " (271).

Regter Swart wou na aanleiding van professor Müller se antwoord meer duidelikheid kry.



**Voorsitter:**

"Ek dink om 'n lang storie kort te maak. Die kern van die saak is, as die uiteindelike gesprek misluk en ons sit met twee kapokhaantjies wat elkeen sy eie standpunt huldig, is daar binne die kerkverband ruimte om die *Jesus Seminar* ook nog te akkommodeer? Dit is nou as die gesprek misluk?

**Müller:**

Ek weet nie, dit is 'n baie hipotetiese situasie" (Mulder, Tweede verhoor: 271).

Hierna het advokaat Helberg toe voorgelees uit die ASK-verslag van 2004 wat aantoon dat daar toe wel gesprekke met lede van die Nuwe Hervorming was: " . . . om moontlike misverstande uit die weg te ruim . . . gesprekke is . . . gevoer. Die partye kon mekaar nie vind nie." Advokaat Helberg wou toe hierna by professor Müller hoor wat hy van laasgenoemde dink. Hy antwoord:

**Müller:**

"Ja, dit is tog jammer né?

**Helberg:**

U sê dit is tog jammer, maar dit is tog u kerk se mense? Is dit die besluite van u kerk of is dit nie vir u belangrik nie?

**Müller:**

Hoekom praat ons oor die Nuwe Hervorming, voorsitter? Kan u miskien vir ons verduidelik, hoekom praat ons hieroor, hoekom word ek gekruisondervra oor my standpunte?" (276).

Professor Müller was op hierdie punt omgekrap. Al sou hy later verklaar dat hyself nie 'n Nuwe Hervormer is nie (en ons almal weet dat hy nie 'n formele lid is nie – en ek wil hom ook nie een maak nie!), was dit ooglopend die geval dat hy nie gelukkig was met die volledige amptelike uitspraak en interpretasie van die NG Kerk oor die Nuwe Hervorming se interpretasies van Jesus se opstanding nie. Professor

*Professor Müller het gevoel daar moet binne ons belydenis ruimte wees vir die Nuwe Hervorming se interpretasies van Jesus se opstanding.*

Müller het gevoel daar moet binne ons belydenis ruimte wees vir die Nuwe Hervorming se interpretasies van Jesus se opstanding.

Die uiteindelike vraag is, wie se getuienis sou regter Swart en die kommissie aanvaar om te bepaal hoe Jesus se opstanding verstaan moet word? Was my bewering dat die dosente (in dié geval professor Müller) nie werklik eerlik is met die kerk as hulle beweer dat hulle nie dwaalleer oor Jesus se opstanding verkondig nie, geloofwaardig – en geskoei op die NG Kerk se uitsprake en interpretasies van die belydenisskrifte? Of was professor Müller se interpretasies in lyn met die NG Kerk se interpretasies en uitsprake oor Jesus se opstanding?

Kom ons vat dan net saam watter getuienis voor die kommissie gedien het in soverre dit oor die NG Kerk se interpretasie van Jesus se opstanding gegaan het:

1. Ons het nou gesien dat die ASK Jesus se opstanding beskryf het met woorde soos "histories" en "letterlik";
2. In die Apostoliese geloofsbelydenis bely ons dat Jesus "op die derde dag opgestaan het uit die dood" en op grond daarvan glo ons in die "opstanding van die vlees" van gelowiges. Die woord "vlees" gaan interessant genoeg terug na die Latynse woord "carnis" wat fisieke liggaam beteken;
3. In die Belydenis van Athanasius bely ons dat Jesus "op die derde dag uit die dood opgestaan het" en "by Sy koms sal alle mense, met hulle liggame, opstaan". Weer eens word ons liggaamlike opstanding gekoppel aan Jesus;
4. In Artikel 19 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat Jesus na sy opstanding, sy "menslike natuur" nie verloor het nie, en "alles behou wat by 'n ware liggaam behoort." Hiermee saam word bely dat "die egtheid van Sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van Sy liggaam afhanklik is";
5. In die Heidelbergse Kategismus Vraag 57 vind ons die volgende vraag en antwoord: "Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou? Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word." Saam hierby word die volgende Skrifgedeeltes as substansiëring geplaas: Lukas 16:22; 23:43; Filippense 1:21, 23; Job 19:25, 26; 1 Johannes 3:2 en Filippense 3:21.



Ek wil dit weer beklemtoon, ál hierdie getuienis is op die tafel geplaas vir professor Müller, advokaat Du Toit, regter Swart en me Jordaan. Wat het uiteindelik toe gebeur? Advokaat Du Toit het besluit om professor Müller se interpretasie van die NG Kerk se belydenisskrifte en Sinodale uitsprake te verdedig. In sy finale betoog maak hy byvoorbeeld die volgende besónder skerp bewerings:

> "Na 'n bykans vierdaglange verhoor, 'n transkripsie van bykans 1 000 blasdye, en die voorlegging van bundels van 623 bladsye, kan hierdie Tribunaal met absolute oortui-ging, sonder die geringste twyfel, die volgende bevinding maak: daar is geen reël in die NG Kerk wat verg dat iemand moet glo in terme dat Jesus Christus histories-letterlik en liggaamlik uit die dood opgestaan het nie. Geen enkele Bybelteks is voorgelê vir die proposisie nie. Geen belydenisskrif, geen Sinodebesluit, geen direktief, geen geskrif, geen teologies gefundeerde artikel, is voorgelê om hierdie stelling te onderskryf nie. Daar hoef slegs in die opstanding geglo te word – die geloof in die wyse van opstanding is nie voorgeskryf nie"(Uitspraak, 20 November 2006: 38).

Ek hoop dat die ingeligte leser sal opmerk dat etlike stellings hierbo problematies is. So wat is die implikasie van advokaat Du Toit se bewerings wat hy met "absolute oortuiging, sonder die geringste twyfel" aan die kommissie voorgehou het? As dit sonder die geringste twyfel die standpunt van die NG Kerk is dat daar slegs in die "opstanding" geglo hoef te word, en dat die wyse hoe Jesus opgestaan het nie voorgeskryf is nie, dan beteken dit gewoon dat die NG Kerk se belydenis sóveel vryheid bied dat een teoloog dit as letterlik kan interpreteer, en 'n

ander dat Jesus se liggaam onbind het in ’n graf en dit dan simbolies interpreteer – solank teoloë net sê hulle bely die “opstanding”, wat dit ookal mag beteken; álle variasies is goed en heeltemal in ooreenstemming met die hart van ons belydenis in die NG Kerk.

Uiteindelik was dit die kommissie se taak om, op grond van al die beskikbare getuienis voor hulle, te bepaal of professor Müller se uitsprake oor Jesus se opstanding strook met die belydenis van die NG Kerk, om sodoende te bepaal of my beweringe teen hom gewig dra of nie. Wat het gebeur? Die komitee het ons getuienis en stawende dokumentasie verwerp ten gunste van professor Müller en advokaat Du Toit se interpretasies. In hulle uitspraak het hulle instemmend vir advokaat Du Toit aangehaal wat beweer dat daar slegs in die “opstanding” geglo hoef te word en dat ons “geen belydenisskrif, geen Sinodebesluit, geen direktief, geen geskrif, geen teologies gefundeerde artikel”, voorgelê het om geloof in Jesus se “histories-letterlike en liggaamlike” opstanding te onderskryf nie. Maar meer as dit, na bykans twee dae se intense ondervraging, en in besonder diepgaande ontledings van hoe professor Müller die opstanding interpreteer, het die kommissie soos volg geantwoord:

> “Daar is geen manier waarop hierdie Komitee kan bevind dat Professor Müller ’n dwaalleer verkondig of dat hy oneerlik is as hy sê dat hy nie ’n dwaalleer verkondig nie. Student Mulder behoort . . . skuldig bevind te word” (Uitspraak, 20 November 2006: 38).

Later sê die kommissie ook die volgende:

> “Ons vind in die kruisverhoor geen klinkklare bewys of selfs stelling dat hulle [professore Müller, Le Roux en Human] ’n dwaalleer verkondig of oneerlik was nie. Dit is nou ten spyte van die aangeduide verweer in die getuienis dat die verweer sou wees dat hulle oneerlik is en ’n dwaalleer verkondig. Ons is nie begunstig met enige argument in hierdie verband nie” (51).

Sjoe, selfs vandag, ’n klompie jare na die uitspraak, staan ek weer eens sprakeloos oor hierdie stellings. Dit roep ’n klomp vrae op. Ek noem slegs drie:



- Eerstens: Waarom het die kommissie indringende en kritiese vrae oor Jesus se opstanding aan professor Müller gestel – om uit te vind wat hy regtig glo, en of dit in ooreenstemming met die belydenis van die NG Kerk is, net om uiteindelik in hulle uitspraak te sê dat professor Müller beweer dat hy nie dwaalleer verkondig nie?
- Tweedens en verwant aan die eerste punt: Waarom maak die kommissie ’n teologiese uitspraak (dat daar slegs in die “opstanding” geglo hoef te word), maar distansieer hulle dan van teologiese beredenering deur aan te voer dat hulle nie begunstig was met enige argument dat professor Müller nie eerlik is nie?
- Derdens: Waarom het die kommissie die amptelike standpunt van die NG Kerk oor die Nuwe Hervorming in 2003 waarin die “letterlike”, “liggaamlike” en “historiese” opstanding van Jesus bely word (asook die talle verwysings na die liggaamlike opstanding in die belydenisskrifte), geïgnoreer?

*Ek was soos nooit tevore nie oortuig van die geldigheid en noodsaaklikheid van die 15 Junie 2005-studenteverklaring.*

Vir my persoonlik het al die gebeure rondom professor Müller se geloof en interpretasie van Jesus se opstanding die kringloop voltooi na afloop van die universiteitsverhoor.

Ek was soos nooit tevore nie oortuig van die geldigheid en noodsaaklikheid van die 15 Junie 2005-studenteverklaring (al sou die meeste studente onder druk onttrek en al het ek ook tegniese foute begaan waarvoor ek om verskoning gevra het). Dié belydenis en protes was terugskouend nie maar net geskoei op ’n paar geïsoleerde en terloopse opmerkings en interpretasies deur professor Müller nie.

Voordat ek by ’n laaste woord oor professor Müller kom, net ’n slotopmerking oor ’n aantal interessante intriges wat ’n verskeidenheid persone betrek het. Dit alleen sou ’n hele boek op sy eie kon wees. Ek plaas as Bylaag 7 ’n bespreking waarin ek vlugtig na professor Adrio König verwys, en dan in meer detail fokus op gebeure rondom professor Lina Spies. Dit is die moeite werd om daarna te kyk.

## ’n Laaste opsommende woord

Die gebeure van die afgelope jare het professor Julian Müller nie net teologies nie, maar ook persoonlik geraak. Hy praat in sy boek *Opstanding* wat in 2006 verskyn het, onder meer van “skok”; “ontnugter”; “woede”, “uiters negatiewe ervaring” en dat hy wil “protesteer” teen wat hy sien as ’n “groeiende evangeliese fundamentalisme” in die geledere van die Afrikaanse kerke.

Dit was gewis sy reg om dit wat met hom gebeur het te publiseer wat ongetwyfeld ook ’n belangrike deel van die ingewikkelde en groot verhaal was wat hom die afgelope klompie jare in Pretoria afgespeel het. Wat in hierdie boek staan, so hoop en vertrou ek, is ’n ánder deel van die ingewikkelde en groot verhaal.

Ek hoop dat ek dit reggekry het om op ’n geloofwaardige manier die sake wat ek wou bespreek het uiteen te sit. Ek ontken hoegenaamd nie dat ek ook subjektief by die sake wat ek bespreek het betrokke was nie. Uiteraard het ek op ’n paar sake gefokus wat my nogal na aan die hart gelê het en wat ek gevoel het relevant en belangrik is. Ek weet dat ek nie genoegsaam by die onderliggende teologiese vertrekpunte kon uitkom wat hier belangrik was nie. Ten spyte daarvan hoop ek dat sommige van die sake wat bespreek is egter tog bietjie lig daarop werp, al was dit egter ook nie hier die doel nie.

Ek sluit af met eerstens ’n paar opmerkings oor foute wat ek begaan het, en dan ’n paar gedagtes oor professor Müller.

Ek hoop dat professor Müller spesifiek, maar ook ander lesers, opgemerk het dat ek ’n paar keer tydens my besprekings foute wat ek gemaak het erken het. Tot hierdie foute voeg ek nog ’n paar hier by:

1. Ek het in my “Kommentaar” gesê dat ek “vyf jaar in hulle klasse was”. Dit sou die indruk kon wek dat ek letterlik vyf jaar, week na week in hulle klasse was. Ek was nie. Miskien kom my klasse by professor Jurie le Roux die naaste daaraan – hy in besonder het baie vir ons klas gegee. Deur die loop van my opleiding van vyf jaar tot op daardie stadium het hierdie dosente periodiek vir ons godsdiensperiodes aangebied, het ons by funksies gesels, en het ons periodiek klasse gehad. Hopelik verduidelik dit my aanvanklike stelling bietjie beter.



2. Die 2003-retraite: Ek bespreek hierdie gebeure in meer detail in ’n bylaag agter in die boek. Ek kon die gebeure daar meer genuanseerd beskryf het, al glo ek steeds daar was ruimte vir my interpretasie.
3. Oor die algemeen wás ek by tye te skerp en ongenuanseerd in my interpretasies in 2005. Ek is regtig jammer daaroor en hoop dat hierdie boek ’n beter poging is om meer genuanseerd oor die sake te skryf en dink.

Wat die getuienis en my interpretasies van prof Müller aangaan (uitgesluit die opstanding van Jesus), bly die volgende gebeure vir my ’n raaisel:

- hoe dr. Bartlett en professor Müller nie by die orde-reëlings wou berus tydens die ringsondersoek nie;
- hoe die getuienis van professor König spesifiek op byna alle fronte uit die ondersoeke gehou is;
- die gebeure rondom professor Lina Spies;
- die gebeure rondom die 2003-retraite waar professor Müller aanvanklik gesê het daar is nooit gemediteer nie, en toe later dit wel erken het;
- die gebeure rondom die 2006-retraite in ’n intergeloofsentrum; en
- sy weiering om tydens die ringsondersoek te antwoord oor die duiwel en sy ommeswaai tydens die universiteitsverhoor dat hy nie in die bestaan van die duiwel glo nie, en ook nie dat Jesus regtig bose geeste uit mense uitgedryf het nie.

Oor die opstanding van Jesus maak ek ’n paar opmerkings: Ek wil vir professor Müller sê dat ek bevriend is met baie mense wat nie in Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf glo nie. Ons gesels ook gemaklik daaroor. Ek respekteer hulle en probeer met liefde en deernis na hulle verhale te luister. As ek getuig oor die hoop wat in my woon, probeer ek dit ook met liefde en sensitiwiteit doen.

Die rede waarom daar vir my en ook ander studente ’n probleem was met sommige van professor Müller se uitsprake was hoegenaamd nie daarin geleë dat ons voel dat daar nie gesprek mag wees oor Jesus

se opstanding nie. Nog minder dat ons nie met deernis en liefde daaroor moet kan gesels nie. Ons worsteling was dat professor Müller in ten minste sommige van sy uitsprake die indruk gewek het dat die radikale interpretasies van die Nuwe Hervorming of *Jesus Seminar* as alternatief vir gelowiges kan geld en dat daar ruimte daarvoor binne die belydenisgrondslag van die NG Kerk is.

In gewone taal sou dit kon beteken dat professor Müller oordeel dat die lewende Here Jesus gelukkig daarmee is dat herders van sy kerk dit van die dakke af verkondig dat Jesus se liggaam in 'n graf verrot het, maar dat ons steeds sy "sobere" en "ekonomiese opstanding" kan glo, bely, ervaar en leef! Hierteenoor is dit ons belewenis dat wanneer Jesus se lewensveranderende en verbysterende opstanding, wat die rede is waarom ons vir 'n stukkende en gebroke wêreld Jesus se hande en voete wil wees, verruil word vir 'n "ekonomiese", "sober" rekonstruksie van Jesus wat nie die graf noodwendig letterlik kon oorwin nie – 'n Jesus wat al vir 2 000 jaar dood is en "opgestaan" het volgens elkeen se eie voor- en afkeure, dan veroorsaak dit nie net hooploosheid vir gelowiges nie, dit spel ook die einde van hoe ons (en heelwaarskynlik baie ander gelowiges) die Christelike geloof verstaan. Dit maak van ons geloof 'n "gedienste afgod wat ook onder ons beheer is" (Müller, 2006: 128); dit skeur van ons af weg 'n opstandingsgeloof waarin ons kan "droom en dink en liefhê" (Müller, 2006: 109); dit ontneem ons van 'n lewende Jesus wat "enige oomblik [kan] sorg vir 'n verrassende wending" (Müller, 2006: 103). Maar meer nog, dit ontneem gemarginaliseerdes, gebrokenes, weeskinders en alle sondaars van 'n ontmoeting met dié Persoon wat strome lewende waters van God self, kom bring het.

*van die dakke af verkondig dat Jesus se liggaam in 'n graf verrot het*

As ek dus heel nugter al die uiteenlopende antwoorde wat professor Müller vanaf ten minste 2000-2007 vir die opstanding van Jesus gegee het bestudeer (en die gepaardgaande realiteite wat dit konstrueer ook oordink), dan is dit eerlikwaar vir my uiters moeilik om met 'n skoon gewete te sê dat die 15 Junie 2005-studenteverklaring 'n onnodige en bedenklike stofopskop was.



Ek dink egter nie dat professor Müller of ek werklik objektief oor al die gebeure kan skryf en dink wat veral sedert 2005 plaasgevind het nie. Ons was en is net te emosioneel by die sake betrokke. Ek betrap myself selfs vandag nog, dat ek emosioneel voel oor sommige teologiestudente en my bekommer dat hulle ernstig worstel met aspekte van die teologiese paradigma wat professor Müller ons geleer het. Ek is ook steeds daarvan oortuig dat sommige teologiese interpretasies van professor Müller nie versoenbaar is met die allerheiligste en diepste binneste van ons belydenis en die Skrif nie, al besef ek dat dit hom ontstel dat ek, en sommige ander dalk ook, so voel. Die teologie wat hy oor 'n klomp jare verkondig het, het ten minste in die kringe waarin ek beweeg het, tot gevolg gehad dat sommige jongmense ernstig begin twyfel het en hoop vir die toekoms verloor het – al sou hy ook kan aanvoer dat sommige ander studente baie positief was oor wat hy hulle geleer het.

Hierdie opmerkings bring my dan by 'n volgende punt: Moet daar ruimte wees vir die interpretasies en aksente wat professor Müller die afgelope klompie jare verkondig het? In die akademiese gesprek ongetwyfeld! Ek kan my voorstel dat professor Müller in 'n konteks soos Unisa sal kan voortbou op sy navorsing en prestasies behaal by Tukkies sedert hy in 1990 daar dosent geword het. Ek gun professor Müller 'n vrugbare en voorspoedige toekoms in die akademie! Maar as gelegitimeerde NG predikant wat kerklike studente oplei? Daaroor kan ek nie meer iets sê nie; ek het in 2007 uit die NG Kerk bedank. Die vraag is ook in 'n sekere sin irrelevant want professor Müller tree binnekort af na meer as twintig jaar se dosering aan honderde studente.

*'n verhaal wat ek hoop eendag 'n gelukkige einde sal hê*

Die wyse waarop my en professor Müller se paaie gekruis het, is 'n onvoltooide verhaal. Dis 'n verhaal vol diepe pyn, ontnugterings, vernederings en misterie. Dis 'n verhaal wat ek hoop eendag 'n gelukkige einde sal hê. Of dit sal gebeur, laat ek in die hande van die Here.

# Professor Jurie le Roux

## Inleiding

’n Jaar voordat ek by Tukkies teologie begin studeer het, het ek be-sluit om daar te gaan inloer om ’n gevoel te kry van wat ek te wagte kan wees, sou ek besluit om wel daarheen te gaan vir teologiese opleiding. Daar aangekom, besluit ek toe op die ingewing van die oomblik om saam met ’n groep studente in hul lesinglokaal in te stap, minute voordat ’n lesing sou begin. Skaam en onseker het ek my plek agter in die klas gaan inneem. Die professor het ingekom, en alhoewel sy gesig vir my bekend gelyk het, het ek nie geweet wie hy was en wat sy naam was nie. Die lesing het begin, en sommer binne die eerste paar minute was ek beïndruk deur hierdie dosent se energie, passie en ook vermoë om goed te kommunikeer. Alles het sommer heel opwindend vir my gelyk. Nie lank hierna nie het ek besluit om in te skryf by Tukkies om teologie te studeer. ’n Jaar later toe ek as student begin het sou ek vinnig leer dat dit professor Jurie le Roux was in wie se klas ek daardie dag gesit het.

In 2004, ’n paar jaar in my teologiese opleiding in (wat ook wonderlike leerervaringe behels het!), was daar veral twee buitengewone gebeurtenisse wat uiteindelik kruispaaie was in my verhoudig met professor Le Roux. Die eerste was die impak wat sy verwysing na die Bybel as die produk van die “gekonkel” van mense op ons klas gehad het. Die tweede, ’n paar weke later toe hy persoonlik vir my gesê het: “Vir die eerste eeuse Christene het Jesus opgestaan omdat dit deel van hul wêreldbeeld was. Vandag kan ons dit nie meer so verstaan nie.”

In die eerste deel van my bespreking oor professor Le Roux, gaan ek probeer om ’n paar inleidende beelde te skilder van my verhouding met hom, en dan wil ek deur verdere toeligting en interpretasie probeer lig werp op hierdie twee epogmakende gebeurtenisse. Nadat ek dit gedoen het, beweeg ek oor na die tweede deel waar ek gaan probeer om belangrike getuienisse tydens die leerdwaling-ondersoek en die universiteitsverhoor te bespreek. Ek sal ook periodiek terugverwys en verder interpreteer in soverre dit gaan oor die twee gebeurtenisse wat in Junie 2004 afgespeel het.



Ek is nie hier besig om ’n ingewikkelde wetenskaplike artikel te skryf nie. Dit is persoonlike refleksies en daarop gerig om op ’n eenvoudige wyse die gebeure van Junie 2004 binne ’n groter raamwerk te probeer plaas.

## Die eerste kruispad: die euforie van die negentiende eeu

Om by professor Le Roux klas by te woon was altyd interessant. Die Engelse uitdrukking “never a dull moment” was gewis waar van sy lesings! Ek het my bes probeer om goed voorbereid vir klasse op te daag. Gereeld sou ek ’n paar van die primêre bronne wat as aanbevole leesstof in die lesingmateriaal genoem is self gaan bestudeer het in die biblioteek. Ek sou ook seker maak dat ek oplees oor Bybelwetenskaplikes wat sou verskil van standpunte wat soms volgens professor Le Roux se oordeel belangrik was. Die meeste van my klasmaats sou na klas vinnig die hasepad kies – óf koshuis toe, óf huis toe. Nie ek nie! Ek het meestal tot sononder my gaan verloor in die hordes boeke op vlak een in die biblioteek – dís waar die universiteit se goeie versameling teologiese boeke was.

Soos wat die jare gevorder het, het daar, ten minste van my kant af, ’n besondere vriendskap met professor Le Roux ontwikkel. Ons kon praat oor die Afrikaanse letterkunde van die 1960’s, politiek, musiek, die kritiese Bybelwetenskap van die negentiende eeu, en so meer. Ek weet nie of hy dit as ’n liefde-haat-verhouding ervaar het nie, maar vir my was dit deurgaans opwindend. Soms sou ek tydens die lesing, as hy ’n argument probeer verdedig het, verwys na ander Bybelwetenskaplikes wat van hom sou verskil en dan sy opinie daaroor vra. Na my mening het dit altyd in ’n goeie gees plaasgevind en is dit, soos ek dit verstaan het, die tipe gesprekke en dinamika wat juis by ’n universiteit tuis hoort. Terugskouend kan ek, soos reeds vroeër aangehaal, eenhonderd persent saamstem met die volgende stelling wat prof. Le Roux later sou maak: “Wat deurgaans by die jong teologiese student bevorder moet word, is ’n ‘vrye, skeppende denke wat die lewensbloed van die universiteit is’ (Rossouw, 1993: 73); aan die universiteit moet die student dus met ‘intellektuele denkvaardighede’ toegerus word

(Rossouw, 1993: 34)" (www.teo.co.za Maart 2005).

Ek noem een voorbeeld van wat ek beleef het as die ontwikkeling van "vrye, skeppende denke" en ook "intellektuele denkvaardighede". Professor Le Roux het 1 en 2 Kronieke met ons behandel. Die primêre leeswerk vir die module was van 'n Bybelwetenskaplike met die naam Sara Japhit. In my voorbereiding het ek opgemerk dat Noth, 'n ander Bybelwetenskaplike op 'n paar sentrale punte van haar interpretasies verskil. Oor hierdie verskille in interpretasie kon ek en professor Le Roux lekker gesels, ook een aand lank oor die foon.

Dit was so stimulerend om met professor Le Roux te gesels dat ons ook 'n paar keer oor 'n koppie koffie gaan kuier het. Ek was selfs een keer by hom aan huis en hy ook by my. Professor Le Roux het 'n besondere studeerkamer gehad. Ek het baie van die atmosfeer daar gehou. Natuurlik was daar derduisende boeke, van die vloer af op tot bo teen die plafon wat mens van alle kante omring het. Hierdie man het die teologie geëet, gedrink en geslaap.

Hoe meer aandagtig ek in die lesings na professor Le Roux geluister het, voorgeskrewe werk opreg probeer deurworstel het (ek het deur die genade in ál my modules by professor Le Roux onderskeidings behaal), verder opgelees het, met hom gesels het, en hopelik begin groei het in kennis en waarneming, hoe meer het ek toenemend onder die indruk gekom dat sy benadering tot die Ou Testament, doelbewus en in die besonder, gefokus het op die menslike kant daarvan. Meer nog, hemel op aarde vir professor Le Roux was ongetwyfeld die Bybelwetenskaplike insigte van spesifiek die agtiende en negentiende eeu in Duitsland. Die groot name wat hier ter sprake was, sluit in Lessing, Troeltsch (dogmatikus), Welhausen, Gunkel, De Wette en so meer.

Professor Le Roux het dit sy missie gemaak om die insigte van die negentiende eeu in ons studente in te dril – met mag en mening. Een van die gevolge van hierdie insigte, soos hy ons geleer het, was die opkoms, wording en huidige bestaan van wat in teologiese kringe bekend staan as die historiese kritiek. Hierdie metode het sedertdien deur 'n verskeidenheid mutasies en ontwikkelinge gegaan sodat die benadering vandag eintlik meer van 'n sambreelterm is vir 'n hele aantal aanverwante metodes (byvoorbeeld tekskritiek, vormkritiek



en redaksiekritiek). Hiermee saam het die negentiende eeu ook as katalisator gedien vir die opkoms van die "historiese bewussyn" en die filosofiese hermeneutiek. Al hierdie verwikkelinge, so het professor Le Roux dit telkens onderstreep, het die Ou (en Nuwe) Testamentiese wetenskap radikaal geskud en verander. Ek noem 'n paar implikasies:

- Die menslike rede alleen is die maatstaf vir kennis. Alle vorme van gesag word verwerp. Die mens het dus mondig geword.
- Daar is geen bonatuurlike werklikheid nie, net dit wat die mens kan sien en rasioneel verklaar, bestaan.
- Die afstand tussen die Bybeltekste en die moderne tyd is radikaal geproblematiseer. Daar is 'n onoorkomlike afgrond tussen ons en die gebeure wat in die Bybel vertel word. Alle sekerhede word vervang met radikale suspisie.
- Eenheid in die Skrif word nie gesoek nie, maar eerder die opbreek daarvan in klein en komplekse eenhede. Niks is meer eenvoudig nie, alles is moeilik en uiters gekompliseerd (Le Roux, Pentateugkritiek klasnotas, 2001).[56]

Oor die absolute geldigheid aldan nie van hierdie sake kan mens lank redeneer. Dit is nie hier ter sake nie. Wat wel vir my hier van belang is, is dat dit deurlopend 'n groep studente se ervaring was dat hierdie tipe insigte áltyd vooropgestaan het vir professor Le Roux. Op eksistensiële vlak was dit dus my (en ongetwyfeld sommige klasmaats se) ervaring dat professor Le Roux se benadering, en dit alléén, die lakmoestoets was vir goeie teologie en Bybelwetenskaplike navorsing (al sou sommige van sy artikels klaarblyklik meer genuanseerd wees). Met hierdie ervaringe in gedagte was die gebeure rondom Junie 2004 toe professor Le Roux die Bybel afgemaak het as die produk van die "gekonkel" van mense ongetwyfeld vir etlike studente 'n laagtepunt ongeag enige verduidelikings wat hy veel later sou probeer gee vir die "gekonkel"-uitspraak.

56 Hierdie paar stellings is 'n samestelling van my klasnotas wat ek ten tye van prof. Le Roux se lesings in 2005 geneem het.

Hierdie ervaringe wat sou kulmineer in Junie 2004 is skerp geformuleer en mag dalk vir sommiges (en dalk ook vir professor Le Roux) as onbillik, veralgemenend of selfs kwaadwillig voorkom. Vir diegene wat my (en my klasmaats se) ervaring en interpretasies geloofwaardig ag, is dit nie nodig om die voorbeelde wat ek vervolgens gaan behandel te lees nie. Gaan gerus na die volgende deel. Vir diegene wat twyfel en skepties staan teenoor my bewerings gaan ek na twee (al is daar meer!)[57] voorbeelde verwys wat hopelik die punt wat ek probeer maak, ondersteun. Elk van hierdie voorbeelde verg bietjie agtergrond, maar is spesifiek ter illustrasie van wat ons ervaar het as professor Le Roux se oordrewe en eensydige klem op die resultate van die negentiende eeu soos vergestalt in die historiese kritiek, maar meer belangrik sý interpretasies en toepassings daarvan.

Net ter inleiding die volgende: die teoloë wat hier bespreek word, is elk uniek in eie reg en is ook nie noodwendig persone met wie ek oor alles saamstem nie. Of hulle intussen op ander plekke en in publikasies ander standpunte uitgespreek het wat nader of selfs verder weg van professor Le Roux se interpretasies kom of nie, is nie in hierdie bespreking van belang nie. Die saak waaroor dit hier gaan is dat hulle, soos ek dit interpreteer, ten minste op 'n stadium sterk van professor Le Roux verskil het insake die prominente plek wat hy aan die insigte van die negentiende eeu soos vergestalt in die historiese kritiek toeken, en hoe hy daardie insigte interpreteer. Ek wil ook nie die teoloë voorhou as beter teoloë as professor Le Roux nie, dit gaan eerder oor die verskil in aksente wat belangrik was.

57 Ek behandel dit nie hier nie, maar ook prof. Dirkie Smit, dr. Nico Smit en in besonder dr. Gerrit Brandt het skerp gereageer op 'n veelbesproke artikel waarin prof. Le Roux klaarblyklik 'n karikatuur gemaak het van 'n bepaalde teologiese tradisie, in sy lofrede vir die kritiese Bybelwetenskap van die 19de eeu. Dit is geplaas op SêNet wat deel is van die bekende Afrikaanse webtuiste LitNet. Ek kon nie die oorspronklike artikel opspoor nie, maar mens kan tog 'n relatief geloofwaardige weergawe daarvan kry uit dr. Gerrit Brandt se respons daarop (www.litnet.co.za 4 Julie 2000). Sien ook in die verband *Beeld,* 22 Julie 2000; Dirkie Smit, "Rhetoric and Ethics? A Reformed Perspective on the Politics of Reading the Bible" in *Reformed Theology: Identity and Ecumenicity II: Biblical Interpretation in the Reformed Tradition,* 2007: 408; Nico Smit, *Beeld*, 28 Julie 2000.



## Professore Jimmie Loader en Jurie le Roux

Professor Jimmy Loader is 'n vooraanstaande Bybelwetenskaplike wat voordat hy hoogleraar in Wenen, Oostenryk geword het, vir baie jare dosent in Ou Testament by Tukkies was. Professor Loader se internasionale statuur is van so 'n aard dat hy (buiten sy drie doktorsgrade) in 2009 'n ere-doktorsgraad van Tukkies ontvang het. Hy en professor Le Roux was betrokke in 'n hewige teologiese woorde-/skryfstryd in 1993 waar dit spesifiek gehandel het oor professor Le Roux se aksente en interpretasies in sy boek, *A Story of Two Ways* (1993). Ek probeer die geskil kortliks beskryf na aanleiding van artikels deur beide van die professore.

In *A Story of Two Ways* (*Story*) het professor Le Roux die geskiedenis van die Ou Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika uiteengesit en geïnterpreteer. Professor Loader het erg te nagekom gevoel oor die wyse waarop professor Le Roux klaarblyklik 'n skeefgetrekte lofrede vir die historiese kritiek daarin gemaak het. Enige persoon wat nie 'n eksklusiewe en eensydige kampvegter was vir die historiese kritiek nie, is geweeg en te lig bevind. Daar was klaarblyklik net een van twee moontlikhede vir Bybelwetenskaplikes: óf jy beoefen die historiese kritiek eksklusief, óf jy is uit. Ander benaderings (veral die struktuuranalitiese en literêre benaderings) is net eenvoudig nie goed genoeg nie, en geen kombinasies van die verskillende benaderings is gewens nie. Professor Le Roux werk klaarblyklik met 'n vooraf uitgewerkte skema waarby hy almal indruk en inpas, sodat dit wat hy in gedagte gehad het tot uitvoering kom. Daar is nie nuansering nie.[58]

Een van die belangrikste paragrawe waarin professor Loader uitdrukking gee aan hoe hy professor Le Roux se aksente verstaan, is ongetwyfeld die volgende een:

> "Sy [professor Le Roux se] propaganda vir die historiese kritiek word nie net gekoppel aan karikaturisering van wat hy as opposisie daarteen beskou nie, maar ook aan vooroor-

58 In alle billikheid moet bygevoeg word dat die Struktuuranalise wat dominant was in sommige Suid-Afrikaanse eksegetiese kringe natuurlik ook eensydig beoefen is deur andere. Dit neem myns insiens egter niks van veral prof. Loader se kritiek weg nie.

deel in sy beskrywing van [professor Ferdinand] Deist" (*Skrif en Kerk*, jg.15[2]1994: 407).

Die suggestie is dus redelik duidelik: Professor Le Roux maak klaarblyklik propaganda vir die historiese kritiek en bevoordeel op 'n ongebalanseerde wyse een persoon wat die vaandeldraer vir die benadering was. Van die ander (Loader en 'n paar ander) maak hy 'n karikatuur omdat hulle klaarblyklik nie sý propaganda vir die historiese kritiek deel nie.[59]

Tydens die universiteitsverhoor was hierdie hele episode op soms dramatiese wyse onder bespreking. Dit word vanaf bl. 868 – 901 in die verbatim van die universiteitsverhoor gedokumenteer – dus meer as dertig bladsye! Professor Le Roux het tot die einde toe volgehou dat professor Loader verkeerd is, en dat hý reg is. Hy sê byvoorbeeld: "Loader was woedend, daar was 'n enorme interessante fisiese debat by Unisa daaroor en ek het darem self ook . . . geantwoord" (878). Professor Le Roux praat van sy "irritasie" (892) met professor Loader. Professor Loader "lees die boek verkeerd" (896). En laastens ". . . nou wie glo ons nou? Die outeur wat voor u sit, of wat Loader sê?" (899).

Onlangs (Februarie 2010) was ek en professor Loader in elektroniese gesprek rondom professor Le Roux se *Story*. Professor Loader het aangetoon dat die manier hoe hy *Story* behandel het hard, maar nodig was om te voorkom dat die "simplistiese tweespalt" waarmee professor Le Roux "histories" teenoor "literêr" voorgestel het, nie die "onweersproke kanonieke siening" in Suid-Afrika word nie.

## Professore Johan Heyns en Jurie le Roux

Professor Johan Heyns was dogmatikus. In sy vakgebied het hy in sy generasie as Suid-Afrikaner waarskynlik die grootste internasionale erkenning gekry. Tot onlangs toe nog was sy dogmatiek in Nederland voorgeskryf. Buiten professore EP Groenewald en Jan van der Watt, was hy die enigste ander NG teoloog wat onlangs as een van die top honderd professore die afgelope 100 jaar van Tukkies se bestaan benoem is.

59 Net een nota, sodat prof. Le Roux my nie hieroor roskam nie – prof. Loader verwerp nie die insigte van die historiese kritiek nie, maar ten minste kan ek die volgende stelling waag: Prof. Loader gaan nie saam met die propaganda en soos ek dit verstaan skeefgetrekte aksente wat prof. Le Roux op dié benadering plaas nie.



Soos die meeste ingeligte teoloë en predikante weet, is daar die afgelope klompie dekades nogal akademiese spanning tussen Bybelwetenskaplikes en dogmatici om 'n verskeidenheid redes. Selfs professor Heyns het in 1993 erken dat hy nie bygebly het met al die ontwikkelinge wat daar in die Bybelwetenskappe plaasgevind het nie. Sommige kritiek wat Bybelwetenskaplikes (en ook 'n kollega, professor Willie Jonker) op sy werk gehad het, aanvaar hy ruiterlik. Dit gesê, het daar ook 'n unieke akademiese konfrontasie tussen professor Heyns as dogmatikus, en professor Le Roux as Bybelwetenskaplike plaasgevind. Nou soos gesê is, was dit relatief algemeen dat daar meningsverskille tussen dogmatici en Bybelwetenskaplikes was. Dit was nie vreemd nie. Maar, so wil dit voorkom, hier was 'n fundamentele geskil wat sny tot op die been van die gereformeerde teologie wat alle velde van die Christelike teologie raak. Met professor Heyns se aftrede het daar 'n spesiale gedenkuitgawe van *Skrif en Kerk* (die NG wetenskaplike tydskrif by Tukkies) verskyn waarin die teologiese arbeid van professor Heyns onder bespreking was. Verskeie teoloë (byvoorbeeld professore Willie Jonker, Conrad Wethmar en ander) het aspekte daarvan belig en ook krities-solidêr daaroor uitgewei. Professor Le Roux se artikel was, soos mens kon verwag, en ook gegewe die gebeure rondom dr. Gerrit Brandt (voetnota 57) en professor Jimmy Loader waarna reeds verwys is, 'n geweldige pleitrede vir die insigte van die negentiende eeu soos vergestalt in die historiese kritiek. In professor Le Roux se oë het professor Heyns net eenvoudig niks daarmee gemaak nie (al het hy tog ook die menslikheid van die Skrif erken). In sy bespreking van wat hy as die "onaanvegbare resultate van die historiese kritiek" bestempel het, het hy aangevoer dat professor Heyns se teologie radikaal anders daar sou uitgesien het indien hy erns gemaak het met dit wat hy klaarblyklik gemis het. Professor Le Roux beskryf dan in meer detail wat presies professor Heyns gemis het, en hoe dit op sy teologie sou impakteer het indien hy daarmee erns gemaak het.

In sy reaksie het professor Heyns sommige tekortkomings in sy eie werk erken. Hy het egter ook gesê dat hy verbaas was oor die interpretasies en afleidings wat professor Le Roux oor sy teologie gemaak het. "Daarin kon ek myself en die intensie waardeur ek my laat lei het, hoegenaamd nie terugvind nie" (*Skrif en Kerk,* jg.15[1]1994: 162). Maar, en dit is die kern van wat hier vir my belangrik is, hy het ook ernstige kritiek uitgespreek. Die inhoud van en implikasies van professor Le Roux se kritiek (waarin hy klem wou plaas op die groot belang van die negentiende eeu en die historiese kritiek) het professor Heyns opsommenderwys probeer weergee in sy weerwoord, en toe daarop gereageer. Ek noem 'n paar voorbeelde wat professor Heyns aangee as gevolge van die sogenaamde "onaanvegbare resultate" van die historiese kritiek in soverre professor Le Roux dit aangedui het:

- Dit is onmoontlik om van die eenheid van die Skrifboodskap te praat;
- Die gevestigde denkpatrone van die Christendom moet as volledig agterhaal beskou word;
- Die kerk kan nie meer met outoritêre gesag sy saak stel nie;
- Die openbaringslig val nie meer so maklik oor die ganse kosmos nie;
- Daar is wesenlike foute in die Skrif (*Skrif en Kerk,* 15 [1]1994:162-163).

Terloops, in *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan* (2006), kom professor Dirkie Smit se analise van die historiese kritiek en die implikasies daarvan vir die Skrif nogal ooreen met wat professor Heyns hier uiteensit (2006: 53-64). Op grond van bogenoemde (en 'n paar ander implikasies), het professor Heyns teenoor professor Le Roux geantwoord: "[a]s die aanvaarding van die onaanvegbare resultate van die historiese kritiek die teoloog tot sulke standpunte lei en verplig, is dit na my oordeel 'n gevaarlike weg om te volg – vir die sistematiese teoloog en die Bybelwetenskaplike" (*Skrif en Kerk,* 15[1] 1994: 163).

Die suggestie en implikasie van professor Heyns se woorde kan ook soos volg verwoord word: Professor Heyns sê indirek dat professor Le Roux, deur sy aanvaardig van wat hý beskou as die "onaanvegbare" resultate van die historiese kritiek, en die implikasies daarvan vir die Skrif, op 'n gevaarlike weg kan wees. Iets wat gevaarlik is, is iets wat 'n bedreiging inhou – iets wat kan vernietig. Met dit in gedagte haal ek 'n relevante en interessante deel aan uit professor Le Roux se skriftelike voorlegging aan die ondersoekliggaam van die ring van Pretoria-Oos[60] wat iets weerspieël van die diskussies wat tussen hulle plaasgevind het:

*'Dit is gevaarlik, my broer'*

> "Die aard van ons verhouding [professore Le Roux en Heyns] was sodanig dat ons omtrent altyd verskil en baie krities met mekaar omgegaan het . . . Baie van ons gesprekke het juis oor die kritiese Bybelwetenskap en Heyns se hantering daarvan gehandel. Ek sal iets soos, 'Johan, jou Skrifbeskouing help my nie . . . ', sê. En hy sal iets sê soos, 'Dit is gevaarlik, my broer, dit is gevaarlik . . . ' So het die gesprek tussen ons verloop. In die gange, die kantore, die teekamer en baie ander plekke. En my artikel asook syne verwoord iets van ons gesprekke asook die intensiteit daarvan" (2006a: 8).[61]

Soos mens kan agterkom, was die hele episode rondom professore Heyns en Le Roux maar stormagtig. Professor Le Roux sou ook later (in dieselfde voorlegging van 22 Januarie 2006) sy irritasie uitspreek oor wat hy bestempel het as 'n eensydige kant kies vir Heyns. Hy het gesê: "Wat my ook irriteer, is die openlike kant kies vir Heyns. So asof Heyns altyd reg is, die waarheid verteenwoordig en die enigste ware gereformeerde teoloog is. Hierteen verset ek my" (2006a: 11).

Nooit het ek "altyd" kant gekies vir Heyns nie, inteendeel, daar is ook sake waarin ek van hom verskil het. Terloops, nie vreeslik lank na die tragiese moord op professor Heyns nie, sou daar egter ook nie meer één bladsy uit sy dogmatiek aan ons voorgeskryf word nie, ten minste nie tussen 2001-2006 nie. Mens moes maar self in die bib-

60 Prof. Le Roux het besluit om 'n skriftelike voorlegging aan die ring te stuur voor die ondersoek begin het. Dit was op 22 Januarie 2006 en is aan my beskikbaar gemaak.

61 Bo en behalwe hierdie akademiese spanning, het prof. Le Roux egter ook aangetoon dat hulle op persoonlike vlak goeie vriende was.

lioteek gaan rondkrap daarvoor. Maar nou ja, dit is seker ook waar dat die teologie nie stilstaan nie.

## Gevolgtrekking

Of mens nou met professore Jimmie Loader of Johan Heyns saamstem in hulle eie aksente en kritiek op professor Le Roux of nie, dit is nie die hoofsaak nie. Waaroor dit hier gaan, is dat sommige vooraanstaande teoloë die belewenis gehad het dat professor Le Roux se waardering vir, interpretasie van en ook toepassing van die resultate van die kritiese Bybelwetenskap van die negentiende eeu (en veral soos dit gestalte gekry het in sy verstaan van die historiese kritiek), só prominent in sy teologiese arbeid gefigureer het, dat aksente soms te eensydig was. Onder andere in professor Loader se geval is die aantyging dat professor Le Roux "propaganda" maak vir die historiese kritiek en almal in twee kampe inforseer – óf jy werk histories krities soos professor Le Roux dit wil hê, óf jy is uit; geen ruimte vir nuansering nie. In professor Heyns se geval spreek hy sy ernstige kommer uit oor sommige van die implikasies wat moet volg op die sogenaamde "onaanvegbare resultate" van die historiese kritiek. Hy noem dit pertinent "gevaarlik" vir beide 'n Bybelwetenskaplike en sistematiese teoloog.

Ek hoop dat hierdie bespreking sal help om die "gekonkel"-insident in Junie 2004, asook my standpunt dat professor Le Roux die historiese kritiek oorbeklemtoon (al is die stelling nie in goeie teologiese terme uitgedruk nie) in perspektief te plaas. Die "gekonkel"-voorval was, ten minste vir 'n paar studente, die kulminerende hoogtepunt van wat ervaar was as professor Le Roux se radikale fokus op die resultate van die negentiende eeu, die realisering daarvan in die historiese kritiek en die implikasies daarvan vir die teologie. Of ons groep studente nou deur professor Le Roux geklassifiseer is as verkrampte en onnosele fundamentaliste, of wat ookal, die punt wat weer en weer na vore gekom het oor 'n tydperk wat strek vanaf ten minste 1993 tot en met 2005, is dat professor Le Roux gereeld teenoor 'n verskeidenheid van teologiese benaderings wat nie wou klop met sý kritiese Bybelwetenskaplike aksente nie, minagtend gereageer het. Met alles wat ek tot dusver oor hierdie sake gesê het, plaas ek dan ten slotte in dié verband 'n stelling wat professor Le Roux op 10 April 2006 ten tye van die leerdwaling-ondersoek skriftelik gemaak het en ook mondelings voorgedra het.[62] Wanneer u lees, hou asseblief die kritiek van professore Jimmy Loader en Johan Heyns (en ook professor Dirkie Smit, drs. Gerrit Brandt en Nico Smit – al het ek nie laasgenoemde bespreek nie) in gedagte:

*is al hierdie interpretasies nie onbillik nie?*

> "Tussen die klaers en die aangeklaagde lê die negentiende eeu. En dit is 'n lang tyd. Vir die aangeklaagde is dit 'n besondere tyd en die beginpunt van 'n totaal nuwe manier van Skrifondersoek, maar vir die klaers is dit klaarblyklik problematies. Vir die aangeklaagde het die Ou Testament eers in die negentiende eeu werklik oopgegaan, maar vir die klaers het hierdie insigte onrus gebring. En dié onrus blyk ook uit die klagtes want eintlik is dit 'n aanval op die insigte en die resultate van die negentiende eeu soos wat dit in die aangeklaagde gestalte gekry het" (2006b: 3).

Ek is huiwerig om ander te bind aan my interpretasies, maar waag dit tog om die volgende voorlopige stelling te maak: Dit is nie dat die Loaders, Heynse, Smitte, Brandts (en ekself!)[63] nie erns gemaak het met die insigte van die negentiende eeu nie. Uiteraard ís daar belangrike insigte in die era verwerf waarmee enige Bybelwetenskaplike en teoloog wat sy of haar sout werd is moet rekening hou. Talle Bybelwetenskaplikes en teoloë (Heyns miskien bietjie minder as ander, maar lees gerus weer sy boek *Die Evangelie in krisis* [1966], waarin sy kennis van sommige kritiese Bybelwetenskaplikes relatief omvangryk is) het die insigte van die negentiende eeu met erns deurworstel, maar dit is hóé dit geïnterpreteer word.

Maar is al hierdie interpretasies nie onbillik nie? Word professor

62 Hierdie dokument was dus 'n tweede geskrewe dokument wat by die ondersoek uitgegee is, maar wat professor Le Roux ook soos 'n lesing voorgedra het.

63 Die afgelope klompie jare het ek onder andere die volgende persone se werk bestudeer: GE Lessing, DF Strauss, W Wrede, FC Bauer, A Schweitzer, E Troeltsch, W Herrmann, R Bultmann, G Lüdemann, AJM Wedderburn en so meer.

Le Roux nie verkeerd verstaan nie? Is hy nie die slagoffer van 'n paar teoloë wat nooit erns gemaak het met die negentiende eeu en kwaadwillig daarop uit is om hom buite verband aan te haal nie? Daaroor moet elkeen maar self oordeel, ook in die lig van die tweede kruispad wat ek vervolgens gaan probeer belig.

## Die tweede kruispad: Die opstandingswêreldbeeld

My en professor Le Roux se gesprek op 19 Junie 2004 was waarskynlik vir my dié belangrikste gebeurtenis wat uiteindelik aanleiding sou gee tot die studenteverklaring van 15 Junie 2005. Dit was dié gesprek met professor Le Roux wat die onherstelbare breuk veroorsaak het wat 'n onoorkombare Berlynse muur tussen ons opgerig het. Hierdie gesprek het alles omvergegooi. Hierdie was die tweede groot kruispad in my verhouding met professor Le Roux.

Vervolgens gaan ek probeer om hierdie gebeurtenis in bietjie meer detail te belig. Ek voeg ook voorheen onbekende detail en interpretasies by om 'n vollediger, en hoop ek geloofwaardige weergawe daarvan te probeer skets. Die voltooiing van die verhaal vind egter eers plaas binne-in die ondersoeke – omdat belangrike getuienis wat noodsaaklik is om dit in 'n breër konteks te plaas dan aan die orde sal kom.

## Die oggend van 19 Junie 2004

Vir dié vraestel het ek kliphard studeer. Ek stap met relatiewe kalmte by die eksamenlokaal in wat op die eerste vloer (drie vloere onder die grond) van die Geesteswetenskappe-gebou met sy 22 vloere by Tukkies is. Voordat ek gaan sit, kry ek die gevoel dat ek byna by die punt is om professor Le Roux se teologie te begin verstaan. Ek het régtig probeer erns maak met die kritiese Bybelwetenskap van die negentiende eeu! Ons vraestel gaan vandag oor Pentateugkritiek (die geskiedenis van die navorsing oor die eerste vyf boeke van die Ou Testament). Ons het al die groot name in hierdie spesialiteitsveld bestudeer. Dis ouens soos Wellhausen, Gunkel, Alt, Noth en Von Rad. Hiermee saam het ons sommer ook 'n goeie inleiding in die hermeneutiek gekry deur na



filosowe soos Descartes, Spinoza en Kant te kyk. My geworstel met hierdie groot kanonne was 'n avontuur. Werklik!

Professor Le Roux deel die vraestelle uit. Ek lees die vrae gou deur (soos ek altyd maak), en spring dan weg om so goed as wat ek kan die vrae te beantwoord. Ek maak so vyf minute voor die tyd verstreke is klaar. Ek voel baie goed oor die vraestel. Ek verstaan die werk. Ek het dit geniet – al verskil ek met sommige interpretasies. Later sou ek toe ook onderskeiding vir dié vraestel kry. Op pad uit die eksamenlokaal kan ek myself nie keer nie, ek moet net vinnig 'n woordjie of twee met professor Jurie gesels oor die vraestel. Die eerste uur of twee na 'n vraestel was vir my persoonlik altyd 'n besonder kreatiewe, maar ook intellektueel stimulerende tydjie. As 'n professor nie kon gesels nie, het ons klasmaats sommer iewers gaan sit om die vraestel te bespreek. Dán kon daar intelligent gesels word oor die werk! Maar dié oggend, net na die vraestel, kon professor Le Roux 'n bietjie met my gesels. Ons staan toe sommer by die deur van die eksamenlokaal, omdat daar nog studente besig was om te skryf. Hy vra my hoe dit met die vraestel gegaan het. Ek het met groot opgewondenheid gesê dat ek dit baie geniet het. Dit was heel duidelik dat hy totaal onkant gevang was deur my antwoord. Vir byna vier jaar verskil ek gedurig van hom en nou sê ek dat ek die vraestel baie geniet het. Voordat my woorde nog kon koud word, maak professor Le Roux toe die volgende stelling teenoor my:

> "Vir die eerste eeuse Christene het Jesus opgestaan, omdat dit deel van hul wêreldbeeld was. Vandag kan ons dit nie meer so verstaan nie."

Voor hierdie stelling deur professor Le Roux het ons oor die vraestel gepraat wat ongetwyfeld niks te make gehad het met Jesus se opstanding nie. Ek het ook nie enige iets gesê wat in daardie rigting gemik het nie. Hoe ons by dié tema uitgekom het weet professor Le Roux alleen. Professor Le Roux se stelling oor Jesus se opstanding, so het ek dit beleef, het hy met my gedeel, gegewe my "geniet" van die vraestel. Nóú, na my uiteindelike "geniet" van die vraestel (en na so 'n láng tyd van kritiese vrae) was ek gereed vir dié stelling, synde dat my teologie nou uiteindelik begin verander het. Nóú was ek uiteindelik gereed vir

professor Le Roux se weergawe van die negentiende eeu, die kritiese Bybelwetenskap, die historiese kritiek en die radikale menslikheid van die Skrif! Nóú sou ook ek by die punt kon kom om die gevestigde denkpatrone van die Christendom as volledig agterhaal te beskou. Nóú sou ook ek kan sê dat die kerk nie meer met outoritêre gesag sy saak kan stel nie. Nóú sou ook ek kan sê dat die openbaringslig nie meer so maklik val oor die ganse kosmos nie – ons weet mos vandag dat Jesus vir die eerste eeuse Christene opgestaan het omdat dit deel van hulle wêreldbeeld was?

Tussen hakies, dalk het professor Le Roux my opgewondenheid en "geniet" verkeerd geïnterpreteer. My "geniet" was gewis nie daarin geleë dat ek nou die volle negentiende eeu vir waarheid aangeneem het nie. Ek het die vraestel geniet omdat ek my werk goed geken en verstaan het, maar ook klarigheid gekry het oor verskille met sommige van die insigte (ek het nié alles verwerp wat ek geleer het nie!).

*Iets het daardie dag gebreek wat tot vandag toe stukkend is.*

Direk nadat professor Le Roux sy twyfel oor Jesus se opstanding teenoor my uitgespreek het, was ek stomgeslaan. Ek kon nie praat nie. Sy woorde het in my kop en hart weergalm. My gevoel was dat professor Le Roux daardie oggend sy ware kleure gewys het. Iets wat hy net wys vir die ingeligtes – of moet ek eerder sê die verligtes? Hierna het ek nie weer die vrymoedigheid gehad om oor dié sake met professor Le Roux te praat nie. Iets het daardie dag gebreek wat tot vandag toe stukkend is. Dit was voorwaar een van die hartseerste dae tydens my teologiese studies.

Hierdie beskrywing van ons gesprek is werklik hoe ek dit beleef het. Professor Le Roux se weergawe van die gesprek (wat hy langer as 'n jaar na die insident gerekonstrueer het – en waarna ek later sal terugkeer) verskil natuurlik effens van my weergawe. My weergawe het ek vinnig na die insident gaan neerskryf. Dit kon nie anders nie – professor Le Roux se woorde was byna visueel in my gedagtes ingeprent. Ek wou en moes dit weer en weer gaan lees om die pynlike implikasie van wat professor Le Roux vir my gesê het te besef. Geeneen van die verduidelikings (wat later bespreek word) wat professor Le Roux sedertdien aangebied het om die gebeure in 'n ander (of beter?) lig te probeer stel, het of kon die werklike gebeure verander nie. Inteendeel, professor Le Roux se verduidelikings het my net nog meer oortuig van die geloofwaardigheid van my analise van ons gesprek.



Net 'n voorlopige kantaantekening oor die universiteitsondersoek (alhoewel ek eers in die volgende deel daaroor gaan uitwei): Dit is interessant dat my interpretasie van die gesprek tussen my en professor Le Roux aanvanklik 'n klag teen my by die universiteitsverhoor was, maar dat die universiteit toe nié hierdie klag verder geneem het nie. Miskien werp die besprekings wat volg tog effens meer lig daarop.

## Inleiding tot die ondersoeke

In hierdie gedeelte gaan ek nie, soos in die geval van professor Müller, 'n redelike kronologiese verloop van die leerdwaling-ondersoek en daaropvolgende universiteitsverhoor uiteensit nie. Ek integreer die gebeure en fokus op 'n paar van die kerngetuienisse. Ek gee eers 'n kort uiteensetting van die onderafdelings. Eerstens fokus ek op professor Le Roux en die gebeure rondom professor Andries van Aarde en sy boek *Fatherless in Galilee* (*Fatherless*). Daar is 'n paar onderafdelings:

A. Ek "challenge" jou, Jurie

- Die lesing op 14 Oktober 2003 oor die Nuwe Hervorming;
- Refleksie op 14 Oktober 2003 én 19 Junie 2004;
- Jesus se maagdelike verwekking en opstanding in *Fatherless*;
- Professor Le Roux se artikel oor *Fatherless*;
- Is die "historiese Jesus"-navorsing taboe?

Dan bespreek ek uitsprake wat professor Le Roux tydens die ondersoeke gemaak het. Dit handel oor:

B. Wie se "werklikheid"?

- Jesus se opstanding;
- 'n Poging tot geloofwaardige interpretasie en
- 'n Laaste voorlopige woord.

Ek begin dan met Afdeling A en die gebeure rondom professore Le Roux en Andries van Aarde en sy boek *Fatherless*.

## Afdeling A: Ek "challenge" jou, Jurie

Hierdie is nie my woorde nie, maar wel professor Pieter Craffert s'n soos ons later sal sien. Ek het die opskrif redelik gepas gevind as mens in ag neem wat hier bespreek gaan word, omdat die Craffert-"challenge" nogal soos 'n goue lyn deur die getuienis en die groot saak waarom dit hier gaan, loop. Die saak is natuurlik Jesus se opstanding. Wat was die "challenge"? Hoekom die "challenge"? Is dit uitgevoer? Hoe? En die implikasies daarvan? In wat volg, gaan ek probeer om aan hierdie sake aandag te gee.

### Die lesing op 14 Oktober 2003 oor die Nuwe Hervorming

Op 14 Oktober 2003, so agt maande vóór professor Le Roux se gesprek met my oor Jesus se opstanding, het hy saam met 'n groepie van omtrent twintig mense (insluitende dr. Alphonso Groenewald, een van sy voormalige studente en ook sedert 2005 'n dosent in Ou Testament by Tukkies) opgedaag om na professor Sakkie Spangenberg se voordrag oor die Nuwe Hervorming by Unisa te luister. Professor Jurie le Roux en professor Pieter Craffert (laasgenoemde 'n lid van die Nuwe Hervorming en ook Nuwe Testamentikus van Unisa) het ook na afloop van die lesing bydraes gelewer. By hierdie geleentheid is daar met toestemming 'n video-opname vir publieke gebruik gemaak waarin ek later insae sou kry. Dit was daarom nie 'n geslote en private byeenkoms nie, maar in die publieke domein. Soos die verhaal ontvou, sal u hopelik verstaan waarom hierdie byeenkoms belangrik is vir die bespreking oor professor Andries van Aarde se boek *Fatherless*, maar ook vir my en professor Le Roux se gesprek op 19 Junie 2004.

Maar eers een prinsipiële saak: Is dit nie onbillik om uitsprake wat 'n teoloog tydens 'n akademiese gesprek gemaak het met gesag aan te haal en te gebruik nie? Indien 'n teoloog wat aan so 'n gesprek deelgeneem het later sou aantoon dat hy verkeerd verstaan is, en dat sy teologiese arbeid iets totaal anders weerspieël – miskien dan. Maar, en dit is belangrik, indien sy of haar uitsprake tydens die byeenkoms versoenbaar is met ander uitsprake wat die teoloog elders in artikels en ander publikasies sou maak, is dit sekerlik nie onbillik om daarvan gebruik te maak nie. Verder is dit seker ook nie onverantwoordelik om op te merk dat dit juis tydens akademiese en openbare geleenthede is wat debatsgenote ingewikkelde teologiese sake soms in meer eenvoudige gewone omgangstaal verwoord nie.

Met hierdie paar gedagtes ter agtergrond, berig ek vervolgens oor die gebeure van 14 Oktober 2003.

In sy lesing (wat deel uitgemaak het van die *CB Powell Bible Centre*-reeks wat jaarliks by Unisa gehou word) het professor Spangenberg gefokus op die sogenaamde "meesterverhaal" van die tradisionele Protestantse kerke wat onder andere glo in Jesus se offer aan die kruis vir ons sondes; sy liggaamlike opstanding uit die dood; sy hemelvaart en wederkoms. Dit alles het hy afgemaak as 'n uitgediende meesterverhaal en geassosieer met sy siening van 'n antieke wêreldbeeld. Die opwindende en nuwe manier om met die Bybel om te gaan, so het hy beweer, is in die soeke na die sogenaamde "historiese Jesus". In dié verband het hy met groot waardering verwys na professore Willem Vorster, Pieter Craffert, Pieter Botha en Andries van Aarde, en toe veral in meer detail vertel van die bydrae wat Van Aarde in *Fatherless* gemaak het. Hy het egter ook 'n paar positiewe opmerkings oor dr. Ben du Toit se boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* gemaak, alhoewel hy nie 'n Bybelwetenskaplike is nie, maar 'n sistematiese teoloog (of filosoof?). Interessant genoeg, sou hy ook later, toe professor Jasper Burden aan hom 'n vraag gevra het, opmerk dat as die NG kerk 'n probleem met hom het oor sy insigte, hulle ook met dr. Du Toit 'n probleem moet hê, gegewe die interpretasies wat hy in sy boek gemaak het. Terug by die belang van die "historiese Jesus" het hy bygevoeg dat die kerk meerdere "verhale" oor Jesus moet toelaat en dat elkeen nou sy of haar eie (en kennelik radikaal opponerende) Jesusbeelde kan konstrueer. Kortom, elkeen kan nou self besluit hoe hy of sy Jesus wil konstrueer en interpreteer. Ook vir Afrika het hy voorgestel dat hulle 'n Jesus kan konstrueer wat inpas in hulle tradisie van die "voorvaders". Die kern van die lesing was dat, gegewe die opkoms van die moderne Bybelwetenskap, veral sedert die negentiende eeu, dit tyd geword het vir die kerk om te besef dat die Bybel 'n totaal

*'n uitgediende meesterverhaal*

relatiewe boek is. Die artikel "Nuwe Hervormers neem nie afskeid van Christelike tradisie" wat in *Rapport* verskyn het (*Perspektief*, 9 September 2007: 2) vat professor Spangenberg se lesing goed saam.

In sy bydrae op die video het professor Le Roux sy baie groot waardering vir die lesing soos volg teenoor professor Spangenberg uitgespreek:

**Le Roux:**

"Ja baie dankie Sakkie. Ek het waardering, baie groot waardering vir wat jy sê en probeer sê, ek verstaan wat jy sê . . . Ek kan nie stry daarteen dat die goed wat jy sê nie so is nie . . . "

Dit was duidelik dat professor Le Roux in sy noppies was met die insigte van die negentiende-eeuse kritiese Bybelwetenskap wat professor Spangenberg tydens sy praatjie bespreek het. Professor Le Roux het voortgegaan deur aan te voer dat "ons" tog al lankal weet dat die Bybel 'n relatiewe boek is, en ook die ontdekking van die menslikheid daarvan. Dit was asof hy wou probeer sê: dit wat ons vandag gehoor het, is ou nuus. Toe het hy genoem dat die lesing eintlik 'n laat reaksie is op die resultate van die negentiende-eeuse Bybelwetenskap. Professor Le Roux het aangevoer dat hy díé insigte alreeds lankal ken en op 'n "ander manier" hanteer het.

Gegewe professor Le Roux se groot waardering vir professor Spangenberg se lesing, en die erkenning dat die Bybel nou relatief geword het, het professor Pieter Craffert toe voor almal 'n uitdaging aan professor Le Roux gerig. Dit is ook hier waar die "challenge" van die opskrif ter sprake kom.

**Craffert:**

" . . . Ek wil vir Jurie iets vra. Hy sê 'ons weet al lankal' [dat die Bybel relatief is]. Ek wil vir Jurie vra: wie's hierdie 'ons'? Ek wil vir Jurie 'challenge'. Jy sit by Tukkies se fakulteit. Ek 'challenge' jou. Staan jy môre op in die openbaar en sê . . . oor die maagdelike geboorte, of oor die opstanding . . . sê: Ag ons hoef hierdie ding nie letterlik op te neem nie. Ons leef in 'n postmoderne wêreld, ons kan dit ook anders verstaan. Ons kan dit op 'n ander manier verstaan, hierdie verskeidenheid . . . "



Hoe antwoord professor Le Roux toe op professor Craffert se uitdaging? Aanvánklik soos volg:

**Le Roux:**

". . . Ek dink ek sal daarop wil antwoord deur te sê, jy sê nou half jy dwing of 'challenge' my nou . . . ek wil nie ek gaan nie doen wat jy sê nie."

**Spangenberg:**

Maar jy het gedoen wat jou kollegas gesê het."

Hierdie stelling van professor Spangenberg verwys na die openbare verklaring wat die NG dosente by Tukkies in 2002 uitgereik het toe die Nuwe Hervormers in die dagblaaie begin skryf het (*Beeld*, 27 April 2002). Professor Le Roux het saam met die ander Tukkie NG teoloë die verklaring onderteken (alhoewel dit later sou blyk dat hy nie aanvanklik ten gunste van die verklaring was nie). In die video-opname was dit duidelik dat professor Spangenberg na hierdie verklaring verwys het omdat hy eintlik geoordeel het dat professor Le Roux meer soos hýself en Craffert dink teenoor ander meer behoudende teoloë by Tukkies. Dit beteken gewoon, as Le Roux dan erns gemaak het met die negentiende eeu (soos hy wel het), en weet dat die Bybel nou relatief is (en reeds Craffert se "challenge" oor Jesus se letterlike opstanding uitgevoer het), dan kan hy mos nie saam met ander Tukkie NG teoloë 'n verklaring maak wat kritiek uitspreek oor die Nuwe Hervorming nie. Dis tóé dat professor Le Roux besluit het om die volgende stelling oor Craffert se uitdaging te maak:

**Le Roux:**

"Wag wag, ek gaan nie dit doen soos jy dit doen nie, ek gaan my eie ding doen en ek het klaar gedoen. Ek het 'n leeftyd al die Ou Testamentiese Wetenskap . . . op 'n ander manier aangebied. Dis waarom ek sê die ander goeters het ek al my eie gemaak en so aan. En ek dink wat die Nuwe Testament aanbetref, 'n kollega hét gesê daar in 'Fatherless in Galilee', en ek het hom ondersteun deur middel van my artikel, waarin ek hom baie ondersteun het. So ek het op 'n manier

*ek het dit klaar gedoen wat jy gesê het . . . Ek het dit net op mý manier gedoen*

gedoen wat jy gesê het. Maar ek het my hele wetenskap soos ek in die begin . . . gesê het, het ek gedoen en ek is nie aangevat nie. Ek is nog steeds daar. Hulle betaal my nog . . . So om jou vraag te antwoord: ek het dit klaar gedoen wat jy gesê het ek moet doen. Ek het dit net op mý manier gedoen."

Net vir interessantheid. Dit is nie heeltemal korrek dat professor Le Roux nie aangevat is nie. Of mens nou met hom saamstem of nie, maar professor Johan Heyns het hom "aangevat", en met nogal skerp en ernstige kritiek. Hy praat van 'n "gevaarlike weg" waarop professor Le Roux hom sou begewe in hulle diskussie oor die sogenaamde "onaanvegbare resultate van die historiese kritiek" soos reeds vroeër aangetoon.

Maar het professor Le Roux regtig "klaar gedoen" waaroor professor Craffert hom gechallenge het? Hét hy vir professor Van Aarde "ondersteun"? Hét hy persoonlik kritiek oor die letterlike opstanding van Jesus in die openbaar, en ook by Tukkies, uitgespreek? Professor Le Roux stel sy ondersteuning van *Fatherless* tydens die universiteitsverhoor soos volg:

**Le Roux:**
"Ja, ek het hom [professor Van Aarde] ondersteun. Ons het mos nou deur die artikel gegaan. Ek het hom ondersteun.

**Helberg:**
Ja.

**Le Roux:**
Deur duideliker te sê waarom die issues gaan.

**Helberg:**
Maar dan sê u 'So ek het op 'n manier gedoen wat jy gesê het.'

**Le Roux:**
Ja.



**Helberg:**
Nou, dit wat jy gesê het, is dit nie 'n verwysing na die sogenaamde uitdaging wat nou aan u gestel is nie? U moet nou optree, vir die mense sê?

**Le Roux:**
Maar nou het ek dit mos gedoen met Van Aarde.

**Helberg:**
Ek verstaan" (Mulder, Tweede verhoor: 805).

Uit hierdie gedeelte weet ons dus nou die volgende: Op grond van professor Le Roux se positiewe opmerkings oor die kritiese Bybelwetenskap van die negentiende eeu wat professor Spangenberg in sy lesing bespreek het, daag professor Craffert vir professor Le Roux uit om in die openbaar te sê dat ons nie meer vandag Jesus se maagdelike geboorte en opstanding letterlik hoef te verstaan nie. Professor Le Roux sê dat hy hierdie uitdaging van professor Craffert eintlik reeds uitgevoer het deurdat hy 'n positiewe artikel oor professor Andries van Aarde se *Fatherless* geskryf het. Die implikasie is relatief eenvoudig: Professor Van Aarde ontken die tradisionele interpretasies oor die maagdelike verwekking en letterlike opstanding van Jesus in *Fatherless*; professor Le Roux het hom baie ondersteun in sy artikel, gevolglik het hy klaar in die openbaar gesê dat ons die letterlike opstanding van Jesus kan verwerp en anders kan verstaan. Hy het dit net op sý eie manier gedoen.

## Refleksie op 14 Oktober 2003 én 19 Junie 2004

Nou wil ek, voordat ek kyk na hoe die maagdelike verwekking en letterlike opstanding van Jesus in *Fatherless* verstaan word, reflekteer op my en professor Le Roux se gesprek van 19 Junie 2004, omtrent agt maande láter, maar ook vlugtig weer kyk na ons jaargroep en hoe professor Le Roux ons beleef en ervaar het.

Ons klas het dinge oor 'n lang tydperk klaarblyklik vir professor Le Roux moeilik gemaak – soveel so dat hy (ten minste soos hy tydens

die universiteitsverhoor getuig het) uiteindelik teen Mei 2004 vir die dekaan gaan vra het om nie meer vir ons klas te gee nie. Ons was, soos ek hom verstaan het, 'n baie konserwatiewe klas wat dinge vir hom moeilik gemaak het. Indien ek dit reg interpreteer, was daar dan reeds vóór die insidente wat in Junie 2004 sou afspeel by hom die behoefte om nie meer vir ons klas te gee nie. Dit verklaar dalk tog iets meer van professor Le Roux se geïrriteerdheid toe hy die woord "gekonkel" gebruik het vir die Bybel in sy onderonsie in Junie met Dirk Coetzee.

Maar dit bring my dan weer terug by my en professor Le Roux se gesprek op 19 Junie 2004 waaroor ek reeds breedvoerig berig het. Nóú plaas ek sy verweer tydens die ondersoeke. Hou egter in gedagte dat hierdie skriftelike antwoord gemaak is sonder dat professor Le Roux besef het dat die video-opname van die gebeure op 14 Oktober 2003 by Unisa as getuienis in die ondersoek gaan dien. Hou ook in gedagte dat die "iemand anders se standpunt" waarna professor Le Roux vervolgens gaan verwys, in alle waarskynlikheid professor Pieter Craffert is wat hom gechallenge het:

> "Die sin [van mnr. Mulder] lui soos volg: 'Vir die eerste eeuse Christene het Jesus opgestaan omdat dit deel van hul wêreldbeeld was, vandag kan ons dit nie meer so sê nie [sic – verstaan nie]'. Ek het dit gesê, maar ek onthou die sin anders: 'Vir die eerste eeuse Christene het Jesus opgestaan omdat dit deel van hul wêreldbeeld was, *maar* vandag *hoef* ons dit nie meer so te sê nie'. Miskien kan Meneer Mulder net weer sy aantekeninge of bandopnames vir die regte bewoording kontroleer en ons met die regte bewoording help. Hoe dit ook al sy, ek hét dit gesê, maar dít verteenwoordig nie my standpunt nie. Hierdie woorde uit Meneer Mulder se 'Status Confessionis' verwys na iemand anders se standpunt. Daar is inderdaad Nuwe Testamentici wat meen dat wonders, genesings en bonatuurlike gebeurtenisse (soos die opstanding) wel vir die antieke en eerste eeuse mense 'n werklikheid was, maar dat dit vir die een-en-twintigste eeuse mens onaanvaarbaar kan wees. Daarom moet die moderne mens self besluit of hy/sy dit wil aanvaar of nie. Alhoewel dit nie my standpunt verteenwoordig nie, bly dit 'n belangrike opmerking wat met groot erns bejeën moet word: in die pastorale gesprek waarin mense die opstanding ontken, kan dit 'n belangrike beginpunt wees om te sê dat dit vir die eerste eeuse mense wel 'n werklikheid was" (2006a: 2).

*Hoe dit ook al sy, ek hét dit gesê*



Professor Le Roux herhaal dit twee maal dat die stelling wat hy teenoor my gemaak het nie sy standpunt verteenwoordig nie. Hy beweer dié woorde "verwys na iemand anders se standpunt." Prinsipieel beteken laasgenoemde dat ook professor Le Roux nou terugskouend iets negatief in die spesifieke stelling wat hy teenoor my uitgespreek het sien – iets waarmee hy nie kan saamgaan nie. Bedoelende – dit is heel moontlik nie versoenbaar met ons belydenis oor Jesus se opstanding nie? Gegewe die interpretasies wat ek reeds gemaak het oor ons gesprek, maak ek vervolgens 'n paar interpretasies en plaas ook ekstra feite daarmee saam op die tafel wat verdere geloofwaardigheid aan my argumente mag gee:

- Professor Le Roux het sy antwoord (wat hierbo aangehaal word) op 22 Januarie 2006 geskryf. Op daardie stadium het hy nie geweet (of gehoop?) dat die video-opname van die lesing op 14 Oktober 2003 by Unisa tydens die ondersoeke vertoon gaan word nie ('n getikte weergawe is ook ingegee). Met die vertoon van die video tydens die leerdwaling-ondersoek was professor Le Roux moontlik onkant gevang, soos wat sy aanvanklike reaksie toon: "Ek het nie geweet dis op band opgeneem nie" (Verbatim, leerdwaling-ondersoek: 148). Op die video sélf sê professor Le Roux egter: "Ek hou nou nie van die man met die kamera wat afneem nie" waarna die gehoor lag en professor Le Roux kennelik aanvaar dat die opname gemaak word en dan voortgaan om deel te neem aan die opname. Tydens die universiteitsverhoor het professor Le Roux uiteindelik erken dat hy bewus was van die opname wat gemaak was (Mulder, Tweede verhoor: 789-790). Met hierdie sake in gedagte, wil ek vra of professor Le Roux, indien hy vóór die ondersoeke begin het die video-opname bestudeer het (en

geweet het dit gaan as getuienis tydens die ondersoeke dien), se antwoord van 22 Januarie 2006 anders daar sou uitgesien het?

- Juis dít wat professor Le Roux op 22 Januarie 2006 sê klaarblyklik níe sy standpunt tydens ons gesprek op 19 Junie 2004 was nie, is wat hy agt maande tevore op 14 Oktober 2003 tydens sy gesprek met professor Craffert toegee. Professor Craffert daag hom uit om in die openbaar by Tukkies te sê dat ons maar Jesus se letterlike opstanding anders kan verstaan. Hierop antwoord hy uiteindelik dat hy "op 'n manier gedoen [het] wat jy [Craffert] gesê het". En later: "So om jou vraag te antwoord: ek het dit klaar gedoen wat jy gesê het ek moet doen. Ek het dit net op mý manier gedoen." Hiér is dit nie 'n verwysing "na iemand anders se standpunt" soos professor Le Roux op 22 Januarie 2006 beweer nie. Die "iemand anders" – professor Craffert – se standpunt word deur professor Le Roux beaam, deurdat hy professor Van Aarde se *Fatherless* "baie ondersteun" het.

*Juis dít wat klaarblyklik níe sy standpunt op 19 Junie 2004 was nie, is wat hy op 14 Oktober 2003 toegee.*

- Professor Le Roux maak 'n paar klein verstellings aan die woorde wat ek beweer hy gesê het. Hou egter in gedagte dat my weergawe in die paar dae onmiddellik na die voorval opgeteken is. Professor Le Roux se weergawe is heel moontlik eers 'n jaar later gerekonstrueer. Ek kan net eenvoudig nie dink dat die dag toe hy dit vir my gesê het (19 Junie 2004), hy dit in sy dagboek gaan neerskryf het nie. Hoe dit ookal sy, die verskille tussen die twee weergawes is minimaal én hy distansieer hom ook van die stelling wat hy so positief vir my gesê het. Maar hy sê uiteindelik in sy verweer ook "Hoe dit ook al sy, ek hét dit gesê". Nou is die vraag wat al vir byna vyf jaar steeds in my gemoed spook: Hóékom het u dit vir my gesê, professor Le Roux? Het ons enigsins oor die opstanding gesels? Díé stelling het u aan my gemaak toe u hoor hoe ek die vraestel "geniet" het – 'n reaksie wat u nog nóóit tevore van my gekry het nie. Professor Le Roux wou toe alreeds ophou om vir ons klas te gee en hier kom verras ek hom met sulke positiewe woorde. Terugskouend besef ek nou dat professor Le Roux inderdaad op 19 Junie 2004 vir ten minste 'n vierde maal uitvoering gegee het aan professor Craffert se uitdaging oor Jesus se letterlike opstanding. (Die eerste keer was sy *Fatherless*-artikel in 2002; die tweede sy *Ou Testament Nuusbrief* nr. 15 op 10 Mei 2002 op die internet; en derdens die 14 Oktober 2003-lesing by Unisa).

*Hóékom het u dit vir my gesê, professor Le Roux?*



Hierdie komplekse gebeure wat ek geloofwaardig probeer interpreteer het, bly 'n gespanne en moeilike aangeleentheid. Na die klompie jare wat sedertdien verloop het, wíl ek vrede maak met professor Le Roux. Ek wíl hê die gevegte moet tot 'n einde kom. Professor Le Roux se verduidelikings kon egter net eenvoudig nog nie vrede en berusting in my eie gemoed bring nie; al probeer ek hoe hard. Ek het al gewens professor Le Roux het nooit daardie woorde op 19 Junie 2004 vir my gesê nie!

Hoe het die ondersoekliggaam van die ring van Pretoria-Oos hierdie belangrike stuk getuienis hanteer? Ten spyte van 'n transkripsie van die video-opname wat ingehandig is, asook die vertoon daarvan tydens die verrigtinge, het hulle nie hierdie getuienis ernstig opgeneem nie. Inteendeel, dit is nie eens as getuienis tydens die uitspraak aangegee nie. Hoekom nie?

Met die getuienis tot dusver in gedagte, en spesifiek professor Le Roux se positiewe woorde oor professor Van Aarde se *Fatherless* tydens die 14 Oktober 2003-geleentheid by Unisa, is dit wenslik om kortliks te kyk na 'n paar interpretasies van Jesus se maagdelike verwekking en opstanding soos professor Van Aarde dit in *Fatherless* interpreteer.

## Jesus se maagdelike verwekking en opstanding in *Fatherless*

Ek gee hier 'n verkorte interpretasie en beveel aan dat diegene wat belangstel, self professor Van Aarde se boek lees. Mens kan ook 'n bondige opsomming daarvan lees in dr. Francois Wessels se boek *Wie*

*was Jesus regtig?* (2006: 159-165). Die bedoeling van my bespreking is om slegs te fokus op die aspekte wat relevant is in soverre dit die gebeure rondom professore Craffert en Le Roux aangaan.

Kom ek probeer. Wanneer 'n mens oor die gebeure rondom Jesus se maagdelike verwekking nadink, dan kom daar dadelik 'n paar beelde na vore wat ons in Matteus en Lukas vind: Die bonatuurlike betrokkenheid van die Heilige Gees; Josef en Maria wat rein was, 'n krip in Betlehem, skaapwagters, en so meer. In *Fatherless* kry mens die indruk dat hierdie sake afgemaak word as onhistories en mitologies.[64] Neels Jackson het dit in B*eeld* soos volg beskryf:

> "Die geboorteverhale van die latere evangelies van Matteus en Lukas, sê Van Aarde, moet nie gelees word as letterlike geskiedenisse nie" (*Beeld*, 17 Oktober 2000).

Sentraal in professor Van Aarde se boek is die teorie dat Jesus 'n onwettige, onegte of buite-egtelike kind was (15 en verder).[65] Hy bespreek selfs die moontlikheid dat Jesus die kind van 'n prostituut kon gewees het, wat met sonde bevlek was (74). Hy redeneer verder dat hierdie situasie 'n enorme probleem vir die eerste Christene veroorsaak het. Hulle moes hierdie verleentheid probeer beredder. Só het Josef as die aardse vader van Jesus, 'n latere invoegsel geword om die verleentheid van Jesus se buite-egtelikheid te probeer toesmeer (77, 83 en verder).

Professor Van Aarde verwerp dus die tradisionele interpretasies van Jesus se maagdelike verwekking soos wat die Skrif en belydenisskrifte dit aan ons voorhou.

In *Fatherless* word Jesus se liggaamlike opstanding ook klaarblyklik verwerp. Gereeld word verwys na veranderde bewussynstoestande wat die getuies "ervaar" het eerder as letterlike verskynings van Jesus. Professor Van Aarde noem dit ook visioene (kyk veral 185-188). Ek dink professor Jurie le Roux beskryf dit raak wanneer hy die volgende

64 Prof. Van Aarde steun baie op die resultate van die *Jesus Seminar*, maar dit is nie altyd duidelik watter resultate hy aanvaar en watter nie. Sien *Fatherless* (73-75).

65 Prof. Van Aarde verkies die woord "illegitimate". Ek haal die verskillende Afrikaanse vertaalmoontlikhede aan.



*Van Wyk Louw het binne-in ons opgestaan.*

verduideliking tydens die universiteitsverhoor gee om professor Van Aarde se posisie ten opsigte van Jesus se opstanding te verduidelik. Sien veral die verwysing na die bekende skrywer NP Van Wyk Louw:

> "Na 'n bepaalde gebeure wat mense sê Hy het opgestaan, het hulle dit verkondig en nou is die gedagte in daardie verkondiging dat Hy hier was, dat Hy dit gedoen, dat Hy dat gedoen het, Hy het opgestaan. Dit is met ander woorde as ons nou Van Wyk Louw begin lees en Van Wyk Louw maak 'n groot indruk op ons en ons vertel mekaar van Van Wyk Louw, dan kan ons sê, hy het binne-in ons opgestaan" (Mulder, Tweede verhoor: 749).

Daar is nog baie wat mens kan sê, maar ek dink die volgende aanhaling uit *Fatherless* is voldoende:

> "The establishment of the church is, therefore, not to be traced back to a foundational event in the life of the historical Jesus. After Jesus' brutally maltreated body had not been laid in a family tomb, Jesus arose in the kerygma. In other words, Jesus lived on through the retelling of his cause" (185).

Ek maak 'n laaste paar opmerkings oor professor Van Aarde (aanvullend tot wat ek reeds vroeër oor hom gesê het): Professor Van Aarde was altyd 'n professionele dosent wat respek afgedwing het. Ek het met baie erns ál die werk wat hy vir ons voorgeskryf het, bestudeer en ook goeie punte behaal. Dit sluit 'n groot vrag inligting van die kritiese Bybelwetenskap van die negentiende eeu ook in! As mens het ek deernis en empatie met professor Van Aarde wat op vervroegde pensioen is om mediese redes. Ek hoor hy is tans beter! Wat sy teologiese insigte betref, erken ek eerstens dat hy 'n grondige kennis oor die Nuwe Testamentiese Wetenskap het, maar ook oor die Hermeneutiek. Wat laasgenoemde betref, was baie van my eerste kennismaking met persone soos Descartes, Kant, Gabler, Stäudlin, Hobbes, Locke, Hume, Schleiermacher, Bauer, Troeltsch, Dilthey, Bart, Bult-

mann, Heidegger, Von Rancke, Fuchs, Ebeling, Gadamer, Habermas, Ricoeur, Marx, Lyotard, Foucault en Deridda, deur sy toedoen.

Tweedens is dit my persoonlike oortuiging dat die tipe standpunte wat hy (as gelegitimeerde predikant) bevorder het, eerder sou tuishoort in 'n opset soos Unisa, en nie 'n teologiese fakulteit met kerklike ooreenkomste nie. Dit beteken egter hoegenaamd nie dat daar nie by 'n kerklike teologie fakulteit nie met die radikaalste ontwikkelinge in die Nuwe Testamentiese Wetenskap rekening gehou moet word nie. Inteendeel, maar dan moet daar met geloofwaardigheid aangetoon word hoekom die kerk kan verskil van radikale interpretasies soos dié van professor Van Aarde.

## Professor Le Roux se artikel oor *Fatherless*

Professor Le Roux het heeltemal op sy eie inisiatief besluit om 'n besonder positiewe artikel in die teologiese tydskrif *Hervormde Teologiese Studies* oor professor Van Aarde se *Fatherless* te skryf. Een van die belangrikste punte wat hy daarin maak, is ongetwyfeld die volgende stelling:

> "Van Aarde se boek oor die historiese Jesus is 'n hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap. Dit dwing ons om histories te dink, na die vroegste bronne oor Jesus deur te dring, Jesus as 'n eerste-eeuse Mediterreense mens te waardeer, en sy totale menswees raak te sien . . . 'n Vaste greep op die historiese Jesus was en is nog steeds byna onmoontlik . . . Uiteindelik is Van Aarde se skets van Jesus anders, selfs skokkend anders, maar daarin lê juis sy skoonheid en aantrekkingskrag" (*HTS,* 58[1] 2003: 97).

Mens kan na aanleiding van hierdie aanhaling die invloed en insigte van die negentiede-eeuse kritiese Bybelwetenskap, en die historiese kritiek soos wat professor Le Roux dit sedert my eerste jaar in ons studente ingedril het tog op 'n manier raaklees. Ek herhaal nie weer die kritiek wat sommige teoloë oor professor Le Roux se aksente uitgespreek het nie.

Tydens die universiteitsverhoor het *Fatherless* vir heelwat en interessante getuienis gesorg. Ek plaas gedeeltes daarvan hier omdat dit interessant was, maar ook omdat dit insig gee in belangrike implikasies van *Fatherless* en die artikel. Ek begin met 'n vraag wat die voorsitter aan professor Le Roux stel, gegewe die bewerings wat professor Van Aarde in *Fatherless* maak:

**Voorsitter:**

> "Nou maar waar kom Van Aarde aan hierdie goed?

**Le Roux:**

> Maar dit gee die Nuwe Testamentiese wetenskap van die afgelope 200 jaar, en met dié insigte het hy eksegese gedoen . . . Hy sluit dus aan by 'n bepaalde trend . . . Ek sal net dit sê, synde 'n Hervormer en die Hervormde Teologiese tradisie aan die Universiteit van Pretoria kon hy dit makliker gedoen het . . . " (Mulder, Tweede verhoor: 758).

Die voorsitter se vraag is ooglopend gevra omdat die insigte wat professor Van Aarde in *Fatherless* ontwikkel het, iets heeltemal anders verteenwoordig as die tradisionele interpretasies van die Nuwe Testament. Professor Le Roux se antwoord oor die "afgelope 200 jaar" gaan terug na die kritiese Bybelwetenskaplike insigte van die negentiende eeu.

Op die vraag of hierdie artikel oor *Fatherless* nie skokkend sal wees vir gewone lidmate nie, antwoord professor Le Roux ook:

**Le Roux:**

> ". . . as mense van die Nederduitse Hervormde Kerk dit gelees het, dink ek nie hulle sou vreeslik geskok gewees het nie . . . so vir 'n Hervormde lidmaat sou dit nie so kwaai gewees het nie dink ek, en die reaksie wat ek van die Hervormers gekry het . . . was baie positief" (745-746, 755).

Neels Jackson berig egter heel anders oor die reaksie van sommige Hervormde lidmate: "Baie lidmate het ontsteld gereageer op berigte oor Van Aarde, 'n lid van die *Jesus Seminar*, . . . se navorsing na die 'historiese Jesus'" (*Beeld*, 17 Oktober 2000).

In kruisverhoor het advokaat Helberg sinsnedes uit professor

Le Roux se artikel voorgelees waarna interessante verduidelikings gevolg het:

**Helberg:**

" . . . 'Van Aarde se boek oor die historiese Jesus is die hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap'?

**Le Roux:**

Absoluut . . . Niemand het dit tevore gedoen nie . . . hy was die eerste een wat vir ons gewys het hoe kan 'n ou as jy rêrig konsekwent op sy manier histories dink, hoe jy daarby kan uitkom . . . dat hierdie debat op so 'n radikale manier begin en daarom was die hoogtepunt vir my dat hy daardie impuls gegee het en . . . ek verwys na Albert Schweitzer se boek oor hoekom . . . hierdie historiese Jesus navorsing kon net gebeur het in Duitsland. En skielik vind ek by Van Aarde iets van wat Schweitzer sê en ek het dit nognie by ander hier by ons raakgeloop nie. So vir my op die stadium was dit 'n besondere hoogtepunt.

**Helberg:**

Kyk ek gaan nou sommer 'n baie kru voorbeeld gebruik dat u miskien net verstaan hoekom ek die vraag aan u gestel het en dan wil ek hê u moet dan miskien direk reageer. Kom ek skryf nou more 'n artikel en ek skryf, die mense kan oud President Mandela, baie beter verstaan indien hulle weet presies waarvandaan af hy kom en nou skryf ek 'n klomp goed oor sy verlede van toe hy gebore was. Maar uiteindelik blyk dit dat al my feite is totale onsin maar ek kry feite uit verskillende bundels van vorige mense wat al hierdie onsin verkondig het en nou publiseer ek hierdie en die mense lees dit en hulle sê almal tesame: nou verstaan hulle hoe oud President Mandela se kop gewerk het baie beter want hulle het nou al hierdie insigte, terwyl alles is gebaseer op mense se opinies en mense se opinies sonder dat hulle die feite gehad het. Dit is waarom my eerste vraag aan u is, as u nou sê dit is 'n hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap



kan ons aanvaar dat die feite waarop Van Aarde . . . se boek berus, dat daardie feite korrek is? Of is dit alles relatiewe feite wat afhang van omstandighede en wie na die feite kyk?

**Le Roux:**

Goed ek sou wou begin deur te sê, daar bestaan nie feite nie. Daar is nie 'n feit dat ek soos daardie boksie daar staan kan sê so lyk 'n feit nie. Historiese feite bestaan nie, jy maak dit . . . jy selekteer dit wat jy, wat jy later gaan noem as feite . . . feite is iets wat jyself maak . . . " (Mulder, Tweede verhoor: 768-771).

Oor dieselfde saak brei professor Le Roux uit en toon aan dat in die Bybelwetenskap is die skokkende (soos in *Fatherless*) vol skoonheid en aantrekkingskrag:

**Helberg:**

"Goed dan . . . 'uiteindelik is Van Aarde se skets van Jesus anders selfs skokkend anders maar daarin lê juis die skoonheid en aantrekkingskrag'?

**Le Roux:**

Ja.

**Helberg:**

Nou dit is hoe u die boek ervaar. Dit is 'n boek met skoonheid en aantrekkingskrag?

**Le Roux:**

Ja, want die skokkende, die anderse het sy eie in die wetenskap. Dit het sy eie bekoring want die skokkende, die anderse laat jou telkens weer anders kyk, anders lees . . . So as 'n mens daaraan dink dat g'n kunswerk ooit volledig uitverstaan, uitverklaar kan word nie, maar dat jy altyd weer . . . bedag moet wees op die anderse, die nuwe" (776-777).

Daar is soveel interessanthede in bogemelde getuienis wat mens

hier kan uitpak en verder bespreek. Ek doen dit egter nie hier nie. Ek beweeg aan na seker een van die hoogtepunte tydens die ondervraging. Na 'n omvangryke bespreking van die "insigte" wat professor Van Aarde in *Fatherless* uiteengesit het, en professor Le Roux se positiewe kommentaar daarop, het advokaat Helberg gedeeltes van professor Le Roux se skriftelike verweer van 22 Januarie 2006 wat hy vir die ringsondersoek voorberei het, bespreek. 'n Belangrike deel hieruit hou verband met professor Van Aarde se boek, asook professor Le Roux se artikel daaroor. Ek haal eers die relevante gedeelte (uit die skriftelike verweer) aan en dan die getuienis:

> "Ek het nie die artikel vir Meneer Mulder . . . of die studente geskryf nie, maar vir die gemeenskap van Bybelwetenskaplikes. En dié gemeenskap het dit verstaan. Ek het egter nêrens Andries van Aarde se boek of my artikel vir studente voorgeskryf of dit met hulle behandel nie, want ek doseer nie die Nuwe Testament nie. Ek het ook nie die boek as 'Godslasterlik en in stryd met die wese van die geloof' aan die studente 'voor(ge)hou' nie. Hoekom moes ek? Het al die ander dosente dit gedoen? En wie bepaal die wese en nie-wese van die geloof?" (12).

*"En wie bepaal die wese en nie-wese van die geloof?"*

Twee sake voordat die laaste sin hierbo verder onder bespreking kom. Professor Le Roux sê dat hy nie die artikel vir studente voorgeskryf het nie. Hy hét egter later erken dat hy 'n opsomming van die boek (wat 'n verkorte weergawe van sy artikel was) op die internet gepubliseer het waar nie net studente nie, maar gewone mense dit natuurlik maklik in die hande kon kry.

Verder hét die NG Nuwe Testamentici van Tukkies, op daardie stadium professore Jan van der Watt en Stephan Joubert, in twee artikels reguit gereageer op die standpunte wat professor Van Aarde in *Fatherless* propageer (*Beeld*, 21 Oktober 2000; 8 Januarie 2001). Die laaste sinnetjie in professor Le Roux se skriftelike verweer hierbo was wat my betref van deurslaggewende belang. In die konteks van professor van Aarde se *Fatherless*, het professor Le Roux gesê: "En wie bepaal die



wese en nie-wese van die geloof?" Dit laat mens dalk ook terugdink aan die diskussie tussen professore Le Roux en Heyns in 1993 toe die sogenaamde "onaanvegbare resultate van die historiese kritiek" onder bespreking was. Daar sou dié insigte klaarblyklik tot gevolg hê dat dit onmoontlik is om steeds van die eenheid van die Skrifboodskap te praat; dat die gevestigde denkpatrone van die Christendom as volledig agterhaal beskou behoort te wees; dat die kerk nie meer met outoritêre gesag sy saak kan stel nie; en dat die openbaringslig nie meer so maklik oor die ganse kosmos val nie (*Skrif en Kerk,* 15[1]1994: 27-47; 156-163). Sedert hierdie uitsprake het professor Van Aarde op die voorgrond kom staan. Ons sluit aan waar advokaat Helberg en professor Le Roux oor die laaste sinnetjie in sy verweer 'n gesprek voer:

**Helberg:**

"Wat het u bedoel met die laaste vraag daar, 'wie bepaal die wese en die nie-wese van die geloof?'

**Le Roux:**

Ja, ek dink dit spreek eintlik vanself, wie sê wat is die wese van die geloof, wie bepaal wat tot die wese van die geloof behoort? In hierdie stadium van die kerkgeskiedenis word dit al intenser en al hoe moeiliker want niemand het al die alleenreg om dit te sê nie. Dis wat ek bedoel daarmee, met ander woorde jy kan gelei word deur jou geloofsgemeenskap, maar dit is dan jou geloofsgemeenskap wat meen dit kan so wees.

**Helberg:**

. . . bedoel u daarby dat Professor Van Aarde se verwoording in *Fatherless in Galilee*, dat dit vir sy geloofsgemeenskap die korrekte glo kan wees?

**Le Roux:**

Nee, nee, ek wil sê, sy geloofsgemeenskap kan sê . . . hy is miskien hier en daar bietjie krities, maar ons aanvaar dit wat kennelik gebeur het, hy is nie onder tug nie, daar is nie tughandelinge teen hom geneem nie, hy is nog predikant in

die kerk, hy preek dus en someer. So dus binne sy geloofsgemeenskap het hulle dit so gerespekteer.

**Helberg:**
. . . maar as u nou die vraag vra hier: 'en wie bepaal die wese en nie-wese van die geloof?', is die antwoord nie voor die handliggend dat dit word vir u bepaal deur die kerk waarvan u verkies het om 'n lidmaat van te wees nie?

**Le Roux:**
Ek sal nie sê, dit word bepaal deur die kerk nie, die kerk gee in sy handelinge gestalte aan dit wat hy dink tot die wese van die kerk, van die kerk behoort of van die geloof behoort.

**Helberg:**
Ja, maar die kerk skryf ook voor . . . wat moet ons in ag neem.

**Le Roux:**
Ja, dit is.

**Helberg:**
En waaraan u moet voldoen" (Mulder, Tweede verhoor: 818-820).

Híérop wou (of kon) professor Le Roux nie ja antwoord nie en sê toe bietjie later:

**Le Roux:**
"Ek het nog nooit van die NG Kerk 'n lys goed ontvang wat sê jy moet dit en dit en dit, so sê nie" (820).

Ek probeer saamvat: In sy verweer om sy positiewe artikel oor *Fatherless* te probeer regverdig beweer professor Le Roux dat niemand meer die alleenreg het om te sê wat tot die wese en nie-wese van die Christelike geloof behoort nie. Daarom, per implikasie, is daar ook ruimte binne die Christelike kerk vir die insigte wat professor Van Aarde in *Fatherless* verkondig. Die feit dat professor Van Aarde nog 'n leraar is wat preek en die feit dat die Hervormde Kerk nie tughandelinge teen hom geneem het nie, bevestig dat hulle sy standpunte "[ge]respekteer" het. Dit beteken gewoon dat 'n dienende predikant en teoloog (wat ook die toekomstige predikante van sy en ook die NG Kerk oplei), bínne die kerk en in ooreenstemming met die hart van die belydenis kan verkondig dat Jesus byvoorbeeld 'n buite-egtelike kind was; dat Hy "gefantaseer" het oor 'n vaderfiguur waarna God sy vader geword het; dat hy nooit letterlik uit die dood opgestaan het nie en so meer. En dít op grond van professor Le Roux se verweer (of begeerte? of hoop?) dat niemand meer weet of kan weet wat tot die wese en nie-wese van die geloof behoort nie. Nie eens die kerkgemeenskap van wie professor Le Roux gekies het om van deel te wees, en wat gedeeltelik sy salaris sedert 1987 betaal het, mag meer wat die kern van ons geloof betref 'n paar voorskrifte en riglyne vir predikante daarstel nie?

## Is die "historiese Jesus"-navorsing taboe?

Uit al die getuienis en interpretasies tot dusver kan sommige teoloë en Bybelwetenskaplikes dalk wonder of ek en ander gelowiges wat dalk mag aanklank vind by sommige van my interpretasies, dit in beginsel téén enige navorsing oor die historiese Jesus het. Vir myself ongetwyfeld nie! Ek het alreeds in my MTh-verhandeling deelgeneem aan dié akademiese navorsing deur my ontleding van onder meer Gerd Lüdemann en NT Wright se benaderings in dié verband. Op die akademiese speelveld is daar ongetwyfeld ruimte om na al die verskillende stemme te luister en interpretasies te maak.

In aansluiting by dr. Francois Wessels in sy boek *Wie was Jesus regtig?* (2006) wil ook ek sê dat daar inderdaad ruimte is om deel te neem aan hierdie navorsing. In sy boek, waarin hy 'n goeie oorsig gee van verskeie "historiese Jesus"-konstruksies (insluitende dié van professore Andries van Aarde, Pieter Craffert en ook NT Wright), toon hy aan dat daar "aan die begin van die 21ste eeu invloedryke stemme [is] wat argumenteer dat die Evangelies se beriggewing oor

Jesus baie meer histories betroubaar is as wat tot onlangs vermoed is" (280). Daar het gewoon 'n nuwe geslag Bybelwetenskaplikes na vore getree wat nie al die aannames en voorveronderstellings van die vroeëre soektogte na die historiese Jesus vir soetkoek opeet nie. Dr. Wessels gee dan ook 'n klompie geloofwaardige redes waarom hierdie nuwe ontwikkelinge geloofwaardig geag kan word. Daarop gaan ek nie hier in nie.

Maar wat my bespreking van professor Le Roux se getuienis aangaande die historiese Jesus betref, en spesifiek in die konteks van die weergawe wat professor Andries van Aarde van Jesus gegee het, is dit op hierdie stadium glo ek 'n geloofwaardige stelling om te maak dat professor Le Roux, op grond van sy verstaan, interpretasies en toepassing van die kritiese Bybelwetenskap van die negentiende eeu, opgewonde is oor radikale Jesus-beelde wat hoegenaamd nie ooreenstem met wat die Bybel probeer sê nie. Hy vind daarin "skoonheid", 'n "hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap", met die direkte gevolg daarvan dat niemand meer weet wat die "wese en nie-wese" van geloof is nie. Sonder om moedswillig te wees, sal mens verskoon word om te vermoed dat nét die "historiese Jesus"-beelde wat radikaal verskil van wat die Nuwe Testament van Jesus teken, vir professor Le Roux "skoonheid" en "hoogtepunt[e]" in die Suid-Afrikaanse Bybelwetenskap vertoon. Of súlke historiese Jesus-konstrukte binne die grense van die Skrif en die NG Kerk se belydenisskrifte val, is te betwyfel al kan ek nie regtig meer iets hieroor sê nie, aangesien ek nie meer lidmaat van die NG Kerk is nie.

Met voorafgaande besprekings as agtergrond, fokus ek vervolgens op uitsprake oor Jesus se opstanding wat professor Le Roux hoofsaaklik tydens die ringsondersoek en universiteitsverhoor gemaak het. Ek sluit dan af met 'n paar woorde oor my verhouding met professor Le Roux.

## Afdeling B: Wie se "werklikheid"?

### Jesus se opstanding

Soos reeds genoem tydens my bespreking van professor Müller, is die amptelike standpunt van die NG Kerk oor die Nuwe Hervorming, soos verwoord deur die ASK, aan die ringskomissie en universiteitskommissie oorhandig. Dit is ongelukkig doelbewus of nalatig deur die ringskommissie geïgnoreer. In die dokument word inderdaad bely dat Jesus "letterlik", "liggaamlik" en "histories" uit die dood opgestaan het. Verder word daar skerp gereageer op die radikale historiese metode wat klaarblyklik deur lede van die Nuwe Hervorming aangehang word. Dié metode is nogal belangrik vir sommige teoloë se soektog na die historiese Jesus. Ek verstaan dat die klassieke histories-kritiese benadering tot die Bybel waarskynlik ook 'n paar raakvlakke het met die "radikale historiese metode" waarna die ASK hierbo verwys. Ek haal net weer 'n gedeelte uit die NG-verklaring aan:

> ". . . Jesus het daarom nie letterlik uit die dood opgestaan nie, bevind die radikale historiese metode . . . Hulle [die NH] wek twyfel oor sy werklike, liggaamlike, historiese opstanding uit die dood en bring dus die kern van ons geloof in 'n opgestane Here in die gedrang."

In professor Le Roux se skriftelike verweer van 22 Januarie 2006 tydens die leerdwaling-ondersoek verwerp hy die "letterlike", "liggaamlike" en "historiese" opstanding van Jesus voor die voet. Hy maak verskeie en skerp bewerings om dié standpunt te verduidelik. Ek haal een so 'n deel aan uit sy skriftelike antwoord van Januarie 2006, en beveel aan dat u die amptelike standpunt van die NG Kerk soos hierbo beklemtoon in gedagte sal hou wanneer u dit lees. Professor Le Roux beweer:

> "Meneer Mulder . . . wil klaarblyklik nét oor die opstanding met behulp van sekere woorde soos feitelikheid, historisiteit, letterlikheid, liggaamlikheid, ensovoorts praat, maar ek verwerp dit geheel en al. Die redes daarvoor wil ek soos volg verwoord:
>
> - Dit is Meneer Mulder . . . se **eie maaksel**s en dit word geensins in die Skrif gevind nie.
> - Dit is v**reemd** aan die Ou-Testamentiese (asook Nuwe-Testamentiese) geskiedsbeskouing en geskiedskrywing.
> - Dit is 'n **wetenskaplike onmoontlikheid**: niemand kan

meer by die histories-letterlike van enige gebeurtenis kom nie.

- Dit verraai die woordeskat van 'n **positivistiese geskiedsteorie** wat reeds geheel en al gedateer en ook met veragting verwerp is.
- Dit skep die ***valse indruk*** dat Meneer Mulder . . . so 'n vaste greep op die geskiedenis kan kry dat [hy] presies kan sê wat gebeur het.
- Dit **verteken** die historiese werklikheid en is geheel en al ontoereikend om historiese gebeure (soos die opstanding) te beskryf.
- Dit **ver-ding** die opstanding (en ook die res van die Bybel) tot 'n objek waaroor jy kontrole en beheer kan hê.
- Dit is 'n **magsmiddel** om sommige in te sluit en ander te verwerp.
- Dit is 'n positivistiese **magspel** waarin 'n klein kliek die taal, begrippe asook die uitkomste of resultate van die ondersoek bepaal.
- Dit is so 'n **geslote sisteemdenke** dat dit nooit deur ander krities-wetenskaplike teorieë ondersoek en getoets kan word nie.
- Dit ondersteun 'n soort **fundamentalisme** wat sleg vir kerk en teologie, Skrif en prediking is.
- Dit **verduister** die betekenis van die Skrif, omdat dit die Skrif altyd in vreemde kategorieë vasvang.
- Dit verwaarloos die **diepgaande nadenke** oor geskiedskrywing van die afgelope twee eeue en ignoreer ander moontlike maniere van historiese beskrywing volledig.
- Dit is in **stryd** met die kerk se eksegetiese tradisie van die afgelope twee duisend jaar: historiese letterlikheid was altyd problematies (vgl Theodorus van Mopsuestia); die 'littera gesta' was (veral in die Middeleeue) maar net een aspek van die tropologiese eksegese; die nominalisme–realisme-stryd beklemtoon die kerk se agterdog vir oordrewe historiese realisme; meerduidigheid was nog altyd tipies van die kerk se eksegese."



Die beklemtoning is deur professor Le Roux gedoen. Inderdaad 'n indrukwekkende arsenaal skerp geformuleerde bewerings. Dit sou interessant wees om elk in detail te behandel en krities te ontleed. Dit is egter nie nou die plek daarvoor nie. Vir interessantheid plaas ek eerder 'n paar kort uittreksels van ánder vooraanstaande NG-teoloë, waaronder ook Bybelwetenskaplikes, om ook die ander kant van die munt te toon:

*Die feit van die liggaamlike opstanding van Jesus is bevestig deur die belydenis van die ganse kerk van Christus die afgelope 2 000 jaar*

- "Die feit van die liggaamlike opstanding van Jesus is bevestig deur die belydenis van die ganse kerk van Christus die afgelope 2 000 jaar. Jy stel jouself dus nie bloot aan een of ander onnadenkende aktiwiteit as jy dié belydenis met jou eie lewe vandag nog agternasê nie" (Jan van der Watt en Stephan Joubert *Volksblad*, 8 Januarie 2001).
- "Deur die eeue heen het Christen-gelowiges egter hul lewe en bestaan gebou op die historiese aanvaarding van . . . [die] opstanding van Jesus van Nasaret" (Piet Meiring [red.], 2001: 44).
- "Die hoogtepunt van elk van die vier Evangelies is die historiese feit van die opstanding van Jesus Christus" (SD [Fanie]Snyman, 1989: 11).
- "Wat die opstanding betref, is ons daarvan oortuig dat diegene gelyk het wat sê dat die bronne duidelik is oor die verskyninge van Christus na sy dood en die getuienis aangaande die lëe graf, om grond te bied vir enige onsekerheid aangaande die werklikheid van die liggaamlike opstanding van Christus" (WD [Willie] Jonker, 1977: 201).

Is professor Le Roux se skerp geformuleerde stellings geheel en al waterdig? Wát glo professor Le Roux oor Jesus se opstanding as dit nou nie "liggaamlik" of "letterlik" of "histories" mag of kan wees nie? Dit is besonder interessant dat professor Le Roux verskeie kere gesê het dat hy in die "werklikheid" van die opstanding glo. Maar wát beteken

"werklikheid" vir hom? Hy sê byvoorbeeld tydens die universiteitsverhoor die volgende:

> ". . . ek wil nie voorgesê word hoe ek moet doen nie. Ek glo in die werklikheid van die opstanding. Die moment soos wat die debat nou gevolg het . . . om te sê, dit is liggaamlik of dit is letterlik of dit is histories oorskry grense . . . taal is 'n baie brose instrument, taal verteken alles, so pasop vir taal want vir my het die werklikheid van die opstanding in die Evangelies nie in terme gelê van liggaamlik of letterlik of wat ookal nie, maar in die ervaring van die opstanding" (Mulder, Tweede verhoor: 912-913).

Professor Le Roux wil klaarblyklik nie die opstanding koppel aan die liggaamlike of letterlike opstanding nie, maar aan die "ervaring" daarvan. Met dit in gedagte wou ek verstaan wat professor Le Roux met die woord "werklikheid" bedoel het, en het toe my eie soektog onderneem deur verskeie van sy publikasies te fynkam vir dié woord en hoe hy dit interpreteer en gebruik.

Ek kom toe af op 'n interessante artikel waarin professor Le Roux spesifiek hierdie woord gebruik. In dié artikel, "Waar is Abraham dan?" wat in die NG Kerk se teologies-wetenskaplike tydskrif by Tukkies, *Verbum et Ecclesia*, verskyn het, het professor Le Roux uitgewei oor die historisiteit van Abraham aldan nie. Professor Dirk Human het interessant genoeg nie hierna verwys in sy diepgaande artikel in *Old Testament Essays* wat professor Le Roux se wetenskaplike arbeid bespreek het nie.

Om sy gebruik van die woord "werklikheid" te verstaan is 'n bietjie meer agtergrond oor die artikel nodig. Professor Le Roux beweer:

> "Daar is 'n 'aaklige afgrond' (Troeltsch, 1922: 729-753) tussen die tyd van Israel en die eie tyd; tussen gebeure en latere interpretasie. Telkens waar hierdie afstand ontken of negeer word, is dit uiteraard makliker om die historisiteit van Abraham te bely, die Abrahamsverhale as histories outentiek te hanteer en die Abrahamsfiguur histories te konstrueer. Sedert die negentiende eeu is alles egter omver gegooi. Abraham kon sedertdien onmoontlik meer 'n sekere historiese figuur wees wat op 'n bepaalde plek gebore is, geleef en toe gesterf het" (*Verbum et Ecclesia,* 22[2]2001: 328).

Dus is dit klaarblyklik nou "onmoontlik" om Abraham as "historiese figuur" te beskou. In sy slotbetoog maak professor Le Roux die stelling dat, gegewe die onsekerheid oor of Abraham nou wel 'n historiese figuur was of nie, ten minste was hy vir Israel 'n "lewende werklikheid." Dit beteken gewoon, dalk het Abraham nooit as 'n letterlike historiese persoon bestaan nie, maar vir Israel was hy 'n "lewende werklikheid" in hulle gedagtes en vertellinge. Professor Le Roux stel dit so:

> "Oor Abraham kan ons histories niks sê nie . . . Abraham (soos alle historiese gebeurtenisse) het ons historiese greep finaal ontglip. En tog is alles ook nie verlore nie. Ons ken 'n Abraham wat in die geloofsinterpretasies van ander voortgeleef het; 'n Abraham wat in die geloofstradisies van Israel 'n lewende werklikheid was; 'n Abraham wat in talle hervertellinge geleef het. Kortom: in Israel se geloofsnadenke het Abraham 'bestaan'" (*Verbum et Ecclesia,* 22[2]2001: 328).[66]

Met bogaande in gedagte is dit, ten minste soos ek dit interpreteer, besonder interessant om op te merk dat professor Le Roux in beide sy besprekings oor Abraham en Jesus se opstanding, allergies is om die woord "histories" en "letterlik" te gebruik, wat natuurlik verwys na konkrete en geskiedkundige gebeure. Almal wat só oor dié sake wil praat en dink is klaarblyklik besig met onder andere hul "eie maaksels", "positivisme", 'n "magspel", "fundamentalisme" en so meer. Hierteenoor wil professor Le Roux praat van die "werklikheid" van Abraham, en die "werklikheid" van Jesus se opstanding.

Maar hoekom die "werklikheid" en nooit die "historiese" of "letterlike" nie? Hiervoor is dit nodig om na 'n aangrypende (maar vir my persoonlik 'n tragiese) paragraaf in professor Le Roux se artikel

66 Die "bestaan" in aanhalingstekens is veelseggend.

oor *Fatherless* the verwys. Dít het hy geformuleer nadat hy *Fatherless* in redelike detail behandel het. Let op na woorde soos "rou", "enorme verlies" en "huil":

> "'n Gevoel van verlies en rou moet eie aan die historikus Nuwe Testamentikus wees. Toe die Jesusverlede verwoord is, is die besondere (die historiese Jesus) onmiddellik verloor; toe die Jesusverlede talig gemaak is, is dit veralgemeen en is die partikuliere van die gebeurtenis (die Jesusgebeure) onmiddellik verloor (Derrida, 1995: 377). En dit is 'n enorme verlies. 'n Verlies wat nooit weer omgekeer kan word nie en daarom die oorheersende gevoel van rou. Omdat die verlies absoluut is, is die rou ook absoluut. Niks kan daaraan gedoen word nie. Die historikus Nuwe Testamentikus kan net "huil oor die onvervangbare verlies en sy eie onmag ten opsigte daarvan, oor die (vuur-)as wat die singuliere as getuie van haar vlugtige aanwesigheid agtergelaat het" (Goosen, 1998: 70). Of soos Derrida dit gestel het: "Deep down, deep down inside, the eye would be destined not to see but to weep" (Caputo, 1997: 326; Le Roux,1998: 477-486)" (*HTS,* 85[1]2002: 93).

Professor Le Roux wil hê ons moet 'n gevoel van totale verlies ervaar, hy wil hê ons moet "besef" dat ons Jesus verloor het. Ons moet huil, huil en weier om die letterlike historiese opstanding van Jesus te bely! Die letterlike historiese opstanding van Jesus is volgens hom 'n absolute onmoontlikheid! Klaarblyklik was die letterlike opstanding van Jesus nie vir die vroeë Christene belangrik nie.[67] Professor Le Roux wil hê ons moet huil en eerder sê ons glo in die "werklikheid" van die opstanding – maar natuurlik, elkeen volgens sy of haar eie werklikheid. So kan elkeen self besluit wat *werklik*, werklik beteken.

67 In alle billikheid, geld dit ook vir Justin Martyr, Polikarpus, Pothinus, Sanctus, Marturus, Blandina, Attalus, en al die ander martelare van wie spektakels gemaak is om te spot met die hoop op 'n liggaamlike opstanding en ewige lewe? En ook Ireneaus, Tertullianus en die dosyne kerkvaders wat bladsy op bladsy die letterlike opstanding bely het?



## 'n Poging tot geloofwaardige interpretasie

Hoe sluit mens die bespreking oor professor Jurie le Roux af? Daar is nog so baie wat gesê kan en behoort te word oor sy ringsondersoek asook die universiteitsverhoor. Sake wat bespreek is, sluit onder meer in die gebeure rondom die twee kruispaaie in Junie 2004; die 14 Oktober 2003-gebeure by Unisa; professor Le Roux se artikel oor professor Van Aarde se boek *Fatherless in Galilee*, en sy getuienis oor Jesus se opstanding.

Waarvoor daar net gewoon nie plek was nie, is onder meer sy kategoriese uitsprake dat hy nié in die letterlikheid van Jesus se maagdelike verwekking glo nie, dat hy nié kan glo in die bestaan van die duiwel óf die Bose nie, en ook sy ongemak met die idee dat Jesus deur sy kruisdood 'n offer gebring het vir ons sondes. Op grond van wat wel bespreek is oor Jesus se opstanding behoort die ingeligte leser relatief gemaklik te kan agterkom waarom professor Le Roux hierdie ander sake interpreteer soos hy doen.

Dit is inderdaad 'n moeilike taak om die veelkantigheid en dieptes wat daar in professor Le Roux se arsenaal teologiese insigte is, na waarde te verstaan, wat nog te sê om dit na wense te formuleer! Ek het ten minste 'n deeltjie daarvan probeer belig soos ek hom oor meer as vyf jaar beleef het.

Vir 'n meer volledige bespreking van professor Le Roux se Bybelwetenskaplike, teologiese en filosofiese werk, kyk gerus na professor Dirk Human se artikel daaroor in *OTE,* 19(3) 2007.

Ek het, soos wat ek hierdie manuskrip voltooi het, hóéveel keer gewonder wat professor Le Roux se reaksie op my interpretasies kan wees. As dit enigsins op dieselfde toon sou wees as sy verweer tydens die ondersoeke (en op dieselfde toon as sy geskille met 'n Johan Heyns, Jimmie Loader en Adrio König – nie dat ek myself hoegenaamd in hulle liga wil of kan plaas nie!), sal dit gewis 'n besonder intense afkeur daarin wees. Dát professor Le Roux my interpretasies gaan afskiet is 'n gegewe. Hóé hy dit gaan doen dalk ook.

Met dit in gedagte wil ek egter wel melding maak van 'n belangrike geskil waarby professore Le Roux en Loader betrokke was insake eersgenoemde se boek *A Story of Two Ways* (*Story*) – waarna ek reeds

vroeër verwys het, maar hier juis om te kyk na hoe interpretasie daar-oor tussen hulle plaasgevind het. Ek gaan nou probeer fokus op 'n paar elemente van daardie geskil wat ongetwyfeld in ge-dagte gehou moet word wanneer professor Le Roux se kritiek op my interpretasies van hom, en sy interpretasies oor my finaal beoordeel moet word.

Die hele dispuut het gehandel oor professor Le Roux se *Story* waarin sy beskrywing van professor Loader onder dispuut was. Professor Loader het besonder te na gekom gevoel oor hóé professor Le Roux klaarblyklik 'n karikatuur van sy teologiese arbeid daarin geskets het (*Skrif en Kerk,* 15[2]1994). Professor Loader het sy ontevredenheid byvoorbeeld uitgedruk met frases soos:

- "Professor Le Roux hou net met sy eie lesing van my teks rekening en met niks daar rondom nie" (398);
- "My punt met hierdie betoog is om aan te dui dat professor Le Roux self nalaat wat hy van ander vereis" (402);
- "Hy het selektief te werk gegaan met die keuse van dié artikels van my wat hy ter diskussie wil stel en dié wat hy wil verswyg" (405);
- "Na my mening kry professor Le Roux alles slegs teen die prys van ernstige oorvereenvoudiging, veralgemening en selfs negering in sy skema ingepas" (406).

Hoe het professor Le Roux hierop reageer? Ek plaas 'n uittreksel:

> "Loader is dus erg in *Story* teleurgesteld. Uiteraard is dit vir die skrywer van *Story* sleg om te verneem – veral komende van 'n baie gewaardeerde geleerde. Graag sou die skrywer dit anders wou hê, maar gedane sake het nou eenmaal geen keer nie. Tog is daar iets lastigs in die kritiek wat 'n bietjie irriteer: Loader se voorskriftelikheid. Een saak moet ons tog baie duidelik stel: *Story* is **my** geskiedenis en nie dié van Loader nie. Dit is **my** storie... dit is **my** verhaal, **my** aksente, **my** interpretasie, **my** rekonstruksie en nog vele meer . . . niemand het die reg om voor te skryf nie. Hinderlik is daarom Loader se voortdurende inmenging in my storie deur lang selfverdedigings en 'n geboelie met alternatiewe interpretasies . . . hy moet sy plek binne my storie ken" (*Skrif en Kerk,* 16[1]1995: 86).

*hy moet sy plek binne my storie ken*

Die beklemtonings is professor Le Roux s'n. Hoekom hierdie relaas tussen twee vooraanstaande Bybelwetenskaplikes in 'n boek soos hierdie opneem? Ten minste om die volgende redes: Professor Le Roux beskuldig my in sy 22 Januarie 2006 skriftelike voorleggings aan die ondersoekliggaam van Pretoria-Oos onder andere daarvan dat ek "ongekontroleerde uitsprake" maak; "[h]y kleur 'n mens se woorde in soos hy wil" en "[a]lles draai om hom, hy is die norm". En ook: "[t]en slotte wil ek verklaar dat alles, alles en nogmaals alles wat Meneer Mulder . . . van my sê, is óf verkeerd óf verdraaid of buite konteks aangehaal. Ek kan my hoegenaamd nie in [sy] woorde herken nie" (Skriftelike voorlegging, 2006: 2). Terloops, die laaste aanhaling stem ooreen met hoe professor Johan Heyns gereageer het op hoe professor Le Roux hom geïnterpreteer het: "Daarin kon ek myself en die intensie waardeur ek my laat lei het, hoegenaamd nie terugvind nie" (*Skrif en Kerk,* 15[1]1994: 162).

Inderdaad is 'n paar van professor Le Roux se afkeure oor hoe ek hom interpreteer het nogal dieselfde kritiek wat professor Loader (en Heyns) maak oor professor Le Roux se interpretasies van hulle. Nou hoe moet ek reageer op professor Le Roux se kritiek op my? Soos hy gereageer het op professor Loader se kritiek en aan te dring daarop dat hierdie boek "**my** geskiedenis en nie dié van [professor Le Roux] is nie? Dit is **my** storie . . . dit is **my** verhaal, **my** aksente, **my** interpretasie, **my** rekonstruksie en nog vele meer . . . niemand het die reg om voor te skryf nie"? Nee! So braaf is ek nie meer nie. My interpretasies is natuurlik nie die enigste of 'n objektiewe weergawe nie. En ja, ek dink ek was by tye te onge-nuanseerd, en ek hét in die verlede sommige stellings nie goed genoeg gekwalifiseer nie. Ek wás emosioneel betrokke by die sake waarook ek geskryf het, en ek hét tegniese foute gemaak. Daarvoor vra ek opreg om verskoning. Dit alles gesê, kan ek egter ook hier verklaar dat dit in hierdie komplekse bespreking my doel was om so geloofwaardig moontlik die gebeure

*vra ek opreg om verskoning*

rondom my en professor Le Roux se verhouding in die jare 2001-2006 te beskryf. Of ek dit reggekry het, laat ek aan ander oor om te besluit.

## 'n Laaste voorlopige woord

Professor Le Roux se ondersoeke was die mees gelade en gespanne ondersoeke soos wat ek dit beleef het. Gedurende die vyf jaar van my teologiese studies tot op daardie stadium, het ek die meeste gesprekke met hom gehad. Ons het saam gaan koffie drink, ek was by sy huis, hy was by my huis en ek het verskeie telefoonoproepe na hom gemaak. Ons kon praat oor kuns, kultuur, politiek en nog meer. Dit was opwindend, ten minste vir my. Ek het ook in al my vakke by hom onderskeidings behaal, iets waarop ek terugskouend trots is. Dit alles het dit daarom soveel moeiliker vir my gemaak om 'n getuie in 'n dwaalleer-ondersoek teen hom te wees. Ek het hierdie man gerespekteer! Professor Le Roux het my ongelooflik verkwalik vir alles wat gebeur het. In sy skriftelike antwoord tydens die leerdwaling-ondersoek skryf hy byvoorbeeld:

> "Ek was nog nooit so teleurgesteld en ontnugter in iemand soos in Meneer Mulder nie. Hy het my goedheid vir eie gewin misbruik. Hy was dus nooit eg in sy verhouding met my nie. Hy was nooit eerlik nie en het nooit reguit gesê dat hy inligting vir 'n klag bymekaar maak nie. Al die gesprekke, vrae en telefoonoproepe was dus nooit opreg bedoel nie" (2).

Hierdie woorde maak nou nog seer. Ek wás opreg in my vriendskap met professor Le Roux en het ook glad nie uit die staanspoor inligting bymekaar gemaak vir 'n klag nie. Ongetwyfeld nie! Na sy uitspraak in die klas dat die Bybel die produk van die "gekonkel van mense" is; sy skielike en onverwagse skeptiese uitspraak oor Jesus se opstanding aan my persoonlik; en sy besonder positiewe artikel oor professor Van Aarde se *Fatherless in Galillee*, het ek (saam met ten minste 'n paar ander studente) ervaar dat die skrif aan die muur was: hier kom probleme!



My gewete het my begin skroei (vir professor Le Roux se part ook), veral gegewe die volgende deel in die legitimasieverklaring wat hy en elke ander NG predikant, (sonder enige dwang!) onderteken het:

> "dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer; dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;"

Ek is hartseer oor al die dinge wat skeefgeloop het in my verhouding met professor Le Roux, en bid nog steeds dat die Here op die een of ander wyse lig in hierdie jare lange donker tonnel mag bring. Of dit gaan gebeur, laat ek in die hande van die Here.

# Professor Dirk Human

Hóékom is professor Dirk Human, wat Ou Testament doseer, betrek by 'n ondersoek wat oor Jesus se opstanding sou handel? Hy doseer mos nie Nuwe Testament nie? Terugskouend is die volgende aanhaling uit 'n voetnota (wat verwys na 'n koerantberig in *Rapport*) in 'n artikel deur professor Human heel moontlik 'n belangrike hermeneutiese sleutel:

> *die Christelike geloof kan nie losgedink word van die liggaamlike opstanding van Christus nie*

> "Terwyl die ring [van Lyttleton] sê die 'Christelike geloof kan nie losgedink word van die liggaamlike opstanding van Christus nie, waarby die Christendom staan of val', sê Spangenberg dis vir hom moeilik om aan die fisieke opstanding uit die dood en Christus se herverskynings te glo. Dit gebeur gewoon nie in sy leefwêreld nie . . . Christus se verskynings aan sy dissipels verklaar hy

> daaruit dat hulle so intens met Jesus saamgeleef het, dat Hy ná sy dood steeds vir hulle 'n werklikheid was" (Annemarie Mischke, *Rapport* 21 Maart 2004).

Maar hierdie aanhaling uit 'n koerantberig gaan mos oor professor Sakkie Spangenberg en nie oor professor Human nie? Korrek. Dus, wat is die relevansie indien enige tussen hierdie berig en professor Human dan? Waar en hoekom verwys professor Human daarna? Is dit enigsins belangrik? Wat is die implikasie daarvan? In my bespreking oor professor Human gaan ek probeer om aan hierdie sake aandag te gee. Maar voordat ek daarby kom, eers 'n paar inleidende opmerkings oor professor Human, die gebeure sedert 2004 en die ondersoeke.

## Inleiding tot die ondersoeke

"Lasterlik", "oneerlik", en "naamskending". Dít is drie van die woorde wat professor Human in die openbaar uitgespreek het kort na die verskyning van die 15 Junie 2005-studenteverklaring. Hy was doodernstig, soveel so, dat hy volgens een van sy eie briewe regsadvies gaan inwin het. Professor Human was vasbeslote: hierdie studentjie sal hy nie groet tot op dié dag wanneer hy saam met sy regsverteenwoordiger in 'n universiteitsverhoor teen die student sal getuig nie! Hóéveel oggende, in die weke voor die verhoor begin het, sou professor Human weier om my by die fakulteit te groet. Natuurlik is daar diegene wat hom nie kwalik neem nie. Hy het ook laat blyk dat die gebeure hom persoonlik, maar ook persone wat naby hom is, geraak het. Tydens die universiteitsverhoor het hy dit selfs beskryf as een van die "mees traumatiese tye" in sy lewe (511).

Maar dáárdie oggend, met die aanvang van die verhoor, kan ek nouliks vergeet. Toe hy by die verhoorlokaal binnestap, was die eerste woorde uit sy mond: "Môre, meneer Mulder" waarna hy 'n stewige hand uitgesteek het, en ek hom vriendelik terug geantwoord het: "Môre, professor Human". Hy was geklee in 'n netjiese pak klere en vol selfvertroue. Maar wat sou alles tydens die ringsondersoek en universiteitsverhoor gebeur?



My bespreking oor professor Human is dalk die maklikste (of die moeiliksteʔ) van die drie dosente, omdat ek nie die ringsondersoek self bygewoon het nie en omdat die ander twee ondersoeke veel meer getuienis opgelewer het. Dit maak die teologiese sake in professor Human se geval egter nie minder belangrik nie! Ek begin deur na gebeure te verwys wat voor die ondersoeke sou afspeel.

Professor Human is sedert 1992 dosent in Ou Testament by die Universiteit van Pretoria. Ons as studente het hom oor die algemeen as 'n professionele, aangename en vriendelike mens beleef. Ek het gewoonlik baie goed in sy modules gedoen en het ook 'n paar indringende gesprekke met hom gehad en ook ernstige vrae in die klasse gevra. Al sou ek in my derde jaar 91% vir 'n module by hom gekry het, was daar nogtans, wat die teologie betref, dinge wat bly krap het (veral oor sommige aksente van die kritiese Bybelwetenskap).

Ek het reeds vroeër berig oor een van ons klasmaats wat veral sedert 2003 "andersdenkend" geword het en opmerklik baie tyd by professor Human deurgebring het. Of professor Human enigsins iets met die "anders" dink te doen gehad het, kon ons nie bewys nie. Maar die talle ure wat dié student in professor Human se kantoor spandeer het, en die koue skouer wat hy toenemend na ons gedraai het, was vir ons moeilik om te aanvaar. Hy sou kon terugkap en beweer dat hy hierdie student eintlik probeer help het. Wat ookal nou terugskouend daaroor gesê mag word, dit was ten minste vir 'n paar studente 'n geloofwaardige afleiding dat professor Human se invloed op hierdie student nie dinge verbeter het nie, maar eerder die verwydering tussen ons en hom vergroot het. Die doodsheid en, soos ons dit ervaar het, hooplose uitdrukkings wat uit hierdie student se oë gestraal het, was iets radikaal anders as die blymoedige sprankel wat altyd so kenmerkend van hierdie student was. Dalk het hierdie gebeure daartoe bygedra dat sommige studente huiwerig was om openhartig deel te neem in die klas en met professor Human in gesprek te tree. Dít sê ek, ten spyte van die volgende bewering wat professor Human later sou maak:

> "My eie didaktiese instelling is een waarin ek nie probeer om studente/lidmate te skok met nuwe teologiese inhoude nie. Ek probeer altyd 'n sagte benadering volg en studente se

> teologiese 'lugleegtes' verantwoordelik met nuwe inhoude te vul."[68]

Of "studente se teologiese 'lugleegtes' [áltyd] verantwoordelik met nuwe inhoude" gevul is, sal elkeen wat verder lees maar self oor moet oordeel. Ten minste, soos 'n paar studente dit beleef en ervaar het, was die "lugleegte" van een student só gevul dat daar by die persoon nóóit weer (vir so lank ons nog studeer het) 'n behoefte was om saam te bid, saam liedere te sing, en bo en behalwe ons teologiese boeke ook saam geestelike boeke te lees nie.

## Jesus se opstanding en Jona se opstandingsgeloof

Een van die belangrike en veelbesproke artikels wat daarvoor verantwoordelik was dat professor Human by die 15 Junie 2005-studenteverklaring betrek is, is sy artikel "Jona se 'opstanding uit die dood': Perspektiewe op die 'opstandingsgeloof' vanuit die Ou Testament" (voortaan "Jona")(*HTS*, 60 [1 & 2] 2004).

Voordat ek daaroor uitwei, is dit dalk nodig om net eers prinsipieel 'n gedagte of twee te wissel oor die feit dat ons hier te doen het met 'n wetenskaplike artikel. Is dit nie onbillik om professor Human in die openbaar te kritiseer oor eksperimentele uitsprake wat hy in 'n hoogs gespesialiseerde wetenskaplike artikel maak nie? Mag teoloë by 'n universiteit nie die vryheid hê om te eksperimenteer en nuwe grond met navorsing oop te breek nie? Absoluut!

Daar is egter spelreëls vir 'n NG predikant wat hom of haar tog so bietjie anders maak as byvoorbeeld 'n teoloog van Unisa. As 'n NG professor, wie se salaris gedeeltelik deur die kerk betaal word, byvoorbeeld een van die heel belangrikste waarhede vir sy of haar kerk in 'n wetenskaplike artikel in diskrediet bring, sal dit nie net dislojaal wees nie, maar ook in stryd wees met die Christelike etiek en orde van sy of haar kerk. Gelowige teoloë behoort nie, indien hulle twyfel en wil eksperimenteer oor kerngeloofsake, dit in die eerste plek in wetenskaplike artikels bekend te maak nie, maar in gesprek met sy of haar broers en susters by 'n sinode. Enige wesenlike veranderinge aan ons belydenis kan slegs op Algemene Sinodale vlak gebeur. Dít is deel van 'n vrywillige ooreenkoms wat elke NG predikant en dosent beloof met legitimasie, en ook tydens die seremonie toe hy of sy professor geword het. As dít nie gebeur nie, loop dinge skeef. Dus, hét dinge skeefgeloop in soverre dit professor Human se "Jona"-artikel aangaan? Professor Human sou dit natuurlik ontken. Elkeen sal egter self daaroor moet besluit nadat die relevante getuienis behandel is. Ek is nie hier besig om 'n opsomming van die volledige artikel te gee nie; ek reduseer en fokus spesifiek op dié sake wat in die debatte belangrik was. Vergelyk ook gerus (en asseblief!) my interpretasies met dié van professor Human en die ringsuitspraak.

Professor Human se "Jona"-artikel het vroeg in 2005 onder vyfdejaar studente se aandag gekom juis toe professor Human met ons gekyk het na die boek Jona. Met die lees van die artikel was daar dadelik ongemak en verwarring, ten minste vir my. Al is professor Human uiteindelik deur die ringskommissie wat sy ondersoek hanteer het onskuldig bevind aan leerdwaling, het die uitspraak darem (en merkwaardig?) ook erkenning gegee aan my en sommige studente se worstelinge in die verband.

Die uitspraak sê daar "moet toegegee word dat formulerings wat gebruik word [in "Jona"] vir die leek (en ook vir gewone predikante) verwarrend kan wees." En dan word verduidelik waarom dit moontlik is.[69] Terugskouend is die moontlike verwarring dalk ook nie so ongeloofwaardig as wat professor Human mag dink nie. Ek gee twee redes:

1. Nadat Riaan Rossouw hom amptelik (en onder geweldige druk) in Julie 2005 van die studenteverklaring onttrek het, het hy, nadat professor Human die artikel in detail aan studente verduidelik het, en ook nadat Riaan 'n persoonlike broederlike

68 Hierdie aanhaling kom uit prof. Human se voorlegging aan die ring van Faerie-Glen wat sy ondersoek behartig het. Dit is ongedateer en sonder bladsynommers. Die ringsondersoekuitspraak sowel as die "Jona"-artikel wat hulle gebruik het, het nie bladsynommers gehad nie.

69 Die 7 Junie 2006-uitspraak het nie bladsynommers gehad nie.

gesprek met hom daaroor gevoer het, hom herverbind tot die verklaring. Hou in gedagte dat Riaan ook 'n siviele ingenieur is en goeie akademiese punte behaal het. 'n Herverbintenis tot die verklaring het ernstige gevolge inghou – Riaan is as gevolg daarvan nooit deur die kuratorium vir legitimasie aanbeveel nie. Sien Bylaag 5 waar Riaan verduidelik waarom hy nie kon saamgaan met professor Human se interpretasie nie.

2. Professor Human was tydens die universiteitsverhoor ongemaklik oor die ringsuitspraak in sovere dit oor die moontlike "verwarring" van sy artikel gaan. Ek haal een gedeelte aan waar regter Swart met hom daaroor gesels:

**Voorsitter:**
Ek wil dit net duidelik kry, staan dit vas, is dit ooit bevind of deur u erken, ek kan nie onthou nie, dat daar in die artikel moontlike verwarring van die lesers daarvan kan wees?

**Human:**
Bedoel u nou 'n spesifieke aspek in die . . .

**Voorsitter:**
Enige aspek, dat daar aspekte in die artikel kan wees, die Jona-artikel wat vir die lesers verwarrend kan wees. Is dit so?

**Human:**
Ek het gemeen dat dit nie so is nie . . . " (541-542).

Wat is daarom so belangrik en kontroversieel in dié artikel dat 'n amptelike kerkondersoek dit as verwarrend kan bestempel, dat 'n student (Riaan) bereid is om sy droom om NG predikant te word op die spel te plaas as gevolg van die artikel, en dat 'n regter hom daaroor kruisondervra?

Ek probeer verduidelik: In die verhaal van Jona het professor Human sy eie verstaan van die "opstandingsgeloof" ontwikkel, en ook daarmee saam klaarblyklik verwys na Jesus se opstandingsverhale in



die Nuwe Testament. 'n Groot deel van die verwarring het ontstaan gegewe die feit dat die "opstandingsgeloof" wat klaarblyklik uit die Jona-verhaal afgelei word, teruggaan na "die fiktiewe karakter van die narratief" – dus dat die Jona-verhaal nie letterlik waar is nie[70] en dat daar 'n verband met Jesus se opstanding gelê word. As die Jona-verhaal dan fiktief is, en daar 'n verband met Jesus se opstanding is (daar word élf keer by name na Jesus in die artikel verwys), is Jesus se opstanding dan ook fiktief? Dít is ten minste een afleiding wat gemaak sou kon word. Dít gee selfs die ringsuitspraak tot 'n mate toe:

> "Die noue verband wat skynbaar veronderstel word tussen die 'opstanding' van Jona en ons 'opstandingsgeloof' oor Jesus is vreemd omdat daar nêrens in die Bybel 'n verband tussen die twee sake gelê word nie, en omdat Jesus se opstanding totaal verskil van die ervaring van Jona. Dit is uniek en heeltemal anders as gevalle van iemand wat dood was en weer lewendig geword het."

By herhaling sou professor Human egter tydens die ondersoeke Jona se "opstandingsgeloof" en Jesus se opstanding uitmekaar probeer hou (byvoorbeeld op p. 497-499 tydens die verhoor). Dié twee sake moet klaarblyklik nie met mekaar verwar word nie, en daar is ook volgens professor Human nie in die artikel 'n verband tussen die twee sake nie.

Wat behels die "opstandingsgeloof" in "Jona" dan? Soos wat Jona in die maag van die vis was en wonderbaarlik gered is, en dus in 'n sekere sin "opgestaan" het, só kan 'n mens deur God se krag in 'n nuwe lewe opstaan uit 'n krisis, 'n probleem of omstandighede wat die lewe bemoeilik of bedreig. Dít, as ek professor Human reg verstaan, noem hy "opstandingsgeloof". Laasgenoemde

> "illustreer sy [God se] krag oor die mag van die dood of oor enige ander vernietigende chaosmag(te). Op hierdie krag moet gelowiges hulle hoop vestig en hulle geloof bou; en nie

70 Oor die hele kwessie of Jona 'n mitologiese of geskiedkundige verhaal is gaan ek nie hier op in nie. My fokus is eerder op die verband tussen die "opstandingsgeloof" en Jesus se opstanding in hierdie artikel.

op periferiese aspekte soos die historisiteit van Jona, die vis of die wurmpie of die wonderplant nie. Daarom is sowel die verhaal van Jona en Jesus illustrasies van die 'opstandings-geloof' in God."

Professor Human vind dus in beide die Jona- én Jesus-verhale 'n "opstandingsgeloof". Maar kan dié soort opstandingsgeloof afsonderlik van Jesus se "histories-letterlike" opstanding (woorde wat professor Human self gebruik) staan? Bedoelende, kan gelowiges hulle hoop en geloof bou op die opstandingsgeloof, maar nie hoop en glo in Jesus se "histories-letterlike" opstanding nie? Professor Human maak die volgende bewering in "Jona":

> "Hierdie voorstelling van die opstandingsgeloof [in "Jona"] sou inderdaad as 'n hermeneutiese sleutel kan dien vir mense en kerke wat slegs die histories-letterlike opstanding van Jesus 'n voorwaarde wil maak om die waarheid van die Nuwe-Testamentiese opstandingsgeloof tot uitdrukking te bring" (Jackson, *Beeld*, 2004a: 5; 2004b: 5; Mischke 2004: 2)

Kan 'n Christen dus sy of haar hoop en geloof plaas in die "opstandingsgeloof", en tegelyk Jesus se leë graf ontken? Professor Human se artikel wek, ten minste op die oppervlak, die indruk dat daar ruimte hiervoor is. Is dit 'n geregverdigde en billike interpretasie of nie? Professor Human het dan gesê ons moet nie Jona se "opstandingsgeloof" verwar met Jesus se opstanding nie? Om duidelikheid hieroor te kry, ten minste soos professor Human sy interpretasies hieroor verduidelik het, haal ek 'n gedeelte uit die verhoor aan om hieroor opklaring te probeer bring:

**Voorsitter:**
"... u praat 'n bietjie verder [in die artikel] van 'mense en kerke wat slegs die histories-letterlike opstanding 'n voorwaarde wil maak.' Nou normaalweg as iemand 'n voorwaarde maak dan sê hy, ek wil dit só hê en op geen ander manier nie en as dit in daardie sin verstaan kan word hierso, beteken dit nie dat hier is 'n sleutel vir mense wat buite om die voorwaarde van die histories-letterlike ook nog in die opstandingsgeloof kan deel? Met ander woorde iemand wat sê, 'ek glo nié in die letterlike, fisiese opstanding nie' dat die sleutel die deur vir hom ook oopmaak om in die opstandingsgeloof te deel?

**Human:**
Inderdaad. Vanuit dié perspektief, as ek dit so kan formuleer, vanuit 'n Bybelse perspektief hoe ek dus die opstandingsgeloof verstaan.

**Voorsitter:**
Ja, ek wil u net nie ... mislei nie, ek weet u het gepraat van méér ... maar kan hierdie nie gelees word as 'ánders' nie? Met ander woorde as aan my voorwaarde nie voldoen word nie, my voorwaarde dat dit 'n letterlike, fisiese opstanding moet wees, dan is daar ook 'n ander moontlikheid wat erken kan word ...

**Human:**
Ek dink so ...

**Voorsitter:**
Nie 'méér nie, 'ánders'?

**Human:**
Ek dink so, ek sou, ja, daarop kon antwoord" (Mulder, Tweede verhoor: 619-620).

Regter Swart se ondervraging is heel duidelik: Kan Jesus se leë graf verwerp word, maar met behoud van die "opstandingsgeloof"? Professor Human antwoord bevestigend. Me Jordaan, komiteelid saam met regter Swart, het ook vir professor Human gevra of dié soort "opstandingsgeloof" Jesus se liggaamlike opstanding kan uitsluit? Professor Human antwoord:

**Human:**

"Dit kan dit ook uitsluit, ja, met ander woorde die opstandingsgeloof . . . " (Mulder, Tweede verhoor: 605).

**Jordaan:**

. . . As ek nou net bietjie verder kan gaan en vra, u sê dat dit ook die standpunt van die NG Kerk is; dat dit so verstaan kan word?

**Human:**

Ek dink so . . . Ja, weet u die belewenis van die opstandingsgeloof dink ek sou 'n mens daar wel kon sê dat dit uitgesluit is . . . Ja, met ander woorde dit is die belewenis daarvan en dit is hoekom ek terugkom na die opstandingsgeloof wat ek uit die verhaal van Jona uithaal" (: 606-607).

Me Jordaan wou meer duidelikheid kry en vra toe weer:

**Jordaan:**

"Wat ek wou sê, of wat ek wou weet is dit: kan dit wel die liggaamlike uitsluit en u het daarop positief geantwoord. En toe het ek gevra, maar kan dit geakkommodeer word met die NG Kerk se leerstellinge, en ek dink toe het u ook gesê, u dink, ja . . .

**Human:**

Ja . . .

**Jordaan:**

Dan is ons reg dankie" (610).

Ons kan dus geloofwaardig aanvaar dat dit professor Human se standpunt is, ten minste soos hy dit in "Jona" verduidelik, dat 'n Christen Jesus se letterlike opstanding kan ontken, bedoelende sy beendere kan dalk iewers in Jerusalem gevind word, maar terselfdertyd kan so 'n Christen deel in professor Human se verstaan van die "opstandingsgeloof".



Nou volg die vraag, wat is die implikasie hiervan? As die "opstandingsgeloof" (om deur God se krag op te staan uit 'n krisis, 'n probleem of omstandighede wat die lewe bemoeilik of bedreig) losgemaak kan word van Jesus se letterlike opstanding, wat is die implikasie (indien enige) vir ons geloof in Jesus se opstanding? Om hieroor duidelikheid te kry, word gekyk na die laaste paragraaf in "Jona", wat ook 'n interessante en belangrike gesprek tydens die universiteitsverhoor tot gevolg gehad het. Daarin verduidelik professor Human iets van die "onbeskryflikheid" van die "opstandingsgeloof", en verwys dan na hoe antieke gelowiges dié waarheid (die "opstandingsgeloof" – en klaarblyklik níé Jesus se opstanding nie!) mitologies en metafories verpak het. Die paragraaf lees soos volg:

"Hierdie waarheid oor God, naamlik dat Hy die onmoontlike moontlik maak deur lewe uit die dood te laat verrys [die 'opstandingsgeloof'], is te onbeskryflik om werklik te verwoord. Daarom het antieke gelowiges hierdie waarheid knus verpak in die voorstellingswêreld van mitologiese beelde en metaforiese voertuie . . ."

Die voorsitter het, gegewe hierdie paragraaf, dit aan professor Human gestel dat dit nie saak maak hóé die opstanding van Christus plaasgevind het nie. Merk op dat hierdie vraag deur regter Swart nou oorbeweeg het van die "opstandingsgeloof" na Jesus se opstanding. Soos ons in professor Human se antwoord sal sien, stem hy uiteindelik met regter Swart saam, deurdat hy, in opposisie tot 'n uitsluitlike geloof in Jesus se letterlike opstanding, addisionele ruimtes wil skep vir 'n verskeidenheid van interpretasies, insluitende dié van Rudolf Bultmann vir wie Jesus slegs "opstaan" in die harte van sy dissipels en mense.

**Voorsitter:**

". . . kan hierdie laaste paragraaf nie ook dan aandui dat ons moet 'n mitologiese benadering oorweeg ten aansien van die opstanding van Christus, ook in die sin dat dit nie saak maak hoe dit plaasgevind het nie?

**Human:**

Ja, dit is altyd moeilik wanneer 'n mens met begrippe

werk. Ek sou u beskrywing wat u gee, 'dit maak nie saak hoe dit presies plaasgevind het nie', sou ek heeltemal kan ondersteun. Of dit net 'n mitologiese standpunt sou wees om te sê . . . 'dit maak nie saak nie', sou vir my nogal 'n vraag wees, want 'n mens sou waarskynlik ook ander moontlikhede daarby kon insluit. Ek dink aan mense wat dit as 'n mistieke ervaring het; daar is mense wat ook sê, dit is 'n eskatologiese ervaring, iets van die eindtyd; daar was ook mense soos Rudolf Bultmann wat gesê het, Jesus staan in die harte van Sy dissipels op en ook in die harte van mense op. So ek sal u eerste moontlikheid heeltemal kon onderskryf, maar dit dan ook breër maak om te sê, dit is nie net mitologies nie.

*as u so bietjie wil nadink oor my laaste vraag doen dit gerus*

**Voorsitter:**
Ek sien, as u so bietjie wil nadink oor my laaste vraag en enigiets verder te sê het, doen dit gerus.

**Human:**
Dankie" (Mulder, Tweede verhoor: 630-631).

Regter Swart se stelling "as u so bietjie wil nadink oor my laaste vraag" het by my die gevoel laat ontstaan dat hy nie heeltemal gemaklik was met professor Human se antwoord nie. Dit was asof hy professor Human weer 'n kans wou gee om sy antwoord beter en anders te herformuleer. Ek bedoel, die voorsitter ís bedien met die NG belydenisskrifte en Algemene Sinodale verklarings waarin die liggaamlike opstanding van Jesus bely word!

Dus, indien ek professor Human reg verstaan, ten minste op grond van bogaande getuienis, en in die konteks van sy "Jona"-artikel, maak dit nie saak hóé Jesus opgestaan het nie. Elkeen kan self besluit hoe Jesus vir hom of haar "opgestaan" het. Vir die een is dit 'n "mistieke ervaring", vir 'n ander 'n "eskatologiese ervaring"; vir 'n volgende persoon (soos Bultmann) staan Jesus in die harte van sy dissipels op; en vir 'n behoudende Christen is dit natuurlik 'n "histories-letterlike" opstanding. Dus, daar is géén basiese kern wat betref hóé Jesus



opgestaan het nie. Om te sê Jesus het "opgestaan" beteken dus nie dat dit vir 'n gelowige moet teruggaan na 'n letterlike gebeurtenis nie. Hierdie beredenering is in lyn met die kommissie se uitspraak dat die wyse van Jesus se opstanding nie in die NG Kerk voorgeskryf is nie.

Met dit in gedagte is die volgende bespreking belangrik. Nou gaan ek terug na die heel eerste aanhaling wat ek in die begin van my bespreking oor professor Human gemaak het.

## Lyttleton, Spangenberg en Human

Na afloop van die verhoor het ek afgekom op 'n verwysing in "Jona" wat in die konklusie van die artikel voorkom (en spesifiek by die sin wat handel oor die "histories-letterlike" opstanding wat nie as voorwaarde vir die "opstandingsgeloof" hoef te dien nie). Uit dié konteks is dit waarskynlik 'n geregverdigde stelling dat dié verwysing (Jackson 2004a: 5; 2004b: 5; Mischke 2004: 2) verband hou met die relevansie maar óók implikasie van professor Human se verstaan van "opstandingsgeloof". Die spesifieke verwysing handel oor drie koerantberigte waarin professor Sakkie Spangenberg onder meer sy twyfel uitspreek oor Jesus se liggaamlike (of fisieke soos die berigte dit stel) opstanding, teenoor die ring van Lyttleton wat dit bely. Ek haal weer die belangrike deel daaruit aan:

> "Terwyl die ring [van Lyttleton] sê die 'Christelike geloof kan nie losgedink word van die liggaamlike opstanding van Christus nie, waarby die Christendom staan of val', sê Spangenberg dis vir hom moeilik om aan die fisieke opstanding uit die dood en Christus se herverskynings te glo. Dit gebeur gewoon nie in sy leefwêreld nie . . . Christus se verskynings aan sy dissipels verklaar hy daaruit dat hulle so intens met Jesus saamgeleef het, dat Hy ná sy dood steeds vir hulle 'n werklikheid was."

Terloops, dr. Johan Ernst, sedert 2007 die aktuarius van die NG Kerk, was intens betrokke by dié ondersoek, en ook 'n amptelik lid van die ring van Lyttelton wat onomwonde Jesus se liggaamlike opstanding bely het (*Kerkbode*, 9 April 2004).

Hóékom het professor Human na hierdie berigte waarin Jesus se opstanding so belangrik was verwys? Wát wou hy daarmee probeer sê en hoekom? Gegewe die getuienis wat reeds bespreek is, sou dit dalk nie te buitensporig en ongeloofwaardig wees om op te merk dat professor Human se "opstandingsgeloof" heel moontlik ruimte skep vir professor Spangenberg en ander Nuwe Hervormers vir wie dit "moeilik [is] om aan die fisieke opstanding uit die dood en Christus se herverskynings te glo." Is dit dalk ook geloofwaardig om op grond van professor Human se "opstandingsgeloof" aan te voer dat die Christendom dalk nie "staan of val" by Jesus se liggaamlike opstanding nie?

Met respek, die kritiese vraag is egter of geloof en hoop in die "opstandingsgeloof" vanuit 'n Christelike oogpunt (en spesifiek in die NG Kerk) kan bestaan met 'n Jesus wie se beendere iewers in 'n Jerusalemse graf kan wees soos professor Spangenberg dalk mag beweer? Kán die Christelike geloof werklik losgedink word van Jesus se liggaamlike opstanding? Is die ring van Lyttleton verkeerd? Is professor Human nie besig om kritiek uit te spreek oor die Lyttleton-uitspraak, en positief ruimte te skep vir professor Spangenberg nie?

Professor Human se bewerings dat "opstandingsgeloof" in sy "Jona"-artikel onderskei moet word van Jesus se opstanding het, ten minste wat die universiteitsverhoor betref, klaarblyklik nie uitmekaar gebly nie. Hy sal dít baie moeilik kan betwis, glo ek. Jona kon eenvoudig nie vir Jesus uitlos nie, al sou dié Jesus (in ag genome die implikasies van byvoorbeeld professor Spangenberg se stellings) heel moontlik 'n ánder Jesus wees as wat in die Skrif en belydenisskrifte aan ons voorgehou word.

Met dit in gedagte is dit noemenswaardig om hier op te merk dat die ring wat professor Human se leerdwaling-ondersoek hanteer het, nagelaat het om te kyk na die verwysings in "Jona" waarin die ring van Lyttleton se geloof in die liggaamlike opstanding aan die een kant, en professor Spangenberg se ontkenning daarvan voorkom.

Na afloop van die ondersoek het ek met spesifiek een van die vier teoloë wat kommentaar oor die "Jona"-artikel aan die ring voorgelê het hieroor gesels. Hy was verbaas en het erken dat hulle (wat alles behalwe onervare teoloë is!) dit nie raakgesien het nie, en toe ook bevestig dat Jesus se opstanding dus inderdaad relevant en belangrik in die "Jona"-artikel was. Hulle het 'n fout begaan.

*Hulle het 'n fout begaan*

## Lasterlik en naamskending herbesoek

Voordat ek my bespreking van professor Human afsluit, sal ek wel verwys na wat hyself uiteindelik tydens die leerdwaling-ondersoek aangaande Jesus se opstanding bely het. Voordat ek egter daarby kom, en gegewe die getuienis oor "Jona" wat behandel is, keer ek eers terug na professor Human se afwysing van die studenteverklaring met woorde soos "lasterlik" en "naamskending". Op 30 Junie 2005, omtrent 'n week na die studenteverklaring in die media verskyn het, skryf professor Human in 'n brief aan die kuratorium (oor die 15 Junie 2005-verklaring) die volgende:

> "Hierdie kategorisering is lasterlik, oneerlik en kom neer op naamskending. Binne die Christelike geloofsgemeenskap skep dit valse en verkeerde persepsies van my as persoon, wat nie alleen my akademiese loopbaan skaad nie, maar ook my bediening binne die NG Kerk."

Kom ons kyk net weer na die presiese bewoording van die studenteverklaring in soverre dit professor Human aangaan:

> "Ons wil verskil van beskouings wat meen dat Jesus se opstanding nie histories-letterlik en liggaamlik plaasgevind het nie. Sulke teorieë behels onder andere dat Jesus se opstanding moontlik . . . mitologies . . . " was.

In die voetnota volg dan 'n uittreksel van die laaste deel uit professor Human se "Jona"-artikel. Gegewe die getuienis wat ek tot dusver behandel het, hoe behoort mens te reageer op die inhoud van die studenteverklaring in soverre dit professor Human se artikel aangaan? Ís dit lasterlik, ís dit oneerlik, ís dit naamskending? Dit is werklik my oortuiging dat wat professor Human se "Jona"-artikel betref, die studenteverklaring steeds meriete het. Al sou professor Human aanvoer dat hy wel in Jesus se liggaamlike opstanding glo (wat vervolgens

bespreek gaan word), wou die studenteverklaring sê dat sy "Jona"-artikel ruimte skep vir die ontkenning daarvan.

## Wát bely professor Human oor Jesus se opstanding? Wat van "Jona"?

Van die drie dosente wat vir leerdwaling ondersoek is, was dit net professor Human wat uiteindelik, en na 'n gestoei, redelik duidelik Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf bely het. Ek haal 'n deel daarvan aan wat in die ringsuitspraak van die ring van Faerie-Glen aangehaal word:

- "Ek bely dat die liggaam van Jesus Christus wat in die graf ingegaan het, weer opgestaan het/opgewek is.
- Ek aanvaar dat die opstanding van Jesus Christus liggaamlik was.
- Ek bely dat die leë graf sowel 'n historiese as teologiese verstaan van die opstanding inhou.
- Ek bevestig dat die opstanding van Jesus Christus nie net geestelik verstaan kan word nie.
- Ek bevestig dat die aard en die inhoud (betekende saak) van die opstanding albei van fundamentele belang is vir die teologiese verstaan van die opstanding van Jesus Christus."

*Ek vra hom dan ook amptelik om verskoning*

Nie professore Müller of Le Roux was ooit bereid om só mooi oor die opstanding van Jesus te praat nie. Wat bogaande belydenis betref, haal ek my hoed af vir professor Human. Ek vra hom dan ook amptelik om verskoning waar die indruk gewek kon wees dat hy persoonlik nie in Jesus se leë graf glo nie.

Maar beteken dit dat alles nou opgelos is, en dat versoening en vrede gekom het? Nie heeltemal nie. Hoekom nie? Wat maak mens met die "Jona"-artikel en die talle gesprekke wat daaruit voortgevloei het? Wat maak mens met die implikasies van die "Jona"-artikel? Dit was immers oor die "Jona"-artikel wat professor Human by die



studenteverklaring betrek is. Wat maak mens met die verwysings na professor Sakkie Spangenberg, Rudolf Bultmann en so meer? Hoe reageer mens op professor Human en die universiteitsuitspraak wat beweer dat, in ag genome die standpunte van 'n Spangenberg en Bultmann, dit nie saak maak hóé Jesus opgestaan het nie? Is dít getrouheid aan die suiwere verstaan van ons belydenis en die Skrif?

Dit is my eerlike oortuiging (en ek is steeds oop vir oortuiging!), dat professor Human se latere belydenis oor Jesus se liggaamlike opstanding inkonsekwent en nie te rym is met die konsekwensies van die "Jona"-artikel nie. Of professor Human daarmee gemaklik is of nie, daar is steeds 'n paar misterieuse geraamtes in "Jona" se kas, wat nie tot ruste wil kom nie. Niemand behalwe professor Human self kan vrede en versoening bring wat dít betref.

## Slotopmerkings

Iemand het op 'n stadium opgemerk dat professor Human, van al die dosente wat aangekla is, dalk die minste skuldig was aan die klagte teen hom. Of anders gestel, hy kan hom ongelukkig ag dat ook hy betrek was by leerdwaling-ondersoeke. In alle billikheid sal ek die volgende toegee:

- Tydens professor Human se ondersoek, en die universiteitsverhoor was daar baie minder materiaal om te oorweeg in vergelyking met wat beskikbaar was vir professore Julian Müller en Jurie le Roux.
- Professor Human se uitsprake was, soos ek dit verstaan het, nie deurlopend só radikaal soos wat ek professore Müller en Le Roux beleef het nie.

Is daar egter uitsprake wat professor Human gemaak het wat die wese van die Christelike geloof kan seermaak? Ek dink steeds so. As professor Human egter bereid is om, anders as sommige insigte in sy "Jona"-artikel, te bely dat die Christelike geloof inderdaad staan of val by Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf, en dat die soort "opstandingsgeloof" wat hy bepleit (en wat ruimte bied vir 'n Bultmann en Spangenberg) nie versoenbaar is met die belydenis van die

NG Kerk nie, dan is ek bereid om hom, ook wat die "Jona"-artikel betref, amptelik om verskoning te vra.



HOOFSTUK AGT

# ONSKULDIG, VREDE EN BERUSTING

Ek begin hierdie hoofstuk met die woord "vrede". Die konteks waarin ek dit hier gebruik, kom uit advokaat Johan du Toit (die dosente en universiteit se regsverteenwoordiger) se pleitrede ter verswaring van straf nadat ek deur die universiteitskommissie skuldig bevind is op al die aanklagte. Advokaat Du Toit het in sy betoog dat ek lewenslank van Tukkies se Fakulteit Teologie geskors moet word, geargumenteer dat só 'n skorsing noodsaaklik is "vir die moontlike bring van vrede en berusting in die Fakulteit".

Met strafoplegging was die kommissie dít met hom eens, waarna die vonnis toe voltrek is. Die motief agter my skorsing was dus duidelik: vrede en berusting moet terugkeer na die fakulteit. Om dít te verwesenlik, moet die moeilikheidmaker wat valse bewerings en beskuldigings van oneerlikheid teenoor die dosente gemaak het, lewenslank geskors word.

Ek is, soos al telkens genoem, skuldig bevind op al die aanklagte. Van belang is die feit dat ons nie ook na afloop van die tweede verhoor, hooggeregshof toe gegaan het nie. Die rede is eintlik eenvoudig: Advokaat Helberg was van mening dat ons wat die hoofklag betref, 'n goeie kans gehad het op appèl (dit behels die leerstellige sake wat inderdaad van besondere belang is!). Die kommissie het in die uitspraak[71] gesê: "In geval bevind word dat ons verkeerd is oor die toe-

71 (Ongepubliseerd) Universiteit van Pretoria. Komitee vir dissipline (studente) insake: tugverhoor van F S Mulder (studenteno: 9245782) gehou te die Universiteit van Pretoria op Maandag, 2 tot Donderdag 5 Oktober 2006. Uitspraak: 20 November 2006.

paslikheid van die hoofklag, verg dit tog beoordeling van die vraag of 'n skuldigbevinding op die alternatiewe klag geregverdig is" (61). Maar wat klagte twee en drie betref, het advokaat Helberg gesê behoort ons nie te wen nie. Laasgenoemde klagte was gegewe situasies waaraan ons niks kon doen nie.

'n Belangrike aspek van die finale uitspraak was dat ek nooit weer by die Fakulteit Teologie mag inskryf vir verdere studie nie, *maar wel by enige ander fakulteit by Tukkies*. Ek onthou dat my advokaat later gesê het dat hierdie deel in die uitspraak vir hom nogal merkwaardig was. Hoe kan 'n student wat aan oneerlikheid skuldig bevind is, die goeie naam van die universiteit in gedrang gebring het en die goeie gang van onderrig in gevaar gestel het by ander fakulteite van dieselfde universiteit welkom wees? Hy behoort mos by geen fakulteit welkom te wees nie!

Hét daar toe vrede en berusting gekom? Of, behoort daar vrede en berusting te kom? Ís die dosente die onskuldige slagoffers van 'n onnodige en bedenklike stofopskop deur 'n paar studente? Hulle het immers nie een enkele duim toegegee op enige bewerings wat teen hulle gemaak is nie.

Of is daar geloofwaardige getuienis dat sommige insigte van die dosente inderdaad die hart van ons belydenis, die Skrif en dus geloof in Jesus Christus kan aantas? Met laasgenoemde in gedagte gee ek weer 'n paar indrukke oor die vorige hoofstuk oor professore Julian Müller, Jurie le Roux en Dirk Human waartydens my interpretasies hoofsaaklik geskoei is op die leerdwaling ringsondersoeke sowel as die daaropvolgende universiteitsverhoor.

Maar net eers 'n paar algemene opmerkings: In die vorige hoofstuk was dit hoegenaamd nie die bedoeling om 'n haarfyn analise van die onderskeie verhore weer te gee nie. Ek het probeer fokus op 'n paar wesenlike sake (al is daar meer). In professore Jurie le Roux en Dirk Human se geval was die fokus op 'n paar temas wat gelyklynig in die leerdwaling-ondersoeke en universiteitsverhoor vir my persoonlik uitgestaan het. In professor Le Roux se geval het ek ook meer breedvoerig uitgewei oor my verhouding met hom en twee epogmakende gebeurtenisse.

In die geval van professor Julian Müller was daar 'n meer kronologiese uiteensetting vanaf die leerdwaling-ondersoek, die eerste en ook die tweede universiteitsverhoor. Dele van die universiteitsuitspraak is ook plek-plek aangehaal om sake te ondersteep en te belig. Ter wille van deursigtigheid, meld ek dit weer hier, soos reeds vroeër genoem, dat wat die leerdwaling-ondersoeke betref, die bevindings van die onderskeie ringskommissies gerus ook gelees kan word deur diegene wat sou wou. Dit was nog onlangs op die NG Kerk se webtuiste beskikbaar. Enige iemand kan dit daar aflaai om 'n ander perspektief te kry op die gebeure. My latere appèlle (wat honderde bladsye beslaan het) met gedetailleerde besprekings word ook nie hier weergegee nie, al sou dit dalk vir sommiges interessante leesstof gebied het. Vervolgens dan eers 'n paar laaste opmerkings oor die ringsondersoeke en dan die universiteitsverhoor.

## Leerdwaling-ondersoeke

Nadat die drie dosente onskuldig bevind is deur hulle onderskeie ringe, het ek geappèlleer na die onderskeie sinodes. Wat professore Julian Müller en Jurie le Roux betref, het ek egter, voordat ek geappèlleer het, sommige belangrike sake met 'n vooraanstaande NG professor bespreek wat dit met my eens was dat 'n appèl geregverdig is. Die hoofsaak in die appèlle was dat daar ongetwyfeld 'n mate van vooroordeel aan die kant van die ondersoekliggaam was, en ook dat daar etlike en ernstige inkonsekwenthede in die getuienis en uitspraak was.

Wat die eerste saak van vooroordeel betref, verwys ek net weer vlugtig na dr. Danie Veldsman se betrokkenheid by die ondersoek (al sou ek ook oor ander kon uitbrei). Dr. Veldsman, wat moes oordeel of die dosente se interpretasies oor Jesus se opstanding in lyn is met die NG belydenis, het in 1993 'n artikel geskryf waarin hy eksperimenteer met die gedagte dat Jesus se dooie liggaam deur 'n paar van sy dissipels gesteel is en elders in die geheim begrawe is. Jesus het, ten minste nêrens in die artikel, die dood letterlik oorwin nie. Dr. Veldsman het ook gereeld tydens die ondersoek vir professor Müller opgekom en spesifiek toe daar oor die Apostoliese

Geloofsbelydenis gesels is, 'n punt daarvan gemaak om die gesprek in 'n bepaalde rigting te stuur wat nie die belydenis nie, maar homself en professor Müller goed gepas het. Hy is ook op 'n stadium tydens professor Le Roux se ondersoek gemaan om nie die klaers te inkrimineer nie. Kort na die ondersoek is hy aangestel as NG professor by Tukkies se Fakulteit Teologie.

Wat die inkonsekwenthede tydens die ondersoeke en uitsprake betref, noem ek enkele voorbeelde:

1. Tydens die bespreking van professor Julian Müller se interpretasies, het dit na vore gekom dat hy oordeel dat die Skrif en NG belydenis ruimte laat vir skeptiese natuurwetenskaplikes se metaforiese interpretasies van Jesus se opstanding, teenoor die behoudende standpunt dat Jesus liggaamlik uit die dood opgestaan het. Met dit as agtergrond het die ondersoekliggaam in die uitspraak gepraat van verskillende "geloofsvariasies". Nadat hy later huiwerig gesê het dat hy in Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf glo, het hy 'n paar minute later weer teruggeval op sy bekende stelling dat hy steeds nie ja of nee wil antwoord op die vraag of die ontkenning van Jesus se liggaamlike opstanding en leë graf binne of buite die grense van die NG Kerk se belydenisskrifte val nie. Geen getuienis van professor Adrio König, wat goeie vrae aan professor Müller gestel het oor Jesus se opstanding, is toegelaat om behandel te word nie. Die rede hiervoor was dat professor Müller en dr. André Bartlett (wat hom bygestaan het) die ondersoekliggaam se arm gedraai het en 'n wesenlike verandering aan die ondersoekliggaam se interpretasie van die *Kerkorde* tot gevolg gehad het (die mikrofoon was afgeskakel tydens die gebeure).

*Müller: Geen getuienis van professor Adrio Konig . . . is toegelaat om behandel te word nie*

2. Twee maal tydens die ondersoek is daar aan professor Müller gevra of hy in die bestaan van die duiwel glo. In sy antwoorde het hy nie werklik hierop geantwoord nie – en die kommissie het sy getuienis aanvaar sonder dat hy verduidelik het wat hy verstaan rondom die duiwel.
3. Professor Jurie le Roux se buitengewone ondersteuning van professor Andries van Aarde se boek *Fatherless in Galillee* ten tye van die bespreking op 14 Oktober 2003 by UNISA oor die Nuwe Hervorming, was van kardinale belang tydens die ondersoek. Nie net is die video-opname daarvan tydens die ondersoek vertoon nie, maar daar is ook 'n transkripsie daarvan aan die komitee oorhandig. Tydens die bespreking by UNISA het professor Pieter Craffert vir professor Le Roux uitgedaag om dit by Tukkies te gaan verkondig dat ons nie meer Jesus se opstanding letterlik hoef te verstaan nie. Ná aanvanklike huiwering het professor Le Roux toe aangetoon dat hy eintlik alreeds gedoen het wat professor Craffert van hom gevra het om te doen deur sy ondersteunende artikel van professor Van Aarde se *Fatherless*. Hy het dit net op sy eie manier gedoen. Die ondersoekliggaam het hierdie getuienis totaal geïgnoreer – dit is nie in hulle skriftelike uiteensetting na afloop van die ondersoek genoem nie, en ook nie opgeneem in die bronne aan die einde van die uitspraak nie.

*Le Roux: eintlik alreeds gedoen . . . wat professor Craffert van hom gevra het om te doen*

4. Tydens professor Human se ondersoek en in die uitspraak is 'n belangrike verwysing na professor Sakkie Spangenberg se ontkenning van Jesus se fisieke opstanding wat belangrike implikasies vir die verstaan van professor Human se "Jona"-artikel ingehou het, totaal gemis deur die ondersoekliggaam van die ring van Faerie-Glen.

Hierdie is 'n paar voorbeelde van inkonsekwenthede tydens die ondersoeke. Die meeste hiervan en ook etlike ander inkonsekwenthede het ek sorgvuldig in my appèlle uiteengesit en volgens die voorskrifte van die *Kerkorde* by die onderskeie sinodes ingedien. Wat professore Müller en Le Roux betref, het die Noordelike sinode 'n aanvanklike ontvangserkenning aan my gestuur, maar sedertdien het ek tot en met vandag toe niks weer van hulle gehoor insake die appèlle nie. Nie eens om te sê die saak is uitgegooi nie.

Wat my appèl teen professor Dirk Human se onskuldigbevinding

betref, het die Oostelike sinode die appèl op tegniese punte uitgegooi deur aan te voer dat die appèl nie by die ringskriba nie, maar by die sinodeskriba ingedien moes word – ten spyte van die feit dat die *Kerkorde* klaarblyklik ook sê dat die appèl by die sinode- óf ringskriba ingedien mag word.

Hoe dit ookal sy, terugskouend is dit my oortuiging (alhoewel ek dalk ook nie al die feite tot my beskikking het nie) dat die sinodale appèlliggame om die dood nie wou hê dat die appèlle deurgevoer moes word nie. Maar hoekom nie? In 2005 het professor Piet Strauss in die media gesê dat indien daar ongelukkigheid is oor hoe ’n ring ’n leerdwaling-ondersoek hanteer het, dan kan daar na die sinodes gegaan word. Daar kan die predikante en lidmate wat so ’n sinode bywoon, dan stem oor die appèlle. Daarna, soos mens sou kon byvoeg, kan daar ook na die Algemene Sinode gegaan word. Dáár sal dan ook oor die sake gestem kan word en indien ’n twee-derde meerderheid oordeel dat daar meriete in die appèlle is, dan kan dit beteken dat die klagte inderdaad gewig gedra het. Hierdie sake word in detail uiteengesit in die NG Kerk se *Kerkorde*.

Dit is natuurlik moeilik om te bewys, maar my gevoel is dat indien daar in 2006-2007 ’n appèl voor ’n sinode of die Algemene Sinode sou dien, daar ’n moontlikheid kon wees dat ten minste sommige van die dosente se interpretasies verwerp kon word. Hou ook in gedagte dat die NG moderators van die streeksinodes in 2009 Jesus se liggaamlike opstanding bely het teenoor ’n klein groepie wat kapsie daarteen gemaak het. Die meeste van die beswaarmakers het merkwaardig genoeg ook ’n kontroversiële rol vervul in dele van hierdie boek. Ek dink byvoorbeeld aan dr. James Kirkpatrick, professore Julian Müller en Danie Veldsman (laasgenoemde was lid van die ondersoekliggaam wat professor Müller onskuldig bevind het waarna hy professor by Tukkies geword het). Kan dit wees dat daar tog, in ten minste ván die appèlle, persoonlike belange, kerklike magspeletjies en derglike dinge ’n rol gespeel het?

> *Kan dit wees dat daar persoonlike belange, kerklike magspeletjies en derglike dinge ’n rol gespeel het?*



## Die Universiteitsverhoor

Die drie professore het saam met professor Cas Vos, wat toe dekaan by Teologie was, my by Tukkies se dissiplinêre komitee aangekla. Tussen hakies, professor Vos was self lid van dié uitvoerende komitee. Hier was dit dan die drie dosente met húlle advokaat teen my. Ek is aangekla dat ek valse bewerings oor die dosente gemaak het (oor onder meer die bestaan van die duiwel en Bose) asook (en uiters belangrik!) dat ek verkeerdelik beweer het dat hulle waarskynlik nie eerlik is as hulle beweer dat hulle nie dwaalleer oor Jesus se opstanding uit die dood verkondig nie. Tukkies het, alhoewel sekulêre instellings selde of nooit in kerklike sake inmeng nie, wel op daardie terrein beweeg. Na bykans vyf dae se getuienis (eerste en tweede verhoor) is ek skuldig bevind op al die aanklagte.

## Paradigmaskuif oor die opstanding

Een van die belangrike en sentrale sake wat ure lank tydens die verhoor bespreek is, is ongetwyfeld die opstanding van Jesus. Veral tydens professor Julian Müller se getuienis wou oudregter Buddy Swart by herhaling by hom weet of dit sy persoonlike geloofsoortuiging is dat die belydenis van die NG Kerk voorsiening maak vir ’n standpunt wat die “liggaamlike” of “letterlike” of “daadwerklike” opstanding van Jesus ontken. Dit was my indruk dat regter Swart hiermee wou weet of geloof in Jesus se leë graf ’n noodsaaklikheid is of nie. Veral ook omdat die Nuwe Hervoming se interpretasies van Jesus se opstanding gereeld die konteks van die vrae was. Professor Müller het aangedui dat die belydenisskrifte ruimte laat vir die ontkenning van die “liggaamlike” of “letterlike” of “daadwerklike” opstanding van Jesus. Hy het selfs gevoel dat daar ruimte moet wees vir die Nuwe Hervorming se ontkenning van Jesus se letterlike opstanding in ons belydenis, en bygevoeg dat die rigting waarin die NG Kerk nou beweeg, meer “inklusief” is, ook wat hierdie saak betref. Laasgenoemde getuienis het dit heel duidelik gemaak dat professor Muller se jarelange klem op die opstanding van Jesus as misterie, “ekonomies” en “sober” verwoord in ons belydenis, nie regtig daarop gerig is (en was) om meer kon-

serwatiewe Christene te probeer reghelp wat betref die geestelike en verheerlikte aspekte van die opstandingsliggaam nie, maar, en gegewe die getuienis van die verhore, om die radikale interpretasies van die *Jesus Seminar* en Nuwe Hervorming as alternatief binne die hart van ons allerheiligste geloof in Jesus Christus te verwelkom.

Wat die opstanding van Jesus betref, was dit die kommissie se taak om te bepaal of die dosente se geloofsoortuigings, openbare standpunte en uitsprake oor die opstanding van Jesus, strook met die amptelike standpunt van die NG Kerk soos vergestalt in die belydenisskrifte en Algemene Sinodale uitsprake op daardie tydstip. Indien dit in ooreenstemming daarmee is, dan bewys dit my beweringe as ongegrond en vals. Indien hulle standpunte nie daarmee ooreenstem nie, dan sou my bewerings dat hulle waarskynlik nie eerlik met die kerk is nie, geldig wees.

Wat het gebeur? In hulle uitspraak het die universiteitskommissie in soveel woorde gesê dat die NG Kerk nie van sy professore of enige lidmaat verwag om in Jesus se liggaamlike opstanding uit die dood te glo nie. Dit beteken gewoon dat die belydenisskrifte van die NG Kerk, volgens moderne interpretasie, nie die liggaamlike opstanding of letterlike leë graf van Jesus as essensieel noodsaaklik vir geloof beskou nie. Gevolglik, so het die universiteit aangevoer, hoef daar slégs in die "opstanding" van Jesus geglo te word terwyl die "wyse" van Jesus se opstanding nie voorgeskryf is nie. Advokaat Du Toit, wat die universiteit en professore se advokaat was, het dié standpunt, met die instemming van die kommissie (wat dit verbatim in die uitspraak aangehaal het) soos volg verwoord:

> "Na 'n bykans vierdaglange verhoor, 'n transkripsie van bykans 1000 blasdye, en die voorlegging van bundels van 623 bladsye, kan hierdie Tribunaal met absolute oortuiging, sonder die geringste twyfel, die volgende bevinding maak: daar is geen reël in die NG Kerk wat verg dat iemand moet glo in terme dat Jesus Christus histories-letterlik en liggaamlik uit die dood opgestaan het nie . . . Daar hoef slegs in die opstanding geglo te word – die geloof in die wyse van opstanding is nie voorgeskryf nie" (Mulder, Tweede verhoor, Uitspraak: 38).



*Werklik met "absolute oortuiging, sonder die geringste twyfel"?*

Werklik met "absolute oortuiging, sonder die geringste twyfel"? Om aan te toon dat dit ten minste op daardie stadium inderdaad die NG Kerk se amptelike standpunt was dat Jesus "letterlik", "liggaamlik" en "histories" uit die dood opgestaan het, haal ek vir 'n heel laaste keer 'n kort uittreksel van die Algemene Sinodale Kommissie se verklaring oor die Nuwe Hervorming aan wat in 2003 op Algemene Sinodale vlak amptelike status gekry het. Dié dokument, asook die belydenisskrifte se verwysings na die liggaamlike opstanding wás aan die kommissie, advokaat Du Toit en die dosente oorhandig tydens die verhoor:

> ". . . Jesus het daarom nie letterlik uit die dood opgestaan nie, bevind die radikale historiese metode . . . Hulle [die NH] wek twyfel oor sy werklike, liggaamlike, historiese opstanding uit die dood en bring dus die kern van ons geloof in 'n opgestane Here in die gedrang."

Hierdie verklaring kon professor Müller nie aanvaar nie. Dit ten spyt, wil dit voorkom dat hóé Jesus uit die dood opgestaan het (wat op die minimum behels dat Jesus se graf dolleeg was na sy opstanding – en dat sy liggaam nie tot niet gegaan het nie), ten minste in 2003 tot en met 2006 nog belangrik was vir baie gewone Christene, predikante, gemeentes, sinodes en ook die Algemene Sinode (dalk uitgesluit die Noordelike sinode alhoewel streeksinodes nie die belydenis bepaal nie – slegs die Algemene Sinode).

Indien die NG Kerk dit nóú wil verander en wil aanvoer dat gelowiges "slegs in die opstanding" hoef te glo, en dat "die geloof in die wyse van opstanding" nie voorgeskryf is nie (bedoelende vir die een persoon is dit letterlik, en vir die ander het Jesus se oorskot ontbind in 'n graf met die gevolg dat opstanding metafories verstaan word), kan hulle dit seker maar doen. Maar regter Swart, advokaat Du Toit (toevallig toe regskundige vir die Hoëveld sinode wat kort na die verhoor die liggaamlike opstanding van Jesus bely het [*Beeld*, 30 Oktober 2007]) en die drie dosente, gaan die kerkpubliek baie moeilik daarvan oortuig dat húlle interpretasies die amptelike standpunt van die NG Kerk verteenwoordig het (ten minste tot en met 2006 toe ek nog in die NG Kerk was).

## Vonnis

In die strafoplegging word die skorsing gekoppel aan "vrede en berusting" vir die Fakulteit soos ek vlugtig aan die begin van hierdie hoofstuk na verwys het. Ek haal 'n langer stukkie nou aan wat regter Buddy Swart met die strafoplegging verwoord het:

> "Mnr. Du Toit doen dan aan die hand dat indien mnr. Mulder nie weer toegelaat word by die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria, om weer in te skrywe nie, dit 'n noodsaaklikheid, 'n voorvereiste sal wees. In die lig van die geskiedenis, vir die moontlike bring van vrede en berusting in die Fakulteit. En daarmee stem ons saam . . . Die eenparige bevel wat die komitee maak is . . . Meneer Mulder word die voorreg ontsê om weer as student by die Universiteit van Pretoria se Teologiese Fakulteit te registreer".[72]

Na my skuldigbevinding en vonnis, het Neels Jackson 'n berig daaroor vir *Beeld*, *Volksblad* en *Die Burger* geskryf. Gegewe die getuienis wat ek in hierdie boek bespreek het, en veral die laaste verhoor, maak die berig uiters insiggewende leesstof (ten minste vir my persoonlik). Hou veral in gedagte wanneer u dit lees dat woorde soos "valse bewerings" onder meer verwys na professor Müller se beskouing oor die Satan, bose en Jesus se duiweluitdrywing – dinge wat hy aanvanklik aangevoer het hy in glo, maar wat hy intussen tydens die verhoor verklaar het vanuit 'n Integrale wêreldbeeld, die panenteïsme en in die konteks van kultuurverskynsels of epilepsie. Maar sekerlik die heel belangrikste in die berig is die verwysing na "valslik van oneerlikheid of waarskynlike oneerlikheid" beskuldig, wat spesifiek verwys na die dosente se uitsprake oor die opstanding van Jesus wat, soos ons gesien het, etlike intriges tydens die verhoor opgelewer het. Die mees verstommende van die berig dink ek is dat Jackson nêrens verduidelik het wat presies die inhoud van my skuldigbevinding was nie.

72 Verbatim van die strafoplegging.



"Die Pretoriase student wat teologiese vraagtekens oor verskeie van sy dosente en bekende predikante van die NG Kerk geplaas het, is nou ook deur die Universiteit van Pretoria skuldig bevind en gestraf. Mnr. Ferdie Mulder, wat aanklagte van dwaalleer teen die predikante en die dosente ingedien het, mag nou nie weer by die fakulteit teologie inskryf vir verdere studie nie.

Die NG Kerk se kuratorium het vroeër reeds 'n stokkie voor sy legitimasie en 'n moontlike loopbaan as predikant in die kerk gesteek. Die hele sage het middel verlede jaar begin toe Mulder 'n dokument met sy bedenkinge oor die dosente se leer wyd in die kerk versprei het.

Professor Nick Grové, registrateur van die universiteit, sê dit het nie net die universiteit se goeie naam nie, maar ook die integriteit van die betrokke dosente aangetas en die vertrouensverhouding tussen die dosente en hul kollegas en ander studente in gedrang gebring. Die universiteit het daarom 'n tugondersoek teen Mulder begin. Oudregter Buddy Swart het dié ondersoek wat byna vier dae geduur het, gelei.

Daar is bevind dat Mulder **vals bewerings of beskuldigings gemaak het en dat hy die dosente valslik van oneerlikheid of waarskynlike oneerlikheid** beskuldig het. Hy het daarmee die goeie naam van die universiteit in gedrang gebring en die algemene onderrig aan die fakulteit teologie benadeel. Grové sê in 'n verklaring die universiteit maak nie gewoonlik besonderhede bekend van tugondersoeke teen studente nie.

Mulder het egter self die saak die openbare domein ingedra. Omdat dit ook belangrike gevolge gehad het vir al die betrokkenes, is dit belangrik dat ouers, oudstudente en lidmate van die betrokke kerke kennis neem van wat gebeur het. Mulder is vroeër ook deur die kuratorium skuldig bevind aan oneerlikheid in sy hantering van die saak.

Sy klagtes van dwaalleer teen dosente en predikante is ook almal deur die betrokke ringe van die hand gewys.

*baie opgewonde is oor die toekoms*

> Mulder self wou gister nie kommentaar lewer oor die jongste uitspraak teen hom of oor sy toekomsplanne nie.
>
> Hy het volstaan met die opmerking dat hy 'baie opgewonde is oor die toekoms'"(my beklemtonings, *Volksblad*, 22 Desember 2006, *Beeld*, 23 Desember 2006).

## Wat toe?

Wat het alles gebeur sedert die dosente se onskuldigbevindings deur die ringe en die dissiplinêre verhoor by Tukkies? Natuurlik het die NG kerkleiding, die kuratorium en die dosente hulle onskuld in die media gevier. Ek plaas enkele onkronologiese uittreksels:

Ds. Johann Symington, toe redakteur van die *Kerkbode*, het gesê: "Nêrens kon bewys word dat die ampsdraers afwyk van Bybelse en gereformeerde standpunte nie" (*Kerkbode*, 23 November 2007).

Die kuratorium het gesê dat hulle ". . . baie dankbaar [is] dat twee verskillende kerkvergaderinge . . . die drie dosente wat van leerdwaling aangekla is, vrygespreek het . . . Die Kuratorium is dankbaar dat hierdie uitsprake die vertroue wat die Kuratorium nog altyd in al die dosente gehad het, herbevestig het" (*Kerkbode*, 13 Oktober 2006).

Professor Julian Müller het aan *Kerkbode* gesê hy "pleit dat die teologie sal ophou om vir mense vanuit reeds geformuleerde standpunte te wil voorskryf hoe hulle oor hulleself, oor die wêreld en oor God behoort te dink en eerder begin om by hulle te hoor hoe hulle hulleself ervaar. 'Ons moet dan van daaruit saam met hulle nadink oor die konneksies tussen die verskillende verhale waarmee hulle hulle eie realiteite konstrueer' " (*Kerkbode*, 10 November 2006).

Professor Jurie Le Roux het volgens *Beeld* gesê: "hy is bly en dankbaar teenoor die [kerklike] kommissie vir die tyd, moeite en geld wat hulle bestee het om dit 'n billike verhoor vir almal te maak" (*Beeld*, 29 Julie 2006).

Omdat ek en my gesin in 2007 oorsee is, waar ek tans met verdere teologiese studie en navorsing besig is, het ek uiteraard nie op die hoogte kon bly met alles wat sedertdien gebeur het nie. Ek noem daarom net 'n paar sake (al sou mens seker veel meer kon noem).



Die gebeure is ook nie presies kronologies gerangskik nie.

- Van die 24 teologiestudente wat in 2001 met opleiding by Tukkies begin het, is ses in 2006 gelegitimeer. Twee van die ses is intussen uit die NG Kerk.
- Sedert 2006 is daar oor die algemeen groter teologieklasse en ook meer studente wat afstudeer.
- Professor Julian Müller is kort na die afhandeling van die ondersoeke deur kollegas verkies tot voorsitter van die NG dosenteraad by Tukkies, en professor Dirk Human tot ondervoorsitter. Die voorsitter van die dosenteraad het formele sittingsreg op kuratoriumvergaderings.
- Dr. Danie Veldsman, wat deel was van die ondersoekliggaam wat professore Müller en Le Roux se ondersoeke hanteer het, is aangestel as professor in Sistematiese Teologie by Tukkies.
- Dr. James Kirkpatrick het dr. Ben du Toit opgevolg as voorsitter van die Algemene Sinode se kommissie vir Leer en Aktuele Sake en is steeds 'n belangrike rolspeler op die dagbestuur van die kuratorium.
- Prof. Hoffie Hofmeyr het op vervroegde pensioen gegaan en is intussen aangestel as buitengewone professor by onder meer Bloemfontein en België.
- Prof. Jan van der Watt het 'n hoogleraarspos aanvaar in Nederland.
- Prof. Andries van Aarde is om mediese redes op vervroegde pensioen. Sy PhD-student, dr. Ernst van Eck, is in sy plek as professor aangestel.
- Prof. Jurie le Roux het afgetree.
- Prof. Cas Vos se termyn as dekaan het in 2009 verstryk. In 2010 is prof. Johan Buitendag (voorheen adjunk-dekaan) aangestel as die heel eerste Hervormde dekaan van die Fakulteit Teologie.
- 'n Nuwe ooreenkoms tussen die NG Kerk en die Universiteit van Pretoria is goedgekeur. Hierdie ooreenkoms het op 1 Januarie 2010 in werking getree en het na wat verneem word 'n onbeperkte termyn met drie jaar kennis aan weerskante ingebou.

## Oorsig en die pad vorentoe

Hierdie boek het 'n wyd uiteenlopende, komplekse en in sommige gevalle selfs kontroversiële klompie verhale en getuienisse probeer interpreteer. Ek noem kortliks so 'n paar daarvan wat 'n gekondenseerde prentjie skets van belangrike gebeure (en natuurlik vanuit een hoek gesien).

## 'n Kort terugblik oor die aanloop tot die studenteverklaring

In die jaar 2000 het 'n paar belangrike gebeure gelyklynig plaasgevind: Die NG en Hervormde kerke se opleiding by Tukkies smelt saam met professor Cas Vos as nuwe dekaan; professor Andries van Aarde se *Fatherless in Galilee* word gepubliseer; dr. Ben du Toit se *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* word gepubliseer en hy word aangestel in sleutelposte in die NG Kerk; professor Julian Müller begin kontroversiële uitsprake oor Jesus se opstanding maak, en hy word ook aangestel as departementshoof in Praktiese Teologie by Tukkies. Hierdie gebeure het ten minste gedeeltelik 'n nuwe paradigma ingelui vir beide die NG Kerk en ook vir teologiestudente aan die Universiteit van Pretoria.

Hierna ontstaan die Nuwe Hervorming, wat vir 'n paar jaar groot aandag trek en ruim artikelspasie in die Afrikaanse dagpers kry en wat hoofsaaklik gekritiseer word deur hoofstroom-teoloë, gemeentes, sinodes en die Algemene Sinode van die NG Kerk. Die liggaamlike opstanding van Jesus in besonder is bely op die hoogste vlak. Die Noordelike sinode, met senior rolspelers van Tukkies se kuratorium in hul geledere, was hiervan 'n merkbare uitsondering. Die sinode (of ten minste die sleutelrolspelers) weier om die liggaamlike opstanding van Jesus in 2003 te bely nadat Nuwe Hervormers hulle toespreek.

Om en by dieselfde tyd begin Tukkiestudente ernstig worstel met hierdie en ander sake en na verskeie gesprekke met kuratoriumlede en dosente word besware geopper. 'n Paar teoloë waaronder veral professore Andries van Aarde, Yolanda Dreyer, Johan Buitendag, Julian Müller en Jurie le Roux figureer prominent hierin. Uiteindelik word 'n paar skiftelike besware by die kuratorium ingedien. Na jarelange onderdrukking van bekommernisse en uiteindelik eensydige hantering daarvan, ervaar sommige studente dat 'n paar invloedryke persone in die kuratorium en sommige professore in magsposisies hulle eie agendas najaag eerder as om die kommer van sommige studente op die hart te dra.

Intussen het etlike studente totaal mismoedig geword, of hulle studies gestaak, of byna alles vir soetkoek opgeëet. 'n Groep studente besluit om, met die aanmoediging van sommige predikante, professore en studente, 'n gespreksforum genaamd Studente vir Evangeliese Lering te begin, waar probeer is om balans te bring as gevolg van sommige eensydige aksente by die Fakulteit. Die kuratorium wil hierdie forum stop en beloof 'n meganisme wat klagtes sal kan ondervang, maar laasgenoemde realiseer nooit in ons tyd nie. Later blyk dit dat die implementering van die meganisme van ons weerhou is, al was dit in beginsel reeds goedgekeur.

## Studenteverklaring en ondersoeke

Uiteindelik word ek verkies tot voorsitter van Deo Gloria. Ek en Riaan Rossouw bedank egter later uit die Deo Gloria-bestuur na afloop van 'n paar insidente wat veral verband gehou het met: die Kirkpatrick-kommissie se gesprekke met sommige jaargroepe waarna hulle die kommer wat oor Jesus se liggaamlike opstanding bespreek is, in hulle latere brief aan studente verswyg; professor Cas Vos se opskorting van die Deo Gloria-jaarprogram ná die 2005-eerstejaarskamp, en die nuwe kommissies wat die Deo Gloria-program oorneem. Dit het gevolg nadat die kuratorium nie verder gesprek wou voer oor besware wat ons as senior lede van Deo Gloria in Maart 2005 gelug het nie.

Uiteindelik gee hierdie gebeure aanleiding tot 'n keerpunt met die verskyning van die 15 Junie 2005-studenteverklaring oor Jesus se liggaamlike opstanding (twee dae nadat 'n paar NG-studente in *Rapport* beweer daar is geen dwaalleer by Tukkies nie). Ses-en-dertig studente kry die verklaring onder oë en onderteken dit. Tien ander word telefonies geskakel en hulle name word deur myself bygevoeg. Vir laasgenoemdes het ek nie die volledige verklaring oor die foon gelees nie (ek was besig om te bestuur). Op aanbeveling van 'n Tukkie-teoloog

word redaksionele verstellings aan die verklaring aangebring om dit persgereed te kry. Daarna woon ek in Junie 2005 die predikantekonferensie met goedkeuring by op aanbeveling van 'n prominente predikant, en die hulp van 'n ander. Voordat die verklaring in die media sou verskyn, onttrek ons dit egter (na gesprek met 'n mentor), maar tussen drs. Ben du Toit, Flip du Toit of professor Cas Vos word die verklaring, met hulle aanvalle daarby ingesluit, aan *Beeld* voorsien.

Ek het 'n paar tegniese foute met die opstel en ondertekening van die verklaring begaan (wat ek erken en bely het voordat enige stappe teen my begin is), maar onder druk van veral dr. Flip du Toit onttrek al die studente behalwe ek hulle van die verklaring (een student herverbind hom later na 'n broederlike gesprek). Dr. Du Toit skree selfs op 'n student wat nie wou onttrek nie en dreig hom dat legitimasie hom geweier sal word.

Die verklaring en al die gebeure daar rondom het ten minste drie belangrike ondersoeke tot gevolg gehad:

1. 'n Juridiese dissiplinêre verhoor (wat die keuse van die kuratorium was) waartydens ek skuldig bevind is aan oneerlikheid;
2. Kerklike ringsondersoeke waartydens professore Julian Müller, Jurie le Roux en Dirk Human onskuldig bevind word op onder meer aanklagte oor hulle interpretasies van die opstanding van Jesus;
3. 'n Dissiplinêre verhoor by Tukkies (aanhangig gemaak deur professor Cas Vos en die drie dosente) waartydens ek skuldig bevind is op alle aanklagte teen my. Die opstanding van Jesus was ook hier van sentrale belang. Etlike aspekte van hierdie drie ondersoeke is in hierdie boek geïnterpreteer.

## Die kern van die saak

Tussen al die uiteenlopende verhale en ondersoeke heen, was die hoofsaak waarom dit in hierdie boek gegaan het dit wat ek, en ek hoop ook ander gelowiges, beskou as die kern waarsonder dit nie net vir ons nie moontlik sal wees om as Christene in hierdie wêreld 'n verskil te maak nie, maar waarsonder dit ook die einde van ons geloof sal beteken.



Sonder hierdie saak verloor ons die begronding vir ons waardesisteem en moraliteit, maar meer nog, ons verloor ons geloof self. Sonder hierdie gebeurtenis en saak stort ons waardesisteem, moraliteit, geloof en in der waarheid ons totale identiteit, in duie. In Skrifgedeeltes soos 1 Thessalonisense 4, 1 Korintiërs 6, 15, 2 Korintiërs 4, Filippense 3 en Romeine 6, 8 beskryf Paulus treffend hoe die liggaamlike opstanding van Jesus die begronding van ons geloof is. Maar meer as dit, Paulus toon ook die radikale implikasie daarvan vir hoe ons nou in hierdie wêreld moet leef as gevolg daarvan! Indien Paulus ons in hierdie sake op 'n dwaalspoor gelei het, dan vat die einste Paulus die implikasie daarvan perfek vas wanneer hy sê: "as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking leeg en julle geloof waardeloos . . . as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog in julle sonde" (1 Korintiërs 15:14, 17). En die implikasie hiervan vir Paulus? "As die dooies nie opgewek word nie, 'laat ons eet en drink, want more sterf ons!'" (1 Korintiërs 15:32).

## Van hede tot die toekoms

Tydens die universiteitsverhoor het die regter, die drie NG dosente en hul advokaat klaarblyklik verklaar dat dit nie meer in die NG Kerk nodig is om in Jesus se liggaamlike opstanding te glo nie (aldus die uitspraak van die kommissie). Hoe Jesus opgestaan het, is glo glad nie meer belangrik nie. Of die NG Kerk as instituut steeds in die toekoms die wonderlike nuus dat Jesus liggaamlik opgestaan het, en dat sy graf leeg is, gaan of wil bely is hulle eie saak. So ook wat betref 'n regter en advokaat wat namens die Universiteit van Pretoria (en op grond van drie NG teoloë se voorkeure) besluit het dat dit nie meer geglo hoef te word nie.

*Jesus van Nasaret en die realiteit van sy liggaamlike opstanding en leë graf is gelukkig nie afhanklik van die sanksie of uitsprake van 'n Algemene Sinode, 'n regter, advokaat of die Universiteit van Pretoria nie.*

Jesus van Nasaret en die realiteit van sy liggaamlike opstanding en leë graf is gelukkig nie afhanklik van die sanksie of uitsprake van 'n Algemene Sinode, 'n regter, advokaat of

die Universiteit van Pretoria nie. Nog minder van professore Julian Müller, Jurie le Roux, Dirk Human en selfs 'n gebrekkige 15 Junie 2005-studenteverklaring! Wanneer teoloë, gemeentes en sinodes in nederige afhanklikheid die verrassende en radikale nuus dat Jesus die dood letterlik oorwin het glo, bely en uitleef, is dit natuurlik verblydend en ook opbouend vir baie gelowiges, maar Jesus se opstanding word gelukkig nie skielik waar as, wanneer of omdat 'n sinode of gesagsliggaam of professor dit wil bely of nie – Goddank nie. Ongeag wat invloedrykes in hoë en magtige posisies aan 'n universiteit of in die NG Kerk besluit het, besluit of gaan besluit, en ongeag die magspeletjies wat agter die skerms aangaan, en die slegte gevolge wat dit vir sommige gelowiges inhou, is daar hordes gewone gelowiges op al die vlakke van die samelewing wat mág, wíl, en selfs nie anders kán, as om op grond van baie redes te glo en bely dat Jesus van Nasaret hulle eie lewens, die skepping en wêreldgeskiedenis omgekeer het toe hy op die derde dag na sy kruisiging wonderbaarlik uit die graf opgestaan het.

So, is daar hoop vir die toekoms, in ag genome die komplekse en soms hartseer gebeure wat in die NG Kerk en by Tukkies die afgelope klompie jare afgespeel het? Ongetwyfeld JA! Maar hoekom? Want dieselfde krag waarmee God die Vader vir Jesus letterlik uit die dood opgewek het, werk vandag nog (en totdat Hy weer kom!) op verrassende maniere in die lewens van miljoene Christene in Suid-Afrika (Efesiërs 1:19-20; Romeine 8:10-11). Daardie krag van God, wat geen universiteit, sinode, regter, advokaat of professor deur soms skeptiese uitsprake ongedaan kan maak nie, bring steeds nuwe lewe en verassende hoop in 'n verwarde, stukkende, donker en magsbehepte wêreld. Dit is daardie selfde krag wat deur die ergste trauma, twyfel, bitterheid en ongeloof kan deurbreek en opstandingskrag en geloof as verrassende gawe kan skenk. Met dié onmeetlike, skeppende en transformerende krag wat God dus gee, kan selfs die donkerste en hartseerste gebeure (óók in die NG Kerk én by Tukkies!), daarom geboorte gee aan bekering, vergifnis, versoening en hoop.

Dit was dáárdie krag wat my die afgelope klompie jare deurgedra het, en in staat gestel het om eerstens my eie foute tydens al die gebeure raak te sien én te bely, en ook hulle te vergewe wat my, maar ook ander studente, seergemaak het. Dit is my opregte hoop en verwagting dat daardie selfde krag van God ook nuwe hoop en verrassende veranderinge in die NG Kerk maar ook in besonder by my geliefde Fakulteit Teologie in Pretoria mag bring!

BYLAAG EEN

# Die 2005-Eerstejaarskamp

Kort na die Kirkpatrick-kommissie se gesprekke met die jaargroepe in Februarie begin en in Maart 2005 afgesluit sou word, en voordat hulle die kuratorium-dagbestuur se besluite in verband daarmee beskikbaar gestel het, het die Deo Gloria Eerstejaarskamp in Februarie plaasgevind. Ek wou graag vir Rodney Seale, wat toe intussen 'n doktorsgraad in Sielkunde by Unisa behaal het, nooi om die studente tydens die kamp toe te spreek. Ek het gedink dit sal vir 'n slag iets anders wees, gegewe Rodney se effektiewe benadering tot die jeug asook sy jarelange ervaring met kinders wat vasgevang is in die greep van dwelms. Toe ek sy moontlike deelname met dr. Flip du Toit bespreek, wou hy nie hê dat hy moes deel wees van die eerstejaarskamp nie. Ek wou nie met hom daaroor argumenteer nie, en het by sy besluit berus. Ek reël toe dat professore Hennie Stander en Hoffie Hofmeyr, asook 'n NG leraar, ds. Louis Cloete, by die kamp sou optree. Ds. Cloete was 'n klompie jare tevore by 'n CSV-kamp te Winkelspruit wat groot seën vir baie kinders gebring het. Ek het drs. Flip du Toit, Kobus Gerber en Danie Dreyer van die kuratorium ook genooi, maar hulle het laat weet dat hulle dit nie sou kon bywoon nie.

Tydens die kamp het die studente goeie vriende gemaak, laat saans saam by die kampvuur liedjies gesing, konsert gehou, saam gelag en gespeel en nog baie meer. Ons het probeer om die kamp so te reël dat daar genoeg verskeidenheid was vir die verskillende smake en spiritualiteite. Verskeie studente het met bestuurslede gesels oor wat hulle te wagte kan wees in die teologiese studies wat voorlê. Ek het spesifiek 'n punt daarvan gemaak om studente positief te stem oor die teologie as wetenskap. Teen 2005 het die Nuwe Hervormers en 'n paar teoloë van Tukkies toe al vir geruime tyd in die openbare pers hulle teolo-

giese standpunte verkondig. Daarom was dit ook nie vreemd dat sommige studente vrae daaroor in van die gesprekke gehad het nie. Ek het vir diegene wat daaroor vrae gehad het genoem dat daar inderdaad teoloë by Tukkies is wat kontroversiële standpunte huldig oor onder meer Jesus se liggaamlike opstanding en so meer. Ek het hulle egter aangemoedig om nie weg te skram van die teologie as wetenskap nie. Ek het gesê dat daar genoeg vooraanstaande Bybelwetenskaplikes is wat die teologiese wetenskap geloofwaardig gebruik om die kern van ons geloof te bevestig. Dit was vir my belangrik om nie op die eerstejaarskamp name van kontroversiële dosente te noem nie – as voorsitter het ek nie gedink dit sal wys wees nie. 'n Groep eerstejaars het egter self 'n indringende gesprek gehad oor dinge wat spesifiek professor Johan Buitendag in die dogmatiekklas met hulle bespreek het. Ek het nie aktief deelgeneem aan die bespreking nie, maar kon agterkom dat daar studente was wat baie deurmekaar was oor die teologiese sake wat glo bespreek was.

Op die kamp het professor Hennie Stander in sy praatjie die studente aangespoor om hulle geloof en roeping in Jesus Christus vas te maak. Hy het spesifiek verwys na Billy Graham en 'n klasmaat Charles Templeton wat albei saam met die teologie begin het – Graham het enduit in die Evangelie geglo en dit verkondig, terwyl Templeton verward geraak het en nie vandag 'n gelowige is nie. Volharding in die geloof was 'n belangrike aspek van professor Hennie se praatjie. Hy het ook 'n uittreksel uit die fliek *Cool Runnings* vertoon wat volharding in die geloof pragtig illustreer. Die beeld van die Jamaikaanse "bobsleigh"-span wat in die finaal van die Olimpiese Spele 'n ongeluk gemaak het, maar hul yskar op hul skouers die wenstreep oorgedra het, was vir baie studente bemoedigend. Professor Stander het 'n besonderse boodskap gegee wat ek tot vandag toe goed onthou.

Ds. Cloete se boodskappe was vir baie studente besielend, soos wat hulle ná die kamp gerapporteer het. Sy styl het ons aan die bekende wyle Louis Malherbe herinner saam met wie hy interessant genoeg ook in die verlede opgetree het. Ds. Cloete het studente met passie uitgedaag om seker te maak van hulle roeping. Hy het ook 'n paar keer verwys na die feit dat hulle in die jare wat voorlê blootgestel gaan word aan uiteenlopende teologiese strominge, en dat hulle daarom seker-



heid moes kry oor wat hulle glo. Ds. Cloete het ook een aand alleen met al die manne gepraat oor die gevare van pornografie en seksuele sondes, en die vernietigende gevolge wat dit kan inhou vir 'n mens se bediening. Die damesstudente het tydens die lesing gaan "social" by die kampvuur so 'n end weg van die lapa waar die praatjies gehou is. Ds. Cloete het voortgegaan en vir ons manne vertel van 'n steekproef wat aangetoon het dat twintig persent Amerikaanse pastore al tydens hulle bedienings vasgevang was in pornografie en seksuele sondes. Hy het verduidelik dat hierdie dinge al verskeie bedieninge vernietig het en toe uit die Skrif vir ons raad gegee. Uiteindelik het hy diegene wat wou regmaak met die Here oor betrokkenheid by sulke bedrywighede uitgenooi om daaroor met die Here te praat.

Na die ernstige boodskap het hy al die studente wat wou, uitgenooi om as simbool van die feit dat ons ook met die vuur van die Heilige Gees gedoop is (met seksuele reinheid teenoor seksuele losbandigheid as agtergrond), 'n paar druppeltjies bensien in die handpalm te gooi, en met 'n vuurhoutjie aan die brand te steek, waarna dit vir 'n paar sekondes 'n klein blou vlammetjie maak. Die oomblik wat jy jou hand toegemaak het, het die vlammetjie doodgegaan. Dit was 'n interessante en sekerlik ook ongewone simbool en metafoor om ons daaraan te herinner dat ons liggame 'n tempel van die Heilige Gees is, en dat ons seksueel rein moet leef, veral met oog op die bediening wat voorlê. Ek dink tot vandag toe is daar studente wat sal terugdink aan daardie simboliese handeling wanneer hulle versoek word met pornografie en ander dergelike dinge.

Ná die kamp het 'n hele klomp studente vir my kom vra of ek nie kan reël dat ds. Cloete tydens een van die godsdiensperiodes by die fakulteit weer met ons kan kom gesels nie. Die eerstejaarskamp was duidelik vir baie 'n opbouende ervaring.

Twee uit die 36 studente wat die kamp bygewoon het, het egter na die kamp by die dekaan, professor Cas Vos, en dr. Flip du Toit gaan kla. Hulle het aangevoer dat studente deur ds. Cloete met die Heilige Gees "gedoop" is, en ook 'n paar ander besware gelug wat daarop neergekom het dat studente gewaarsku is teen liberale dosente wat by die naam genoem is, en dat hulle hul geloof kon verloor. Een van hulle het, as ek reg onthou, ook gesê dat daar vantevore vir die bekering van

sekere liberale dosente gebid is. Een van die studente wat gaan kla het, het alreeds vir geruime tyd voor die kamp onder sommige studente bekendgestaan as professor Cas Vos en dr. Flip du Toit se geheime spioen. Hy het al sedert die S.E.L. begin het, klaarblyklik gereeld aan professor Vos gaan rapporteer oor wat alles daar aangegaan het. Hy sou ook blykbaar 'n paar keer gebedsbyeenkomste bygewoon het, nie om te bid nie, maar om inligting bymekaar te maak vir professor Vos.

Professor Vos het my as voorsitter kort na die kamp gekontak en ingelig dat hy 'n vergadering gereël het vir die Maandag waar die dosente en die hele Deo Gloria-bestuur teenwoordig moes wees. Toe ek vra waaroor dit sou handel, wou hy niks laat blyk nie alhoewel ek 'n vermoede gehad het wat aan die gang was.

By die Maandag se vergadering aangekom, was professore Cas Vos, Julian Müller, Dirk Human, Piet Meiring, Conrad Wethmar, Hoffie Hofmeyr en drs. Flip du Toit en James Kirkpatrick van die kuratorium teenwoordig. Dit was vreemd om te sien hoe professore Vos en Müller spesifiek, voordat hulle énige broederlike gesprek met ds. Cloete gevoer het, op grond van 'n preekskets van 'n boodskap tydens die kamp gesê het dat een van sy boodskappe ongereformeerd was en dat daardie soort teologie nie by die fakulteit tuishoort nie. Ironies genoeg is dit in sy afwesigheid gedoen. Ds. Cloete is as NG predikant deur ons genooi om by die kamp op te tree. Hy was nie verbonde aan die fakulteit nie en kerkregtelik kon die kuratorium dus nie iets aan hom doen nie. Ek onthou nog hoe professor Müller gesê het "hierdie is nie gereformeerde teologie nie". Terugskouend verstaan ek vandag dalk professor Müller se kritiek bietjie beter. Waar ds. Cloete op die kamp (en in van sy boodskappe) studente opgeroep het tot seksuele reinheid, wat onder andere ingesluit het verwysings na voorhuwelikse seksuele verhoudings en pornografie, het professor Müller klaarblyklik geen probleem met voorhuwelikse seksuele verhoudings nie, soos blyk uit sy boek *Gesinne van binne* (Müller, 2002). Dié saak het Riaan Rossouw opgeneem met dr. Lourens Bosman wat professor Müller se boek met ons in 'n latere module behandel het.

Terug by die vergadering. Professor Vos het verder in baie duidelike taal gesê dat hy die hele Deo Gloria-jaarprogram opskort, en dat dit voortaan in samewerking met die dosente en kuratorium sou



geskied. Hierdie besluit van professor Vos het Deo Gloria sy onafhanklikheid as studentevereniging ontneem. Van toe af moes elke aktiwiteit wat beplan word, die goedkeuring van die kuratorium en ook die fakulteit wegdra – iets wat teen Deo Gloria se grondwet ingedruis het, soos ook alle ander studenteverenigings s'n. Daar moes ook 'n nuwe grondwet vir Deo Gloria geskryf word.

'n Interessante feit is dat professor Vos die twee Deo Gloria-lede wat beswaard was, rojaal tyd gegee het om hulle saak te stel. Een van hulle het ook pertinent gesê dat studente op die kamp afgeraai is om na die NG Kerk Universiteitsoord te gaan. Dít het veral vir dr. Kirkpatrick omgekrap. Hy wou weet waarom studente afgeraai is om soontoe te gaan want, het hy gesê, as daar fout te vind is met die teologie wat by Universiteitsoord gepredik word, dan is daar ook fout by die Fakulteit Teologie. Tydens die vergadering het dit toe uitgekom dat daar inderdaad predikante by Universiteitsoord was wat verkondig het dat studente maar voorhuwelikse seksuele verhoudings kon beoefen

Ek het, toe ek later die geleentheid gegee is, genoem dat ek beslis nie kon saamstem met alles wat hierdie twee studente beweer het nie. Ek het eerstens gevra of dit nie die broederlike weg is om eers persoonlik met ds. Cloete in gesprek te tree voordat twee uit 36 studente se opinie as feit aanvaar word nie. Ek het ook aan die dekaan en dr. Flip du Toit 'n pak briewe van die studente se belewenisse tydens die kamp oorhandig. Die oorweldigende meerderheid was positief en dankbaar. Professor Vos het hom egter vir my vererg en gesê dat hy nie belangstel om nou met ds. Cloete te praat nie. Professor Vos het, so was my indruk, die vergadering met 'n ystervuis bestuur. Dit was regtig onaangenaam.

Professor Hoffie Hofmeyr was die een dosent wat darem probeer het om die saak te beredder. Hy wou vrede maak. Hy het onder andere genoem dat ons mét mekaar moes praat, en nie ván mekaar nie; dat dit nie sal help as ons polariseer in die fakulteit nie, en dat die gedeelte van die kamp wat hy bygewoon het, geen probleme opgelewer het nie. Sy woorde is egter nie ernstig opgeneem nie, want daarna het professor Vos op sy polariserende trant voort gestoomroller, asof professor Hofmeyr nie eens sy mond oopgemaak het nie. Hierdie gebeure was

nie net hartseer vir sommige studente nie, maar ook ’n ontnugtering.

Kort na die vergadering het professor Piet Meiring, in opdrag van professor Vos, my op my selfoon gebel en ingelig dat hy ds. Cloete gaan bel om die Deo Gloria-periode waartydens hy die eerskomende Donderdag sou optree, af te stel. Ek het professor Meiring heel rustig geantwoord dat dit seker reg so is, maar dat ek en sommige studente teleurgesteld is omdat ons gevoel het dat daar tydens die vergadering onbillik deur professor Vos (en Müller) opgetree is.[73]

Kort daarna het professor Vos my deur sy sekretaresse (mevrou Aucamp, ’n wonderlike tannie en geliefd onder al die studente!) laat weet dat hy my dringend wou sien. Hy was so angstig dat hy my tydens ’n lesing uit die klas wou roep om met hom te kom praat. Ek was bekommerd hieroor en het uiteindelik met hom ooreengekom (nadat hy aanvanklik ongenaakbaar daarop aangedring het) dat ek hom die volgende môre heel eerste in sy kantoor sou kom spreek. Die rede waarom ek hom nie dadelik kon sien nie, was omdat ek toe reeds direk na klas ’n afspraak met ’n vooraanstaande NG teoloog[74] by Menlyn se Mug & Bean gehad het om sy raad oor die onlangse gebeure te vra. Ek het vir Riaan Rossouw, Dirk Coetzee, Pierre Momberg, en Joe Müller saamgeneem na die gesprek. Daar aangekom, het ons die moeilike sake van die afgelope weke met mekaar bespreek.

Ek het die volgende môre besef dat hier probleme aan die kom was, veral na professor Vos se onbroederlike optrede, dreigemente en opskorting van die Deo Gloria-program (en natuurlik die ander dosente – uitgesluit professor Hofmeyr – se stilswye). Dié gebeure het ten minste op een noemenswaardige groep studente ’n baie negatiewe en verdelende effek gehad. Dit het die boodskap uitgestuur dat die dekaan en kuratorium (drs. Flip du Toit en James Kirkpatrick wat ook by die vergaderings was) net gesprek sou voer op hulle voorwaardes en wanneer hulle in beheer is.

73 Net tussen hakies, ek het voor die vergadering begin het, vir dr. Nelus Niemandt (toe nog nie dosent en professor nie) geskakel en raad gevra. Hy het voorgestel dat ons voortgaan om ds. Cloete te nooi, maar ook ’n ander predikant om ’n ander perspektief te stel. Nie eens dit sou kon gebeur nie –prof. Vos het met mag ingegryp.

74 Met goeie rede noem ek nie die teoloog se naam nie.



Daarom het ek besluit om vir die eerste keer ’n bandopnemer in my sak te sit toe ek die volgende môre moes aantree in professor Vos se kantoor. Alhoewel ek as getroue student altyd noukeurige klasnotas geneem het, het ek nooit vóór hierdie geleentheid, in die klas of in ’n persoonlike gesprek met enige professor, opnames gemaak met die doel om belangrike getuienis wat Deo Gloria en studente raak, te versamel nie.[75] Sommige dosente se bewerings dat ek al vanaf my eerste jaar met ’n bandopnemer rondgeloop het (en die idee probeer skep het dat ek met ’n vooraf uitgewerkte plan kom teologie studeer het), is van alle waarheid ontbloot. Dit was professor Vos se optrede na afloop van die 2005-eerstejaarskamp wat my genoop het om, ter wille van Deo Gloria en die studente se belange, vir die eerste keer ’n opname te maak vir rekorddoeleindes.

Ek het toe vir Pierre Momberg, die onder-voorsitter, die volgende môre na die vergadering saamgeneem. Daar aangekom was professor Vos nie gelukkig met Pierre se teenwoordigheid nie en wou eers hê dat hy die kantoor moes verlaat. Hy het gesê: “Ek het met jóú ’n afspraak!” Later het hy ook vir my gesê: “Kom alleen, Ferdie!” Die atmosfeer was gelade. Uiteindelik het hy toe ingestem dat Pierre kon bysit nadat ek ’n paar keer baie mooi gevra het. Professor Vos het ernstig begin praat. My belewenis was dat hy my heuning om die mond probeer smeer het om sy eie agenda te bereik. Hy het verduidelik dat ek ’n knap student is van wie hy hoë verwagtinge in die kerk het. Ek het doodstil gesit en luister.[76]

Hierna het professor Vos my gedreig dat ’n klag teen my by die dissiplinêre komitee van die Universiteit ingedien kon word oor die kampgebeure (Die bensiendruppels in die hand, asook klaarblyklike dislojaliteit aan die Fakulteit Teologie was die agtergrond hiervoor).

75 Video opnames wat vantevore van sommige S.E.L.-byeenkomste gemaak is, is natuurlik iets heeltemal anders.

76 Terugskouend het ek my bedenkinge oor prof. Vos se hoë verwagtinge vir my. Kort na ons vergadering is ek aangestel as jeugwerker in ’n NG gemeente in Pretoria. ’n Paar dae later het ’n predikant van die gemeente my ingelig dat prof. Vos intussen ’n persoonlike gesprek met hom gevoer het oor my. Nie lank hierna nie is ek ingelig dat ek nooit in die pos aangestel is nie. Die pos is toe aan ’n ander student, wat intussen leraar daar geword het, gegee.

Hy het ook genoem dat hy reeds die saak met sy goeie vriend, professor Callie Pistorius, toe die rektor en vise-kanselier van Tukkies, bespreek het.[77] 'n Mens kon die spanning in die lug aanvoel, maar tog was my hart vol vrede. Ek het deurgaans kalm gebly, maar het toe met oortuiging Deo Gloria se saak probeer stel. Ek het weereens, soos tydens die woeste vergadering vantevore, gepleit dat daar eers broederlik met die persone wat by die kamp opgetree het gesels moes word, voordat verdere wanpersepsies ontstaan en moontlike stappe geneem word. Professor Vos het dit summier geweier. Ek kon dit nie glo nie. Professor Vos het my verder ernstig verkwalik dat ek wou voortgaan om ds. Cloete te nooi vir die Donderdag se Deo Gloria-periode, aangesien hy dit self wou waarneem. Daarom het hy ds. Cloete se optrede afgestel. Na 'n lang gesprek (en toutrekkery) het ek uiteindelik toegegee[78] aan die dreigemente van professor Vos en ook dr. James Kirkpatrick van die kuratorium wat later die oggend by ons aangesluit het. Ds. Cloete se optrede is toe verskuif na die Vrydag, alhoewel professor Vos eintlik wou hê dat dit óf totaal afgestel moes word óf vir die Sondagmiddag gereël moes word vir my en my "groepie" soos hy dit gestel het.

Professor Vos het toe die Donderdag se Deo Gloria-periode hanteer. Ek was nie daar nie. Ná die woordestryd het ek net nie kans gesien om te gaan nie. Ek het van ander studente verneem dat sy boodskap oor lojaliteit gegaan het, waartydens daar ook na Judas Iskariot (dis nou seker ek) verwys is, wat vir Jesus (is dit nou seker hy?) verraai het. Nooit in my wildste drome het ek gedink dat daar ooit so 'n dag by Tukkies sou aanbreek nie! Voor hierdie gebeure was daar nog altyd hoop in my hart dat dinge kon verander. Enkele dosente het aan my genoem dat hulle ook ongelukkig was oor professor Vos se optrede.

Die Vrydag het ds. Cloete toe kom praat. Ek het gereël dat dit nie by die Fakulteit Teologie plaasvind nie, maar in 'n ander lokaal op die kampus. Ek reël toe ook dat dit nie onder die vaandel van

77 Prof. Vos het 'n tydjie hierna die bevestiging van prof. Pistorius se tweede huwelik in die kapel op kampus waargeneem. Prof. Pistorius het Tukkies intussen verlaat en 'n pos in Engeland aanvaar.

78 Dit was nadat Pierre, die onder-voorsitter wat ook bygesit het, uiteindelik toegegee het.



Deo Gloria nie, maar wel die S.E.L. plaasvind. Die "groepie" waarna professor Vos verwys het, was toe byna 'n hele lokaal vol studente, alhoewel daar egter ook studente was wat uit vrees (meen ek) nie kom luister het nie.

Sonder dat ek daaroor ingelig is, het professor Vos toe aan professor Dirk Human en dr. Flip du Toit opdrag gegee om ds. Cloete se boodskap by te woon en notas vir hom daarvan te maak. Die opdrag was seker om fyn te luister en indien ds. Cloete enige iets sou sê wat hulle dink nie kosjer is nie, moes dit aangeteken word. Terloops, professor Human en dr. Du Toit het nie eens vir ds. Cloete gegroet nie. Ds. Cloete het 'n uitstekende boodskap oor volharding in die geloof gelewer.

Na die praatjie het ds. Cloete 'n brief aan my gegee wat ek later gelees het. Dit was 'n afskrif van 'n brief wat hy aan die dekaan gerig het – 'n tipe verslag van sy boodskappe op die kamp en sy indrukke na aanleiding van al die gesprekke wat hy met studente gehad het. Tussen hakies, hierdie kontak wat hy met die dekaan gemaak het was eintlik maar mostert na die maal want professor Vos het toe alreeds die Deo Gloria-jaarprogram opgeskort. Reeds aan die begin het ds. Cloete in sy brief gesê dat hy "meer as bereid is om met u of enige ander lid van die teologiese fakulteit of kuratorium in gesprek te tree."

Verder sê hy toe ook:

> "Wat my die meeste opgeval het, is die verwarring t.o.v. die gesag van die Bybel wat na slegs drie weke by verskeie van hulle ingetree het. Dat hulle werklik deurmekaar was, en baie vrae gevra gehad het oor sekere leerinhoude wat hulle reeds ontvang het. Daarom glo ek het die kamp vir baie van hulle baie beteken omdat hulle moes hoor dat hulle in die tyd van studies baie seker moes maak van hulle eie oortuigings, rakende God, Jesus, die HG en die Woord. Die ou vertwyfelings rakende die persoon van Jesus, sy Godheid en dit wat rondom Hom gebeur het, word nou op hernieude wyse aan hulle voorgehou en ek weet nie of hulle volwasse genoeg is om die leuen en waarheid te kan onderskei nie. Dit is vir my as gemeenteleraar 'n kommer."

Ek maak oor bogenoemde 'n paar opmerkings. Ek het alreeds vroeër in die boek verwys na professor Hennie Stander se artikel vir *Kerkbode* waarin hy alreeds in 2002 vertel het van studente wat by hom kom kla het dat hulle geloof by die fakulteit "ondergrawe" word (*Kerkbode*, 6 September 2002). Ds. Cloete se indrukke van die kamp, soos hierbo aangehaal, het bevestig wat toe al veral sedert die jaar 2000 met die eenwording van die Hervormde en NG fakulteite aan die gebeur was. Die doodnormale worstelings wat nog altyd deel was van teologiese opleiding het klaarblyklik, veral sedert die jaar 2000, ontwikkel in ernstige verwarring en die "ondergrawing" van geloof in sommige klassituasies.

Na die kamp sou dit uitkom dat sommige studente "werklik deurmekaar" was as gevolg van 'n paar lesings wat professor Johan Buitendag toe alreeds aangebied het. Die detail daarvan is nie aan my bekend nie.

Na professor Vos se optrede die Donderdag, het dr. Flip du Toit ook al die ander predikante wat lank gelede reeds gereël is om te kom optree, gekanselleer. Ek onthou spesifiek hoe een leraar omtrent twee uur voor die byeenkoms geskakel is. Die leraar was al besig om gereed te maak om fakulteit toe te ry. Daar is darem gesê dat daar weer later die jaar vir hom 'n geleentheid gereël sou word. Dit het egter nooit gebeur nie. Ook ds. Dirkie van der Spuy se optrede wat reeds gereël is, is gekanselleer met die belofte van 'n latere optrede wat (volgens my inligting) ook tot vandag toe nie nagekom is nie. In hulle plek het professor Julian Müller byvoorbeeld (oor wie daar toe al oor etlike jare besware was) dríé keer in die res van die jaar se godsdiensperiodes opgetree (ten minste soos dit op die uitgedrukte jaarprogram aangedui is).

Na die gebeure op die kamp en die woeste vergaderings wat daarop gevolg het, insluitende die spanning tussen my en die dekaan, het die kuratorium se dagbestuur toe weer 'n vergadering gehad. Hierdie keer het dr. Flip du Toit my nie daarheen uitgenooi soos gewoonlik die reëling was nie. Tydens daardie vergadering het hulle toe 'n paar studente (ooglopend die beswaarmakers) genooi om getuienis te lewer oor die kamp. Geen senior lid van Deo Gloria, of ds. Cloete is genooi vir 'n broederlike gesprek nie.



Die kampgebeure, maar ook die Kirkpatrick-kommissie se verslag oor die gesprekke met die onderskeie jaargroepe (waaroor ek reeds uitgewy het), is tydens die vergadering bespreek waarna verskeie besluite geneem is en vervat is in 'n brief aan die studente. Etlike stellings daarin was wanpersepsies en, ten minste soos die senior Deo Gloria-lede dit geïnterpreteer het, om strategiese redes deur die kuratorium op 'n bepaalde manier geformuleer om verwarde studente en ons senior bestuur te isoleer.

Ten slotte net die volgende oor die hele debakel rondom die 2005-eerstejaarskamp: 'n Mens kan dalk in allerhande detail verstrengel raak oor die bensien en vlammetjie tydens die kamp, asook 'n paar ander sake, maar ek wil dit tog waag om te sê dat die slegste van hierdie episode was ongetwyfeld vir my hoe professor Cas Vos in besonder dit hanteer het. Hy het nie daarin belanggestel om broederlike gesprekke met al die mense wat betrokke was te voer nie, al het ek hoeveel keer daarvoor gepleit; hy het net met mag ingegryp.

As voorsitter van Deo Gloria het etlike ander gebeure tussen my en professor Vos ook problematies verloop. My belewenis was dat hy altyd ander agendas gehad het, wat gevolglik eerlike en openhartige gesprekke byna onmoontlik gemaak het. Hy het sy geheime agente gehad wat hom van inligting bedien het, sodat hy sy strategieë dienooreenkomstig kon inspan.

BYLAAG TWEE

# Die Kaapse teoloë

Waarom is sekere Kaapse teoloë by die studenteverklaring betrek? Hier volg 'n kort verduideliking.

## Dr. Ben du Toit

Ek het reeds vroeër in die boek 'n paar dinge gesê oor die kontroversie wat ontstaan het na aanleiding van die verskyning van dr. Du Toit se boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Tukkie-studente het tog 'n belang hierin gehad, veral omdat dr. Du Toit spesiaal uit die Kaap opgekom het Pretoria toe om by Unisa sy boek te bemark. In die boek het dr. Du Toit byvoorbeeld die kruis en opstanding van Jesus vergelyk met "energie" wat hewige reaksie ontlok het. Teoloë waaronder professore Jan van der Watt, Stephan Joubert, Jan du Rand en Adrio König het onder meer ernstige kritiek hieroor uitgespreek. 'n Tydjie nadat die boek verskyn het, het dr. Du Toit ingewillig tot 'n onderhoud met die joernalis Izak de Vries, wat vir LitNet, 'n internetgespreksforum, 'n (ongedateerde) artikel geskryf het.

Wat was dan so belangrik in hulle onderhoud dat dit in die studenteverklaring opgeneem moes word? Ek haal 'n deel daaruit aan wat begin met 'n vraag deur De Vries aan dr. Du Toit:

> "Wat daarvan as iemand eerder die opstanding as 'n simboliese idee sien? Daarmee het Du Toit nie 'n probleem nie. . . hy voel dit moet nie 'n struikelblok wees nie" (De Vries, "Die NG Kerk stoot postmoderne deure oop: In gesprek met dr. Ben du Toit": LitNet).

As die inligting tot my beskikking korrek is, het dr. Du Toit nooit

enige wanvoorstelling wat De Vries van hulle gesprek sou gemaak het in die openbaar weerspreek nie. Dié artikel was (en is nog steeds volgens my inlgting) vir etlike jare al op LitNet se webtuiste (wat nogal 'n groot lesertal het). Ten minste wat die artikel aangaan, was dit dus dr. Du Toit se standpunt dat hy nie 'n probleem daarmee het as Jesus se opstanding eerder as 'n "simboliese idee" verstaan kan word nie. Om die opstanding van Jesus as 'n "simboliese idee" te herinterpreteer, was vir my ongetwyfeld die tipe standpunt wat die *Jesus Seminar* en die Nuwe Hervorming voorgestaan het.

Dáárom, en ook gegewe die jarelange weiering deur dr. Du Toit om enige van sy kontroversiële stellings in sy boek terug te trek (selfs na etlike broederlike gesprekke en uitnodigings), en die feit dat hy 'n besondere gesagsposisie in die NG Kerk beklee het, het ons hom by die verklaring betrek. Tussen hakies, die feit dat hy vrygespreek is van leerdwaling tydens 'n kerklike ondersoek na aanleiding van sy boek, het eerder bygedra tot die motivering om hom ook by die verklaring te betrek as om my daarvan te laat afsien. 'n Stortvloed gelowiges en vooraanstaande NG teoloë het ook hul ongelukkigheid oor dr. Du Toit se uitlatings uitgespreek.

## Dr. Louis Jonker

Dr. Jonker, wat sedertdien professor geword het, is 'n bekwame NG Ou Testamentikus verbonde aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy is 'n gerespekteerde Bybelwetenskaplike wat ook in Duitsland navorsing gedoen het. Waarom is dr. Jonker, wat eerstens nie in Pretoria nie, maar Stellenbosch dosent is, en verder nie 'n Nuwe Testament dosent is nie, dan betrek by 'n studenteverklaring oor die opstanding van Jesus?

In 2004 het dr. Jonker ingestem om deel te wees van 'n paar dosyn teoloë wat onder redaksie van dr. Frits Gaum 'n boek oor die opstanding van Jesus die lig laat sien het. Dié boek, *20 Gesprekke oor die opstanding van Jesus* (2004), is klaarblyklik geskryf in die lig van die opkoms van die *Jesus Seminar* en Nuwe Hervorming, met die hoop om in 'n sekere sin leiding aan gelowiges te gee in sovere dit oor die opstanding van Jesus gaan. So byvoorbeeld het dr. Louw Alberts, professor Amie van Wyk, dr. Daan van Wyk, professor Nico Koopman en andere daaraan deelgeneem.

Wat het dr. Jonker se bydrae in díé boek dan so opspraakwekkend en kontroversieel gemaak dat ons dit nodig geag het om dit in die studenteverklaring op te neem? Ek probeer verduidelik. Dr. Jonker het 'n hele paar opmerkings in sy bydrae gemaak waarmee enige gelowige kan en behoort saam te stem. So byvoorbeeld het hy aangevoer dat Jesus se opstanding van "sentrale belang" vir sy geloof is. Hy sê ook:

> "Ek glo nie in Jesus Christus omdat sy lewe, sterwe en opstanding op een of ander manier feitelik aan my bewys kan word nie, maar omdat die Heilige Gees my daarvan oortuig dat Jesus Christus die lewende Here is. Dit doen Hy deur God se Woord wat lewend en kragtig is in elke nuwe eeu" (Gaum [red.], 2004: 24).

Hierop kan mens maar net "Amen" sê.[79] Met hierdie mooi woorde in gedagte, hoe is dit dan moontlik om kritiek te hê op ander uitsprake deur dr. Jonker? Kom ek probeer verduidelik. Eers die vraag wat dr. Gaum vra en dan dr. Jonker se antwoord daarop. Die skuinsdruk kom so uit die boekie. Ek dui die belangrike deel in dr. Jonker se antwoord in vetdruk aan.

> Dr. Gaum: *"Is die vraag of Jesus uit die dood opgestaan het, vir jou geloof 'n allerbelangrikste saak . . . of lê dit vir jou op die periferie?* Dis van sentrale belang vir my geloof. **Maar dan moet van die begin af bygevoeg word dat dit nie om *historiese* belang gaan nie, maar om *geestelike* en *teologiese* belang"** (24).

Gegewe laasgenoemde antwoord, het dr. Gaum toe voortgegaan met die volgende vraag:

> *"Jy praat van die léwende Here, die léwende Christus, Louis. Maar sê nou Jesus het nie uit die dood opgestaan nie?*

79 Bygesê, gelowiges mag vanweë die Heilige Gees se werking glo dat Jesus se opstanding 'n historiese feit is.

**As wat jy nou vra, sou beteken dat Jesus dalk nie *fisies* uit die dood opgestaan het nie, sou dit steeds geen probleem vir my geloof skep nie.** God se menswording het *volledig* plaasgevind. Dit het begin deurdat God as baba uit 'n vrou gebore is, en het geëindig deurdat God as mens aan die kruis gesterf het. Tussen Kersfees en Goeie Vrydag bewys God volledig aan ons God se gesindheid teenoor ons! Wat ons ná Goeie Vrydag probeer sê, bly altyd voorlopig weens ons gebrekkige insig. **As dit sou blyk dat Jesus nie *fisies* uit die dood opgestaan het nie, neem dit niks weg nie van die feit dat ek God ná God se menswording as lewende Here kan bely, ervaar en uitleef deur 'n lewe van geloof**" (Gaum [red.], 2004: 25-26).

Drie sake wat ek in alle billikheid dink nogal kommerwekkend is, is dat Jesus se opstanding eerstens nie om "historiese belang gaan nie"; tweedens, dat Jesus se opstanding klaarblyklik in teenstelling hiermee slegs om "geestelike en teologiese belang" sou gaan; en laastens dat Jesus "as lewende Here" bely kan word deur klaarblyklik uitsluitlik te fokus op sy menswording (Kersfees) en kruisiging (Goeie Vrydag), gegewe die moontlikheid dat dit "sou [kon] blyk dat Jesus nie *fisies*[80] uit die dood opgestaan het nie". Die implikasie van laasgenoemde sou sonder groot interpretatiewe spronge kon inhou dat Jesus se lyk moontlik ontbind het in 'n graf, dáárom die groot klem deur dr. Jonker op Kersfees en Goeie Vrydag, met Opstanding-Sondag oorgelewer aan dié soort voorlopighede waar selfs 'n dooie Jesus se lyk nie uitgesluit word nie. Ek dink nie dis regtig nodig om wat laasgenoemde drie uitsprake deur dr. Jonker betref verdere kommentaar te lewer nie. Dit spreek relatief vanself.

80 Terloops, die vraag aan dr. Jonker was gewoon aangaande die "opstanding" van Jesus. Hyself het die woord "fisies" bygetrek. Soos reeds in die voorwoord van die boek aangedui, is die meer korrekte woord die fisieke of liggaamlike opstanding.



BYLAAG DRIE

# 'n Teologiese regsaksie? My dissiplinêre verhoor

Ek begin hierdie lang episode agterstevoor. Ek berig oor die volgende insident teen die aanbeveling van advokaat Helberg, en neem daarom volle verantwoordelikheid vir die insluiting daarvan.

'n Paar dae ná my skuldigbevinding aan oneerlikheid deur die kuratorium-kommissie wat my dissiplinêre verhoor hanteer het, en na die opskorting van my status as NG student, kry ek 'n oproep van adv. Marius Helberg SC, die Christen-advokaat wat my goedgunstiglik by die verhoor verteenwoordig het. Hierdie oproep was anders, heeltemal anders. Hy het my ingelig dat die kuratorium se prokureur hom so pas geskakel het met 'n voorstel waaroor ek ernstig moes gaan nadink: Ek moes alle dwaalleer-aanklagte teen die dosente laat vaar. Dít sou moontlik die kuratorium oortuig van my berou wat gevolglik kon inhou dat hulle my sou toelaat om my studies te voltooi en daarna in die NG Kerk gelegitimeer te word. Verder, so het die prokureur gesê, kon so 'n gebaar van my kant af moontlik die universiteit oortuig om alle dissiplinêre aksies van hulle kant af ook te laat vaar.

Toe adv. Helberg my dié nuus meedeel, het daar onmiddellik 'n groot rustigheid oor my gemoed gekom. Ek het die aanbod verwerp. Waar die uitspraak van die kuratorium-kommissie bepaal het ek moet my "oneerlikheid" voor die kuratorium bely om weer toegelaat te word om as NG student my opleiding te voltooi, was die prokureur se voorstel iets heeltemal anders: Ek hoef nie my "oneerlikheid" te bely nie; trek net die dwaalleer-aanklagte teen die dosente terug, en jy is 'n vry man.

Dit het my laat wonder: Die ondersoek teen my het nie regtig

gegaan oor die tegniese foute wat ek begaan het nie, maar dalk eerder om die ondersoeke teen die dosente te skrap.

## Die aanloop tot die verhoor

"Ek vra om verskoning." Hierdie woorde het ek persoonlik 'n tydjie voordat die kuratorium met 'n dissiplinêre aksie teen my sou begin, swart op wit in 'n dokument getik. Daarin het ek my verskoning aangebied aan sommige studente wat gevoel het dat ek hulle nie genoeg detail oor die volle inhoud van die verklaring gegee het nie. Ek het ook tegniese verstellings aan die verklaring erken, maar nie spesifiek verwys na my professor se advies in die verband nie – om hom te beskerm. Hierdie erkennings, saam met 'n uiteensetting van die jarelange gesprekke (met kuratoriumlede en predikante oor sommige dosente), en ook my bespreking van die teologiese standpunte van sommige teoloë, het ek na meer as eenduisend NG predikante landwyd en die meeste teologie-studente by Tukkies versprei.

Hoekom was dít nie voldoende om die kuratorium te laat afsien van hulle aksies teen my nie? Kan dit wees dat hulle eintlik ook wou hê dat ek die 15 Junie 2005-studenteverklaring onttrek, en ook alle dwaalleer-aanklagte teen die dosente moes onttrek? Wat laasgenoemde sake betref dink ek hulle het geweet dat ek dit nie maklik sal doen nie. Daarom is ek daarvan oortuig dat hulle net van my móés ontslae raak sodat die geloofwaardigheid en integriteit van die dosente, asook die eer van die fakulteit en kuratorium herstel kon word.

Ek noem een latere insident wat dit bevestig: "Die dosente wat aangekla is, is onskuldig aan enige dwaalleer want die student wat hulle aangekla het is skuldig bevind aan oneerlikheid." Dit was min of meer die strekking van 'n gesprek tussen 'n Tukkie professor en 'n bekommerde NG lidmaat wat 'n tydjie nadat al die ondersoeke afgehandel is, antwoorde by die fakulteit kom soek het. Daar is geen ander rede gegee nie; nie dat hulle inderdaad byvoorbeeld in Jesus se liggaamlike opstanding of wat ook al glo nie – net dít: die student wat hulle aangekla het, is skuldig bevind aan oneerlikheid – saak afgehandel.

Die weke voor my verhoor deur die kuratorium was 'n gespanne tyd by die fakulteit. Studente het al hoe meer afsydig begin raak en my begin vermy. Dit was 'n eensame tyd.

Die meeste studente was tjoepstil oor hul briewe aan die kuratorium wat hulle vroeër moes indien om te verduidelik waarom hulle hul van die studenteverklaring onttrek het. Enkeles het kom gesels en vertel van die ongelooflike moeilike situasie waarin hulle was. Ek het drupsgewys begin verneem van die inhoud van sommige briewe, alhoewel ek tot vandag toe nie toegang gekry het tot 'n redelike hoeveelheid daarvan nie (klaarblyklik die meer positiewes).

Oor dié wat ek wel onder oë gekry het, maak ek 'n paar opmekings. Ek moet erken dat baie van die redes wat die studente vir hulle onttrekking aangevoer het (veral diegene wat dit persoonlik onderteken het), my nogal verbaas het. Dit was eintlik hartseer om sommige daarvan te lees. Die brief wat my die diepste geraak het, was een van my naaste vriende wat nog op die laaste dag wat studente kon onttrek met my gesels het. Hy was ook om die tafel op die 13de Junie waartydens daar saam besluit is dat ons die teoloë by die naam in die verklaring moet noem. In sy brief aan die kuratorium het hy gesê dat sy ondersteuning vir die verklaring slegs gegee is vir die oorspronlike bedoeling dat hy in Jesus se liggaamlike opstanding glo, en nie dat daar melding van enige dosent gemaak sou word nie. My goeie vriend het 'n leuen vertel, ter wille van sy toekoms in die kerk. Ek het nooit weer sedert 2007 van hom gehoor nie.

Ander redes wat sommige studente in hul briewe genoem het, sluit in:

- Ek het nooit self die dosente hoor sê wat in die verklaring staan nie;
- Ferdie het nie gesê dit is ons dosente waarna verwys word nie;
- Daar was geen voetnotas op die verklaring wat na die dosente verwys het nie;
- Ferdie het net die helfte van die verklaring vir my gelees;
- Enkeles het ook gesê dat hulle niks geweet het van die verklaring nie.

'n Paar van die briewe wás in die kol deur aan te voer dat ek nie spesifiek professore Müller, Le Roux en Human se name vir sommiges oor

die telefoon uitgelees het nie. Ek het oor die telefoon die eerste deel van die verklaring vir 'n paar gelees, en aan 'n paar (maar nie almal nie) ook gesê dat in die voetnotas stellings was van teoloë wat kontroversiële uitsprake oor die opstanding maak. Hieroor wil ek tog twee punte maak sonder om my foute te ontken.

Eerstens, ek het bestuur, dit was donker buite, die motor se klein wit binneliggie was aan en daar was verkeer op die Ben Schoeman. Ek sou onmoontlik die voetnotas aan elkeen kon lees – maar natuurlik is dit ook geen verskoning nie! Dat 'n paar van my vriende van die verklaring onttrek het omdat hulle nie geweet het van die dosente se name in die voetnotas nie, aanvaar ek ruiterlik!

Tweedens het iets my bly pla: Hoekom het 'n paar van die studente wat ek gebel het in hulle briewe gesê dat ek net na "teoloë" verwys het, maar nie spesifiek gesê het dat dit "ons" dosente was nie? So asof hulle dit nie sou ondersteun het as dit óns dosente was nie? Nie een van hulle vir wie ek gesê het dat die voetnotas na teoloë verwys met wie ons verskil, het oor die foon vir my gevra "wie is daai teoloë?" nie. Dit is geensins ongeloofwaardig om te vermoed dat ten minste sommige van hulle minder as twee weke tevore in die gange van die fakulteit nog onder mekaar gesels het oor RSG se *Oop Gesprek*-program waartydens professor Müller nie "ja" of "nee" wou antwoord op die vraag oor Jesus se leë graf nie. Ek het ook tydens dieselfde program (wat nasionaal uitgesaai is) gesê dat daar dosente by Tukkies is wat nie glo in die historisiteit van Jesus se opstanding nie. Dit is nie asof daar in die weke en maande voor die verklaring opgestel is nie deurlopend berig is oor bewerings dat teoloë van Tukkies nie meer in Jesus se liggaamlike opstanding glo nie. Om nou ná die tyd om te spring en te sê dat ek die name van die teoloë moes noem, terwyl dit geensins vir sommige van hulle tydens die oproep 'n vereiste was nie, is wat my betref tekenend van die intimidasie en vrees wat dr. Du Toit se sms'e, brief, verbale waarskuwings en die media-berigte ontketen het.

Dit gesê, was ek ook nie onskuldig nie – soos ek reeds vroeër erken het. Ek wás oorhaastig en hét tegniese foute gemaak waaroor ek baie jammer was en waarvoor ek in die openbaar om verskoning gevra het.



## Die verhoor

Gegewe dr. Du Toit se sms wat na "regsaksie" verwys het, en die kuratorium-"optrede" teen ondersteuners van die verklaring, daag ek toe op 11 Augustus 2005 saam met 'n voormalige Oostelike sinode se regsverteenwoordiger, adv. Marius Helberg SC, by die verhoor op. Advokaat Helberg, op daardie stadium vir my 'n onbekende Christen-advokaat, het goedgunstiglik aangebied om my by te staan en ook gesê dat hy dit as deel van sy werk vir die Here beskou. Tot vandag toe salueer ek hom met die grootste waardering hiervoor, asook vir sy optrede tydens die hele kuratorium- asook universiteitsverhore.

Die kuratoriumlede was sy teenwoordigheid nie te wagte nie en het probeer om van hom ontslae te raak. Met sy jarelange ervaring van die NG *Kerkorde* het hy toe by die "dissiplinêre verhoor" drie moontlikhede aan die dagbestuur voorgehou, waaruit húlle 'n keuse moes maak vir die voortgang van die verrigtinge. Dit is baie belangrik om mooi hierna te kyk:

- **Eerstens** het hy gesê dat hierdie hele saak eintlik hoort as 'n tugondersoek by my plaaslike gemeente.
- **Tweedens** het hy gesê dat indien hulle desnieteenstaande wil voortgaan met 'n "dissiplinêre verhoor", wat 'n juridiese ondersoek is, dán is ek geregtig op regsverteenwoordiging.
- **Derdens** het hy gesê dat indien hulle besluit om voort te gaan met 'n juridiese ondersoek en steeds weier dat ek regsverteenwoordiging mag hê, hy in dáárdie geval, 'n aansoek by die hooggeregshof sal indien.

Nadat hierdie drie opsies uitgespel is, het die dagbestuur die saak na die Algemene Sinode se kommissie: Regte verwys om daaroor 'n beslissing te maak. Wie presies op die kommissie gedien het weet ek nie. Uiteindelik het die besluit deurgekom: Die saak sal nié na my gemeente as tugondersoek verwys word nie, die kuratorium gaan die saak self hanteer en gaan ook hulle eie advokate vir die proses aanstel. Ek is in die koerante en deur verskeie persone uitgekryt omdat ék klaarblyklik die juridiese weg met die kuratorium begin het. Hoe ironies dat dit eintlik die kerk was wat die juridiese weg gekies het.

Maar hoekom dan nie die saak as tugondersoek na my gemeente verwys nie? Juis dit is dan 'n jaar tevore gedoen met 'n ánder student, wat terloops ook later op die Deo Gloria-bestuur gedien het. Het die kuratorium nie toe ook die dwaalleer-ondersoeke van die drie dosente verwys na die ringe nie, terwyl hulle dit ook self kon ondersoek het nie?

My indruk is dat hulle definitief nié die saak na my gemeente wou verwys nie, omdat ek 'n lidmaat by die NG Moreletapark-gemeente was. Moreletapark was op daardie stadium al vir etlike jare bekommerd oor sommige NG teoloë van Tukkies en het dit al op sinodale vlak geopper. Gerugte het ook in dié tyd die rondte gedoen dat hulle 'n seminarium beplan het en kon wegbreek van die NG Kerk (of dit nou bewese was of nie). By Moreletapark, so spekuleer ek, sou ek volgens die kuratorium te lig afgekom het van die foute wat ek begaan het, waarna ek sou kon voortgaan met my studies, wat natuurlik 'n terugslag vir beide die kuratorium en aangeklaagde dosente sou wees. Daarom, meen ek, het die dagbestuur gekies om die juridiese weg te volg.

Die kuratorium het toe voortgegaan met 'n juridiese dissiplinêre verhoor teen my (dis nou nie die kerklike ringsondersoeke na die teoloë, of die universiteit se dissiplinere verhoor teen my nie), iets waaroor ek persoonlik baie jammer was. Ek het gehoop my openbare belydenis sou sake regstel, of dat hulle ten minste die saak na my kerkraad sou verwys. Hierna sou dit 'n onaangename geveg tussen advokate wees. Ons het daarop aangedring dat die kuratorium nie self die ondersoek doen nie. Dit het hulle uiteindelik toegestaan, maar, en dis ook 'n belangrike maar, húlle het die kommissie wat namens hulle die ondersoek sou doen met die hand uitgekies.

## Die verloop

Die kommissie wat die verhoor namens die kuratorium behartig het, het bestaan uit ds. JH (Hannes) Windell, ds. HJG Fourie en ds. JJ (Jasper) Louw. Advokaat JI (Johan) du Toit van die Sandton Kamers, toe ook alreeds jarelange regskundige vir die Hoëveld sinode, was die getuienisleier. Tussen hakies, later sou dit bekend word dat adv.



Du Toit en ds. Windell etlike jare ten nouste saamgewerk het by die Hoëveld sinode waar ds. Windell aktuarius was. Die kommissie het ook 'n addisionele advokaat (SC) gehad wat hulle van advies bedien het (sy naam het ek vergeet en ek kon nie sy naam op enige amptelike dokumente in my besit vind nie).

Die verhoor het 'n paar dae geduur en professionele bandopnames is gemaak. Daar is egter nooit 'n verbatim getranskribeer nie. Die eerste dag se verrigtinge is in 'n groot seminaarkamer by die Fakulteit Teologie gehou. Daarna is dit by die opdraggewende prokureurs Couzyn, Hertzog en Horak se kantore in Brooklyn, Pretoria gehou. Betooghoofde is teen 3 Maart 2006 skriftelik ingedien (dus was dit nie mondelings nie). Die uitspraak, sowel as getuienis vir strafversagting (Riaan Rossouw het daarvoor getuig) asook vir verswarende straf (dr. Flip du Toit het daarvoor getuig) het op 17 Maart 2006 geskied.

Die hele verhoor was vir my 'n traumatiese ervaring.[81] Die kuratorium se advokaat, Johan du Toit, het verskeie kere tydens die ondervraging op my geskree en was daarop uit om my uit te lok om my humeur te verloor. Deur die Here se genade kon ek deurgaans kalm bly en na die beste van my vermoë al die vrae wat aan my gestel is, beantwoord. Een verdere belangrike aspek om van kennis te neem (en heel anders as wat dr. Flip du Toit later sou beweer), is dat die beweerde dwaalleer van die dosente inderdaad 'n wesenlike deel van die kuratorium se ondersoek uitgemaak het. Alhoewel dit nie in 'n formele klag geformuleer was nie, het adv. Du Toit, my gepeper met vrae oor die dwaalleer.

Die kuratorium het drie teologiestudente geroep om teen my te kom getuig. Ek kon opmerk dat vir twee van hulle dit nie 'n baie aangename ervaring was nie. Dié twee het, tot my verbasing, nadat die ondervraging byna verby was, opgemerk dat ek 'n student is na wie hulle steeds opkyk en dat hulle my bona fides aanvaar. Dit het my verstom. Die ander student het egter gal gebraak, al het ek lank voor die verhoor begin het, persoonlik aan hom my verskoning aangebied.

81 Soos reeds genoem het die kuratorium 'n bandopname van die verrigtinge laat maak, maar het toe nie 'n verbatim transkripsie laat maak nie. Daarom is waaroor vervolgens berig word meer geskoei op geskrewe dokumente met 'n paar momente wat ek van geheue onthou.

Ek onthou ook hoe die kuratorium se prokureur een oggend voor die verrigtinge sou voortgaan, toe professor Julian Müller by die Teologie-gebou instap, spottenderwys vir hom gesê het: "Hier kom die dwaalleraar!" waarna hy hom vriendelik gegroet het en toe saam met hom daaroor gelag het. Dit was heel duidelik 'n grappie tussen twee ou vriende.

## Die klagte teen my en mediaberigte

Dit is (ten minste vir my) van besondere belang dat die oorspronklike klagte teen my heeltemal gewysig is nie lank voordat die verhoor teen my begin het nie. Ek gee kort uittreksels wat die veranderinge aantoon:

Die 3 Augustus 2005-klagstaat het só gelyk:

1. "die doelbewuste misleiding van mede-studente . . .."
2. "die feit dat drie dosente . . . van die NG Kerk in die openbaar leed aangedoen is . . ."
3. "doelbewuste verontagsaming van versoeke tot gesprek . . . "

Die 29 Augustus-klagstaat het soos volg gelyk:

> "dat u in u lewenswandel u aan oneerlikheid skuldig gemaak het . . . "

as hoofklag, en ses subklagte as bewyse vir die hoofklag (ek bespreek hierdie subklagte later), maar opmerklik verdwyn enige verwysing na "doelbewuste misleiding", "openbare leed" van die dosente en na "doelbewuste verontagsaming" van versoeke tot gesprek! Hierdie wesenlike veranderinge het adv. Helberg later die volgende opmerking laat maak:

> "'n Redelike afleiding met hierdie vervolging is dat daar eenvoudig van Mulder ontslae geraak wil word, omdat hy, as student, sy teenstand teen die standpunte van die betrokke dosente en teoloë in die openbaar uiter. Daar kan uiteraard van 'n student ontslae geraak word, maar teen die feit dat daar teenstand deur 'n beduidende hoeveelheid teoloë is, kan nie opgetree word nie."



Die keuse van die tegniese term "oneerlikheid" in die finale klagstaat is van besondere belang. Dit was 'n slim plan deur die kuratorium se advokaat, want 'n mens kan nooit aan "oneerlikheid" skuldig bevind word in 'n burgerlike hof nie,[82] net aan "bedrog", maar dié woord is doelbewus vermy. Hier het ek my dus bevind in 'n kwasi-regsproses met 'n kerklike woord, oneerlikheid, wat geen geregtelike implikasie het nie. Hierdie plan met die keuse van die woord "oneerlikheid" het enige latere aansoek in die hof by voorbaat in die wiele gery.

Voordat die verhoor begin het, is daar voortdurend berigte in die media oor die gebeure gepubliseer, gewoonlik tot my nadeel. Een berig wat egter die atmosfeer op 'n mespunt gehou het, het in Oktober 2005 verskyn. Ek haal 'n gedeelte daarvan aan:

> "Die Oos-Transvaalse Sinode van die NG Kerk wil formeel in gesprek tree met die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria om wat die Sinode noem "die einde van teologiese opleiding van NG Kerk-predikante" aan dié teologiese skool te verhinder. Dié drastiese stap hou verband met tugstappe teen mnr. Ferdie Mulder (32),'n student in die fakulteit, wat vroeër vanjaar in 'n vlugskrif verskeie klagtes geopper het teen vooraanstaande hoogleraars in die UP se fakulteit teologie . . . Mulder se verhoor word wyd bespreek in die NG Kerk omdat dit teologiese kwessies aanroer waaroor hewige debatte tans woed . . . 'Die probleem is baie groter as wat ons dink. Die dagbestuur van die kuratorium help ons nie deur bloot te verwys na die ongeregverdigde en ongesubstansieerde beskuldigings nie, terwyl daar wel gesubstansieerde kritiek is waarvan ons werk moet

82 My advokaat se bewoording in die betoog: "Van belang is natuurlik die feit dat 'oneerlikheid' opsigself nie 'n misdaad daarstel nie en ook nie 'n term is wat in die omskrywing van gemeenregtelike misdrywe vervat word nie."

maak,' sê die moderator, dr. Johann Ernst, in die agenda . . . Hy eis formele reaksie hierop en sê optrede is noodsaaklik, 'anders kan dit die einde van teologiese opleiding by die UP beteken" (*Rapport*, 2 Oktober 2005).

Die Teologiese Fakulteit het teruggekap. Ek haal 'n deel aan:

"Die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie gaan voort met die opleiding van NG Kerk-predikante. 'Studente is steeds welkom. Teologie maak nie toe nie,' sê Professor Cas Vos, Dekaan van die Fakulteit. Hy het gereageer op 'n nuusberig in die Sondagkoerant, *Rapport*, tien dae gelede wat verkeerdelik die indruk gewek het dat die opleiding van NG Kerk-predikante aan die UP in die weegskaal is. Die opleiding van NG Kerk-predikante gaan egter voort aan die UP soos voorheen. Die NG Kerk se Algemene Sinode besluit watter instellings predikante kan oplei. Die UP, die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit Stellenbosch lei tans NG Kerk-predikante op, waarvan die UP die grootste opleidingsinstansie is."[83]

Met bostaande in gedagte, kan ek myself voorstel dat die opdrag aan die kuratorium se prokureur en advokaat was dat as hulle geen doelbewuste misleiding en bedrog kry nie (wat natuurlik nooit gekry is nie), hulle moes soek vir enige tegniese foute en doodseker maak dat die student skuldig bevind word. Net 'n skuldigbevinding sou weer geloofwaardigheid aan die fakulteit gee.

Soos reeds vroeër genoem, is ek van "oneerlikheid" in my lewenswandel aangekla. Daar was ses sub-klagte of stukke getuienis wat as substansiëring vir die oneerlikheid gedien het. Ek is toe uiteindelik op drie klagte skuldig bevind, en op drie onskuldig bevind. Hier volg die klagte met verkorte kommentaar:

Klag 1, waaraan ek skuldig bevind is, kom daarop neer dat ek

83 www.up.ac.za Die Universiteit van Pretoria het in 2007 hulle webtuiste aansienlik verander. Ek kon nie weer hierdie verklaring daarop vind nie.



die dokument wat oorspronklik aan die studente vir ondertekening voorgelê is in verskeie opsigte geredigeer het, voordat ek dit in die openbaar versprei het. Dit beteken dat die dokument wat versprei is nie 'n eksakte duplikaat was van die een wat studente onderteken het nie. Ek haal 'n voorbeeld uit die klagstaat teen my aan:

"U het die lettergrootte ("font") van die eerste paragraaf van die teksgedeelte wat in groot letters prominent in aanhangsel "F" aangebring is – welke dokument aan studente aangebied is vir ondertekening – in aanhangsel "D" verklein sodat dit dieselfde prominensie het as die tweede paragraaf van aanhangsel "D"."

Hierdie en die ander wysigings, waarvan 'n Tukkie professor se advies die katalisator was, het ek van die begin af erken. Ek het ontken dat die wysigings neerkom op oneerlikheid, aangesien dit alles redaksioneel van aard is, en niks verander het aan die essensie en inhoud van die saak waaroor die dokument handel nie. Nie een van hierdie redaksionele wysigings het enige van die beweerde dwalinge verander nie. Met dit in gedagte het adv. Helberg die volgende opmerking in ons betoog gemaak:

"Klagte 1 van die finale klagstaat is verstommend. Hoe kosmetiese veranderinge van hierdie aard, veral inaggenome die rede waarom dit gedoen is, as oneerlikheid in Mulder se lewenswandel beskou kan word, is ondenkbaar. Dit is baie duidelik dat die motief van die Kuratorium is om ten alle koste Mulder se toelating met die oog op die bediening op te skort."

Klagte 2 en 4 waaraan ek skuldig bevind is, behels dat ek van die studente se name as ondertekenaars bygevoeg het sonder dat hulle ingelig was oor die vólle inhoud van die dokument. Ek het erken dat daar sulke name op die lys was, maar het ontken dat ek daarin doelbewus oneerlik gehandel het, aangesien dit 'n bona fide-optrede was. Ek is egter onskuldig bevind aan twee name wat bona fide ingesluit is – toe ek die name uitgetik het, het ek twee handtekeninge verkeerdelik aan hulle toegedig. In dié geval het die kommissie my gelyk gegee. Terloops, die student wat teen my kom getuig het wat gal gebraak het, was een van die twee name.

Klag 3, waaraan ek onskuldig bevind is, het gehandel oor 'n student wat beweer het dat hy nie die verklaring onderteken het nie, maar onder kruisondervraging uiteindelik erken het dat hy dit wel geteken het. Hy het ook toe beweer dat daar geen voetnotas onder aan die verklaring was wat hy geteken het nie, maar uiteindelik dit teruggetrek toe hy die oorspronklike verklaring met sy eie naam daarop sien. Tussen hakies, ek en hierdie student het na die tyd vrede gemaak.

Klagte 5 en 6 waaraan ek onskuldig bevind is, was beweringe wat twee teoloë teen my gemaak het.[84]

## Dr. Flip du Toit kom getuig

Nadat ek deur die kommissie skuldig bevind is, het dr. Flip du Toit kom getuig vir verswarende straf. Dit is moeilik om al die emosies wat in my gemoed rondgemaal het terwyl hy besig was om te getuig akkuraat te beskryf.

Die indruk wat ek tydens sy getuienis gekry het, was dat hy my probeer voorhou het as 'n moeilikheidmaker wat oor baie jare probleme vir hom en die kuratorium veroorsaak het. Hy het onder andere op 'n stadium aangedui dat ek by die Predikantekonferensie opgedaag het terwyl ek nie 'n gelegitimeerde was nie (ironies genoeg hét hy geweet ek, asook 'n ander teologiestudent, was met spesiale toestemming daar).

In kruisondervraging deur advokaat Helberg het hy erken dat hy nie al die klagtes wat hy oor die jare van my en ander studente ontvang het met die betrokke teoloë opgeneem het nie. Toe die kuratorium na die 15 Junie 2005-verklaring prosesse teen my begin het, het dit ook aan die lig gekom dat dr. Du Toit, ten spyte van die feit dat die kuratorium laat in 2004 'n "meganisme" goedgekeur het vir die hantering van klagtes, dit (nalatig of doelbewus en oneerlik?) nooit aan studente bekendgemaak het nie.

84 Indien ek skuldig bevind was aan hierdie klagte sou ek nie 'n keuse gehad het as om die teoloë se name te noem en ook die inhoud van die klagte te bespreek nie. Omdat ek onskuldig bevind is op hierdie aanklagte het ek besluit om nie die teoloë se identiteit of die inhoud van die aanklagte bekend te maak nie. Dalk is dit ook goed vir hulle dat dit so bly.



Toe dr. Du Toit se getuienis ter verswaring van straf voltooi is, was ek sprakeloos. Ten eerste was ek spyt vir die tegniese foute wat ek met die verklaring gemaak het, maar was vreemd genoeg ook nie heeltemal spyt dat die verklaring tog die lig gesien het nie. Dr. Du Toit se getuienis het die scenario wat ek en sommige ander studente oor 'n paar jaar sien ontwikkel het soos 'n handskoen gepas. Dr. Du Toit en sommige lede van die kuratorium was net eenvoudig nooit ernstig oor nadelige gerugte en klagtes teen dosente nie. Hulle was goeie vriende met die dosente oor wie besware geopper was.

## Oor my foute

Terugskouend is daar 'n paar opmerkings wat ek graag sal wil maak na aanleiding van die verhoor; oor die vonnis en appèl eers later.

Ek besef dat ek 'n klompie tegniese foute in die hele proses begaan het. Ek het myself al soveel keer daaroor verwyt. Ek kan verseker nie my professor wat raad gegee het blameer nie – ek self neem volle verantwoordelikheid vir my optrede. As ek weer van voor af die verklaring sou kon beplan het, sou ek nooit enige tegniese verstellings aangebring het nie. Soos reeds vroeër opgemerk, sou ek ook doodseker gemaak het dat elke student honderd persent verstaan waarvoor hulle hulle inlaat met die verklaring.

Maar was my optrede *male fide*? Die Here sien dwarsdeur my en weet dat dit nie die bedoeling en intensie was om foute te maak nie. Ek sê dit met 'n oop hart – die foute wat ek begaan het was *bona fide*. Maar ook dit neem natuurlik nie die foute weg nie! Soos reeds voor die verhoor, wil ek weereens nou, hoeveel jare later, my opregte verskoning aanbied aan elke student wat tereg verontreg gevoel het oor my optrede. Ek kon die hele proses beter hanteer het.

Ek dink dit is billik om aan te voer dat my foute een kant van die munt is. Die ander kant van die munt is die ander partye wat ook fouteer het, en dit, so glo ek, behoort ook genoem te word. Ek noem 'n paar sake:

1. Sommige studente is gedreig om van die verklaring te onttrek;
2. Die kuratorium het besluit om 'n juridiese proses met advokate teen my te begin wat veel meer as R200 000 gekos het, terwyl

my kerkraad dit kon hanteer het;
3. Die klagte teen my is aansienlik verander kort voor die verhoor begin het;
4. Die kuratorium se advokaat kon nooit bewys dat ek met opset foute gemaak het nie;
5. Dr. Du Toit het in sy getuienis erken dat hy nie alle klagtes wat ek in die verlede aan hom deurgegee het met die betrokke teoloë opgeneem het nie;
6. Toe die kuratorium my skuldigbevinding in die media bekendgemaak het, het hulle nooit bekend gemaak dat die tegniese veranderinge aan die verklaring op aanbeveling van 'n Tukkiedosent was nie;
7. Na afloop van die verhoor het die kuratorium se prokureur voorgestel dat ek die klagte van dwaalleer teen die dosente terugtrek in ruil vir moontlike opheffing van die opskorting van my NG studies en die hangende Tukkie-ondersoek teen my.

## Die vonnis en 'n appèl

My studies as NG student is toe op 14 Maart 2006 opgeskort. Om die opskorting op te hef het die kuratorium gesê moes ek self die inisiatief neem om hulle te oortuig dat ek berou het oor die "oneerlikheid" waaraan ek skuldig bevind is. Die implikasie hiervan was dat ek in der waarheid, metafories gesproke, op my knieë voor die kuratorium moes gaan kniel en om genade smeek.

Maar hoekom het ek nie in 2006 voor die kuratorium gaan kniel nie? Ek kon nie tóé nie, en as ek eerlik moet wees, ook nie nóú nie. Ek het reeds voordat die ondersoek teen my begin het in die openbaar om verskoning gevra vir foute wat ek begaan het. Die aandrang om voor die kuratorium te buig, was veel meer as net om verskoning vra. Daar was iets diepers daaraan, 'n simboliese dimensie. Dit was nie net om verskoning vra nie, dit was ook 'n erkenning van hulle magsposisie en erkenning dat hulle op die hoë morele grond staan.

Ek kón nie kniel voor die kerkooms wat die dosente beskerm het en ons studente in die steek gelaat het nie. Meer nog, ek kon nie kniel voor die magsisteem wat oor etlike jare toegelaat het dat Jesus se opstanding deur die modder gesleep word nie, en die vernietigende uitwerking wat dit gehad het op heel moontlik dosyne jong studente nie.

Ek het op 11 April 2006 teen my skuldigbevinding en straf geappèlleer na die Algemene Sinode se kommissie: Regte.

Ek het langer as vier maande gewag vir 'n antwoord op my appèl. Uiteindelik het ek laat in Augustus 2006 hul antwoord ontvang. Kort en kragtig is ek deur dr. Kobus Gerber (wat mos ook voorsitter van die kuratorium was!) meegedeel dat ek nie mág appèlleer teen die uitspraak nie, en dat die kuratorium die hoogste gesag in hierdie geval is. Dit wou voorkom dat hulle dus nie eens die meriete van my appèl, wat met groot moeite voorberei is, en wat, glo ek, goeie appèlgronde bevat het, bestudeer het nie.

## 'n Slotopmerking

Vir interessantheid die volgende: Hoeveel het die ringsondersoeke van professore Julian Müller en Jurie le Roux die ring van Pretoria-Oos gekos? As ek reg onthou, het 'n mediaberig op 'n stadium gesê dat die kerk gerus kan wees oor die ondersoeke, want dit het die ring meer as R20 000 gekos. Hulle het baie moeite gedoen met die ondersoeke en professor Jurie le Roux het nog baie dankie gesê vir die tyd en geld wat aan die hele proses spandeer is (*Beeld*, 29 Julie 2006). Hoeveel het die kuratorium-aksie teen my gekos? Die volle bedrag sal seker altyd 'n geheim bly, maar 'n betroubare bron het my ingelig dat ten minste één tjek R200 000 beloop het. Die ondersoek teen my, so wil dit lyk, het uit die staanspoor 'n oop tjekboek gehad.

BYLAAG VIER

# Intergeloofsaanbidding? Die 2006-retraite

Teen Mei 2006 (so twee maande nadat my studies as NG student opgeskort is, en 'n enkele dag nadat professor Müller getuig het in sy leerdwaling-ondersoek), het die finalejaars op die gebruiklike (en verpligte) retraite gegaan wat professor Müller elke jaar reël. Die rede waarom dit in die boek opgeneem is, sal duideliker word soos wat die verhaal ontvou. Soos reeds vermeld by die 2003-retraite, is só 'n retraite 'n geleentheid waar die finalejaars 'n paar dae weggeneem word bos toe, waar op 'n meer informele vlak op die geestelike en persoonlike groei van studente gefokus word.

Die groepie finalejaars (wat van vier-en-twintig in ons eerste jaar gekrimp het na agt) is toe weg op hulle retraite. Wat ek hier berig, is soos dit deur twee vriende wat wél daar was, aan my deurgegee is.

Ds. Jan Steyn, toe van die NG kerk Pretoria-Oos en wat ook by vorige retraites betrokke was, het saam met professor Müller die naweek aangebied. Ds. Steyn het die een aand toe dit donker was, die studente op 'n paadjie begelei na 'n rondawel, wat met kerse verlig was. Daar aangekom, was daar wierook wat brand met sagte musiek wat speel in die "meditatiewe Taize-styl". Studente moes in stilte op die mat gaan sit en na die musiek luister. Daar is ook 'n gebed gedoen. Die rondawel het 'n dubbele ringmuur gehad sodat jy in 'n halfsirkel vanaf die buitenste ingang stap voordat jy by die agterste binne-ingang by die oop ruimte inkom. Omdat dit al aand was, was alles donker met net 'n kersliggie in die oop ruimte. Riaan en Dirk het teen die oorkantste muur gaan sit en kon dus die buitenste muur van die rondawel sien. Riaan sien toe dat daar teen die binnekant van die buitemuur 'n prent van 'n Hindoe-god hang. Agterna het

hy en Dirk gaan kyk en verskeie prente van Hindoe, Islam en Boeddhistiese afkoms[85] in die loopgangetjie rég rondom die rondawel gesien hang.

Dus, in alle waarskynlikheid was hierdie lokaal 'n intergeloofsaanbiddingsentrum. Hoekom juis hierdie lokaal (en kampterrein) gebruik is, sal net professor Müller en ds. Steyn weet. In alle billikheid en sonder enige kwaadwilligheid sou ek graag wou weet of hierdie retraite, en veral die liturgie en gebed tussen veskeie afgode 'n gereformeerde teologie weerspieël – gegewe professor Müller se afkeur in die "ongereformeerde" eerstejaarskamp-lesings deur ds. Cloete waaroor ek vroeër berig het.

Die afgode, wierook, kerse en "meditatiewe Taize"-musiek as pakket was 'n groot skok vir sommige van die studente.

Riaan het voor hulle die lokaal verlaat het met sy selfoon foto's van die prente geneem. Ná die kamp het Riaan die saak met ds. Steyn opgeneem en 'n verduideliking gevra vir die afgode wat teen die muur was. Ek haal vervolgens 'n uittreksel uit 'n brief aan wat hy aan ds. Steyn gestuur het:

> ". . . Dit is een ding om teologiese studente aan ander gelowe bloot te stel, maar dit is 'n ander ding om hulle in 'n rondawel waar daar verskeie prente hang van Hindoe, Islam, Dalai Lama, e.a. nie-Christelike geestelikes, te bring en daar na geestelike musiek te laat luister en te laat bid . . . Jy is daarna baie vinnig daar weg – sonder om eers ons groep studente behoorlik te groet. Ek wou nie verder die saak ophaal nie (jy het reeds aangedui dat jy my nie wou toelaat nie) en het vir jou gewag om met my te praat. Jy is aan ons as studente, 'n verduideliking skuldig oor hierdie tipe blootstelling . . . Ek vertrou dat jy hierdie saak met die nodige erns sal hanteer."

85 Met dit as agtergrond, kan ek nie help om te dink aan een vraag wat ek aan prof. Müller tydens die leerdwaling-ondersoek gevra het nie. Ek wou weet waarom hy 'n Boeddhistiese almanak in sy kantoor teen die muur hang. (Laasgenoemde kon ek bevestig omdat ons 'n mondeling in sy kantoor gehad het.) Hy het eksepsie geneem oor die vraag, omdat dit glo deur Koreaanse studente aan hom gegee is.



Dat Christene opvoedkundige blootstelling aan ander godsdienste moet kry en ook respek en liefde moet betoon aan sulke gelowiges is 'n gegewe. Ek het my lewe lank al Moslem- en Hindoe-vriende. Maar as ek my vriend se kommer reg verstaan, het die gebeure op die retraite veel verder as dit gegaan.

Díe retraite is by die Good Shepherd Retraite Centre by die Hartebeespoortdam gehou. Reg langsaan is die Sediba meditasie-sentrum en ek haal aan uit 'n internet-artikel:

> "The retraite center is run by Prashant . . . a Catholic priest who studied Self-discovery with a guru in India and in a Zen Buddhist monastery in Japan. His quiet devotion to spirit is reflected in the sublime energy of tranquillity at Sediba . . . Meals are eaten at the Good Shepherd Retraite Center, a couple-minutes walk down the hill. Sediba's and Good Shepherd's combined facilities include hiking trails, a large zendo (garden) . . ." [86]

Nadat ek en Riaan oor die sake gesels het, het hy aangedui dat die rondawel met die afgode waarheen hulle die aand moes loop, waarskynlik by Sediba was. Of dit nou by Sediba of Good Shepherd was, die punt is, NG studente moes tydens 'n amptelike en goed beplande geleentheid in 'n lokaal bid en stil word met meditatiewe musiek in die agtergrond en prente van verskeie afgode teen die muur.

Ek sal nooit vergeet hoe Riaan gereageer het na hierdie gebeure nie. Hy het die opmerking gemaak dat hy nogal gedink het dat die meer liberale dosente, veral gegewe die dwaalleer-ondersoeke wat toe aan die gang was en die beweringe oor dwaalleer in die media, baie versigtiger sou wees om enige iets te doen wat die spanning wat daar toe alreeds by die fakulteit geheers het enigsins te vererger. Die gebeure tydens die retraite het egter vir Riaan aangetoon dat die liberale front by die fakulteit onverskrokke en doelgerig voortgaan om hulle agenda en teologie uit te bou.

86 Ek het hierdie aanhaling twee jaar gelede op die internet gekry. Sedertdien kan ek dit nie meer daar vind nie. Ek kon egter 'n ander verwysing kry by www.charlcreate.co.za/dn/charlcreate-tuinpaleis-09-2006.pdf (16/01/2008).

’n Teoloog het van die gebeure tydens die retraite te hore gekom en dit toe in die openbaar genoem (nadat die kuratorium klaarblyklik ook niks gedoen het aan die beswaar wat ’n student gemaak het na die retraite nie). In reaksie hierop het dr. Flip du Toit onder meer in *Kerkbode* erken: “In die een lokaal was ’n beeld of skets van Boeddhistiese aard. Die afsluiting van een dag se verrigtinge het in die aand in hierdie lokaal plaasgevind.” Dít is egter nie die volle waarheid nie. Boeddhistiese, Hindoe- én Islamprente was in hierdie lokaal teen die mure. Om gewone *Kerkbode*-lesers verder gerus te stel, het dr. Du Toit bygevoeg dat “verskeie kommissies van die kerk al daar vergaderings gehou het” (*Kerkbode*, 14 September 2007).

Na wat verneem word is die 2008 se finalejaars weer deur professor Müller na die Good Shepherd Retraite Centre geneem.

Ek weet nie presies wat die uiteinde van hierdie hele saak was nie. Wat ek wel weet, is dat ds. Steyn nie lank na die retraite nie “bevordering” gekry het en nou vertrou word om derduisende Afrikaanse Tukkiestudente se herder by die Universiteitsoord-gemeente te wees.



BYLAAG VYF

# Riaan Rossouw se herverbintenis tot die verklaring

## Aan: Die Kuratorium

Word die konteks waarbinne die hele drama rondom die verklaring oor Jesus se opstanding plaasvind, verreken?

## Die verklaring:

Die verklaring lees tegnies dat die ondertekenaars glo in die fisiese, letterlike en historiese opstanding van Jesus. Dit verwerp verder ander moontlike teorieë soos dat dit eerder mities, nie-letterlik, niehistories, ensovoorts verstaan moet word. Hierby staan ek en het ek ook nooit van afgewyk nie, ook nie in my brief aan die Kuratorium waarin ek myself onttrek het van die verklaring nie.

Ek wil net enkele kommentare weergee oor hierdie saak:

- Ek verstaan “fisies” teenoor “geestelik”. Dus het Jesus se oop graf die boodskap gedra dat Hy fisies opgestaan het.
- Ek verstaan “histories” teenoor “mities”. Dus het Jesus in die geskiedenis op ’n spesifieke dag en datum en plek opgestaan.
- Ek verstaan “letterlik” teenoor “geestelik”. Dus het Jesus volgens die Heilige Skrif fisies en histories opgestaan soos wat die profete voorspel het. Dit is nie maar net iets wat in jou hart gebeur nie - nee, dit was ’n tasbare liggaam . . .

## Die koerantberigte:

Die polemiek rondom die negatiewe koerantberigte in *Die Beeld* en

*Die Burger* waarin daar voorgehou is asof die verklaring sou beweer dat die aangehaalde professors en ander outeurs self noodwendig anders sou glo en die stok wat so vervaardig is om Ferdie mee te slaan en ander ondertekenaars onder druk te plaas, het ook vir my onder druk geplaas.

Dit, tesame met die dreigemente van tugstappe vanaf die Kuratorium, het dan ook grootliks bygedra tot my besluit om te onttrek.

Nadat ons die plasing van die berig in die *Rapport* gestop het, was ons verbaas en geskok oor die berig wat in *Die Beeld* verskyn het. Die skade aan die kerk en die fakulteit deur die negatiewe koerantberiggewing is grootliks aangerig deur die persoon wat die verklaring aan *Die Beeld* en *Die Burger* gegee het. Verder was die aard van hierdie berig ook uiters venynig teenoor Ferdie en sy mede ondersteuners . . . Dit het geblyk 'n baie effektiewe manier te wees om druk te plaas op die mede-ondertekenaars sodat hulle onder die dreigemente van tugstappe en skorsing wat gevolg het, sou swig.

In my gesprek Maandag 18 Julie met Dr. F du Toit na die verstryking van die ultimatum op Vrydag 15 Julie het hy aangetoon dat beide Prof. P Meiring asook die Registrateur gehelp het om die berig in die *Rapport* te stop. Hy het ook aan my genoem dat hy nie weet wie die verklaring aan die *Beeld* gegee het nie. Tog is dit duidelik dat die fakulteit geweet het van die beriggewing in die *Beeld* omdat daar alreeds in daardie berig van Saterdag 25 Junie al reaksie van die fakulteit gemeld word. Beide Dr. du Toit en Prof. Cas Vos se reaksies en kommentare word in hierdie berig weergegee. Die volgende vrae duik by my op:

- As die fakulteit dan ook betrokke was om die berig in die *Rapport* te stop, hoekom het hulle dan nie ook die berig in die *Beeld* gestop nie?
- Hoekom het Dr. du Toit nie die oorsprong van die berig in die *Beeld* probeer vasstel of, indien hy dit geweet het, aan my gemeld tydens ons gesprek nie?

## Tugstappe:

Ek was van mening dat die Kuratorium eerder die Christelike pad van gesprek as die van tug en regstappe behoort te volg oor die hele aangeleentheid. Hierdie verwagting en pleitrede van my is egter teleurgestel deur die wyse hoe beide die Kuratorium en die dekaan eerder 'n saak gebou het om Ferdie te diskrediteer en bewyse teen hom op te bou om hom skuldig te bevind. Hoe kan die kuratorium na al die vorige pogings tot gesprek nou skielik diegene wat gekla het probeer elimineer en diskrediteer? Dit druis in teen oop en eerlike gesprek oor die teologiese probleme . . .

Dit is ook vir my 'n ontnugtering dat goeie vriende van Ferdie as getuies teen hom geroep sou word in die eerste tugverhoor! Dit kom vir my uiters harteloos oor . . . Dit het vir my duidelik geword dat daar nooit oorweging geskenk is aan die moontlikheid om die hele saak d.m.v. gesprek op te los nie.

## Die konteks:

Die groter skade word egter gedoen deur die tipe teologie wat lei tot die aanvaarding van die afwykende sienings oor Jesus se opstanding soos wat in die verklaring verwerp word. Die verklaring moet veral gesien in die konteks van jarelange kommunikasie met beide dosente en kuratorium oor probleme wat ons met die teologiese uitgangspunte het by verskeie professors. Tot op hede is daar nog nooit werklik erns gemaak met ons en ander jaargroepe se klagtes nie . . . Ek het ook 'n kort uiteensetting van my probleme met die teologiese opleiding van 16 bladsye gegee in reaksie op die uitnodiging van die Kuratorium in hierdie verband na aanvang van hierdie kwartaal.

Hoeveel studente is nie al in hul geloof geskaad nie? Hoeveel is nie al afgeskrik deur die boodskappe wat oor veral die laaste paar jare uitgegaan het van ontnugterde studente nie? Watter skade lei die NG Kerk nie a.g.v. die jong studente wat met hierdie teologie gevorm word en dan in die gemeentes gaan werk nie?! Watter finansiële skade het dit nie al aan die Universiteit van Pretoria besorg nie?!

## Die betrokke dosente se gesprekke in die Donderdag-periodes:

Die Dekaan het die aangehaalde dosente in die Donderdag-periodes

geleentheid gegee om hul kant te verduidelik oor hulle aangehaalde werke:

- Prof J Müller se gesprek het dit duidelik laat blyk dat hy oop is vir alternatiewe sienings oor die opstanding as die wat bely word in ons verklaring. [haal aan uit sy gesprek . . .] Dit is vir my onaanvaarbaar.
- Veral Prof D Human se duidelike akkomodering van ander sienings oor Jesus se opstanding het vir my die deurslag gegee. Ek haal aan:[87]

  "... hierdie is 'n hermeneutiese sleutel wat kan dien vir mense en kerke wat slegs die historiese letterlike beskrywing 'n voorwaarde wil maak om hierdie waarheid te beskrywe. Wat wil ek daarmee sê? Dit bring die hele debat van die predikaat wat toegevoeg word tot die opstanding, naamlik die "histories-letterlike" ... dat ons daaroor moet gesêls. Wat ek met hierdie sinnetjie gesê het – wanneer ons die opstandingsgeloof moet beskryf met beelde en met metaforiese spatsels dan wys dit vir ons dat ons nie oor die opstandingsgeloof net op 'n histories-letterlike manier kan praat deur dan te sê "net histories-letterlik" nie. My probleem is dat die begrip "histories-letterlik-liggaamlik" nêrens gebruik word in 'n belydenis, of in die belydenisskrifte nie. Dit word nêrens so in die Bybel geformuleer nie. Ek is nie 'n Nuwe Testamentikus nie, die Nuwe Testamentici moet ons daarmee help. Dit lyk vir my ook dat daar heelwat diskrepansie is wanneer daar gepraat word van die sterwende liggaam van Jesus en die opstanding van Jesus. Dat daar 'n diskontinuïteit is tussen hierdie twee liggame. M.a.w. ons weet nie presies hoe ons dit moet formuleer nie, en daarom het die kerk en die tradisie, die Bybel en die belydenisskrifte gesê – kom ons bely die "opstanding" van Jesus, want die "opstanding" het ook iets van 'n oop formulering, die misterie van God wat die onmoontlike moontlik maak, wat in die verhaal van Jona die menslik onmoontlike realiseer ook in Jesus . . . en dan beteken dit dat dit vir ons 'n teken, 'n betekening word van dieselfde geloof dat God lewe uit die dood laat voortkom."

87 Dis prof. Human se gesprek met die Fakulteit Teologie se studente op 11 Aug. 2005 om sy verstaan van Jesus se opstanding te verduidelik waarvan 'n opname en transkripsie gemaak is.



Dit is dus uit bogenoemde duidelik dat die aandrang tot slegs die histories-letterlike fisiese opstanding verwerp word ten gunste van die akkomodering van ander sienings. Maar word die kerklike belydenisse werklik eerlik en getrou verklaar op bogenoemde wyses?

Hiermee wil ek dus myself weer verbind aan die Status Confessionis verklaring oor Jesus se opstanding.

Ek is bewus van die ernstige aard van my keuse, t.w. dat dit kan lei tot tugstappe teen my soos blyk uit die dreigemente en verklarings reeds gegee deur die Kuratorium oor hierdie aangeleentheid. Ook is die voorbeeld van die stappe wat alreeds teen my vriend, Ferdie Mulder, geneem is, aan my bekend.

Ek skaam my egter nie vir my Here nie. Ek verkondig sy dood en letterlike en historiese fisiese opstanding tot ek tot sterwe kom of tot Hy weer kom. Dan sal Hy, wat die diepste bedoelings van ons harte toets, kom in krag en majesteit om te oordeel die lewendes en die dooies!

Verder wil ek weereens my verbintenis tot die heil van beide die Universiteit van Pretoria asook die NG Kerk stel. Ek wil ook gelegitimeer word binne die NG Kerk ten spyte van al die baie probleme wat tans heers binne hierdie denominasie van wie ek my lewe lank al 'n lidmaat is. My her-verbintenis word ook gedoen vanuit die oortuiging dat die grootste voordeel tot beide die kerk en die universiteit sal voortvloei uit die regstel van die teologiese uitgangspunte wat doseer word by die fakulteit. Dan kan daar weer die groot getalle studente gelok word soos 30 jaar gelede . . .

In Sy wonderlike Naam
A de W Rossouw
B.Ing (Siviel) (US) B.Th (UP)

BYLAAG SES

# DIE 2003-RETRAITE IN DIE LIG VAN DIE VERHORE

Ek het reeds in hoofstuk 2 na hierdie gebeurtenis verwys. Studente wat op hierdie retraite was wat professor Müller gereël het, het aan my en Riaan Rossouw vertel dat hulle tydens die retraite oor Nuwe Hervormingsmateriaal moes "mediteer". Twee van hulle het ook opdrag gekry om, in plaas daarvan om snoeker te speel nadat hulle reeds die materiaal vir die dag bestudeer het, weereens daaroor te gaan "mediteer". My beskrywing van die 2003-retraite is in my "Kommentaar" vervat. Dit is die Augustus 2005-dokument waarin ek om verskoning gevra het vir foute met die studenteverklaring, waarin ek die jarelange gesprekke met kuratoriumlede, predikante en sommige dosente uiteengesit het, asook 'n bespreking van sommige teoloë se standpunte. Ek het die retraite soos volg beskryf, nadat ek eers aangetoon het dat professor Müller positiewe opmerkings oor die Nuwe Hervorming gemaak het:

> "Is Professor Müller se positiewe indrukke hierbo van die NH die rede waarom hy in 2003, teologiestudente op die Nuwe Hervorming se werk laat mediteer het? Hierdie meditasie was 'n dag lank se isolasie op 'n "retraite" waar elkeen alleen vir 'n paar ure in die bos moes gaan stil word en dit indrink dat Jesus nie opgestaan het nie, dat Hy nie maagdelik gebore is nie, en so meer."

Die klagte teen my was dat die vollédige inhoud hiervan 'n valse bewering is. Tydens die éérste universiteitsverhoor was professor Müller veral omgekrap oor die verwysing na "mediteer". Studente is klaarblyklik nooit gevra om te mediteer nie:

**Müller:**

"Die woord 'mediteer' is nie van pas nie, mmm, want dit is nie 'n woord wat ek self ooit gebruik nie. Mmm, ek is nie iemand wat, ek meen daar is ander mense en groepe wat dit doen en ek het nie negatiwiteit daaroor nie, maar ek sê maar net ek gebruik nie die woord nie. Ek is nie iemand wat mediteer nie. En die studente is ook nooit gevra om te gaan mediteer nie. As die studente uitgestuur word vir 'n uur lank of wat om stil te wees en dokumente te lees en na te dink oor iets is dit wat my betref, nie mediteer nie. Mediteer het 'n baie spesifieke betekenis" (14-15).

Tydens die twééde universiteitsverhoor was dit nogal merkwaardig om te sien hoe die klag verander is. Die deel wat oor die Nuwe Hervorming handel, is totáál weggelaat. Die aanklag lyk soos volg:

> "Deur valslik te beweer . . . dat professor Müller tydens 'n sg. retraite in 2003 van die studente verwag het om tydens meditasie dit 'in te drink' dat Jesus nie opgestaan het nie en dat Hy nie maagdelik gebore is nie . . . " (38).

Merk op dat "mediteer" hier gebruik word, terwyl professor Müller by die vorige verhoor kategories ontken het dat daar ooit gemediteer was. Kyk wat gebeur toe hierna:

**Voorsitter:**

"Maar is daar op hierdie retraite gemediteer?

**Müller:**

Ja as jy nou, hoe jy nou die meditasie wil omskryf maar daar is.

**Helberg:**

Wat u sê by die vorige geleentheid is dit juis wat u ten sterkste ontken het dat daar ooit so iets plaasgevind het soos 'n meditasie en daarom het u dit baie duidelik gestel dat mediteer is 'n woord wat u nooit gebruik nie.



**Müller:**

Nee wat, ek weet nie of dit ter sake is nou nie. Ek dag dan die ou verrigtinge is nou af van die baan en dit is verby en ons doen hierdie van vooraf oor" (248-249).

Tydens die tweede verhoor het professor Müller 'n inhoudsopgawe en kampverduideliking ingedien wat net die outeurs en artikels se name bevat het (uitgesluit sy eie artikels!). Dit was insiggewend dat die woord meditasie meer as een maal in die kampverduideliking gebruik word. Hier is 'n uittreksel wat aan die studente opdrag gee om:

> "elke dag slegs op daardie dag se leesstof te konsentreer en dit langsaam en *meditatief* te lees. Na oggendmeditasie tot met aandete is verwag dat hulle 'n stil retraite moes beoefen" (my beklemtoning).

Professor Müller se getuienis oor die nuwe klag hierbo was soos volg:

**Müller:**

"Voorsitter, 'n sinnetjie soos daardie . . . 'en hierdie meditasie was 'n daglank se isolasie op 'n 'retraite' waar elkeen vir 'n paar ure in die bos moes gaan stil word en dit indrink dat Jesus nie opgestaan het nie, dat hy nie maagdelik gebore is nie' en so meer, 'n sinnetjie soos daardie is in die kerklike omgewing plofstof, dit is verwoestend" (47).

Vervolgens het die hele kwessie van die inhoud van hierdie meditasie aan die orde gekom. Ek het nooit toegang gehad tot die volle leesbundel wat studente moes bestudeer het tydens die retraite nie. Professor Müller het geweier om dit vir my te gee. Van daardie artikels kon ek nie opspoor nie. Een voorbeeld is die artikel van Koos Kombuis wat ek nêrens kon opspoor nie. Persone se werk wat voorgeskryf was vir die meditasie sluit in: Koos Kombuis, Wilhelm Jordaan ('n hoofstuk in die Nuwe Hervorming se boek), Walter Wink (lid van die *Jesus Seminar*), Willem Nicol (artikel oor meditasie), Julian Müller (drie artikels oor "spiritualiteit"), André van Niekerk, Phillip Yancey en nog 'n paar.

Terug by die verhoor. Die "meditasie" is toe gemeensaak. Dit was

daarom vir me Jordaan belangrik wat die inhoud van die leesstof was – gegewe die feit dat daar op hierdie materiaal gemediteer is. Sy sê toe:

> **Jordaan:**
> "Dan is dit tog belangrik dat 'n mens dan 'n bepaling kan maak van die aard van die leesstof" (243).

Met bogenoemde in gedagte is die volgende vraag onafwendbaar: Was daar enigsins materiaal waarop gemediteer moes word wat kritiese uitsprake oor Jesus se opstanding en maagdelike verwekking gemaak het? Terugskouend wil dit so voorkom, alhoewel dit nie alles tydens die universiteitsverhoor bespreek was nie. Ek noem drie voorbeelde:

Een**:** In 'n opsommende artikel in *Rapport* van professor Wilhelm Jordaan se voorgeskrewe artikel wat in die Nuwe Hervorming se boek verskyn het, maak professor Jordaan die volgende bewering oor Jesus se opstanding en maagdelike verwekking:

> ". . . in sommige gemeentes is die prediking en pastoraat wél lankal met aanpassings besig. En sulke aanpassings is aan die groei. Wesenlik kom dit daarop neer dat die prediking en pastoraat nie meer die outoritêre afkondiging van onbetwisbare waarhede behels nie, maar dat daar soekend en uitnodigend te werk gegaan word. Daarmee saam is 'n bereidwilligheid om in gesprek te tree, juis oor dié dinge waaroor baie mense steeds struikel, maar nog verbonde voel aan God en Christus – kwessies soos die *maagdelike geboorte van Jesus en sy opstanding.* En die historiese gegewe "teologie" van ontwyfelbare, en haas onkorrigeerbare, sekerheid maak plek vir 'n "teologie" van verwondering en ontvouende misterie. Dis 'n verwondering wat insluit 'n skuiwende horison waardeur 'n mens jou kan oopstel vir nuwe moontlikhede tot verdiepte spiritualiteit" (my beklemtoning; *Rapport*, 19 Mei 2002).

Twee: In professor Müller se artikel "Hervorming en Spiritualiteit" (as ek dit reg het een van die "spiritualiteit"-artikels) vertel hy van sy eie disoriëntasie en heroriëntasie, ook met betrekking tot Jesus se opstanding en maagdelike verwekking:



> "In 1994 is ek vir 3 maande in Atlanta, VSA, by die Columbia Theological Seminary van die Presbiteriane. Ek gesels baie met my gasheer oor hulle teologie en spiritualiteit. Een dag verduidelik hy ewe goedsmoeds aan my dat die deursnee teoloog van hulle denominasie en definitief al die dosente aan die Seminary sal nie 'n *letterlike verstaan en geloof in die maagdelike geboorte en die opstanding onderskryf nie.* Ek was stomgeslaan. Disoriëntasie/heroriëntasie" (my beklemtoning; www.julianmuller.co.za 20 Mei 2003).

Derdens, en alhoewel dalk nie so radikaal soos voorgenoemde voorbeelde nie, verbind professor Müller in 'n artikel (wat later in sy boek opgeneem is) "'n Postmoderne geloof", (*Opstanding*, 2006: 99-103), Jesus se opstanding met die dekonstruksie van die postmodernisme. Hierdie artikel is wel tydens die universiteitsverhoor bespreek. Professor Müller het, toe dit behandel is, ooglopend ongemaklik toegegee dat dit "moontlik" tydens die retraite leesmateriaal was. Nou terugskouend kan verklaar word dat dit nie "moontlik" was nie, maar definitief was. Ten tye van die bespreking en in antwoord op 'n vraag oor wat die postmodernistiese standpunt oor Jesus se liggaamlike opstanding sou wees (spesifiek in die konteks van dié artikel) het professor Müller onder meer die volgende gesê:

> "met 'n postmodernistiese benadering tot Teologie sal daar . . . meer ruimte wees vir die paradokse en die onsekerhede ensovoorts en as jy dan die volgende logiese sprong wil maak na die vraag, nou maar wat sou dan die implikasie daarvan wees vir 'n opstandingsgeloof? Nou ja, dan sal 'n mens daaroor kon redeneer en praat, wat is dit? Dit beteken waarskynlik dan dat dit ook nie so geïntereseerd sal wees in die spesifieke, presiese nie maar, meer gemaklik sal wees daarmee dat daar 'n variasie van standpunte en benaderings en verstaan kan wees" (460).

Per slot van rekening is dit tog dan nie te buitensporig om op te merk dat die implikasie van 'n postmoderne verstaan van Jesus se opstan-

ding, ruimte kan of wil maak, ook vir die ontkenning van die letterlikheid daarvan?

Wat het verder tydens die verhoor gebeur in sovere dit oor die retraite gehandel het? Professor Müller het aangevoer dat sy eie artikels (sommiges waarna ek nou verwys het) asook dié van Wilhelm Jordaan en Koos Kombuis meer aan die "kritiese" kant was. Hy het egter bygevoeg dat die ander voorgeskrewe artikels weer aan die meer "behoudende" kant was. Dus het hy aangevoer dat die materiaal in geheel gebalanseerd was. Ek betwis dit, want Walter Wink (waarna ek reeds verwys het), drs. Willem Nicol en André van Niekerk se artikels kan nouliks as "behoudend" bestempel word. Ten minste soos ek en moontlik sommige studente wat die retraite moes bywoon dit ervaar het, was daar 'n aksent op die meer kritiese materiaal.

## Die voorsitter gryp in!

Die voorsitter het op 'n stadium geoordeel dat dit nie vir hóm ter sake is wat die *inhoud* van die materiaal was nie. Van belang vir hom was of professor Müller pertinent aan studente opdrag gegee het om dit *in te drink* dat Jesus nie opgestaan het nie en nie maagdelik gebore is nie. Vir my was dit opmerklik dat die voorsitter en me Jordaan hieroor verskil het. Vir haar wás die inhoud van die leesstof baie belangrik, gegewe dat daarop gemediteer is (243). Hieruit is dit gemaklik aantoonbaar dat hierdie saak op verskillende maniere geïnterpreteer kan word – selfs die kommissie het daaroor verskil.

Wat was die kommissie se uitspraak oor die 2003-retraite?

> "In die afwesigheid van weerleggende getuienis bevind ons dat hierdie bewering vals was. Professor Müller het getuig dat 'n aantyging soos wat hier ter sprake is in kerklike omgewing plofstof en verwoestend is. Student Mulder behoort aan klagte 3.1.2 skuldig bevind te word"(43-44).[88]

88 Die voorsitter verklaar verder in sy uitspraak: "Die leesstof was ook nie sodanig dat dit beskryf kan word as 'n verwagting om in te drink dat Jesus nie opgestaan het nie" (44).



'n Paar opmerkings: Ek het verseker 'n interpretasie van die gebeure tydens die retraite gemaak deur te sê dat studente dit moes "indrink dat Jesus nie opgestaan het nie". Ek dink egter nie dat my interpretasie, ten minste implisiet, ver uit die kol was nie. Daar wás gemediteer op Nuwe Hervormings- en *Jesus Seminar*-materiaal – al het professor Müller aanvanklik kategories ontken dat daar gemediteer is. Daar was in van hierdie materiaal skeptiese verwysings na Jesus se opstanding. Ek kon die retraite sekerlik bietjie meer genuanseerd beskryf het, maar glo steeds dat daar ruimte was vir my interpretasie. Nie eens die kommissie kon tydens die ondersoek eenstemmigheid oor die sake bereik nie.

BYLAAG SEWE

# Intriges rondom bekende persone

Etlike bekende name het tydens professor Müller se ondersoek van tyd tot tyd opgeduik. Ek noem 'n paar sonder enige vooraf uitgewerkte volgorde: Marcus Borg, Frits Gaum, Andries van Aarde, Coenie Burger, Lina Spies, Willie Jonker, Wilhelm Jordaan, Ben Marais, Adrio König, Gerhard Bothma. Oor elk van hierdie en ook 'n paar ander persone, sal mens 'n interessante bespreking hier kan doen. Daar is gewoon nie plek daarvoor nie. Om eerlik met lesers te wees sal ek moet erken dat daar uiteindelik twee persone hierbo was wie se name nie net gereeld opgeduik het nie, maar in terme van die sake wat daarby betrek was, soos ek dit beleef het, belangrike kwessies verteenwoordig om hier op die tafel te plaas. Dit was ongetwyfeld professore Lina Spies en Adrio König.

Ek het reeds tydens professor Müller se ondersoek by die gedeelte wat gehandel het oor prosedures wat die ondersoekliggaam gevolg het iets oor professor König gesê. Ek het ook vlugtig na hom verwys by die eerste dissiplinêre verhoor by die universiteit. Mens sou 'n hele boek kon skryf oor die gebeure rondom professore König en Müller. Dit is egter nie vir my beskore nie. Maar ek wil tog 'n paar kort opmerkings waag.

Tydens die onderskeie ondersoeke was daar ongetwyfeld 'n strategie deur kommissielede om enige getuienis wat professor König betrek het, met hand en tand te beveg – veral deur professor Müller, dr. André Bartlett en die ringskommissie. Hulle kon of wou klaarblyklik net eenvoudig nie aanvaar dat 'n vooraanstaande teoloog ernstige kritiek kon uitspreek oor professor Müller se interpretasies nie. Of eerder, hul kon dalk kennis daarvan geneem het maar dit mag net

nie gedien het as getuienis ten tye van die ondersoeke nie. Dit was daarom nie heeltemal vreemd vir my toe professor Müller tydens die tweede universiteitsverhoor ernstig beswaar gemaak het oor professor König se interpretasies nie. Maar meer as dit, hy het heel persoonlik geraak en professor König se geloofwaardigheid en menswaardigheid afgekraak soos ek dit verstaan het. Maar antwoord op al die belangrike vrae wat professor König oor etlike jare aan hom gevra het? Dit wou hy nie doen nie. Ek laat hierdie sake maar daar, maar het dit tog nodig geag om na hierdie sake te verwys omdat sommige berigte in die Suid-Afrikaanse media die afgelope paar jaar nie so gebalanseerd aangebied is as wat nodig was nie. Al hierdie dinge het gebeur lank voordat professor König se boek *Die Evangelie is op die spel* (2007) verskyn het.

## Die gebeure rondom die "pragtige" artikel van professor Lina Spies

Voordat ek verder hieroor uitwei, eers 'n paar inleidende opmerkings oor die aard van en ook die inhoud van hierdie bespreking. Eerstens: Die getuienis wat ek hierna gaan bespreek, doen ek nie omdat ek 'n absolute en finale uitspraak in die proses oor die gebeure wil maak nie. Dit is een perspektief, en professor Müller kan gerus, indien hy dit nodig ag, ook sy interpretasie daaroor lug. Trouens, dit geld vir alles wat in hierdie boek staan. Tweedens: Hierdie bespreking gaan onder meer handel oor gedeeltes in professor Müller se boek, *Opstanding*, waar hy positief verwys na 'n artikel deur Lina Spies ("Die Bybel in die geding: Teks versus dogma", *HTS,* 60(3)2004: 1065-1083). In beginsel is daar absoluut niks fout daarmee as teoloë kontroversiële persone aanhaal wanneer hulle 'n punt probeer maak nie. Inteendeel. Maar die saak waaroor dit hier gaan, is eerder wát hy instemmend van haar aangehaal het, en ook hóé hy tydens die leerdwalingondersoek en die universiteitsverhoor onderskeidelik daaroor getuig het. Dít is waaroor dit hier sal gaan. Waaroor dit dus ook hier sal gaan, is hoe teoloë steun op navorsing van andere, en wat dit kan beteken vir die interpretasies van hulle werk. En voorlopig dan net weer 'n uitnodiging aan professor Müller:



As ek u verkeerd verstaan het, sal ek graag met u daaroor gesels.

## Agtergrond

Dit is vandag alombekend dat Lina Spies, die bekende en gewaardeerde digter en professor in Afrikaans/Nederlands van Stellenbosch, 'n klompie jare gelede 'n opskudding in die Afrikaanse Christen-gemeenskap veroorsaak het. Sy het in die openbaar verklaar dat sy nie meer glo dat Jesus werklik die Seun van God is, of maagdelik verwek, of liggaamlik opgestaan het nie. Sy sê in Desember 2003 in die tydskrif *INSIG* dat hierdie nuwe oortuigings van haar onder andere die gevolg is van haar lees van professor Andries van Aarde se boek *Fatherless in Galilee*. Haar nuwe oortuigings het dan ook in *Kerkbode* en in die dagpers tot verskeie reaksies gelei. So byvoorbeeld het professor Marie Grobbelaar in *Kerkbode* "met skok en teleurstelling kennis geneem" van haar nuwe insigte wat daarop neerkom dat sy "twyfel oor die opstanding van Jesus as die 'essensie van die evangelie'" (*Kerkbode,* 30 Januarie 2004, 13 Februarie 2004).

## Ringsondersoek

Met dít as agtergrond is dit insiggewend dat professor Müller juis vir Lina Spies in sy boek, *Opstanding*, aanhaal om haar interpretasie van die poëtiese bo die dogma te beklemtoon.

Tydens die ringsondersoek het ek 'n aanhaling hieruit voorgelees wat juis oor haar *HTS*-artikel handel en toe 'n vraag daaroor aan hom gevra:

> "Lina Spies het 'n pragtige artikel geskryf. Daarin toon sy aan hoe die postmodernisme ons bevry het van die taal van dogma, en ons oopgemaak het vir die taal van poësie . . . In aansluiting by Lina Spies, wil ek hier pleit vir die bevryding van ons konsepte oor die opstanding van Christus uit die kluisters van die dogma" (39).

Hierna het ek die volgende gevra:

> "Ek kan vir professor Julian ook . . . vra . . . is hy bewus

> van professor Lina Spies se standpunt oor die Godheid van Jesus, oor sy opstanding, oor sy uniekheid? En wanneer ek iemand aanhaal oor – kom ons sê nou – hierdie metaforiese herverwoording, is dit belangrik dat ek daardie persoon moet verstaan, sy teologie. Wat bedoel daardie persoon met 'n metaforiese her-interpretasie? . . . dit is baie, baie duidelik in professor Lina Spies se geskrifte dat sy ontken Jesus se liggaamlike opstanding. Sy ontken dat Jesus God is" (96-97).

Met hierdie gesprek in gedagte het professor Müller toe ook tydens sy verweer gesê: ". . . ek is ook heel bewus van Lina Spies se posisie en die dinge wat sy gesê het . . ." (369). Hy was dus bewus van haar interpretasies.

## Universiteitsverhoor

Uit bogaande was dit toe duidelik, professor Müller weet dat Lina Spies Jesus se maagdelike verwekking en liggaamlike opstanding verwerp. Wanneer hy dus haar poëtiese benadering teenoor die dogma gebruik, en sê dat sy 'n "pragtige" artikel geskryf het, is dit welwetende wat sy glo oor Jesus se maagdelike verwekking en liggaamlike opstanding. Tydens die universiteitsverhoor het advokaat Helberg daarop gewys dat professor Müller inderdaad aandui dat hy Lina Spies volgens haar bedoeling in sy boek *Opstanding* aanhaal. Gevolglik het dit belangrik geword wat sy in die artikel, waaruit professor Müller aanhaal, verstaan onder dogma en poësie, gegewe die feit dat professor Müller juis dit so positief by haar leen in sy boek. Dit was hierop dat die voorsitter die volgende aan professor Müller gevra het:

> **Voorsitter:**
> "Wat sou sy byvoorbeeld . . . sê . . . oor die opstanding?
>
> **Müller:**
> Ek lees maar nou in die dokument wat hier aangesit is . . . aan die *Kerkbode* lees ek nou . . . dat sy skynbaar die opstanding op haar eie manier verstaan en interpreteer . . ." (409).



Hier beweer professor Müller, anders as sy getuienis tydens die leerdwalingondersoek, dat hy vir die eerste keer, nóú tydens die universiteitsverhoor bewus gemaak word van hoe Lina Spies Jesus se opstanding interpreteer. Terug by die universiteitsverhoor:

> **Helberg:**
> "U moet tog weet wat Lina Spies se standpunte is oor die maagdelike geboorte en die opstanding?
>
> **Müller:**
> Om die waarheid te sê ek het nie geweet nie, maar al het ek dit ook geweet, wat maak dit nou saak? Ek het haar mos in 'n baie beperkte mate gebruik. Ek het haar baie spesifiek gebruik, ek het nie Lina Spies se geloof in die opstanding bespreek nie, nêrens nie . . . So ek het 'n skrywer gebruik wat 'n sekere punt gemaak het, want dit maak vir my sin. En ek het dit gebruik en het dit ingesluit binne in my eie argument wat ek opgebou het oor die opstanding . . ."(410).

Hierna toon advokaat Helberg aan dat Lina Spies juis in die artikel waaruit professor Müller aanhaal die poëtiese benadering gebruik om aan te toon dat Jesus se maagdelike geboorte verwerplik is. Hierop antwoord professor Müller:

> **Müller:**
> ". . . Ek weet nie of sy dit doen nie, maar ek doen dit nie.
>
> **Helberg:**
> U weet nie of sy dit doen nie?
>
> **Müller:**
> Nee en dit maak ook nie saak nie . . ." (411).

Duidelik was die voorsitter nie oortuig deur professor Müller se antwoord nie en vra toe die volgende:

> **Voorsitter:**
> "Professor u sê ter inleiding 'Lina Spies het 'n pragtige artikel geskryf'?

**Müller:**
Dit is reg . . .

**Voorsitter:**
Maar was sy nie besig met ’n oplewing van die Nuwe Hervormers teenoor die bestaande kerk nie?

**Müller:**
Voorsitter, nie sover as wat ek onthou nie. Sover as wat ek onthou, is hier glad nie ’n verwysing na die Nuwe Hervorming hierin nie . . .”(414).

Die voorsitter was hier inderdaad heeltemal korrek. Anders as wat professor Müller hier beweer, het ek later toe ek die artikel in detail bestudeer het opgemerk dat Lina Spies wel twéé keer in die artikel heel positief by name na die Nuwe Hervorming verwys.

Vervolgens vra advokaat Helberg:

**Helberg:**
“Het u die artikel gelees voordat u die verwysing gemaak het in u boek?

**Müller:**
U weet u beledig my eintlik bietjie as u so ’n vraag vra.

**Helberg:**
. . . Ek wil u nie beledig nie, ek vra ’n vraag.

**Müller:**
Ek het die artikel gelees . . . ek meen om ’n bewering te maak dat sy ’n pragtige artikel geskryf het en ek het dit nie gelees nie, sou tog oneties wees.

**Helberg:**
Dit sou eintlik oneerlik wees.



**Müller:**
Ja

**Helberg:**
Dit sou tog bedrog . . . bedrieglik wees.

**Müller:**
Dit is reg.

Helberg:
U sou bedrog gepleeg het?

**Müller:**
Ja.

**Helberg:**
Nou terwyl u dan die artikel gelees het . . . wil ek u verwys na haar artikel . . . net die laaste bladsy waar sy eintlik nou tot haar slotsom kom . . . Sy sê daar . . .‘dit is ondenkbaar dat Jesus . . . hom ooit aan God gelyk kon geag het . . . nou die skrifte waarin hy sou figureer as deur God geïnspireer beskou te word, sou Jesus ewe veel geskok het as dat Hy tot God verhoog is . . . dit sou waarskynlik vir hom ’n Godslasterlike gedagte gewees het’. En dan miskien die meer belangrike gedeelte: ‘. . . Jesus is vir my beslis geen mitologiese figuur nie, daarom is die kerkleer oor sy maagdelike geboorte – ’n produk van die Grieks-Romeinse denke oor ‘Goddelike Seuns’ – vir my mitologies en verwerplik’. Nou hoe kan u sê, dat u het nie geweet wat haar standpunt oor die maagdelike geboorte van Jesus is nie?

**Müller:**
Dit is ’n enkele sinnetjie hierdie . . . Hier word een enkele sinnetjie gemaak, dit is baie gevaarlik sou ek sê om groot afleidings te maak hier oor haar siening van die maagdelike geboorte . . .

**Jordaan:**
Verskoon dat ek u in die rede val maar . . . dit is tog 'n baie duidelike stelling wat sy hier maak dat dit is haar standpunt?

**Müller:**
Weet u, ek kan nou nie presies daardie paragrafie so onthou nie . . ." (414 – 419).

My indruk is tot vandag toe dat nie regter Swart of me Jordaan werklik oortuig was van professor Müller se getuienis in soverre dit hierdie aangeleentheid aangegaan het nie.



# Bronnelys


Bothma, Gerhard. (red.) 1990. *Deo Gloria Jaarboek*. Universiteit van Pretoria.

Brandt, Gerrit. 4 Julie 2000. "'n Ope brief aan prof. Jurie le Roux." www.litnet.co.za

Dreyer, Yolanda. 1998. "Pastorale interaksie met vroue: 'n Prakties-teologiese begronding." Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.

Dreyer, Yolanda. 2000. "Institutionalization of Authority and Titles used for Jesus." PhD thesis, University of Pretoria.

Du Toit, Ben. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Du Toit, Schalk. Mei 2008. "God ons Vader en die Kerk ons Moeder?" www.ngkok.org.za

Frend, WHC. 1965. *Martyrdom and Persecution in the Early Church.* Oxford: Basil Blackwell.

Gaum, Frits. 2000. *Soos ons in die 2000's glo – Perspektief op geloofsverklaring 2000*. Wellington: Lux Verbi.

Gaum, Frits.(red.) 2004. 20 *Gesprekke oor die opstanding van Jesus.* Kaapstad: Ex Animo Boeke.

Heyns, JA & Jonker, WD. 1977. *Op weg met die teologie*. 2de druk. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

Heyns, JA. 1966. *Die Evangelie in krisis*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Heyns, JA. 1994. "Weerwoord." *Skrif en Kerk* jg. 15 (no. 1): 156-163.

Human, DJ. 2004. "Jona se 'opstanding uit die dood': Perspektiewe op die 'opstandingsgeloof' vanuit die Ou Testament." *HTS* 60 (no. 1 & 2): elektroniese weergawe sonder bladsynommers.

Human, DJ. 31 Oktober 2005. "Gesprek in voorlopige ondersoek van Prof. Dirk Human met Ring van Pretoria Faerie-Glen." Ongepubliseerde dokument aan my beskikbaar gestel ten tye van my universiteitsverhoor op 2 Oktober 2006 by die Universiteit van Pretoria.

Human, Dirk, Le Roux, J. & Müller J. 29 November 2005. "Persverklaring rakende dwaalleer-brief van mnr. Ferdie Mulder en ander." Julie 2005. www.kerkweb.org.za

Human, DJ. 2006. "Jurie Hendrik le Roux – Deernisvolle mens en veelsydige akademikus." *OTE* 19 (no. 3): 801-819.

Human, DJ. "Bevindings van die ondersoekliggaam van die Ring van Pretoria Faerie-Glen t.o.v. gerugte van leerdwaling oor prof. DJ. Human, 7 Junie 2006." 13 Junie 2006. http://www.kerkweb.org/node/1172

Jonker, WD. 1977. *Christus, die Middelaar*. Pretoria: NG Kerk Boekhandel.

König, Adrio. 2007. *Die Evangelie is op die spel: Vind jou weg deur die huidige geloofsdoolhoof.* Wellington: Lux Verbi.BM.

Krüger, JS. 2003. *Sweeping Whirlwinds. A Study of Religious Change: Reformed Religion and Civil Religion in the City of Pretoria (Tswane) (1855-2000)*. Pretoria: Unisa Press.

Le Roux, JH. 1993. *A Story of Two Ways*. Pretoria: Verba Vitae.

Le Roux, JH. 1994. "God se brug na die mens: iets goddeliks of iets mensliks? 'n Kort woord oor Johan Heyns se Skrifleer." *Skrif en Kerk* jg. 15 (no. 1): 27-47.

Le Roux, JH. 1995. "Die kontoere van 'n weerwoord." *Skrif en Kerk* jg. 16 (no. 1): 82-101.

Le Roux JH. 2001. "Waar is Abraham dan?" *Verbim et Ecclesia* jg. 22 (no. 2): 328.

Le Roux, JH. 22 Maart, 2005. *Ou Testament Nuusbrief* 10 Mei 2002, no.15. 'n Elektroniese tydskrif van die Departement Ou Testament, Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika. www.otnet.net/Tuis/ot.nuusbrief.15.2002.msword.doc

Le Roux, Jurie H. 2002. "Andries van Aarde se vaderlose Jesus." *HTS* 58 (no. 1): 77-99.

Le Roux, JH. 2006. "Antwoord aan die Ringskommissie van die Ring van Pretoria-Oos 22 Januarie 2006." Ongepubliseerde elektroniese dokument.

Le Roux, JH. 2006. "'n Verdere antwoord aan die Ringskommissie, 10 April 2006." Ongepubliseerde harde kopie-uitdeelstuk tydens leerdwaling-ondersoek te Pretoria-Oos NG Kerk.

Le Roux, JH. 2006. "Verbatim van die leerdwaling-ondersoek van professor Jurie le Roux deur die gevolmagtigde ondersoekliggaam van die Ring van Pretoria-Oos, gehou op 6 Maart 2006 en 10 April 2006." Kopiereg Executive Transcriptions CC, PO Box 32356, Glenstantia, 0010.

Le Roux, JH. 5 Januarie 2010. "Bevinding van die gevolmagtigde kommissie van ondersoek van die Ring van Pretoria-Oos met betrekking tot die klag van leerdwaling teen Professor JH le Roux." http://www.kerkweb.org/node/1169

Loader, Jimmie. 1994. "Die weg van die Here in die woestyn oftewel God se grootpad in die wildernis: Oor *A Story of Two Ways*." *Skrif en Kerk* jg. 15 (no. 2): 391-413.

Lüdemann, Gerd. 2002. "The Decline of Academic Theology at Göttingen." *Religion* 32 (no. 2, April 2002): 87-94.

Meiring, Piet. (red.) 2001. *So Glo Ons. Wat weet ons van Jesus van Nasaret?* Vereeniging: CUM Boeke.

McGrath, Alister. 2009. *Heresy. A History of Defending the Truth.* London: SPCK.

Mulder, FS. 2005. "Uitnodiging tot kommentaar rakende skrif- en belydenisgetrouheid in teologiese opleiding." Elektroniese dokument.

Mulder, FS. "In die dissiplinêre verhoor van Frederik Sewerus Mulder, studentenommer 92457828, op 29 Mei 2006 by die Universiteit van Pretoria. Eerste verhoor." Ongepubliseerde verbatim.

Mulder, FS. "Dissiplinêre verhoor van mnr. Ferdie Mulder. Universiteit van Pretoria, 2-5 Oktober 2006. Tweede verhoor." Ongepubliseerde verbatim.

Müller, Julian. 22 Maart, 2005. "Protestants is om in Jesus te glo." http://www.pvr.co.za/preke/Julian29Okt.htm 31 Oktober 2000.

Müller, Julian. 2002. *Gesinne van Binne*. Bloemfontein: Barnabas Uitgewers.

Müller, Julian. 2006. *Opstanding*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Müller, Julian. 22 Maart 2005. "Hervorming en Spiritualiteit." www.julianmuller.co.za

Müller, Julian. 2006. "Verbatim van die leerdwaling-ondersoek van professor Julian Müller deur die gevolmagtigde ondersoekliggaam

van die Ring van Pretoria-Oos, gehou op 12 en 18 Mei 2006." Kopiereg Executive Transcriptions CC, PO Box 32356, Glenstantia, 0010.
Müller, Julian. 5 Januarie 2010."Bevinding van die gevolmagtigde kommissie van ondersoek van die Ring van Pretoria-Oos met betrekking tot die klag van leerdwaling teen Professor Julian Müller." 28 Julie 2006 . http://www.kerkweb.org/node/1169
Müller, Piet. (red.) 2002. *Die Nuwe Hervorming*. Pretoria: Protea Boekhuis.
Niemand, Nelus. 17 Januarie 2005. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, met reglemente, kerkordelike riglyne en funksionele besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2004*. http://www.ngkerk.org.za/KO%202004%20Finaal.pdf.
Smit, Dirkie. 2006. *Neem, Lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan*. Wellington: Lux Verbi.BM
Snyman, SD. 1989. *Hy het opgestaan . . . Preke oor die opstanding van Jesus Christus*. Kaapstad: Lux Verbi.
Spangenberg, IJJ (Sakkie). 14 Oktober 2003. "Lesing oor die Nuwe Hervorming." Ongepubliseerde transkripsie van video-opname.
Spies, Lina. 2004. "Die Bybel in die geding: Teks versus dogma." *HTS* 60 (no.3):1065-1083
Stark, Rodney. 1996. T*he Rise of Christianity, A Sociologist Reconsiders History*. Princeton, NJ: Princeton University Press.
Van Aarde, Andries. 2001. *Fatherless in Galilee*. Harrisburg: Trinity Press International.
Van Ruler, AA. 1972. *Blij zijn als Kinderen – Een Boek voor Volwassenen*. Kampen: J. H. Kok.
Veldsman, Daniël P. 1993. "Die opstanding van Jesus: God se nadergekome en steeds naderkomende protes en liefde." *HTS* 49 (no. 4): 987-1008.
Wallace M. Alston, Jr & Welker, Michael. (ed.) *Reformed Theology: Identity and Ecumenicity II: Biblical Interpretation in the Reformed Tradition*. Grand Rapids, Mich.: William B. Eerdmans: 385-418.
Wessels, Francois. 2006. *Wie was Jesus regtig?* Wellington: Lux Verbi. BM.
Williams, HH. 2006. "JA Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Apartheid." DTh-tesis, Universiteit van die Vrystaat.
Wink, Walter. 1998. *The Powers That Be. Theology for a New Millennium*. New York: Doubleday Books.
Wright, NT. 2003. *The Resurrection of the Son of God*. London: SPCK.
Wright, Tom. 2006. *Simply Christian*. London: SPCK.